

**DIE ONDERSKEIDENDE STYLKENMERKE EN PRAGMATIESE FUNKSIES VAN
GENERASIE X SE SMS-AFRIKAANS**

deur

JOHAN ALBERT FERREIRA

voorgelê volgens die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

AFRIKAANS

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROFESSOR EO SAAL

2022

VERKLARING / DECLARATION

Studentenommer: 56642318

Ek verklaar dat

DIE ONDERSKEIDENDE STYLKENMERKE EN PRAGMATIESE FUNKSIES VAN GENERASIE X
SE SMS-AFRIKAANS

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek geraadpleeg het met behulp van volledige verwysings aangedui en erken het. Ek verklaar ook dat hierdie verhandeling vir plagiaat getoets is en dat dit 'n aanvaarbare graad van oorspronklikheid het. Laastens verklaar ek dat ek nie die verhandeling – of enige gedeelte daarvan – óf vir eksaminering aan Unisa vir 'n ander kwalifikasie óf vir eksaminering aan 'n ander universiteit voorgelê het nie.

Student number: 56642318

I declare that

THE DISTINGUISHING STYLE CHARACTERISTICS AND PRAGMATIC FUNCTIONS OF THE
SMS-AFRIKAANS OF GENERATION X

is my own work and that all the sources I consulted have been indicated and acknowledged by means of complete references. I also declare that I submitted the dissertation to originality checking software and that it falls within the accepted requirements of originality. I further declare that I have not previously submitted this work, or any part of it, for examination at either Unisa for another qualification or at any other higher education institution.

Johan Albert Ferreira

HANDTEKENING/SIGNATURE

2022-06-14

DATUM/DATE

DANKBETUIGING

’n Studie van hierdie aard is net moontlik deur genade, opoffering en volgehoue ondersteuning. ’n Mens waardeer dit nie noodwendig wanneer jy voor- of nagraadse studie as ’n jongmens onderneem en betreklik min het om jou aandag af te lei nie; dit word egter glashelder wanneer jy later met heelwat hooi op die vurk na universiteit terugkeer om jou soeke na kennis te bevredig. Ek gee derhalwe opregte, dankbare erkenning aan die volgende:

My **Hemelse Vader**, wat my met ’n ontvanklike verstand én die dryfkrag om dit ten volle te benut geseën het;

My sielsgenoot, **Barbara**, wat my vir tallose ure laat begaan het om my behoefte aan insig en diepgaande kennis oor my geliefde moedertaal te bevredig. Sy is nou wel nie my “beiteltjie” magtig nie, maar weet hoe belangrik dit vir my is en het my deurgaans aangespoor om dit tot die beste van my vermoë te slyp;

My **hoërskoolklasmaats**, wat geredelik ingestem het dat ek die taaldata op ons WhatsApp-kletsgroep vir hierdie studie kon ontgin;

My studieleier, **professor Saal**, wat getrou al my kladwerk met ’n deskundige oog beoordeel het, insiggewende voorstelle gemaak het wat my tot ander insigte en ’n uiteindelik beter eindproduk gelei het ... en op die een of ander manier oor die afstand heen altyd geweet het wanneer ’n opbouende woord nodig was; en

My ouers, **Daneel en Ruth**, wat baie jare gelede ’n onblusbare liefde vir leer in my gekweek het – eers om ’n eetkamertafel in Van Zylstraat 79 en later in ’n woonstel langs Prince’s Gardens – en oor vele jare heen nooit geskroom het om my aan te moedig en te ondersteun in wat ek ook al aangepak het nie. Dankie, Pa en Ma – daar gaan nie ’n dag verby dat ek nie in verwondering staan oor die manier waarop julle my belangstelling in eenvoudig *alles* geprikkel het nie!

Johan Albert Ferreira

Washington DC

Junie 2022

OPSOMMING

DIE ONDERSKEIDENDE STYLKENMERKE EN PRAGMATIESE FUNKSIES VAN GENERASIE X SE SMS-AFRIKAANS

Hierdie studie handel oor die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans. Die bron van die taaldata is 'n WhatsApp-kletsgroep van 60 deelnemers wat aanvanklik geskep is om die reëlings vir 'n hoërskoolreünie te tref, maar uitgebrei het om 'n verskeidenheid onderwerpe geset in natuurlike taaldata te dek. Die stylkenmerke is op grond van morfologiese, fonologiese, ortografiese, tipografiese, sintaktiese en leksikale verskynsels ontgin. Hierdie kenmerke weerspieël die spreektaalgrondslag van SMS; dit word deur 'n samespel van bondigheid en spoed, paralinguistiese regstelling en fonologiese benadering gerig om tegnologiese beperkings te omseil. Die pragmatiese funksies is toegespits op sosiale aanknoping, wat bewerkstellig word deur niepropositionele boodskappe en dié wat verhoudings- eerder as transaksionele werk verrig. Uiteindelik dien die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies sosialebetekenisskepping, wat neerslag vind in die manier waarop die deelnemers die taalmiddele tot hulle beskikking aanwend om sosiale identiteit te skep en sosiale verhoudings te bedryf.

Slutelwoorde: Emoji; Generasie X; kortboodskapdienste; SMS; SMS-Afrikaans; sosialebetekenisskepping; sosiolinguistiek; sosiopragmatiek; stylkenmerke; taal as opvoering; WhatsApp

SYNOPSIS

THE DISTINGUISHING STYLE CHARACTERISTICS AND PRAGMATIC FUNCTIONS OF THE SMS-AFRIKAANS OF GENERATION X

This study elucidates the distinguishing style characteristics and pragmatic functions of the SMS-Afrikaans of Generation X. A 60-person chat group on WhatsApp served as source of language data. The group was originally created to plan a high-school reunion; however, its scope eventually broadened to include various topics set in natural language. The style characteristics were analysed based on morphological, phonological, orthographical, typographical, syntactic, and lexical phenomena. These features reflect the conversational nature of SMS, in which an interplay among brevity and speed, paralinguistic restitution and phonological approximation circumvent technological limitations. The pragmatic functions centre on sociality, which is achieved through non-propositional messages and those that perform relational rather

than transactional work. Ultimately, the distinguishing style characteristics and pragmatic functions create social meaning, which occurs through the way in which participants apply the linguistic resources at their disposal toward the creation of social identity and the management of social relationships.

Key terms: Emoji; Generation X; short message service; SMS; SMS-Afrikaans; social meaning creation; sociolinguistics; sociopragmatics; style characteristics; language as performance; WhatsApp

UKUFINGQA OKUFUSHANE

IZICI ZESITAYELA EZIHLUKANISAYO KANYE NEMISEBENZI OKUNGEYEQINISO YE-SMS YESIBHUNU YESIZUKULWANE X

Lolu cwaningo lucacisa izici zesitayela ezihlukanisayo nemisebenzi yokungokweqiniso ye-SMS yesiBhunu Yesizukulwane X. Iqembu lengxoxo labantu abangu-60 ku-WhatsApp lasebenza njengomthombo yemininingwane yolimi. Iqembu ekuqaleni lasungulwa ukuhlela umbuthano ohleliwe wabantu ababefunda esikoleni esiphakeme ngesikhathi esifanayo; nokho, ubanzi balo bagcina bunwetshiwe ukuhlanganisa izihloko ezihlukahlukene ezibekwe ngolimi lwemvelo. Izici zesitayela zahlaziywa ngokusekelwe ezenzakalweni zokwakhiwa kwamagama, ukwakhiwa kwemisindo, izinhlamvu nokupelwa kwamagama, ukulungiselelwa kohlelo; ukwakhiwa kwemisho kanye nolwazi-magama lolimi. Lezi zici zibonisa imvelo yengxoxo ye-SMS, lapho ukuxhumana phakathi kobufushane nesivinini, ukubuyiselwa kwezici zokuxhumana ezikhulunywayo ezingabandakanyi amagama kanye nokuqagela kokwakhiwa kwemisindo okweqa imikhawulo yezobuchwepheshe. Imisebenzi yokungokweqiniso igxile kwezokuhlalisana, efinyelelwa ngemilayezo engasho isiphakamiso kanye naleyo eyenza umsebenzi wobudlelwano kunomsebenzi wokuthengiselana. Ekugcineni, izici zesitayela ezihlukanisayo nemisebenzi yokungokweqiniso zidala incazelo yomphakathi, okwenzeka ngendlela ababambiqhaza abasebenzisa ngayo izinsiza zolimi ezitholakalayo ekudalweni kobunikazi bomphakathi kanye nokuphathwa kobudlelwane bomphakathi.

Amagama asemqoka: Isithombe somlingisi; Isizukulwane X; insizakalo yomlayezo omfishane; SMS; i-SMS yesiBhunu; ukudala incazelo yezehlalo; ukufundwa kolimi maqondana nezinto zomphakathi; ukusetshenziswa kolimi okuhlobene nezinqubo zomphakathi zansuku zonke; izici zesitayela; ulimi njengokusebenza; WhatsApp

INHOUDSOPGAWE

1	INLEIDING	1
1.1	TEN AANVANG.....	1
1.2	AGTERGROND OOR DIE STUDIEONDERWERP	2
1.3	PROBLEEMSTELLING: GENERASIE X AS DIE VERWAARLOOSDE “MIDDELKIND”	4
1.4	NAVORSINGSVRAE	7
1.5	DOELSTELLINGS	7
1.6	UITEENSETTING VAN DIE VERHANDELING	8
1.7	SAMEVATTING	9
2	LITERATUUROORSIG.....	11
2.1	TEN AANVANG.....	11
2.2	DIE AARD VAN SMS	11
2.2.1	Gesprekmatigheid lei tot ’n pragmatiese invalshoek.....	12
2.2.2	Die verrysing van emoji.....	14
2.3	SUID-AFRIKAANSE NAVORSING OOR REKENAARONDERSTEUNDE KOMMUNIKASIE.....	18
2.4	SUID-AFRIKAANSE NAVORSING SPESIFIEK OOR SMS-AFRIKAANS	24
2.5	SAMEVATTING.....	27
3	TEORETIESE BEGRONDING	29
3.1	TEN AANVANG.....	29
3.2	SOSIOLINGUISTIESE STYL	29
3.2.1	Definisie.....	30
3.2.2	Aandag aan spraak (Labov)	30
3.2.3	Akkommodasie (Giles)	32
3.2.4	Gehoorontwerp (Bell).....	34
3.2.5	Taal as opvoering (Coupland).....	37
3.2.6	SMS-taal as sosiolinguistiese styl.....	41
3.3	PRAGMATIESE FUNKSIES	43
3.4	SOSIOLINGUISTIESE VERANDERLIKES	45
3.4.1	Gender.....	46
3.4.2	Ouderdom	47
3.5	MIKROLINGUISTIESE EN TIPOGRAFIESE KENMERKE	48

3.5.1	Oriëntering	48
3.5.2	Beduidendheid	49
3.5.3	Mikrolinguistiese kenmerke.....	50
3.5.4	Tipografiese kenmerke.....	51
3.5.4.1	Piktogramme, ideogramme, logogramme en fonografiese simbole.....	51
3.5.4.2	Emotikons en kaomoji.....	52
3.5.4.3	Emoji.....	54
3.6	SINTAKTIESE KENMERKE.....	56
3.7	LEKSIKALE KENMERKE	58
3.7.1	Transtaling	59
3.7.2	Kodewisseling.....	62
3.7.3	Kodewisseling as 'n voorbeeld van transtaling	66
3.8	SAMEVATTING.....	66
4	NAVORSINGSMETODOLOGIE.....	68
4.1	TEN AANVANG.....	68
4.2	NAVORSINGSTRATEGIE	68
4.3	NAVORSINGSONTWERP	69
4.4	NAVORSINGSMETODE.....	69
4.5	NOUGESETHIED	70
4.6	STEEKPROEFSAMESTELLING	72
4.7	WERKSWYSE	73
4.7.1	WhatsApp as tegnologiese platform	73
4.7.2	Frekwensietellings	74
4.7.3	Verwerking van die taaldata	74
4.8	KORPUSINHOUD.....	76
4.8.1	Bydraers	76
4.8.2	Onderwerpe.....	79
4.9	ETIEKKLARING EN INLIGTINGSANONIMISERING	81
4.9.1	Etiekklaring.....	81
4.9.2	Anonimisering.....	82
4.10	SAMEVATTING.....	83
5	MIKROLINGUISTIESE EN TIPOGRAFIESE KENMERKE.....	85
5.1	TEN AANVANG.....	85

5.2	MIKROLINGUISTIESE KENMERKE	86
5.2.1	Fonologiese en morfologiese kenmerke	87
5.2.1.1	Aksentstilering	87
5.2.1.2	Alfanumeriese homofone (die rebusbeginsel)	89
5.2.1.3	Eindweglating	89
5.2.1.4	Fonetiese herspelling.....	89
5.2.1.5	Homofone gebaseer op 'n enkele letter of syfer	90
5.2.1.6	Knipsels.....	91
5.2.1.7	Lawwighede/speelsheid	92
5.2.1.8	Letterherhaling	92
5.2.1.9	Letterweglating	93
5.2.1.10	Standaardtaalafkorting	94
5.2.1.11	Voorletterwoorde	94
5.2.1.12	Spel- en tikfoute	95
5.2.1.13	Gebrek aan konsekwentheid	96
5.2.1.14	Sintese: die fonologiese en morfologiese kenmerke.....	98
5.2.2	Ortografiese kenmerke.....	100
5.2.2.1	Die weglating van leestekens	100
5.2.2.1.1	Aandagstreep	101
5.2.2.1.2	Aanhalingstekens.....	101
5.2.2.1.3	Dubbelpunt.....	101
5.2.2.1.4	Komma.....	102
5.2.2.1.5	Punt	103
5.2.2.1.6	Uitroepteken.....	104
5.2.2.1.7	Vraagteken	104
5.2.2.1.8	Sintese: die weglating van leestekens.....	105
5.2.2.2	Die weglating van skryftekens	106
5.2.2.2.1	Afkappingsteken	106
5.2.2.2.2	Diakritiese tekens.....	107
5.2.2.2.3	Hoofletters aan sinsbegin.....	109
5.2.2.2.4	Hoofletters in eiename en afkortings	110
5.2.2.2.5	Koppeltekens	111
5.2.2.2.6	Punte in standaardtaalafkortings.....	112
5.2.2.2.7	Sintese: die weglating van skryftekens.....	112

5.2.2.3	Die weglating van spasies tussen woorde	113
5.2.2.4	Oortollige spasies in samestellings en samestellende samestellings.....	114
5.2.2.5	Buitensporige hooflettergebruik.....	115
5.2.2.6	Die herhaling van leestekens: punte, uitroepetekens en vraagtekens	116
5.2.2.7	Sintese: SMS-taalverskynsels gebaseer op ortografie.....	117
5.3	TIPOGRAFIESE KENMERKE.....	118
5.3.1	Emotikons, fonografiese simbole en logogramme.....	119
5.3.2	Emoji, ideogramme en piktogramme.....	120
5.3.2.1	Die voorkoms van emoji in die taaldata.....	121
5.3.2.2	Die kommunikatiewe funksies van emoji	126
5.3.2.2.1	Modale funksie	127
5.3.2.2.2	Referensiële funksie.....	131
5.3.2.2.3	Leestekenfunksie	132
5.3.2.2.4	Sintese: die kommunikatiewe funksies van emoji.....	133
5.3.2.3	Die plasing van emoji.....	134
5.3.2.3.1	Emoji uitsluitlik aan die begin van 'n boodskap	135
5.3.2.3.2	Emoji uitsluitlik aan die einde van 'n boodskap.....	136
5.3.2.3.3	Emoji uitsluitlik in die middel van 'n boodskap.....	136
5.3.2.3.4	Emoji op verskeie liggings in 'n boodskap.....	137
5.3.2.3.5	Emoji in die middel van 'n woord	138
5.3.2.3.6	Sintese: die plasing van emoji	139
5.4	'n HERBESOEK AAN GRUNDLINGH (2015) / THIART (2014)	139
5.5	SAMEVATTING	140
6	SINTAKTIESE EN LEKSIKALE KENMERKE.....	143
6.1	TEN AANVANG.....	143
6.2	SINTAKTIESE KENMERKE.....	144
6.2.1	Randstukke.....	145
6.2.1.1	Plasing	145
6.2.1.2	Soorte	147
6.2.2	Ellips	151
6.2.2.1	Persoonlike voornaamwoorde	152
6.2.2.2	Koppelwerkwoorde	154
6.2.2.3	Die voornaamwoord dit.....	156

6.2.2.4	Lidwoorde	157
6.2.3	Deiksis.....	161
6.2.3.1	Persoonsdeiksis	163
6.2.3.2	Sosiale deiksis	165
6.2.3.3	Plekdeiksis.....	166
6.2.3.4	Tyddeiksis	167
6.2.3.5	Deiktiese werkwoorde.....	168
6.2.4	Sintese: die sintaktiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans.....	171
6.3	LEKSIKALE KENMERKE	172
6.3.1	Vorme van taaluitruiling.....	174
6.3.2	Woordsoortlikheid van die kodevermenging tussen Afrikaans en Engels	181
6.3.3	Sintese: die leksikale kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans	183
6.4	SAMEVATTING.....	188
7	PRAGMATIESE FUNKSIES	189
7.1	TEN AANVANG.....	189
7.2	NIEPROPOSITIONELE BOODSKAPPE EN PRAGMATIESE FUNKSIES	191
7.3	THURLOW SE PRAGMATIESE FUNKSIES	195
7.3.1	Inligtinguitruiling met 'n praktiese inslag	196
7.3.2	Inligtinguitruiling met 'n verhoudingsinslag	198
7.3.3	Die bewerkstelling van praktiese reëlins	199
7.3.4	Die maak van sosiale afsprake.....	200
7.3.5	Die formulering van aanhef- en groetvorme.....	200
7.3.6	Die instandhouding van vriendskappe.....	201
7.3.6.1	Humor	202
7.3.6.2	Algemene vriendskapinstandhouding	203
7.3.6.3	Bedankings.....	203
7.3.6.4	Beamings.....	204
7.3.6.5	Geluk- en seënwense.....	205
7.3.6.6	Onderskraging	206
7.3.6.7	Komplimente.....	206
7.3.6.8	Kommentaar op die reünieverrigtinge	207
7.3.7	Kettingboodskappe	208
7.3.8	Sintese: die pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans	210

7.4	SOSIALEBETEKENISSKEPPING IN SMS-AFRIKAANS	211
7.4.1	Emoji.....	213
7.4.2	Ortografie.....	214
7.4.3	Bucholtz en Hall se raamwerk	216
7.4.3.1	Die ontluikingsbeginsel.....	216
7.4.3.2	Die aanwysingsbeginsel.....	218
7.5	SAMEVATTING.....	222
8	GENDER EN OUDERDOM.....	223
8.1	TEN AANVANG.....	223
8.2	GENDER AS SOSIOLINGUISTIESE VERANDERLIKE.....	223
8.2.1	Statistiese grondtrekke.....	224
8.2.2	Die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid.....	226
8.2.3	Mikrolinguistiese kenmerke.....	232
8.2.3.1	Fonologiese en morfologiese kenmerke.....	232
8.2.3.2	Ortografiese kenmerke	239
8.2.4	Tipografiese kenmerke.....	242
8.2.4.1	Die gewildste emoji.....	242
8.2.4.2	Die gebruik van emoji al dan nie	243
8.2.4.3	Die gebruik van emoji met of sonder gesigte.....	244
8.2.4.4	Die kommunikatiewe funksies van emoji	245
8.2.4.5	Die plasing van emoji.....	246
8.2.5	Sintaktiese kenmerke	248
8.2.5.1	Randstukke.....	248
8.2.5.2	Ellips	250
8.2.5.3	Deiksis.....	253
8.2.6	Leksikale kenmerke	254
8.2.6.1	Taaluitruilingsaard	254
8.2.6.2	Woordsoortlikheid.....	256
8.2.7	Pragmatiese funksies.....	257
8.2.7.1	Inligtingselemente.....	257
8.2.7.2	Pragmatiese funksies.....	258
8.2.8	Sintese: genderverskille in Generasie X se SMS-Afrikaans.....	262
8.3	OUDERDOM AS SOSIOLINGUISTIESE VERANDERLIKE	264

8.4	SAMEVATTING.....	267
9	TERUGBLIK.....	269
9.1	TEN AANVANG.....	269
9.2	DIE ONDERSKEIDENDE STYLKENMERKE	269
9.3	DIE PRAGMATIESE FUNKSIES.....	274
9.4	GENDER- EN OUDERDOM AS SOSIOLINGUISTIESE VERANDERLIKES.....	276
9.5	PROBLEME EN BEPERKINGS.....	277
9.5.1	Probleme	277
9.5.2	Beperkings	279
9.6	NUWE HORISONNE.....	279
9.6.1	Wat is die aard van die wisselwerking tussen Afrikaans en ander tale in SMS?.....	279
9.6.2	Is daar tasbare genderverskille in Generasie X se SMS-Afrikaans?.....	280
9.6.3	Is SMS-Afrikaans onderhewig aan 'n verskuiwing van teks na beeld?	280
9.7	SLOT	281
	BIBLIOGRAFIE.....	283
	BYLAAG 1: ETIEKKLARINGSERTIFIKAAT	304
	BYLAAG 2: SMS-TAALVERSKYNSELS GEBASEER OP FONOLOGIE EN MORFOLOGIE	306
	BYLAAG 3: SMS-TAALVERSKYNSELS GEBASEER OP ORTOGRAFIE	308
	BYLAAG 4: RAAMWERK VIR DIE ONTLEDING VAN EMOJI.....	309

LYS VAN FIGURE

Figuur 2-1. Enkele emoji van toeka tot nou (Burge 2019).....	15
Figuur 3-1. Labov se kwantitatiewe verrekening van stylkeuses (Bell 1984:153).....	31
Figuur 3-2. Enkele voorbeelde van piktogramme	52
Figuur 3-3. Enkele voorbeelde van ideogramme.....	52
Figuur 3-4. Peirce se driebeen- semiotiese model (Chandler 2017:31).....	55
Figuur 3-5. Drie beskouings oor veeltaligheid (G = grammatiese stelsel; MacSwan 2019:199).....	63
Figuur 3-6. 'n Kodewisselingsmodel voortspruitend uit Chomsky se Minimalistiese Benadering (MacSwan 1999:149).....	65
Figuur 4-1. Die verspreiding van SMS'e oor al die deelnemers heen.....	77
Figuur 4-2. Die verspreiding van SMS'e onder die manlike deelnemers.....	78
Figuur 4-3. Die verspreiding van SMS'e onder die vroulike deelnemers	79
Figuur 5-1. Illustrasie van die ontleding van die mikrolinguistiese kenmerke van SMS-Afrikaans.....	85
Figuur 5-2. Die verspreiding van emoji-bevattende boodskappe onder die deelnemers.....	121
Figuur 5-3. Die verspreiding van die getal emoji onder die deelnemers.....	122
Figuur 5-4. Die verspreiding van naakte emoji	124
Figuur 5-5. 'n Verjaarsdagboodskap met twee koeke uit emoji "gebak".....	124
Figuur 6-1. Die oorhoofse sinsposisies in Afrikaans (Ponelis 1985:501)	145
Figuur 7-1. Die hoofvertakkings van die pragmatiek (Culpeper 2021:21)	190
Figuur 7-2. Sosiopragmatiek as die versmelting van sociolinguistiek en pragmatiek (Haugh, Kádár & Terkourafi 2021:5)	191
Figuur 7-3. Illustrasie van die sogenaamde "niepropositionele effek"	192
Figuur 7-4. Illustrasies van die vernoude gaping tussen fisiese en virtuele ruimtes	195
Figuur 7-5. Inligtinguitruiling met behulp van 'n skakel	197
Figuur 7-6. Inligtinguitruiling met behulp van 'n foto	198
Figuur 7-7. 'n Kettingbrief oor sosialisme	209
Figuur 7-8. Twee aangestuurde boodskappe	210
Figuur 8-1. 'n Grafiese voorstelling van die interpretasie van die chi-kwadraattoets (Sabine & Plumpton 1985:80)	229
Figuur 9-1. Niepropositionele boodskappe in reaksie op 'n grap	274

LYS VAN TABELLE

Tabel 2-1. 'n Tematiese opsomming van die bestaande kennis oor SMS-Afrikaans.....	28
Tabel 4-1. Geografiese verspreiding van die deelnemers.....	73
Tabel 4-2. Die inhoud van die WhatsApp-kletsgroep.....	74
Tabel 4-3. Voorstelling van inligtingselemente ná opname in Microsoft Excel.....	75
Tabel 4-4. Onderwerpe deur die taaldata gedek.....	80
Tabel 4-5. Sleutelbesluite oor die navorsingsmetodologie.....	84
Tabel 5-1. Morfologiese en fonologiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans.....	98
Tabel 5-2. Die weglating van leestekens.....	105
Tabel 5-3. Die weglating van skryftekens.....	113
Tabel 5-4. SMS-taalverskynsels gebaseer op ortografie.....	118
Tabel 5-5. Die gewildste emoji in die taaldata.....	125
Tabel 5-6. Enkele statistieke oor die voorkoms van emoji in die taaldata.....	126
Tabel 5-7. Die kommunikatiewe funksies van emoji.....	134
Tabel 5-8. Die plasing van emoji in die taaldata.....	139
Tabel 6-1. Randstukke in die taaldata.....	151
Tabel 6-2. Ellips in die taaldata.....	160
Tabel 6-3. Persoonsdeiksis in die taaldata.....	164
Tabel 6-4. Deiksis in die taaldata.....	170
Tabel 6-5. Kodewisseling en -vermenging in die taaldata.....	181
Tabel 6-6. Woordsoortlike aard van die Afrikaans-Engels-kodevermenging.....	183
Tabel 7-1. Die inhoud van die WhatsApp-kletsgroep.....	196
Tabel 7-2. Die instandhouding van vriendskappe.....	208
Tabel 7-3. Die vernaamste pragmatiese funksies in die taaldata.....	211
Tabel 8-1. 'n Prototipiese gebeurlikheidstabel vir die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid.....	227
Tabel 8-2. Enkele kritiese waardes vir die chi-kwadraattoets.....	230
Tabel 8-3. Waargenome frekwensietellings vir die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans.....	233
Tabel 8-4. Verwagte frekwensietellings vir die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans.....	234
Tabel 8-5. Aangepaste verwagte frekwensietellings vir die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans.....	235

Tabel 8-6. Samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans	236
Tabel 8-7. Statistiese ontleding vir die identifisering van moontlike genderverskille in die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans	238
Tabel 8-8. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die ortografiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans	240
Tabel 8-9. Statistiese ontleding vir die identifisering van moontlike genderverskille in die ortografiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans.....	241
Tabel 8-10. Die gewildste emoji onder die manlike en vroulike deelnemers aan die steekproef	243
Tabel 8-11. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die gebruik van emoji in die steekproeflede se SMS-Afrikaans	244
Tabel 8-12. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die aard van die emoji in die steekproeflede se SMS-Afrikaans	245
Tabel 8-13. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die funksies van die emoji in die steekproeflede se SMS-Afrikaans.....	246
Tabel 8-14. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die plasing van die emoji in die steekproeflede se SMS-Afrikaans	247
Tabel 8-15. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die plasing van randstukke in die steekproeflede se SMS-Afrikaans.....	248
Tabel 8-16. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die aard van die randstukke in die steekproeflede se SMS-Afrikaans.....	249
Tabel 8-17. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die vernaamste sintaktiese ellips in die steekproeflede se SMS-Afrikaans	251
Tabel 8-18. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die vernaamste deiksis in die steekproeflede se SMS-Afrikaans.....	253
Tabel 8-19. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die aard van die taaluitruiling in die steekproeflede se SMS-Afrikaans.....	255
Tabel 8-20. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die woordsoorte waar kodevermenging tussen Afrikaans en Engels aangetref is	256
Tabel 8-21. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die inligtingselemente in die steekproeflede se SMS-Afrikaans	258
Tabel 8-22. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die pragmatiese funksies van die steekproeflede se SMS-Afrikaans.....	259

Tabel 8-23. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir boodskappe gemik op die instandhouding van vriendskappe	260
Tabel 8-24. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die oorhoofse aard van die pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-Afrikaans.....	262
Tabel 8-25. 'n Opsomming van die genderverskille in die steekproeflede se SMS-Afrikaans.....	263
Tabel 8-26. Die hooftrekke van die raamwerke toegepas om die SMS-Afrikaans van Generasie X te ontgin	265
Tabel 8-27. 'n Bondige, kwalitatiewe vergelyking van die SMS-Afrikaans van die deelnemers aan die huidige studie met dié van tieners en jongmense in Heyns (2009).....	266
Tabel 9-1. 'n Aangepaste tematiese opsomming van die bestaande kennis oor SMS-Afrikaans.....	282

1 INLEIDING

1.1 Ten aanvang

Hierdie studie behels 'n beskrywing van 'n bepaalde groep Afrikaanssprekendes se taalgebruik op kortboodskapdienste (“SMS”) as 'n modaliteit van rekenaarondersteunde kommunikasie.¹ Die titel van die verhandeling, “Die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans”, belig op 'n meerduidige wyse die kerneienskappe van die ondersoek: Eerstens behels dit beskrywende eerder as eksperimentele, verkennende of verklarende navorsing omdat dit in wese 'n opname van 'n bepaalde teikengroep se taalgebruik in 'n bepaalde konteks is. Tweedens is die studie op die stylkenmerke van die teikengroep se taalgebruik afgestem en nie op ander aspekte daarvan nie, byvoorbeeld gebruiksfrekwensie en -toepassings. Derdens is die teikengroep Afrikaanssprekendes behorende aan Generasie X en nie dié wat aan die “Baby Boomers”, “Millennials”, Generasie Z of die ontlukende Generasie Alfa behoort nie. Vierdens val die klem op die taalgebruik in kortboodskapdienste en nie op ander vorme van rekenaarondersteunde kommunikasie nie, byvoorbeeld e-pos, internetaflosklets en kitsboodskappe. Vyfdens verleen die studie dit geredelik tot die ontginning van moontlike taalverskille tussen die manlike en vroulike lede van Generasie X, sowel as 'n kwalitatiewe vergelyking van Generasie X se SMS-Afrikaans met dié van ander Afrikaanssprekende teikengroepe wat alreeds bestudeer is.

'n Vraag wat moontlik dadelik by die leser oor die aard van hierdie studie kan ontstaan, is of die SMS-Afrikaans van Generasie X sodanig van Standaardafrikaans verskil dat daar enigsins nut aan die ondersoek is. Die antwoord hierop is dat dit inderdaad die geval is volgens die onderstaande uittreksel uit die taaldata. Die konteks is 'n groep vriendinne se samesyn oor 'n koppie koffie en die feit dat een van hulle die afspraak gaan mis. Die taalgebruik wyk ooglopend beduidend van geskrewe Standaardafrikaans af: In haar verduideliking oor waarom sy eerder nie by haar vriendinne gaan aansluit nie, gebruik V2 onder meer die fonetiese herspelling *ni* vir die standaardtaalvorm “nie” in die vetgedrukte sin; sy verkort “dankie” tot *dq* op grond van die klankwaarde van die foneem /q/ ([ky]; Le Roux & Pienaar 1976:180); sintakties laat sy funksiewoorde soos “ons”, “het”, “ek” en “ n” weg; en tipografies vervang sy die weggelate punt aan

¹“Rekenaarondersteunde kommunikasie” word in hierdie verhandeling as die Afrikaanse vertaling van “computer-mediated communication” (CMC) gebruik, terwyl Afrikaans die letternaamwoord “SMS” (vir “Short Message Service”) regstreeks uit Engels oorgeneem het om as beide selfstandige naamwoord en werkwoord te dien (Olivier 2013:482, 485).

boodskapeinde met 'n prentkarakter, 😊, om haar waardering te beklemtoon vir haar vriendinne se bereidwilligheid om vir haar te wag.²

V2: Jul nog besig?

V16: Ons is nog hier... klaar betaal maar wag vir jou....

V2: Ek het gou eers v *EGGENOOT* kom aflaai,een kar gery.halfuur v jul af so ek gaan dit ni v jul verweg ni.sal dan vlg keer saam kuier.dq dat jul darem bereid is 😊

V16: Jy seker? Ons wag regtig as jy wil kom vir nightcap...

V2: Doodseker.dq.lt wt wan vlg kuiers is asb

V16: 👍 lekker dux 😊

V2: Thanx jul ook.stuur foto asb

V7: Dankie vir die heerlike aand, V3 en V16. Ek het dit baie waardeer.

V16: Baie dankie julle 2, dit was baie lekker gewees!! 😊💕

V8: 😊💕🎉😊🌹

V7: 💕

V2: Lyk so lkr.bly jul ht geniet

1.2 Agtergrond oor die studieonderwerp

Rekenaarondersteunde kommunikasie verwys in die breë na enige geskrewe kommunikasie wat deur rekenaartegnologie moontlik gemaak word en tussen mense plaasvind (Herring 2007:1). Die oorsprong van die studieveld kan na die ontwikkeling van elektroniese rekenaars tydens die Tweede Wêreldoorlog teruggevoer word (Thurlow, Lengel & Tomic 2004:14). Die gebruik van rekenaarondersteunde kommunikasie is aangehelp deur die verskyning van die internet in 1983 en veral deur die totstandkoming van die wêreldwye web in die vroeë 1990's (Baron 2008:12-13). Rekenaarondersteunde kommunikasie word vandag op allerlei koppelvlakke bedryf deur middel van modaliteite soos blogs, e-pos, internetaflosklets, kitsboodskappe en SMS.

²Al die deelnemers se persoonlike inligting is verskans om hulle privaatheid te beskerm ooreenkomstig Unisa (2016) se beleid oor navorsing wat mense betrek. Daarbenewens word die SMS-boodskappe sonder enige redigering weergegee ten einde die taaldata waarheidsgetrou aan te bied. Hierdie oorwegings word in hoofstuk 4 (oor die navorsingsmetodologie) verder bespreek; die werkswyse wat vir anonimisering gevolg is en die gepaardgaande aanbiedingskonvensies, byvoorbeeld dat V2 na 'n bepaalde vroulike deelnemer verwys, word breedvoerig in §4.9.2 uiteengesit.

SMS het sy oorsprong in 'n Europese onderneming genaamd “Groupe Spécial Mobile” (GSM), wat in 1982 tot stand gebring is om 'n selfoonnetwerk te ontwikkel wat regoor Europa sou werk. Dié doelwit is aanvanklik 'n dekade later bereik toe agt lande – Denemarke, Duitsland, Finland, Frankryk, Italië, Portugal, Swede en die Verenigde Koninkryk – die GSM-netwerk begin gebruik het (Baron 2008:128). Die netwerk is ontwikkel om stemseine te gelei; aan die einde van die projek was daar egter 'n klein hoeveelheid bandwydte oor en die GSM het besluit om dit aan gebruikers beskikbaar te stel om kort, geskrewe boodskappe aan mekaar te stuur. Die eerste hiervan – “Merry Christmas” – is op 3 Desember 1992 deur Neil Papworth, 'n ingenieur by wat toe die Sema Groep was, met sy persoonlike rekenaar aan Richard Jarvis, 'n direkteur by Vodafone, gestuur. Gebruikers was aanvanklik traag om dié nuutjie te gebruik – in 1995 het hulle byvoorbeeld 'n skamele 0,4 boodskappe per gebruiker per maand gestuur (Deffree 2019). Die prentjie het sedertdien egter drasties verander, aangesien gebruikers oral in die wêreld tans nagenoeg 270 000 SMS'e *elke sekonde* stuur (Dobrilova 2021).

Dié bondige ontstaansgeskiedenis van kortboodskapdienste markeer SMS-boodskappe as dié wat GSM-intekenaars met hulle selfone aan mekaar gestuur het. “SMS-taal” het dienooreenkomstig na die eiesoortige vorm van hierdie SMS'e verwys, want 'n aanvanklike beperking in boodskaplengte tot net 160 karakters het gebruikers genoop om vindingryk te werk te gaan om so véél as moontlik inligting so bóndig as moontlik oor te dra (Crystal 2008:5-6). Die ontploffing in inligtings- en kommunikasietegnologie sedert die vroeë 1990's het egter tot 'n vervaging in die grense tussen die verskillende modaliteite van rekenaarondersteunde kommunikasie gelei (vergelyk byvoorbeeld Verheijen 2018:140 en Page, Barton, Unger & Zappavigna 2014:19), met die gevolg dat “SMS-taal” ook in ander modaliteite aangetref word. “SMS-taal” word derhalwe as 'n sambreelterm gebruik vir die verskillende taalvorme wat in rekenaarondersteunde kommunikasie voorkom. Ten einde die grense van hierdie studie noukeurig af te baken, word “SMS” en “SMS-taal” egter in hulle oorspronklike betekenis gebruik deur die terme soos volg te definieer (Grundlingh 2015:147 / Thiart 2014:19): “SMS” word vir die kort elektroniese boodskappe gebruik wat met 'n sellulêre of slimfoon saamgestel en gestuur kan word (dit sluit WhatsApp-boodskappe³ in, maar dié op sosiale netwerke en bloginskrywings uit), terwyl “SMS-taal” na die vorm van die taal in hierdie boodskappe verwys. “SMS” en “SMS-taal” dien derhalwe in hierdie verhandeling as Afrikaanse versamelname vir die vele Engelse terme wat in die literatuur aangetref word. Crystal (2004) verskaf byvoorbeeld “Textspeak” as 'n hiponiem vir sy oorspronklike “Netspeak”; hierbenewens verwys hy ook na “[s]hort messaging, short mail, SMSing, text messaging, txtng” (Crystal 2008:6). Andere soos Drouin (2011) gebruik “textese”,

³WhatsApp is tans 'n besonder gewilde sosialemediaplatform in Suid-Afrika (AskAfrika 2020); dit sal uit die bespreking in die hoofstuk oor navorsingsmetodologie blyk dat WhatsApp die platform is waaruit die taaldata vir hierdie studie geoes is.

Deumert (2014:14) noem “chatlingo” en “weblish”, terwyl McSweeney (2018) haar op die bondige “Txt” beroep. Uiteindelik bied Tagg (2015:248-249, 250) definisies vir “SMS text messaging” en “textisms” wat die betekenisse van onderskeidelik “SMS” en “SMS-taal” in hierdie verhandeling raak omskryf:

SMS text messaging: [T]he sending of short, typed messages, usually between mobile phones, over the Short Message Service (SMS). Users either pay per message, or have a certain number of messages included in their monthly contract. On contemporary smartphones, SMS text messaging sits alongside other web-based messaging services, such as WhatsApp or Facebook Messenger.

Textisms: [C]ommonly used in the academic literature to refer to spelling variants or respellings which have been seen to occur in SMS text messaging and other forms of digital communication.

1.3 Probleemstelling: Generasie X as die verwaarloosde “middelkind”

Die oorgrote meerderheid akademiese navorsing oor rekenaarondersteunde kommunikasie is op tieners en jongmense gerig. Thurlow en Poff (2013:166) beskryf die leemte wat dit in die kennisbasis van SMS-taal veroorsaak soos volg (my skuinsgedruk):

A small handful of studies consider age differences. Perhaps not surprisingly, young people and older people have been found to use texting in different ways. Teenagers and young adults are typically the most avid texters in a range of cross-cultural settings, which is not to say that texting is exclusive to, or has relevance only for, young people. In reviewing the literature briefly, we find very little research that focuses on adult texters; the vast majority attends to children and young people. As with popular media coverage, therefore, the broader demographics of texters is largely overlooked.

Hierdie stand van sake het in die jare sedert Thurlow en Poff se kommentaar nie beduidend verander nie – Long (2018:8) verwys byvoorbeeld betreklik onlangs nog na “the current scarcity of peer-reviewed research examining cross-generation text messaging habits and texting usage patterns”. Een van die redes hiervoor is dat tieners en jongmense as “digitale aangeborenes” beskou word, terwyl volwassenes bloot “digitale immigrante” is wat eersgenoemde ’n “interessanter” teikengroep vir navorsing oor rekenaarondersteunde kommunikasie maak. Die skepper van hierdie terme, Marc Prensky (2001:1-2), beskryf tieners en

jongmense as “ ‘native speakers’ of the digital language of computers, video games and the Internet,” terwyl hy volwassenes omskryf as diegene “who were not born into the digital world but have, at some later point in [their] lives, become fascinated by and adopted many or most aspects of the technology...” Hierin lê die hoofrede vir die huidige studie, want dit sou ’n fout wees om aan te neem dat die bevindings van navorsing op “digitale aangeborenes” voetstoots op “digitale immigrante” toegepas kan word. Inderdaad, Bieswanger (2013:466) vermaan teen veralgemenings oor SMS-taal omdat hierdie taalvorm hoogs kontekstueel is:

Several studies addressing the differences among texting practices in different languages, for different purposes, and/or by different sociolinguistic groups ... have shown that there is no universal language of texting or “Textspeak”. Rather, the findings reveal considerable variation in language use in texting related to the language the SMS are [sic] written in, the purpose of the messages, the intention of the writers, and sociolinguistic factors such as user gender and age.

Die teikengroep vir hierdie studie is Afrikaanssprekende lede van Generasie X – mense wat in die jare vanaf 1965 tot 1976 gebore is (Duh & Struwig 2015:94).⁴ Die redes vir hierdie afbakening is drievoudig: Eerstens het die navorser toegang tot ’n ryk korpus van SMS-taaldata wat deur lede van die teikengroep op ’n WhatsApp-kletsgroep voortgebring is (dit word in hoofstuk 4 verder bespreek). Tweedens verteenwoordig Generasie X – net soos die ander kohorte – ’n betreklik eenvormige teikengroep op grond van die soortgelyke waardes, oortuigings, houdings en voorkeure wat tydens gedeelde betekenisvolle oomblikke in hulle vormingsjare tot stand gekom het (Riley 1971:80-81). In hierdie opsig beskryf Nuttall (2004:433) Generasie X in Suid-Afrika as “the generation that fought in the antiapartheid struggle and subsequently had difficulty finding a place in South African society,” terwyl die Afrikaanssprekende lede van Generasie X in ’n tydvak grootgeword het toe ’n sterk tradisie van taalsuiwerheid en die streng nakoming van taalvoorskrifte gevestig is (Kirsten 2019:48-54). ’n Klinkende voorbeeld hiervan verskyn in Engelbrecht (1980:13; sy beletseltkens en skuinsgedruk):

Ons taal moet deur ander geken, erken, geëerbiedig word, is die oortuiging. Maar wat wil ons per slot van rekening handhaaf? Sekerlik ’n suiwer, sterk Afrikaans – en nie ’n flou afkooksel van Engels nie ... Daarom lê daar nou vir ons ’n groot taalstryd voor – ’n stryd na

⁴Daar is nie eenstemmigheid onder navorsers oor die presiese begin- en eindpunt van die verskillende kohorte nie. Howe en Strauss (2007:45) beskou Generasie X byvoorbeeld as bestaande uit diegene wat tussen 1961 en 1981 gebore is, Neal (2018) gebruik 1965 en 1981, en Dimock (2019) verkies 1965 en 1980. In hierdie studie word Duh en Struwig (2015:94) se begrening gebruik, aangesien dit spesifiek op Suid-Afrikaners betrekking het.

binne, 'n stryd om die innerlike suiwerheid en skoonheid van Afrikaans. Daarsonder kan ons net 'n voos beeld na buite hê. Ons moet alles wat ons in Afrikaans doen, goed doen – ons skrywers, joernaliste, omroepers, kopieskrywers, predikante, regsgeleerdes ... Só kan ons die beeld uitdra van 'n taal waarna almal kan opsien, waarvoor almal respek het, wat almal graag wil praat, waarmee almal graag vereenselwig wil word.

Derdens is dit alreeds vermeld dat Generasie X knaend in akademiese navorsing oor rekenaarondersteunde kommunikasie afgeskeep word. Daar is gevolglik betreklik min oor die taalgebruik van 'n generasie bekend wat oënskynlik gedy as skeppers, ontwikkelaars en gebruikers van al die inligtings- en kommunikasietegnologie waarmee “digitale aangeborenes” tans grootword. Die verskynsel is allermins tot taalkundenavorsing beperk; inderdaad, Generasie X (nagenoeg 65 miljoen lede in die VSA) word dikwels as die verwaarloosde “middelkind” beskryf omdat dit verdwerg tussen die talryker “Baby Boomers” (77 miljoen) en “Millennials” (83 miljoen) lê en op die oog af nie beduidend genoeg van hierdie kolosse verskil om navorsers se belangstelling te prikkel nie (Taylor & Gao 2014). Van der Walt (2012) verskaf 'n klinkende voorbeeld van die manier waarop Generasie X geringgeskat word; in die onderstaande uittreksel oor generasiegapings in die werkplek word hulle aanvanklik vermeld, maar dan uit die verdere bespreking weggelaat:

Die Baby Boomers (BB's) en Generasie X (GX) en Y (GY), wat soms oorvleuel, word almal tans in die werkplek aangetref, wat duidelik wys dat generasieverskille wyd strek. Werkgewers moet hulle gereed maak vir die GY's wat buigsaamheid, vryheid en 'n gebalanseerde leefstyl as hul reg beskou, sê Cordrington-hulle in *Mind the Gap!* Vir die BB-base is dit 'n groot frustrasie dat die GY's nie hul voete soen nie. GY's glo jy verdien respek deur respek te wys en nie bloot omdat daar 'n titel is nie.

BB's werk ongelooflik hard, harder as enige vorige geslag, en word as “toegeeflike ouers” beskryf – 'n oorreaksie op hul eie streng opvoeding. Die grootste verskil tussen die generasies is kommunikasie. GY's kommunikeer heeltyd, maar die gehalte is nie van besonderse kwaliteit nie, terwyl BB's minder kommunikeer maar die gehalte is baie hoog.

Die agterweëling van Generasie X geskied ten spyte van die beduidende rol wat hierdie kohort in die wêreld ekonomie speel deur byvoorbeeld grensverskuiwende tegnologie te skep, handarbeid te outomatiseer en die sakebedryf te herkarter (Neal 2018:32).

1.4 Navorsingsvrae

Hierdie studie is gerig deur die volgende oorkoepelende ondersoekvraag: *Wat is die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans?* Ses navorsingsvrae spruit uit die ondersoekvraag voort:

1. Wat is die kenmerkende mikrolinguistiese⁵ en tipografiese vorme van Generasie X se SMS-Afrikaans?
2. Wat is die kenmerkende sintaktiese vorme van Generasie X se SMS-Afrikaans?
3. Wat is die kenmerkende leksikale vorme van Generasie X se SMS-Afrikaans?
4. Wat is die kenmerkende pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans?
5. Is daar beduidende genderverskille⁶ in Generasie X se SMS-Afrikaans?
6. Hoe vergelyk Generasie X se SMS-Afrikaans met dié van tieners en jongmense?

Die navorsingsvrae is om 'n spesifieke rede in die aangeduide volgorde gerangskik: Vrae 1-3 behels 'n kartering van die linguistiese boustene van SMS-Afrikaans wat gedoen word voor daar in vraag 4 aangetoon word hoe hierdie boustene deur lede van die teikengroep gebruik word om sosiale betekenis te skep. In hierdie studie behels “sosiale betekenis” die vorming, oordrag en verwesenliking van sosiale identiteit en die daarstelling, bedryf en instandhouding van sosiale verhoudings in 'n aanlyn omgewing na aanleiding van Coupland (2007) se teorie oor taal as “opvoering.” Navorsingsvrae 5 en 6 volg dan om die beskrywing van SMS-Afrikaans te voltooi deur aan te dui hoe die sosiolinguistiese veranderlikes van gender en ouderdom stylkeuses beïnvloed (al dan nie). Dit sal uit die literatuuroorsig blyk dat Suid-Afrikaanse navorsing oor SMS-Afrikaans grootliks op die talige kenmerke daarvan afgestem is, terwyl gender- en ouderdomsverskille nog nie behoorlik ontgin is nie. Hierdie studie verleen hom egter daartoe om sodanige verskille deegliker te ondersoek en gevolglik is navorsingsvrae 5 en 6 ingesluit.

1.5 Doelstellings

Die primêre doelwit van hierdie studie is om 'n geheelbeeld van die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans saam te stel (navorsingsvrae 1-4). Die sekondêre

⁵Die mikrolinguistiese kenmerke behels die fonologiese, morfologiese en ortografiese eienskappe van SMS-taal (Bieswanger 2013:463).

⁶Alhoewel genderverskille onafwendbaar tot 'n tradisionele onderskeid tussen mans en vroue lei vanweë die aard van historiese navorsing oor die onderwerp, word die terme “gender” en “genderverskille” deurgaans in hierdie verhandeling gebruik ter erkenning van die feit dat gender 'n uiters komplekse, multidimensionele en konteksgebonde element van identiteit is (McSweeney 2018:140).

oogmerke is eerstens om taalverskille gebaseer op gender as sosiolinguistiese veranderlike te ontgin (navorsingsvraag 5), en tweedens om die SMS-Afrikaans van Generasie X kwalitatief met dié van tieners en jongmense op grond van die bestaande literatuur te vergelyk ten einde ’n lesing te neem oor die moontlike bestaan van ’n “generiese SMS-Afrikaans” (Thiart 2014 / Grundlingh 2015) al dan nie (navorsingsvraag 6). Oorhoofs verteenwoordig die studie beskrywende navorsing om die beperkte kennisbasis oor SMS-Afrikaans te verruim.

1.6 Uiteensetting van die verhandeling

Hierdie inleidende hoofstuk word met ’n uiteensetting van die verhandeling afgesluit:

Daar is alreeds ’n enorme hoeveelheid navorsing oor rekenaarondersteunde kommunikasie uit ’n wye verskeidenheid invalshoeke en oor én in vele tale gedoen. Dit sou prakties onmoontlik wees om dié dinamiese studieveld omvattend in die literatuuroorsig in **hoofstuk 2** te dek en gevolglik word daar op SMS en die belangrikste aspekte daarvan vir die doel van hierdie studie toegespits. Die hoofstuk skop met ’n bespreking oor die aard van SMS af, waarna dit die kollig op emoji⁷ plaas vanweë die verbreidheid waarmee hierdie karakters tans in SMS aangetref word. Enkele aspekte van Suid-Afrikaanse navorsing oor die taalvorme van rekenaarondersteunde kommunikasie word dan in oënskou geneem, voordat die blik vernou om Suid-Afrikaanse navorsing oor die kenmerkende taalvorme van SMS-Afrikaans te belig. Die hoofstuk eindig met ’n opsomming van die bestaande kennis oor SMS-Afrikaans, die leemtes wat bestaan en hoe hierdie studie poog om dié leemtes te vul.

Hoofstuk 3 handel oor die teoretiese en konseptuele raamwerke wat die grondslag vir die ontleding van die taaldata vorm. Aandag word eers aan sosiolinguistiese styl as die oorkoepelende teoretiese raamwerk gegee, aangesien styl in ’n sosiolinguistiese konteks gebruik kan word om te verklaar waarom taalgebruikers spesifieke stylkenmerke inspan om betekenis deur identiteitskepping en die smee van sosiale verhoudings tot stand te bring. Die konseptuele raamwerke vir die onderskeie navorsingsvrae word daarna uiteengesit.

In **hoofstuk 4** word die navorsingsmetodologie bespreek. Die navorsingstrategie, -ontwerp en -metode kom eerste aan bod, waarna nougesetheid en die samestelling van die steekproef volg. Die spesifieke werksyde

⁷Die meervoud van hierdie leenwoord is “emoji” of “emoji’s” (Sergeant 2019:10; Fourie, Luther & Pheiffer 2018:37-39) – eersgenoemde word by voorkeur in hierdie verhandeling gebruik.

word vervolgens bespreek, voordat die hoofstuk met 'n beskrywing van die taalkorpus en die vernaamste etiese ooreenstemmings afsluit.

Hoofstukke 5-8 dek die bevindings van die studie: **Hoofstuk 5** verskaf 'n beskrywing van die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke, terwyl **hoofstuk 6** aan die sintaktiese en leksikale kenmerke gewy word. In **hoofstuk 7** word die sluis oor die pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans gelig, terwyl die aandag in **hoofstuk 8** na die sosiolinguistiese veranderlikes van gender en ouderdom verskuif: Eersgenoemde word uit 'n kwantitatiewe oogpunt bespreek, terwyl laasgenoemde op 'n kwalitatiewe vergelyking van Generasie X se SMS-Afrikaans met dié van tieners en jongmense in 'n gepubliseerde sekondêre bron berus.

Hoofstuk 9 bring die bevindings byeen om die doel van die studie – 'n beskrywing van die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans – te volbring. In die slothoofstuk word die teëgekome probleme uitgelig en die vernaamste beperkings van die studie word aangevoer. Die verhandeling sluit met 'n kort uiteensetting van enkele nuwe horisonne af wat tydens die studie vorm aangeneem het.

1.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is rekenaarondersteunde kommunikasie in die breë en kortboodskapdienste in die besonder bondig in oënskou geneem om die ondersoektema kontekstueel te plaas. Daar is betoog dat die SMS-taal van sogenaamde “digitale immigrante” onontgonne lê omdat die oorgrote meerderheid navorsing oor die onderwerp histories op tieners en jongmense as “digitale aangeborenes” gedoen is én steeds gedoen word. Die teikengroep vir hierdie studie is gevolglik Generasie X, wat allermins as “digitale immigrante” beskou behoort te word vanweë dié kohort se bydrae tot die ontwikkeling van inligtings- en kommunikasietegnologie én hulle gemak daarmee. Die agtergrondinligting kan in 'n neutredop opgesom word deur dit te stel dat dit onraadsaam is om veralgemenings oor tale, kontekste en sosiolinguistiese veranderlikes heen te maak – dít dien as die sleutelrede om die SMS-Afrikaans van Generasie X te ontgin. Crystal (2014:1) bekragtig hierdie betoog deur hom soos volg oor navorsing oor rekenaarondersteunde kommunikasie uit te laat (my skuinsgedruk):

SMS is a genre in which the ideational, identifying, and ludic functions of language combine in a climate of rapid technological change ... [H]ere is electronically mediated communication, in its various technological outputs, displaying a veritable explosion of

linguistic innovation, and offering exciting opportunities for description and analysis. It is a field where it is virtually impossible to do anything other than original research. With some fields (Shakespeare comes to mind), investigators can struggle to find a new angle, simply because of the amount of study that has already been carried out. That is not the case here. *Every language, dialect, and social group develops its own brand of electronic communication, and very few of these varieties have had their linguistic character analysed – or even recorded.*

2 LITERATUUROORSIG

2.1 Ten aanvang

Alhoewel rekenaarondersteunde kommunikasie 'n betreklik jong studieveld is wat na die snelle ontwikkeling in rekenaartegnologie sedert die middel van die 1990's herlei kan word, is die literatuur daarvoor reeds omvangryk vanweë die belangstelling wat dit onder uiteenlopende belanghebbendes ontlok en die verskeidenheid invalshoeke wat dit bied. Die belanghebbendes sluit onder meer akademici, medici en politici in, terwyl die aanwending van rekenaarondersteunde kommunikasie in handel en nywerheid, die uitsaaiwese en omgewingsbestuur net enkele van die toepassingsvelde is wat toenemende belangstelling wek (Thurlow & Poff 2013:164-165). Dit sou gevolglik 'n haas onbegonne taak wees om 'n omvattende oorsig van die literatuur oor rekenaarondersteunde kommunikasie – of selfs net dié oor SMS – hier te gee. In die onderstaande oorsig word daar derhalwe op drie spesifieke aspekte van SMS toegespits: Die aard van die modaliteit word eerstens belig omdat dit grootliks die kenmerkende vorm van SMS-taal verklaar. Die verrysing van emoji word binne hierdie konteks bespreek, aangesien dit tans verreweg die gewildste tipografiese kenmerk van SMS-taal is. Die klem verskuif dan om 'n blik op Suid-Afrikaanse navorsing oor rekenaarondersteunde kommunikasie sedert die eeuwending te werp. Hofstee (2006:94-98) se tregtermetode word vir dié doel ingespan om struktuur aan hierdie gedeelte van die literatuuroorsig te gee: Suid-Afrikaanse navorsing oor die kenmerkende taalvorme van rekenaarondersteunde kommunikasie word eers in die breë in oënskou geneem, alvorens die oorsig vernou om Suid-Afrikaanse navorsing spesifiek oor die kenmerkende taalvorme van SMS-Afrikaans te karteer. Die hoofstuk eindig met 'n opsomming van die bestaande kennis oor die ondersoektema om leemtes uit te wys en aan te dui hoe hierdie studie poog om sommige daarvan te vul.

Die leser sal bemerk dat daar op een of twee uitsonderings ná weinig verwysing na Generasie X in die onderstaande oorsig is – gewoon omdat omvattende internasionale én Suid-Afrikaanse navorsing oor hierdie kohort ontbreek.

2.2 Die aard van SMS

In hierdie afdeling kom die gesprekmatigheid van SMS eerstens aan bod, aangesien dit die stukrag agter die “algemene” vorm van SMS-taal is. Daarna verskuif die klem na emoji, want hierdie prentkarakters het

die tipografiese landskap van SMS-taal as't ware stormenderhand in die laaste paar jaar verower en beïnvloed dit beduidend.

2.2.1 Gesprekmatigheid lei tot 'n pragmatiese invalshoek

Baron (2008:14) gebruik sinkronisiteit as een van die veranderlikes om tussen die verskillende modaliteite van rekenaarondersteunde kommunikasie te onderskei. Sinkrone (gelyktydige) modaliteite vereis dat gebruikers terselfdertyd op die modaliteit inskakel om intyds met mekaar te kommunikeer (’n prototipiese voorbeeld is kitsboodskapdienste); daarteenoor behels asinkrone (ongelyktydige) modaliteite dat ’n sender ’n boodskap aan ’n ontvanger stuur wat eers later daarop reageer (’n prototipiese voorbeeld is e-pos). SMS word tradisioneel as ’n asinkrone modaliteit beskou, maar dit word deesdae al hoe meer vir intydse gesprekvoering aangewend, wat verklaar waarom sommige gebruikers hulle taal geredelik aanpas om die ongelyktydige aard van SMS op te hef en dinamiese gesprekvoering in die hand te werk. Die gevolg is dat SMS-taal verskeie kenmerke besit wat gewoonlik met spraak verband hou: wisselwerking tussen gespreksgenote, ongedwongenheid, speelsheid en intimiteit (Tagg & Seargeant 2014:166). Thurlow en Poff (2013:174-175) beweer dat laasgenoemde ’n dieperliggende rede vir die vorm van SMS-taal is: “This combination of immediacy and intimacy drives the underlying need for sociality and, for the most part, explains the linguistic form, or style, of texting.” McSweeney (2018:24) voer egter aan dat SMS semisinkron is, aangesien dit eienskappe van beide gesproke en geskrewe taal bevat in ooreenstemming met die beskouing van ander linguïste (vergelyk byvoorbeeld Deumert 2014:102; Tagg & Seargeant 2014:161; Thurlow & Poff 2013:177). Inderdaad, die semisinkronisiteit van SMS verleen die eiesoortige vermoë daaraan om die geskakeerdheid van menslike kommunikasie na te boots (McSweeney (2018:37):

Illustrated by texters’ use of spelling, punctuation, and images, the functional role that textisms [play] in a conversational yet written language form is entering mainstream use. This conversational register makes text messaging distinct from other (formal and informal) forms; the decontextualized reality makes it distinct from the spoken communication. The semi-synchronous nature makes it unique unto itself, and the mobile nature of text messaging means that texters are in near constant conversation.

Thurlow (2003:14-15) steun op Grice (1989:26) se samewerkingsbeginsel om drie sosiolinguïstiese grondstellings te formuleer wat saamspan om die vorm van SMS-taal te verklaar, naamlik (i) bondigheid en spoed, (ii) paralinguïstiese regstelling en (iii) fonologiese benadering. Verskeie ander navorsers het

sedertdien met hulle eie “grondstellings” vorendag gekom;⁸ nietemin, Thurlow se oorspronklike grondstellings word hier ter illustrasie gebruik om die aard van SMS-taal te belig: Die grondstelling van bondigheid en spoed verklaar byvoorbeeld die voorkoms van morfologiese kenmerke soos verkorting en ortografiese kenmerke soos leestekenbesuiniging. Die grondstelling van paralinguistiese regstelling poog om die tweeledige aard van SMS-taal (in die sin dat dit ’n geskrewe vorm van gesproke taal is) te versoen deur die gebare, gesigsuitdrukkinge, stemheffings en ander paralinguistiese leidrade na te boots wat sprekers tydens kommunikasie van aangesig tot aangesig gebruik om betekenis oor te dra. Hierdie grondstelling verklaar onder meer waarom emoji feitlik oornag gewild geword het nadat die ontwikkelaars besef het dat taalgebruikers dié prentkarakters as gebare aanwend en die ontwerpe dienooreenkomstig aangepas is. Die grondstelling van fonologiese benadering sluit heg by dié van paralinguistiese regstelling aan, maar is daarop gemik om SMS-taal so ongeunstel en speels as moontlik te maak. Die grondstellings sluit mekaar nie onderling uit nie, maar werk gewoonlik saam om in gebruikers se uitdrukkingsbehoefte te voorsien. Die voorbeeld, *huganit* (“Hoe gaan dit?” Saal 2015:3), dien ter illustrasie: Hier werk die grondstellings van bondigheid en spoed aan die een kant en fonologiese benadering aan die ander kant saam om ’n algemene vraagsin skriftelik voor te stel asof dit in omgangstaal uitgespreek word.

’n Sleutelkenmerk van SMS-taal is dat dit omstandigheidsgebonde is. Taalkundiges is dit in hierdie opsig eens (vergeelyk byvoorbeeld Bieswanger 2013:465 en Thurlow 2003:14) dat daar nie ’n universele taal van rekenaarondersteunde kommunikasie bestaan ten spyte van die vroeë aansprake daarvoor nie (Crystal 2006:20 se betoog vir “Netspeak” word gereeld as voorbeeld aangehaal). Een van die gevolge is dat daar nie ’n eenvormige raamwerk bestaan om SMS-taal te beskryf nie. In Thurlow (2003:6) se invloedryke studie oor die sosiolinguistiek van jongmense se SMS-taal ontwikkel hy ’n raamwerk bestaande uit ses kategorieë, naamlik (i) verkorting, (ii) akronieme en voorletterwoorde (“initialisms”), (iii) letter- en syferhomofone, (iv) opsetlike en onopsetlike spelfoute, (v) ongewone spelwyses en (vi) aksentstilering. Hy loog hierdie raamwerk, wat hoofsaaklik op spelkonvensies gerig is, uit ’n korpus saamgestel toe die meerderheid selfone nog nie ’n QWERTY-toetsbord gehad het of emoji algemeen beskikbaar was nie. Talle soortgelyke raamwerke het sedertdien verskyn – Verheijen (2018:117) verwys byvoorbeeld na nie minder as twaalf daarvan nie. Onder die vele benaderings blyk dit egter dat ’n pragmatiese invalshoek telkens opduik, aangesien dit sterk by die spreektaalgrondslag van SMS aansluit. McSweeney (2018:24) verreken hierdie invalshoek in haar studie oor die SMS-taal van tweetalige sprekers van Engels en Latyns-Amerikaanse Spaans deur aan te voer dat “...the key thing that differentiates digital communication from either written or spoken language is what these features do for the digital writer and how they have come to take on a

⁸Verheijen (2018:121) verwys byvoorbeeld na Androutsopoulos se “‘temas’ van digitale skrif,” De Decker se “‘beginsels’ van chatspeak” en Vandekerckhove & Sandra se “‘grondstellings’ van SMS en aanlyn klets”.

variety of pragmatic meanings within a conversation.” ’n Pragmatiese invalshoek dien ook as grondslag vir hierdie studie, want dit gaan nie net oor ’n beskrywing van die onderskeidende stylkenmerke van Generasie X se SMS-Afrikaans nie, maar ook oor die pragmatiese funksies daarvan. In hierdie opsig voer Tagg, Baron en Rayson (2014:219) aan dat die oënskynlik lukrake, uiteenlopende aard van SMS-taal inderwaarheid funksioneel, beginselvas en betekenisvol is omdat SMS-taal ’n sterk pragmatiese inslag het.


2.2.2 Die verrysing van emoji

Emoji staan tans uit onder die grafiese simbole wat in SMS-taal aangetref word vanweë die verstommende, wêreldwye gewildheid daarvan soos waarvan die talle onlangse boeke oor die onderwerp getuig (vergelyk byvoorbeeld Giannoulis & Wilde 2020; Seargeant 2019; McCulloch 2019; Danesi 2017; Evans 2017). Emotikons en *kaomiji* was die voorgangers van emoji (Siever 2020:128). Emoji verskil van hulle voorgangers in die manier waarop dit in ’n boodskap ingevoeg word: Emoji is karakters in eie reg wat elk met ’n unieke Unicode-kode voortgebring word, terwyl emotikons en *kaomiji* deur ’n opeenvolging van ASCII- of ASCII Net-karakters saamgestel word, gewoonlik by wyse van die leestekens op ’n toetsbord.⁹ Afrikaans het “emoji” regstreeks uit Engels oorgeneem, ’n taal waar die woord ’n samestelling van die Japannese kanji *e* (絵, “prent”) en *moji* (文字, “karakter”) is en dus letterlik “prentkarakter” beteken (Danesi 2017:2).

Die ontstaansgeskiedenis van emoji is ietwat omstrede; die jongste inligting dui daarop dat die eer aan die Japannese maatskappy, SoftBank, toekom wat ’n versameling van 90 emoji op 1 November 1997 bekendgestel het (Burge 2019). Inderdaad, een van die mees ikoniese emoji – die glimlaggende drek, 🐛, oftewel “poomoji” – was deel van dié bekendstelling. Voordat Softbank se baanbrekerswerk aan die lig gekom het, is daar allerweë aangeneem dat emoji sy ontstaan aan ’n Japannese sagteware-ingenieur, Shigetaka Kurita, te danke het. Kurita het vir ’n Japannese telekommunikasiemaatskappy, NTT DoCoMo, gewerk en is die taak opgelê om die klein skerms van die maatskappy se selfone, wat toe net 48 karakters kon vertoon, ten beste te benut. Kurita het besluit om van grafiese simbole eerder as woorde gebruik te maak. Hy het sy inspirasie uit twee bronne geput: Eerstens uit Japannese strokiesprente geset in manga, ’n illustrasiestyl wat deur karakters met uitermate groot oë gekenmerk word, meestal in swart-en-wit gedruk word en grafiese simbole gebruik om idees voor te stel (’n sweetdruppel dien byvoorbeeld om

⁹ASCII is die akroniem vir “American Standard Code for Information Interchange”; dit verwys na ’n lys van digitale kodes om letters en simbole op enige koppelvlak van rekenaarondersteunde kommunikasie bestendig voor te stel. Daarteenoor verwys Unicode na die Unicode-konsortium, ’n niewinsorganisasie wat sedert 1991 wêreldwyd toesig oor die ontwikkeling, standaardisering en bestuur van emoji hou (Giannoulis & Wilde 2020:3-4).

senuweeagtigheid uit te beeld), en tweedens uit piktogramme wat universeel herkenbaar is en dien om byvoorbeeld nooduitgange, openbare toilette en parkades uit te wys. Kurita se benadering het daartoe gelei dat die oorspronklike versameling van 176 emoji wat NTT DoCoMo in 1999 vrygestel het uit prentkarakters bestaan het wat óf emosie- óf inligtingbelaaï was (Evans 2017:155-159). Figuur 2-1 beeld sommige van SoftBank en NTT DoCoMo se oorspronklike emoji uit; die ooreenkoms tussen die SoftBank-emoji van 1997 en die Apple-emoji van 2018 is opvallend, maar nie verbasend nie gegewe dat die maatskappye in 2008 saamgespan het om 'n emoji-toegeruste slimfoon in Japan vry te stel (Burge 2019).



Figuur 2-1. Enkele emoji van toeka tot nou (Burge 2019)

Wie ook al vir die ontstaan van emoji verantwoordelik is, die gebruik daarvan het sedert die vroeë 2010's met rasse skrede begin toeneem namate dit wêreldwyd in die verskillende modaliteite van rekenaarondersteunde kommunikasie opgeneem is – in só 'n mate dat (i) daar in 2014 byvoorbeeld meer as 6 000 artikels verskyn het oor die emoji net in dié jaar uitgereik (McCulloch 2019:157), (ii) die gesiggie met tranes van vreugde, 😄, in 2015 deur die woordeboekuitgewer, Oxford, as “woord” van die jaar aangewys is (Giannoulis & Wilde 2020:2) en (iii) emoji, wat vóór 2010 nie buite Japan beskikbaar was nie, teen 2016 deur nagenoeg 92 persent van die gebruikers van rekenaarondersteunde kommunikasie ingespan is (Gawne & McCulloch 2019:1).

Siever (2020:127) voer aan dat die eerste taalkundige ontleding van emoji in 2003 in 'n vergelykende studie oor SMS-Duits en -Japanees gedoen is; daar het sedertdien 'n enorme hoeveelheid navorsing oor emoji en sy funksies in rekenaarondersteunde kommunikasie verskyn. Vir die doel van hierdie oorsig word enkele van die onlangse bevindings in oënskou geneem deur die navorsing van Herring en Dainas (2017, 2020), sowel as dié van Gawne en McCulloch (2019) en Siever (2020), kortliks te bespreek (hierdie navorsers verskaf sigself deeglike oorsigte van die bestaande literatuur).

- **Herring en Dainas (2017)** doen 'n vergelykende studie waarin hulle verskillende “grafikone” (’n nuutskepping uit die reduksiesamestelling van “grafiese” en “ikone”; Herring & Dainas 2017:2185) teen mekaar opweeg ten opsigte van gebruiksfrekwensie en pragmatiese funksies op Facebook. Die grafikone behels animasies in die grafiese uitruilformaat (“Graphic Interchange Format”, oftewel GIF), beelde, emoji, emotikons, plakkers en video’s. In ooreenstemming met Pavalanathan en Eisenberg (2016) se bevinding dat emoji besig is om die oorhand oor emotikons en ander grafiese simbole op Twitter te kry, lei Herring en Dainas (2017:2187-2191) af dat emoji verreweg die gewildste grafikon op Facebook is en aan die spits staan van ’n gebruiksfrekwensiehiërargie wat soos volg daar uitsien: emoji > emotikons > beelde > plakkers > video’s > GIFs. Herring en Dainas pas begrondingsteorie toe om die pragmatiese funksies van die grafikone op Facebook uit te ken en bevind dat virtuele handeling, oor-en-weer-kwinkslae (“riff”), reaksie, selfbenoeming (“mention”),¹⁰ toonaanpassing en verhaalrangskikking (“narrative sequence”) die vernaamste funksies is wat sigself óók in ’n rangorde uiteenval: reaksie > toonaanpassing > selfbenoeming > oor-en-weer-kwinkslae > virtuele handeling > verhaalrangskikking.
- **Herring en Dainas (2020)** spits hulle in ’n opvolgstudie op die pragmatiese funksies van emoji toe op grond van gender en ouderdom as sosiolinguistiese veranderlikes. Hulle verskaf eers ’n deeglike oorsig van die magdom navorsing wat tot op hede oor die *semantiek* van emoji gedoen is en bespreek dan hulle bydrae tot die yler gesaaide navorsing oor die *pragmatiek* van emoji in ’n vergelyking van hierdie grafikone se funksies op Facebook, enersyds op grond van gender (mans, vroue en diegene wat verkies om nie volgens ’n binêre indeling gekategoriseer te word nie) en andersyds op grond van ouderdom (steekproeflede jonger as 30 jaar en dié 30 en ouer). Herring en Dainas (2020:10:9-11) bevind onder meer dat die manlike en vroulike lede van hulle steekproef die funksies van emoji grootliks eenders begryp, maar dat ouderdom wel tot begripsverskille lei: Diegene 30 jaar en ouer sukkel om die pragmatiese funksies van emoji te begryp óf omdat hulle emoji nie deeglik verstaan nie óf omdat hulle dit letterlik interpreteer, terwyl diegene jonger as 30 bedrewe in die gekonvensionaliseerde betekenis van emoji is. Daarbenewens bevind hulle ook dat mans en diegene 30 jaar en ouer méér as vroue en diegene jonger as 30 geneig is om emoji nie te verstaan nie en dit as “irriterend” en “verwarrend” af te maak (Herring & Dainas 2020:10:20, 10:22).

Herring en Dainas se 2020-studie is een van die min akademiese publikasies wat ouer gebruikers regstreeks betrek in soverre dit emoji betref. Uit hulle bevindings is dit duidelik dat daar verskille tussen

¹⁰Herring en Dainas (2017:2187) gebruik “mention” (selfbenoeming) ooreenkomstig die betekenis van die term in die analitiese filosofie; in ’n opvolgstudie (Herring & Dainas 2020:10:7) definieer hulle dit as “[c]iting an emoji; e.g., to illustrate something in the immediate or a previous message”, met “sending kisses 🍷” as ’n voorbeeld.

“digitale aangeborenes” en “digitale immigrante” (Prensky 2001:1-2) bestaan wanneer dit by die interpretasie van emoji kom – ’n onderwerp wat gereeld in die media te berde gebring word (vergelyk byvoorbeeld Yurieff (2021) vir ’n betreklik onlangse voorbeeld).

- **Gawne en McCulloch (2019)** gebruik die ooreenkoms tussen emoji en gebare om die pragmatiese funksies van eersgenoemde op veral Twitter te ontsluit. Hulle verdeel die bestaande navorsing in drie strominge, naamlik studies wat handel oor die gebruik van emoji (i) as plaasvervanger van taal, (ii) om gevoel uit te druk en (iii) as pragmatiese merkers (Gawne & McCulloch 2019:2-3). Gawne en McCulloch verryk dan die bestaande kennis deur aan te toon dat emoji groter ooreenkomste met gebare as met geskrewe taal vertoon, aangesien beide emoji en gebare (i) nie in kleiner morfologiese eenhede verdeel kan word nie, (ii) nie ’n voorspelbare sintaksis het nie, (iii) konteksgebonde betekenis het en (iv) nie streng aan taalnorme voldoen nie. Die ooreenkoms tussen emoji en gebare lei daartoe dat die funksies van emoji dienooreenkomstig ontleed kan word: Spraakvergesellende emoji kan byvoorbeeld ’n deiktiese, maatslagaanduidende, metaforiese of verhelderende funksie hê; pragmatiese emoji kan die bedoeling van ’n boodskap aandui en terugvoeringsemoji kan ’n erkenningsfunksie vervul (Gawne & McCulloch 2019:9-13).
- **Siever (2020)** bespreek die emoji aangetref op Facebook, Instagram, Twitter en WhatsApp as ’n vorm van “iconographic communication”, waar “iconographic” ’n nuutskepping uit *icono* (Grieks vir “beeld”) en *graphé* (Grieks vir “skrif”) is en dus as “beeldskrif” vertaal kan word (Siever 2020:128-129). Siever (2020:136-145) stel ’n raamwerk voor waarin sy die pragmatiese funksies van emoji in (minder gebruiklike) referensiële en (meer gebruiklike) modale funksies verdeel. In die referensiële funksie dien emoji om inhoudswoorde (naamwoorde, werkwoorde en adjektiewe) en selfs ’n hele boodskap op die letter-, woorddeel- of woordvlak te vervang; in hierdie funksie is emoji gevolglik ’n kernbestanddeel van ’n boodskap. Daarteenoor dien emoji in die modale funksie om ’n boodskap uit te brei deur bykomende inligting te verskaf, die sender se houding oor te dra of bloot versiering te wees, met laasgenoemde wat die gebruik van emoji as ’n kontekstualiseringsmeganisme insluit. Siever (2020:143) sluit verder by Provine, Spencer en Mandell (2007) se navorsing oor die funksies van emotikons aan deur daarop te wys dat emoji ook as leestekens aangewend kan word om aaneenskakelende boodskappe op gepaste plekke van mekaar te skei.

Daar is alreeds vermeld dat dit nie raadsaam is om veralgemenings oor rekenaarondersteunde kommunikasie te maak nie. Dit blyk ook die geval met emoji te wees, want mense in verskillende kulture heg verskillende betekenis daaraan: Die saamgeslaande hande, 🤝, word byvoorbeeld deur SMS-

gebruikers in Japan aangewend om “asseblief” of “dankie” te sê (Wilde 2020:188), dié in die VSA gebruik dit soms vir “vat vyf!” (Bethge 2015, in Siever 2020:136) en in Suid-Afrika beweer Paulse (2020) dat dit liefse gebruik moet word om aan te dui dat daar vir iemand gebid word. In hierdie opsig eggo Herring en Dainas die waarskuwing wat Bieswanger (2013:466) oor voetstootse veralgemenings in rekenaarondersteunde kommunikasie rig; Herring en Dainas (2020:10:23-24) beklemtoon die hoë konteksgebondenheid van emoji soos volg:

[O]nly gender and age were considered as demographic variables. We did not analyze country of residence or native language, for example, due to insufficient data in our survey results for all but the U.S. and English. These variables could affect use and understanding of emoji functions, however, and should be considered in future research ... [R]esearch findings for Facebook do not necessarily transfer to other platforms. The self-reported social media usage of our survey respondents suggests that there are platform-related influences on emoji interpretation that are more than a proxy for gender and age. Norms of graphicon usage on different social media platforms need to be taken into account when designing emoji for those platforms, as well as in research on emoji interpretation.

Dit blyk dat daar ook hier ’n leemte in die kennisbasis van Generasie X se SMS-Afrikaans bestaan, want hierdie navorsers kon tot dusver geen deurtastende akademiese navorsing oor emoji in SMS-Afrikaans opspoor nie. Emoji kom in hoofstuk 3 weer aan bod wanneer die gekose teoretiese en konseptuele raamwerke vir hierdie studie bespreek word.

2.3 Suid-Afrikaanse navorsing oor rekenaarondersteunde kommunikasie

Rekenaarondersteunde kommunikasie word sedert die eeuwending uit verskillende invalshoeke deur navorsers in Suid-Afrika ondersoek. Die doel van die volgende oorsig is nie om ’n omvattende blik op hierdie navorsing te werp nie, maar om enkele studies uit te lig wat oor die *taalvorme* aangetref in Suid-Afrikaanse rekenaarondersteunde kommunikasie handel. Dit beteken gevolglik dat uiteenlopende studies oor byvoorbeeld die verband tussen SMS-taal en oogbeweging (bv. Piotrowska 2012), die gebruik van SMS in afstandleer (bv. Viljoen, Du Preez & Cook 2005) en die twisgesprek oor die vermeende vervlakking wat “Netspeak” (Crystal 2006:19-25) op veral tieners en jongmense se taalvaardighede uitoefen al dan nie (bv. Winzker, Southwood & Huddleston 2009 en Geertsema, Hyman & Van Deventer 2011), nie hier aandag geniet nie.

- **Verhoef (2001)** bestudeer die vorm van Afrikaans in aanlyn kletskamers en die briewerubrieke van elektroniese tydskrifte in die konteks van taalveranderingsprosesse in Afrikaans. Sy bevind onder meer dat die grense tussen geskrewe en gesproke taal in hierdie forums vervaag en dat Internetafrikaans “eintlik bewys lewer van die breë ontwikkelingsgang van Afrikaans oor die algemeen” (Verhoef 2001:17). **Jansen van Vuuren (2007)** hervat die werk van Verhoef (2001) deur na te vors of daar sprake van “Internetafrikaans” as ’n unieke taalvariëteit oor drie modaliteite van rekenaarondersteunde kommunikasie (e-pos, kletskamers en webtuistes) heen is. Sy kom tot die slotsom dat dit nie die geval is nie (Jansen van Vuuren 2007:307): “Daar kan bo alle twyfel uitspraak gelewer word dat Internetafrikaans nie eiesoortige taalstrukture vertoon nie, aangesien daar meer as genoeg bewys is dat taalvariasiepatrone plaasvind wanneer die internetsituasie verander”. Jansen van Vuuren (2007:308) sluit hiermee by Crystal (2006:272) aan in dié opsig dat sy bevind dat dit meer gepas is om die waargenome taalvariasiepatrone in rekenaarondersteunde kommunikasie aan ’n vierde taalmedium naas geskrewe, gesproke en gebaretaal toe te skryf.
- **Brunette (2005)** gebruik die feit dat die meeste navorsing oor rekenaarondersteunde kommunikasie tot kort ná die eeuwending oorwegend oor Engels gedoen is as uitgangspunt om Afrikaanse rekenaarondersteunde kommunikasie uit verskeie invalshoeke te ondersoek, naamlik die mikrolinguistiese kenmerke daarvan, die voorkoms van kodewisseling¹¹ en genderverskille, en die twisgesprek oor die oënskynlike alleenheerskappy van Engels in rekenaarondersteunde kommunikasie. Brunette gebruik vyf internasionale gevallestudies om sy ontledingsborduurgaas saam te stel, naamlik (i) studies oor die kitsboodskappe van Arabiese vrouestudente, (ii) die inskrywings van jong Japannese gebruikers op elektroniese boodskapborde, (iii) kodewisseling en -vermenging in die e-posboodskappe van onderskeidelik Katalaanse en Switserse studente, (iv) die genderverskille waargeneem in die e-posboodskappe van ’n versweë teikengroep verbonde aan ’n Portugese universiteit en (v) die Griekse oogpunt oor Engelse oorheersing in rekenaarondersteunde kommunikasie. Brunette (2005:97-98) poog om die demografiese en tegnologiese eienskappe van die gekose gevallestudies in ’n Afrikaanse teikengroep te herskep, wat daartoe lei dat laasgenoemde grootliks uit 13-24-jariges en lede van die sogenaamde “Zoid-generasie” bestaan. Hy verstrek egter nie genoeg inligting om die geldigheid en veralgemeenbaarheid van sy bevindings te beoordeel nie. Nietemin, Brunette (2005:136-137) beskryf die mikrolinguistiese kenmerke van Afrikaanse rekenaarondersteunde kommunikasie en hy bevind dat

¹¹ Sommige sosiolinguïste gebruik “kodewisseling” as ’n sambreelterm vir kodewisseling en -vermenging. Dié konvensie sal grootliks in hierdie verhandeling gevolg word, maar waar nodig sal daar ’n onderskeid getref word deur “kodewisseling” vir die voorkoms van verskillende tale of taalvariëteite tussen sinne en “kodevermenging” vir die voorkoms van verskillende tale of taalvariëteite in dieselfde sin te gebruik (Simpson 2019:118, 122).

kodewisseling tussen Afrikaans en Engels verbreed voorkom. Hy kom ook tot die slotsom dat daar nie genoeg ooreenkomste tussen sy teikengroep en dié van die gevallestudies is om 'n uitspraak oor genderverskille en die taaldebat oor die alleenheerskappy van Engels te maak nie.

- **Van Gass (2006)** ondersoek die linguistiese kenmerke van die Afrikaans wat studente aan die Universiteit Stellenbosch op internetaflosklets gebruik. Sy toon onder meer aan dat die studente hoofletters, leestekens en ongewone skryfwyses aanwend om 'n gespreksatmosfeer te skep, terwyl hulle verskillende vorme van verkorting gebruik om bondigheid en spoed te bevorder en sodoende spreektaal getrou voor te stel. Van Gass lig verder die nabootsing van klanke, handelings en gebare, sowel as die voorkoms van selfregstelling en kodewisseling, as opvallende kenmerke van Internetafloskletsafrikaans uit. **Van Gass (2008)** volg hierdie navorsing op deur die aard van die kodewisseling tussen Afrikaans en Engels op internetaflosklets te ondersoek; daarmee poog sy om 'n leemte in die kennisbasis oor die verskynsel te vul, aangesien die meerderheid navorsing oor die onderwerp tot en met haar studie op Engels as matrikstaal gedoen is. Sy bevind dat, ondanks die feit dat sommige gevalle van kodewisseling die daarstelling van semantiese kontras, 'n verandering van die gespreksonderwerp, aanhaling, beklemtoning, verwelkoming en die verskaffing van paralinguistiese leidrade behels, die meerderheid daarvan nie doelbewus is nie en gewoon op verbrede taaluitruiling tussen Afrikaans en Engels neerkom (Van Gass 2008:439).
- **Deumert en Masinyana (2008)** bestudeer die SMS-taal van jongmense wat tweetalig in Engels en isiXhosa is. Hulle bevind dat die teikengroep al twee tale gebruik om SMS'e te stuur en dat hulle afsonderlike norme op elk toepas: Wanneer die teikengroep Engels gebruik, wend hulle die "universele" norme van SMS-Engels aan deur byvoorbeeld verkorting en ongewone skryfwyses te gebruik, maar wanneer hulle isiXhosa gebruik, hou hulle grootliks by die standaard- geskrewe vorm daarvan. In gevalle waar SMS'e in beide Engels en isiXhosa saamgestel word, is die tale steeds aan verskillende norme onderhewig en in gevalle waar isiXhosa-boodskappe wel van die standaard- geskrewe vorm afwyk, behels dit kodewisseling eerder as die gebruik van mikrolinguistiese kenmerke. Die navorsers ontleed verder die pragmatiese funksies van hulle teikengroep se SMS'e deur Thurlow (2003:7-12) se negekategorie-indeling te gebruik: Hulle bevind dat SMS'e hoofsaaklik ingespan word vir die instandhouding van vriendskappe; die verwoording van intimiteit, liefde en toegeneentheid; die verkryging van praktiese inligting; die daarstelling van vermaakgerigte reëlins en die verspreiding van kettingboodskappe (Deumert & Masinyana 2008:121).

- **Deumert (2012)** voer aan dat SMS-taal in Suid-Afrika nie bloot dié aangetref elders in die wêreld naboots nie, maar eerder 'n herverordering van globale praktyke en die pasmaak daarvan vir plaaslike omstandighede weerspieël. Deumert (2012:218) begrond hierdie aanspraak op 'n kwantitatiewe vergelyking van die SMS-taal opgeteken in korpusse van Suid-Afrikaanse en Britse SMS-Engels. Die Suid-Afrikaanse korpus is uit 2 269 SMS'e saamgestel wat in 2008 deur 110 voorgraadse studente aan die Universiteit van Kaapstad gestuur is, terwyl die Britse korpus 11 067 SMS'e beslaan wat vanaf 2004 tot 2007 deur 248 Engelssprekende senders hoofsaaklik in die ouderdomsgroep van 22-35-jaar gestuur is (hierdie korpus staan as "CorTxt" bekend en is deur Caroline Tagg vir die doel van haar doktorsgraadstudie saamgestel; Tagg 2012:24-29). Deumert (2012:217-218) bevind dat daar 'n veel hoër voorkoms van sogenaamde *txtspeak* in Suid-Afrikaanse SMS-Engels as in Britse SMS-Engels is wanneer /c/ vir *see* ("sien"), /nite/ vir *night* ("nag" of "goeienag"), /b/ vir *be* ("is" of "wees"), /cum/ vir *come* ("kom"), /goin/ vir *going* ("gaan"), /wl/ vir *will* ("wil"), /gud/ vir *good* ("goed"), /nt/ vir *not* ("nie") en /cn/ vir *can* ("kan") vergelyk word. Hieruit lei Deumert (2012:218) af dat "South African txtting [sic] shows how globalised practices are re-enacted and modified in local environments" – 'n waarneming waarby Bock (2013) aansluit aldus die bespreking hier onder.

Deumert (2012:220-222) bespreek ook die uitwerking van veeltaligheid op SMS-taal. Die feit dat veeltaligheid 'n kenmerk van die Suid-Afrikaanse samelewing is, maak die verskynsel 'n bron van vindingrykheid in Suid-Afrikaanse SMS-taal, aangesien Suid-Afrikaners hulle tale gereeld meng om hulself onder 'n verskeidenheid omstandighede doeltreffend uit te druk. 'n Voorbeeld hiervan is aanlyn flirtasie, waar die studente in die Suid-Afrikaanse korpus Engels en isiXhosa vrylik meng en Engels in dié kombinasie ongebondenheid en gemoedelikheid oordra. Dit staan in teenstelling tot ernstige verhoudings, waar die studente suiwer isiXhosa gebruik om liefde, eerbied, toewyding en verpligting aan hulle liefdesmaats te verwoord. Dit lei Deumert tot die slotsom dat Engels en isiXhosa verskillende ideologieë in SMS-taal verteenwoordig: Engels is sinnebeeldig van verandering en moderniteit, terwyl isiXhosa die draer van tradisionele norme en waardes is. Met hierdie bevindings word die tafel aan die een kant gedek vir soortgelyke navorsing waarin Deumert en Lexander (2013) 'n wyer net oor Afrika span, en aan die ander kant vir navorsing oor die invloed van veeltaligheid op SMS-taal ooreenkomstig die bespreking van Dyers en Davids (2015) se studie hier onder.

Deumert en Lexander (2013) bestudeer die SMS-taal van gebruikers in vyf Afrika-lande – Ghana, Ivoorkus, Nigerië, Senegal en Suid-Afrika – om te verstaan hoe SMS-taal in hierdie lande aangewend word om verskillende identiteite uit te beeld en romantiese verhoudings te bedryf. Hulle navorsing geskied binne die konteks van 'n vinnige toename in selfoonbesit onder die inwoners van die vyf lande

in die jare vanaf 2005 tot 2011 en die gepaardgaande vestiging van SMS-taal as 'n vorm van “voetsoolvlakgeletterdheid” (Deumert & Lexander 2013:523). Deumert en Lexander benader SMS-taal as 'n volwaardige genre wat gekenmerk word deur 'n eiesoortige linguistiese vorm én deur sosiale handeling. Hulle navorsingsmetodologie behels onder meer die samestelling van korpusse vir elk van die vyf lande uit die SMS'e van hoofsaaklik hoërskoolleerlinge en universiteitstudente – dít baken hulle steekproef af as jongmense in die ouderdomsgroep van 15-25-jaar (Ivoorkus was 'n uitsondering, waar 'n uikers beperkte korpus van 35 SMS'e uit 'n steekproef van 16-40-jariges saamgestel is). Deumert en Lexander (2013:531-535) bevind oor die vyf lande heen dat SMS-gebruikers geredelik globale praktyke in die niestandaardskryfwyse van Engels en Frans – die vernaamste oudkoloniale tale in die gekose lande – in hulle SMS'e opneem, maar dat hulle hierdie praktyke lokaliseer. Hulle illustreer die bevinding aan die hand van die relatiewe hoë gebruiksfrekwensie van /u/ vir *you* (“jy”) en *2* vir *too* (“ook”) in vergelyking met die gebruiksfrekwensies in byvoorbeeld die Verenigde Koninkryk en die VSA. Een van die verklarings hiervoor is dat dit SMS-gebruikers in die Afrika-lande in staat stel om moderniteit en wêreldburgerlikheid uit te beeld (McIntosh 2010, in Deumert & Lexander 2013:535). Deumert en Lexander verreken hulle bevindings oor SMS-gebruikers in die Afrika-lande se toe-eiening van globale SMS-praktyke en die plaaslike herkontekstualisering daarvan deur taal as “opvoering” te beskou – 'n onderwerp wat in hoofstuk 3 deeglik bespreek word as deel van die teoretiese begronding van die huidige studie.

'n Tweede, interessante bevinding handel oor die wisselwerking tussen inheemse Afrika-tale aan die een kant en Engels en Frans as oudkoloniale tale aan die ander kant. Deumert en Lexander (2013:532) bevind dat SMS-gebruikers in die Afrika-lande ongeërgd teenoor die oudkoloniale tale staan en hulle die reg toe-eien om dit na willekeur in hulle SMS's aan te pas, maar dat hulle eerbiedig teenoor die inheemse tale is en die standaardvorm daarvan gebruik wanneer hulle daarin geskool is. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Deumert en Masinyana (2008), waar die dinamiek tussen Engels en isiXhosa aan bod gekom het volgens die bespreking hier bo. In die konteks van romantiese toenadering en liefdesverhoudings lei die wisselwerking tussen die inheemse Afrika-tale en die oudkoloniale tale daartoe dat Engels en Frans gebruik word om speelsheid aan te dui, terwyl die standaardvorme ingespan word om erns, opregtheid en hegte, persoonlike verbintenis oor te dra (Deumert & Lexander 2013:536-540).

- **Bock (2013)** verken die genre en register wat eerstejaarstudente aan die Universiteit van Wes-Kaapland gebruik om intieme verhoudings op die kitsboodskapdiens, Mxit, in Afrikaans, Engels en isiXhosa (of 'n vermenging daarvan) te skep en in stand te hou. Sy gebruik diskoersanalise as invalshoek en Halliday

se sistemiese funksionele grammatika, bepaald die interpersoonlike funksie wat op menseverhoudings toegespits is, as teoretiese raamwerk om die algemene struktuur van die genre vas te pen as 'n hoogs voorspelbare gespreksverloop bestaande uit die volgende stappe: groet → aanknoping → (herhaalde) inligtinguitruiling en -evaluering → afsluiting. Ten opsigte van register voer sy aan dat die teikengroep se Mxit-taal uit 'n vervlegting van die universele kenmerke van “textese” of “textspeak” (Bock 2013:70) en plaaslike invloede, byvoorbeeld die gebruik van dialek, kodevermenging, omgangstaal en sleng, tot stand kom om 'n pasgemaakte, hoogs voorspelbare register te skep. Bock (2013:89) meen die doel van hierdie register is om 'n identiteit te skep wat tegelyk wêrelds én plaaslik is en die teikengroeplede in staat stel om hulle identiteit te indekseer as “youth who are simultaneously users of a global supervernacular of texting as well of members of a local regional (Western Cape) and institutional (university) context.” Hiermee sluit Bock se navorsing aan by dié van Deumert en Lexander (2013).

- **Dyers en Davids (2015)** lewer 'n bydrae tot die navorsing oor SMS-taal in Suid-Afrika deur transtaling as naderingshoek te gebruik. Hierdie term verwys na die omvattende taalarsenaal wat sprekers aanwend om hulle kommunikatiewe doelstellings te bereik (Otheguy, Garcia & Reid 2015). Dyers en Davids (2015:23) beweer dat die “concept *linguaging* or *translinguaging*, which many linguists are increasingly using instead of multilingualism, perhaps best captures what young people are doing with language in mobile communication” (hulle skuinsgedruk). Hulle teikengehoor is taalkundestudente in hulle derde jaar aan die Universiteit van Wes-Kaapland wat Afrikaans, Engels, isiXhosa en Setswana (of kombinasies daarvan) op Mxit gebruik. Die navorsers se oorkoepelende gevolgtrekking is dat die studente op Mxit skryf soos wat hulle praat en gevolglik ál hulle taalvaardighede inspan om die hebbelikhede van dié kitsboodskapdiens te bowe te kom en hulle spraak getrou weer te gee. Hulle bevind onder meer dat die Afrikaans-moedertaalsprekers se Mxit-taal gesproke Kaaps weerspieël en beweer dit kan as 'n hersemiotisering van Afrikaanse taalvorme beskou word. Hulle gebruik *wiet* in plaas van *weet* as 'n voorbeeld hiervan en herlei dit na transtaling deur aan te voer dat dit 'n bewys van die verskeidenheid van die studente se taalvaardighede is, aangesien standaard- en niestandaardvorme in dieselfde boodskap teëgekomp word (Dyers & Davids 2015:24). Transtaling kom weer in hoofstuk 3 aan bod waar dit as 'n konseptuele raamwerk vir die leksikale kenmerke van Generasie X se SMS-Afrikaans bespreek word.

Dit is duidelik uit die voorafgaande oorsig dat Suid-Afrikaanse navorsing oor die taalvorme van rekenaarondersteunde kommunikasie 'n wye verskeidenheid invalshoeke dek. Alhoewel die onderwerpe van sommige van die ondersoeke met die navorsingsvrae van die onderhawige studie ooreenstem, poog laasgenoemde om die bestaande kennisbasis aan te vul en te verryk: Die meeste van die aangehaalde studies is op jongmense as teikengroep afgestem en gee weinig, indien enige, aandag aan ouer gebruikers van

rekenaarondersteunde kommunikasie. Daarbenewens kom die onderskeidende stylkenmerke (beliggaam deur die eerste drie navorsingsvrae van hierdie studie) slegs stuksgewys en tot 'n mindere of meerdere mate in elk van die studies aan bod, sodat dit moeilik is om 'n geheelbeeld van 'n bepaalde teikengroep se taalgebruik in 'n bepaalde modaliteit van rekenaarondersteunde kommunikasie te ontwikkel. Laastens ontbreek 'n verkenning van emoji geheel en al, waarskynlik omdat die aangehaalde studies vóór die wêreldwye ontploffing in die gewildheid van dié prentkarakters gedoen is. 'n Sleutelinsig wat wel na vore tree, is dat die gebruikers van rekenaarondersteunde kommunikasie taal gebruik om sosiale betekenis in die vorm van identiteit en interpersoonlike verhoudings te skep. Die werk van Bock (2013) en veral Deumert (vgl. Deumert & Lexander 2013, Deumert 2012 en Deumert & Masinyana 2008) is insiggewend in hierdie verband. Die gebruik van taal om sosiale betekenis te skep vind sterk aanknopings by die vierde navorsingsvraag, wat handel oor die pragmatiese funksies van die teikengroep se SMS-Afrikaans – 'n onderwerp wat breedvoerig in hoofstuk 7 bespreek word.

2.4 Suid-Afrikaanse navorsing spesifiek oor SMS-Afrikaans

Gepubliseerde Suid-Afrikaanse navorsing wat spesifiek op die vorm van SMS-Afrikaans toegespits is, lê yl in die literatuur gesaai. Heyns (2009) verskaf 'n neutredopblik op enkele aspekte van die SMS-Afrikaans van jongmense in haar bydrae tot Daniel Hugo se bundel, *Halala* (2009), terwyl Grundlingh (2015) / Thiar (2014) en Saal (2015) SMS-Afrikaans oorsigtelik in studies oor onderskeidelik outeuridentifikasie en taalhoudings beskryf. Die enigste ondersoek wat uitdruklik op 'n beskrywing van SMS-Afrikaans afgestem is, is dié van Olivier (2013), maar dit gaan mank aan 'n kunsmatige navorsingsmetodologie wat die toepasbaarheid van die bevindings beperk. Die studies word hier onder opgesom, enersyds om die bestaande kennisbasis oor die vorm van SMS-Afrikaans te karteer en andersyds om die bydrae te belig wat die onderhawige studie poog om te maak.

- **Heyns (2009)** lewer 'n bondige oorsig van SMS-Afrikaans waarin sy die oorsprong, aard, aanwas, vermeende negatiewe uitwerking op jongmense se spel- en skryfvermoëns en die opvallendste kenmerke van hierdie taalvorm aanroer. Heyns (2009:151-152) beskryf die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke van SMS-Afrikaans op grond van afkorting, grafiese kenmerke, leestekens en spelling, terwyl haar ontleding van die sintaktiese kenmerke grootliks op die weglating van funksiewoorde, byvoorbeeld hulpwerkwoorde en voornaamwoorde, berus. Dit is opmerklik dat Heyns nie in haar bespreking na Thurlow (2003) se sosiolinguistiese grondstellings verwys nie; nietemin, die aanwesigheid van hierdie grondstellings in SMS-Afrikaans skemer duidelik in die ontleding deur: Haar bespreking van sintaktiese

kenmerke illustreer byvoorbeeld bondigheid en spoed, leestekengebruik is op paralinguistiese regstelling afgestem en fonetiese skryfwyse betrek fonologiese benadering.

- **Olivier (2013)** doen 'n studie van die SMS-Afrikaans van studente aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Olivier (2013:482-488) verskaf 'n deeglike kontekstualisering van SMS-Afrikaans deur SMS-taal binne die verband van taalverandering te plaas, die gebrek aan eenvormigheid daarvan te skets, die wisselwerking tussen die vorm van SMS-taal en die tegnologiese medium waarin dit voorkom te bespreek, enkele redes vir die gebruik van SMS-taal uit te lig en dit as 'n samesmelting van beide geskrewe en gesproke taal te beskou. Voorts bespreek Olivier (2013:488-490) die kenmerke van SMS-Afrikaans na aanleiding van hoofsaaklik dié van SMS-Engels en die reeds bespreekte kartering van Heyns (2009). Hy begrond sy navorsingsmetodologie op 'n skryfoefening waarin hy die deelnemers vra om tien boodskappe uit Standaardafrikaans in SMS-Afrikaans oor te skryf; die Standaardafrikaanse boodskappe is saamgestel uit werklike SMS-boodskappe wat Olivier (2013:490-491) aanvoer verteenwoordigend van die “tipiese eienskappe van SMS-taal” is, hoewel hy nie die bron(ne) van hierdie eienskappe identifiseer nie.

In die eerste been van sy navorsing ondersoek hy of boodskapverkorting afhang van geslag, selffontipe, voertaal, kodewisseling met Engels en betekenisverandering as onafhanklike veranderlikes. Olivier (2013:492-494) bevind dat die soort selfoon (12-15 knoppies teenoor 'n volledige QWERTY-toetsbord) nie 'n beduidende invloed op boodskapverkorting het nie, maar dat laasgenoemde wel op 'n statisties betekenisvolle manier van die ander onafhanklike veranderlikes afhang: Die manlike deelnemers verkort SMS'e méér as die vroulike deelnemers; moedertaalsprekers van Afrikaans verkort SMS'e méér as hulle Engelse eweknieë; diene wat Engelse woorde of klankwaardes gebruik se boodskappe is korter as dié wat net Afrikaans gebruik en daar is 'n verband tussen betekenisverandering en boodskaplengte. In die tweede been van sy navorsing gebruik Olivier (2013:494-501) die skryfoefening om 'n beskrywing van die deelnemers se SMS-taal saam te stel op grond van fonetiese skryfwyse; die weglating van diftonge, vokale en 'n konsonant by konsonantverdubbelings; en kodewisseling met Engels in die vorm van woorde, klanke en simbole. Hy bevind dat daar nie eenvormigheid in die SMS-Afrikaans van die studente op grond van die uiteenlopende vorme daarvan bestaan nie – 'n verskynsel wat beide tussen die studente (intervariasie) en vir dieselfde student (intravariasie) geld. Die gebrek aan eenvormigheid lei egter nie tot begripsprobleme nie (Olivier 2013:501).

- **Grundling (2015) / Thiart (2014)** bestudeer outeuridentifikasie as 'n onderafdeling van die forensiese linguistiek om te bepaal of dit moontlik is om die identiteit van 'n SMS-gebruiker vas te stel. Sy

ondersoek 'n teikengroep van 13 moedertaalsprekers tussen die ouderdomme van 18 en 23 jaar en bevind dat ondubbelsinnige outeuridentifikasie 'n uitdaging is wanneer die forensiese taalkundige beperkte inligting het. Sy poog in haar ondersoek om vas te stel of daar 'n “generiese” vorm van SMS-Afrikaans is, aangesien die bestaan daarvan dit sou bemoeilik om gebruikers van hierdie variëteit van mekaar te onderskei en outeuridentifikasie moontlik te maak. Sy kom tot die slotsom dat daar nie 'n generiese SMS-Afrikaans onder haar teikengroep bestaan nie (Grundlingh 2015:168 / Thiart 2014:132) – hierdie bevinding stem met dié van onderskeidelik Jansen van Vuuren (2007) vir Internetafrikaans en Olivier (2013) vir SMS-Afrikaans ooreen. Die redes vir die gebrek aan eenvormigheid in die SMS-Afrikaans van verskillende deelnemers (intervariasie) en in dié van dieselfde deelnemer (intravariasie) is onduidelik; nietemin, Grundlingh / Thiart bied 'n moontlike verklaring vir die waargenome intravariasie op grond van die “uniqueness of utterance principle”, waarvolgens “elke individu by verskillende geleenthede verskillende leksikogrammatiese keuses uitoefen” (Crankshaw 2012:3, in Grundlingh 2015:150 / Thiart 2014:69-70).

Grundlingh (2015:152-154) / Thiart (2014:77-83) bespreek verder die kenmerke van SMS-Afrikaans, maar sy onthul nie haar bron(ne) nie en gevolglik is dit nie duidelik op watter teikengroep hierdie kenmerke betrekking het nie. Nietemin, Grundlingh (2015:158) / Thiart (2014:100-101) onderskei onder meer mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke (leestekens, lagtekens en piktogramme, logogramme, die ongewone gebruik van hoof- en kleinletters, verkorting en niestandaardspelling), sintaktiese kenmerke (grootliks funksiewoorde), leksikale kenmerke (Engelse woorde en sinne) en idiosinkratiese taalgebruik (herhalende woorde, frases en leestekens).

- **Saal (2015)** neem tydens 'n studie oor die gebruik van SMS-Afrikaans in tienergerigte advertensies bestek van die linguistiese kenmerke van hierdie taalvorm. Saal (2015:3-5) verskaf 'n volledige opgawe wat kortliks hier opgesom word: Sy raamwerk behels drie hoofkategorieë, naamlik die ontleding van (i) fonologiese kenmerke na aanleiding van beide semanties ongemerkte en semanties gemerkte fonetiese skrifbeelde, (ii) morfologiese kenmerke op grond van verkorting, woorde wat opsetlik verkeerd gespel word en klanknabootsende woorde, en (iii) ortografie, met die klem op die gebruik van niealfabetiese karakters op hulle eie of in samewerking met die fonologiese en morfologiese kenmerke. Heelwat van hierdie kategorieë bevat verdere indelings. Die voordeel van Saal se raamwerk is dat dit die dubbelloopkarakter van SMS-taal as 'n geskrewe vorm van gesproke taal weerspieël. Dit is opmerklik dat Saal geen melding van emoji maak nie, maar dit kan verklaar word op grond van die feit dat sy korpus saamgestel is uit bronne wat vóór die verrysing van hierdie karakters in die vroeë 2010's verskyn

het (Saal 2015:15). Saal is nie enig in hierdie opsig nie, aangesien emoji ook nie deur Grundlingh (2015) / Thiart (2014), Olivier (2013) en Heyns (2009) aangeroeer word nie.

Voorts bespreek Saal (2015:5) die invloed van Engels op SMS-Afrikaans en die feit dat dit op beide fonologiese en leksikale vlak (bv. *guyz* vir “ouens”) verwesenlik word. Hy verwys in laasgenoemde verband na Crystal (2008:62), wat aanvoer dat kodewisseling niks besonders onder tweetaliges is nie. Saal (2015:5) gee die voorbeeld 2 *cn k jo* vir “toe sien ek jou”, maar brei nie verder uit oor die aard (byvoorbeeld die verspreiding tussen inhouds- en funksiewoorde), voorkoms (byvoorbeeld die frekwensie onder manlike en vroulike gebruikers) en funksies (byvoorbeeld om ingroeplidmaatskap te bevorder of bloot om bondigheidshalwe) van die kodewisseling nie. Saal is weereens nie alleen nie, want ’n deeglike ondersoek na hierdie aspek van SMS-Afrikaans ontbreek ook in Grundlingh (2015) / Thiart (2014), Olivier (2013) en Heyns (2009).

2.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die aard van SMS en die vorm van SMS-taal in oënskou geneem. SMS kan as ’n semisinkrone modaliteit van rekenaarondersteunde kommunikasie beskou word wat toenemend vir intydse gesprekvoering ingespan word. Die vorm van die taal wat daarin aangetref word, weerspieël die spreektaalgrondslag van SMS en verteenwoordig gevolglik ’n verskrifteliking van gesproke taal. Emoji oefen tans ’n beduidende invloed op die vorm van SMS-taal uit vanweë die feit dat dit help om die gaping tussen gesproke en geskrewe taal te oorbrug en dus paralinguistiese regstelling bevorder. ’n Sleutelinsig uit ’n oorsig van Suid-Afrikaanse navorsing oor die vorm van rekenaarondersteunde kommunikasie is dat gebruikers SMS-taal inspan om sosiale betekenis te skep – ’n tema wat deeglik in die res van die verhandeling ontgin word.

Die bestaande kennis oor SMS-Afrikaans, ofskoon dit hoofsaaklik uit die taalgebruik van tieners en jongmense geloog is, word in Tabel 2-1 opgesom na aanleiding van die beskrywings van Grundlingh (2015) / Thiart (2014), Saal (2015), Olivier (2013) en Heyns (2009). Uit hierdie opsomming blyk dit dat al die navorsers die mikrolinguistiese kenmerke van SMS-Afrikaans beskryf en dat hulle die leksikale kenmerke aanroer in soverre dit kodewisseling met Engels en die gebruik van die klankwaardes van Engelse logogramme (letters, woorde en tipografiese simbole) betref. Heyns (2009) verskaf ’n uiters bondige opsomming van die sintaktiese kenmerke, terwyl Olivier (2013) se ondersoek na genderverskille slegs op die graad van boodskapverkorting betrekking het. Emoji, pragmatiese oorwegings en moontlike gender- en ouderdomsverskille in SMS-Afrikaans lê gevolglik ryp vir ontginning.

Tabel 2-1. 'n Tematiese opsomming van die bestaande kennis oor SMS-Afrikaans

Tema (afgestem op navorsingsvrae)	Heyns (2009)	Olivier (2013)	Thiart (2014) / Grundlingh (2015)	Saal (2015)
Mikrolinguistiese kenmerke	✓	✓	✓	✓
Tipografiese kenmerke	–	–	–	–
Sintaktiese kenmerke	beperk	–	beperk	–
Leksikale kenmerke	–	beperk	beperk	beperk
Pragmatiese funksies	–	–	–	–
Genderverskille	–	beperk	–	–
Ouderdomsverskille	–	–	–	–

3 TEORETIESE BEGRONDING

3.1 Ten aanvang

Die keuse van die konseptuele raamwerke vir hierdie studie berus daarop dat SMS-taal 'n geskrewe vorm van gesproke taal is (vergelyk byvoorbeeld McSweeney 2018:37; Deumert 2014:102; Tagg & Seargeant 2014:161; Tagg 2012:81; Thurlow & Poff 2013:177). Die gevolg is dat raamwerke vir die ontleding van spraak in hierdie hoofstuk ter sprake kom – vergelyk byvoorbeeld McSweeney (2018:27) se navorsing, waar sy haar keuse van Grice se samewerkingsbeginsel en teorie oor gespreksimplikatuur verduidelik deur aan te voer dat “...we must adapt theories of meaning making in spoken language for Txt...” Aangesien die ondersoektema 'n beskrywing van die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans behels, lei dit daartoe dat die konseptuele raamwerke in onderskeidelik sosiolinguistiese styl en die pragmatiek veranker is. Die hoofstuk skop dienooreenkomstig af met die teoretiese raamwerk vir sosiolinguistiese styl, waarna dié vir die pragmatiese funksies van SMS-Afrikaans volg. Die sosiolinguistiese veranderlikes van gender en ouderdom kom dan aan bod, want hierdie veranderlikes kan 'n bepalende invloed op enige waargenome intersprekervariasie in sosiolinguistiese styl en die pragmatiese funksies uitoefen. Die aandag verskuif dan na die konseptuele raamwerke vir die stylkenmerke, naamlik die mikrolinguistiese, tipografiese, sintaktiese en leksikale vorme van SMS-taal. Op hierdie manier val die bespreking in hoofstuk 3 in twee dele uiteen, naamlik 'n eerste deel wat op navorsingsvrae 4-6 en 'n tweede deel wat op navorsingsvrae 1-3 toegespits is. Uiteindelik dien die raamwerke wat in hierdie hoofstuk uiteengesit word om gesamentlik die teoretiese grondslag vir 'n beskrywing van beide die sosiolinguistiese en stilistiese dimensies van Generasie X se SMS-Afrikaans te vorm.

3.2 Sosiolinguistiese styl

In hierdie afdeling word die begrip “sosiolinguistiese styl” eers kortliks gedefinieer alvorens vier teorieë oor stylkeuses in oënskou geneem word, naamlik dié van Labov (1972), Giles (1973), Bell (1984) en Coupland (2007), om die teoretiese agtergrond vir die stylkenmerke van Generasie X se SMS-Afrikaans te skets. Alhoewel hierdie teorieë hoegenaamd nie die enigstes is om stylkeuses te verreken nie, is hulle van die meer prominente teorieë wat sosiolinguiste en ander akademici al dekades lank boei. Die rede waarom die hooftrekke van al vier teorieë hier onder in oënskou geneem word, is omdat hulle aan mekaar verwant

is: Labov (1972) en Giles (1973) se teorieë is die boustene vir dié van Bell (1984), terwyl Coupland (2007) syne as aanvullend tot laasgenoemde posisioneer.

3.2.1 Definisie

Alhoewel menige definisie van “sosiolinguistiese styl” in die literatuur voorkom, word die term in hierdie studie gebruik om te verwys na die verskillende keuses wat ’n taalgebruiker maak afhange van die konteks waarin kommunikatiewe handeling uitgevoer word (Richards & Schmidt 2014:566). Die beginsel waarop hierdie definisie berus, is dat ’n taalgebruiker hom of haar nie onder alle omstandighede dieselfde uitdruk nie, maar verskillende keuses uit sy of haar kommunikatiewe arsenaal maak om sosiale betekenis na gelang van die omstandighede te skep (Eckert 2001:123). Bell (2001:139) verwoord die aard van sosiolinguistiese styl met die volgende vraag (sy skuinsgedruk): “*Why did this speaker say it this way on this occasion?*” Sosiolinguistiese styl betrek dus die variasie in ’n spreker se taalgebruik. Teen hierdie agtergrond is die begrip “sosiolinguistiese styl” nou verwant aan taalvariasie en laasgenoemde is op sy beurt sinoniem aan stylkeuses binne die konteks van hierdie studie.


3.2.2 Aandag aan spraak (Labov)

Die bestudering van stylkeuses kan in die breë op twee maniere aangepak word, naamlik maksimalisties of minimalisties. Eersgenoemde is in die 1960’s deur Dell Hymes bekendgestel en berus op die beginsel dat stylkeuses op alle vlakke van ’n spreker se taalstelsel inwerk – die fonologiese, morfologiese, sintaktiese, semantiese en leksikale vlakke. Stylkeuses vind gevolglik in ’n spreker se uitspraak, sinskonstruksies, woordkeuses en betekenisoordrag neerslag. Op grond hiervan het Hymes (2009:590-597) met die SPEAKING-akroniem vorendag gekom as ’n geheuebrug vir die vernaamste faktore wat ’n taalgebruiker se stylkeuses onder bepaalde omstandighede beïnvloed.

Die minimalistiese aanslag behels ’n nouer beskouing wat op ’n kwantitatiewe verhouding tussen uitspraak en sosiale klas geskoei is. Hierdie metode is in die 1960’s deur William Labov bekendgestel na aanleiding van sy vindingryke eksperimente op Martha’s Vineyard (Labov 1972:1-42) en in New York-stad (Labov 1972:43-69) in die VSA. Labov het ’n navorsingsmetode ontwikkel waarmee hy sprekers kon omhaal om onwetend hulle taalgebruik aan te pas wanneer hulle verskillende taalkundige take uitvoer. Labov se aanname was dat taalgebruikers verskillende stylkeuses uitoefen op grond van hulle sosiale omstandighede. Taalvariasie kan gevolglik in twee dimensies verdeel word, naamlik ’n sosiale dimensie waarin stylkeuses met sosiologiese veranderlikes, byvoorbeeld sosiale klas, verband hou en ’n styldimensie waarin dieselfde

stylkeuses met omstandigheidsveranderlikes, byvoorbeeld gespreksituasies wat wissel van ongeërgd (“casual”) na versigtig (“careful”) na meer formeel na deftig, verband hou (Coupland 2009:312). Labov verklaar sy bevindings deur aan te voer dat sprekers se stylkeuses ’n weerspieëling is van die hoeveelheid aandag wat hulle aan hul taalgebruik gee – hoe meer formeel die omstandighede, hoe deftiger die taal. Hy lê ook ’n verband tussen stylkeuses en sosiale klas deur te beweer dat ’n stabiele sosiolinguistiese veranderlike, byvoorbeeld die uitspraak van /r/ in postvokaliëse posisies soos dié teenwoordig in *car* (“motor”), *card* (“kaart”), *four* (“vier”) en *fourth* (“vierde”), taalgebruikers op grond van beide sosiale klas en sosiolinguistiese style in lae verdeel (Labov 2001:86).

Hierdie waarneming lei Labov (1972:240) daartoe om die nou beroemde uitspraak te maak dat dit soms moeilik is om tussen ’n ongeërgde verkoopsman en ’n versigtige monteur te onderskei, want dieselfde sosiolinguistiese veranderlike kan wat die stilistiese dimensie betref daarop dui dat die verkoopsman van ’n laer sosiale klas as die monteur is, maar op die sosiale dimensie dat net die teenoorgestelde die geval is. Bell (1984:152-153) borduur op Labov se werk voort deur te bemerk dat die waargenome wisseling in die voorkoms van ’n merkerveranderlike¹² altyd minder op die styldimensie as op die sosiale dimensie is; hy verklaar die verskynsel op grond daarvan dat stylwisseling die gevolg van klaswisseling is en die sekondêre effek hier gewoon nie so kragtig soos die primêre een is nie. Hierdie aanspraak kan verduidelik word na aanleiding van die algemene vorm wat bevindings in studies gebaseer op Labov se metode aanneem (Figuur 3-1 hier onder; uit Figuur 3a in Bell 1984:153):



Figuur 3-1. Labov se kwantitatiewe verrekening van stylkeuses (Bell 1984:153)

¹²Labov (1972:237) definieer ’n merkerveranderlike (“marker variable”) as ’n veranderlike wat varieer wat beide die sosiale en styldimensies betref. Daarteenoor is ’n verklikerveranderlike (“indicator”) een wat tussen sosiale klasse onderskei, maar nie tussen gespreksituasies op die styldimensie wissel nie.

As die verskil in afstand tussen die laer werkersklas en die hoër middelklas se uitspraak van 'n merker veranderlike onder ongeërgde omstandighede byvoorbeeld 75 persent is, dan sal die maksimum waargenome verskil oor die verskillende stylklasse heen óók 'n maksimum van 75 persent wees. Dit vind grafies in Figuur 3.1 neerslag in die negatiewe hellings van die kurwes vir elke sosiale klas en die vermindering in die afstand tussen die kurwes namate daar van links na regs op die styldimensie beweeg word. Labov (2001:86) verwys na hierdie verskynsel as “Bell se beginsel,” terwyl laasgenoemde dit die “stylgrondstelling” noem en as 'n kernbeginsel in sy gehoorontwerpteorie opneem (Bell 2001:145-146).

Labov se bevindings is sedertdien in talle studies regoor die wêreld herhaal (vergelyk byvoorbeeld Wardhaugh & Fuller (2015:169-185) se oorsig van soortgelyke taalvariasiestudies en Klopper (1983:80-100) vir 'n studie in Suid-Afrika oor die sosiale stratifisering van Kaapse Afrikaans). Alle sosiolinguïste is dit egter nie eens dat daar werklik 'n verband tussen sosiale klas en sosiolinguïstiese styl bestaan nie. Coupland (2007:38) betoog byvoorbeeld dat die oënskynlike verwantskap die gevolg is van die manier waarop Labov sy data ontleed en aanbied en dat daar nie noodwendig 'n ooreenkoms hoef te wees tussen die sosiale betekenis wat aan sosiale klas en stylkeuses toegeken word nie (kyk weer Labov se voorbeeld van die verkoopsman en die monteur). Coupland noem die geval van iemand wat stadig praat en die feit dat dit nie onvermydelik op 'n hoër sosiale klas dui nie, maar bloot op meer aandag aan versigtige kommunikasie kan neerkom. In hierdie opsig kom hy tot die slotsom dat dit 'n oorvereenvoudiging is om stylkeuses net op grond van sosiale klas te verreken.

3.2.3 Akkommodasie (Giles)

Howard Giles is ook een van diegene wat krities teenoor Labov se navorsingsmetodologie staan; hy doen dit reeds in die vroeë 1970's en het dit veral oor die kunsmatigheid van Labov se metode (Giles 1973:88):

Evidence from [Labov's and Labov-inspired] studies clearly shows that contextual constraints are apparent in shifting pronunciation patterns of a speaker. Nevertheless, the generality of these findings and the relevance of relating word lists to speech patterns in ongoing interactions is [sic] dubious. When the speaker is required to pronounce a single word in isolation from any real verbal context it is likely that he may allow himself the freedom to elicit more affected, and to him more foreign pronunciations. However, in reality, it is very doubtful whether in any actual social interaction (however formal) a speaker will attain [sic] the ceiling of prestige forms artificially evoked in a word list task,

simply because the remaining verbal context of his utterances will tend to emphasize the stiltedness of his pronunciation.

Labov verklaar stylkeuses op grond van die mate van die aandag wat sprekers aan hulle taalgebruik wy, maar Giles (1973:88-89) beweer dat stylkeuses eerder deur interpersoonlike faktore beïnvloed word. Hy verduidelik hierdie bewering aan die hand van kommunikasieakkommodasieteorie;¹³ in sy oorspronklike vorm¹⁴ hou die teorie in dat sprekers hulle taalgebruik aanpas om die sosiale afstand tussen hulle en hul gespreksgenote te reguleer (Giles & Powesland 1975; Giles 1973; Giles, Taylor & Bourhis 1973). Hierdie regulering geskied op een van drie maniere, naamlik konvergensie, divergensie of instandhouding.

- Konvergensie vind plaas wanneer 'n taalgebruiker sy of haar styl aanpas om meer met dié van sy of haar gespreksgenoot ooreen te stem. Dit word om verskeie redes gedoen, byvoorbeeld om sosiale aantreklikheid te verhoog, om goedkeuring te bewerkstellig, om aanknoping te vind, om 'n gevoel van eendersheid te skep of om doeltreffende kommunikasie te bevorder (Soliz & Giles 2014:108). Doeltreffende kommunikasie lei sigself tot hoër voorspelbaarheid van 'n gespreksgenoot se motiewe, wat onsekerheid en interpersoonlike angstigheid verlaag en wedersydse begrip verhoog (Gudykunst 1995, in Soliz & Giles 2014:108). Konvergensie kan opwaarts of afwaarts wees; dit is opwaarts wanneer 'n spreker 'n hoër aansien aan sy of haar gespreksgenoot se taalgebruik toeken en dit is afwaarts wanneer die omgekeerde die geval is, met laasgenoemde gewoonlik 'n poging van die spreker om sosiale verleentheid te voorkom.
- Divergensie verteenwoordig die doelbewuste beklemtoning van taal en ander kommunikasieleidrade wat afwyk van dié van 'n gespreksgenoot om die onderskeibaarheid tussen 'n spreker en 'n gespreksgenoot te handhaaf en sodoende die spreker se sosiale identiteit te beklemtoon. Divergensie word as 'n kommunikasiestrategie gebruik wanneer 'n taalgebruiker hom of haar nie met sy of haar gespreksgenoot se houding, waardes of selfs voorkoms vereenselwig nie. Divergensie kan óók opwaarts of afwaarts wees; dit is opwaarts wanneer 'n spreker laer aansien aan sy of haar gespreksgenoot se taalgebruik toeken en dit is afwaarts wanneer die omgekeerde die geval is (Giles 1973:89-94).

¹³ Die “communication accommodation theory” (“CAT”) van Howard Giles word in hierdie verhandeling as “kommunikasieakkommodasieteorie” vertaal. Twee ander moontlikhede – “kommunikasietegemoetkomingsteorie” en “kommunikasieaanpassingsteorie” – is oorweeg, maar uitgeskakel omdat “kommunikasieakkommodasieteorie” die naaste aan die Engelse term is, herkenbaarheid verhoog en moontlike verwarring uitskakel.

¹⁴ Die vroeë weergawes van Giles se teorie is net op uitspraak gerig en het dienooreenkomstig as “spraakakkommodasieteorie” gestalte gekry. Dit is egter stelselmatig uitgebrei om 'n wye verskeidenheid linguïstiese, paralinguïstiese en ander nieverbale kommunikatiewe leidrade in te sluit en vandaar die benaming “kommunikasieakkommodasieteorie” eerder as “spraakakkommodasieteorie” (Soliz & Giles 2014:109).

- Instandhouding verwys na gevalle waar 'n taalgebruiker met sy of haar taalgebruik en ander kommunikasieleidrade volhou sonder om dié van sy of haar gespreksgenoot in ag te neem, dikwels vanweë 'n strewe na koersvastheid en oorspronklikheid (Soliz & Giles 2014:108-109; Bourhis 1979:126).

Dié bondige bespreking verteenwoordig net die hooftrekke van die oorspronklike boustene waarop kommunikasieakkomodasieteorie geskoei is, aangesien die teorie sedert sy bekendstelling in die vroeë 1970's aansienlik uitgebou is tot wat vandag 'n omvattende raamwerk vir die breë spektrum van kommunikatiewe prosesse is waarmee mense hulle sosiale verhoudings en identiteite skep, bedryf en in stand hou (Soliz & Giles 2014).

3.2.4 Gehoorontwerp (Bell)

Bell verwerp Labov se aanspraak dat stylwisseling verklaar kan word bloot op grond van die hoeveelheid aandag wat 'n spreker aan sy of haar stylkeuses gee (Bell 1984:147-150). In plaas daarvan stel hy voor dat stylwisseling die gevolg is van 'n spreker se reaksie op 'n gehoor na aanleiding van sy waarnemings oor die taalgebruik van vier omroepers by twee verwante Nieu-Seelandse radiostasies. Bell het opgelet dat die omroepers die stemlose, intervokaliëse /t/ in byvoorbeeld *latter* ("laasgenoemde") soms as die stemhebbende, intervokaliëse /d/ in byvoorbeeld *ladder* ("leer") uitspreek. Aangesien die omroepers aan dieselfde werkgewer verbonde was, vanuit dieselfde ateljees uitgesaai het en dikwels dieselfde nuusberigte gelees het, is 'n moontlike verklaring vir hulle uitspraakwisseling verskillende teikengehore: Die stemlose, intervokaliëse /t/ is vir 'n nasionale gehoor van 'n hoër sosiale stand, terwyl die stemhebbende, intervokaliëse /d/ vir plaaslike gehore met laer sosiale aansien is (Bell 1984:171-172). Die sleutelinsig waarop gehoorontwerp gevolglik berus, is dat 'n spreker in die geval van kommunikasie wat nie van aangesig tot aangesig plaasvind nie, hom of haar 'n gehoor verbeel om konteks aan sy of haar taaluiting te gee. Bell (2001:141-148) loog uiteindelik die volgende kernbeginsels van gehoorontwerpteorie uit sy waarnemings:

1. Sociolinguistiese styl verwys na die manier waarop 'n spreker sy of haar taal teenoor ander mense gebruik. Styl is gevolglik 'n sosiale verskynsel wat interpersoonlike en intergroepverhoudings afbaken.
2. Die oorsprong van die betekenis wat aan stylkeuses geheg word, lê in die verwantskap tussen bepaalde linguistiese kenmerke en bepaalde sosiale groepe. Hierdie beginsel gee aan stylkeuses 'n normatiewe inslag omdat 'n bepaalde styl gewoonlik aan 'n bepaalde sosiale groep gekoppel word.
3. 'n Spreker se stylkeuses is gehoorgerig. Hierdie stelling beliggaam die kernbeginsel van gehoorontwerpteorie en hou in dat sprekers hulle taalgebruik aanpas om méér soos dié van hulle

gespreksgenote te wees. Hiermee kom gehoorontwerpteorie en kommunikasieakkommodasieteorie byeen, aangesien die gehoorgerigtheidsbeginsel in wese Giles se konvergensie beskryf. Die feit dat sprekers hulle stylkeuses in reaksie op 'n gehoor maak, beteken ook dat styl 'n reaktiewe verskynsel is, alhoewel dit aktief eerder as passief bedryf word.

4. Gehoorontwerp steun op alle aspekte van 'n spreker se taalvaardigheidsarsenaal, hetsy of die spreker een- of veeltalig is. Hierdie beginsel verhef gehoorontwerpteorie bó die vlak van individuele sosiolinguistiese veranderlikes en betrek dus byvoorbeeld ook aanspreekvorme, beleefdheidsstrategieë en kodewisseling. In hierdie opsig is die grondslag van gehoorontwerp soortgelyk aan dié van transtaling, wat later in hierdie hoofstuk aan bod kom.
5. Die oorsprong van intrasprekerstylwisseling lê in én weerspieël die stylwisseling wat tussen sprekers in verskillende sosiale klasse waargeneem word. Hierdie stelling beliggaam die sogenaamde stylgrondstelling (“style axiom”). Dit betrek beide die historiese oorsprong van verskillende sosiolinguistiese style en die sosiale betekenis wat tans daaraan geheg word: Kenmerkende style het uit die linguistiese verskille tussen verskillende sosiale groepe tot stand gekom; hierdie kenmerkende style dra nou sosiale betekenis vanweë hulle verbintenis met die taalgebruik van die sosiale groepe waaruit hulle tot stand gekom het. Met die stylgrondstelling vind gehoorontwerpteorie aanknopning met Labov se kwantitatiewe benadering, want dit lê 'n verband tussen die styl- en sosiale dimensies waarvolgens die maksimum waargenome wisseling in die uitspraak van 'n bepaalde sosiolinguistiese veranderlike op die styldimensie altyd kleiner is as die maksimum waargenome uitspraakwisseling op die sosiale dimensie (kyk weer die bespreking van Labov se teorie hier bo).
6. Sprekers beskik oor die vermoë om hulle stylkeuses noukeurig teenoor 'n verskeidenheid gehoorlede in te stel. Met hierdie beginsel oorvleuel gehoorontwerpteorie en kommunikasieakkommodasieteorie regstreeks.
7. Die oorsprong van die stylkeuses wat met bepaalde onderwerpe en kontekste gepaard gaan, kan herlei word na die verbintenis tussen hierdie onderwerpe en kontekste met “tipiese” gehoorlede. Die beginsel behels dat, wanneer 'n spreker byvoorbeeld met iemand oor skoolonderrig gesels, die spreker dieselfde stylkeuses sal maak as wanneer hy of sy regstreeks met 'n onderwyser gesels.
8. Sosiolinguistiese styl het benewens 'n reaktiewe komponent ook 'n ondernemende (“initiative”) komponent. Die reaktiewe komponent verklaar hoe 'n verandering in sosiale omstandighede tot verskillende stylkeuses kan lei (konteks is die onafhanklike veranderlike en taal is die afhanklike veranderlike), terwyl die ondernemende komponent verantwoord hoe 'n verandering in styl tot 'n verandering in sosiale omstandighede kan aanleiding gee (taal is nou die onafhanklike en konteks die afhanklike veranderlike).

9. Ondernemende stylwisseling behels referentontwerp (“referee design”) waarvolgens ’n spreker die linguistiese kenmerke van ’n verwysingsgroep gebruik om samehorigheid met hierdie groep aan te dui. ’n Referent is gewoonlik ’n afwesige derde party wat só ’n sterk indruk op ’n spreker maak dat sy of haar stylkeuses selfs in die afwesigheid van hierdie derde party deur laasgenoemde beïnvloed word. Ondernemende stylwisseling kan gevolglik as ’n herdefinisie van ’n spreker se identiteit met betrekking tot sy of haar gehoor beskou word.

In gehoorontwerpteorie staan die spreker sentraal teenoor gehoorlede wat in vier kategorieë uiteenval, naamlik toegesprokenes (“addressees”), luisteraars (“auditors”), toevallige luisteraars (“overhearers”) en afluisteraars (“eavesdroppers”). Die verskillende gehoorlede beïnvloed die spreker se stylkeuses in ’n meerdere of mindere mate afhangende daarvan of die spreker hulle herken, erken of regstreeks toespreek: Toegesprokenes word herken, erken en toegespreek; luisteraars word herken en erken, maar nie toegespreek nie; toevallige luisteraars word net herken; afluisteraars word nie herken, erken of toegespreek nie. Toegesprokenes oefen gewoonlik die sterkste invloed op ’n spreker se stylkeuses uit, terwyl die invloed van luisteraars, toevallige luisteraars en afluisteraars in dieselfde volgorde daal (Bell 2009:271-272).

Volgens Clark en Carlson (1982:346-347) is daar hoofsaaklik vyf maniere waarop ’n spreker die lede van ’n gehoor in kommunikasie van aangesig tot aangesig kan aanwys, naamlik deur (i) die ruimtelike plasing van die spreker teenoor die gehoorlede, (ii) die gespreksverloop, (iii) gebare (byvoorbeeld oogkontak of ’n kopknik), (iv) die spreker se manier van praat (byvoorbeeld luid vir ’n breë gehoor teenoor gedemp vir ’n intieme gehoor) en (v) die onderwerp. Tagg en Seargeant (2014:161, 166-169) voer aan dat gehoorontwerpteorie op rekenaarondersteunde kommunikasie van toepassing is juis omdat dit vier van die vyf maniere aan gebruikers beskikbaar stel om hulle gehoorlede aan te wys: Net soos in ’n gewone gesprek kan die ontvangers van digitale boodskappe byvoorbeeld aanneem dat hulle steeds deel van ’n bepaalde gesprek is tensy die sender hulle doelbewus probeer uitsluit (gespreksverloop); grafiese simbole soos emoji kan gebruik word om lyftaal te vervang (gebare); hoofletters kan dien om “luidkeels” te skryf (manier van praat); en die inhoud van ’n boodskap kan ingespan word om net die gehoorlede wat daarin belangstel toe te spreek (onderwerp).

Die uitsondering is die ruimtelike plasing van die spreker teenoor die gehoorlede, want die gebruikers van rekenaarondersteunde kommunikasie word gewoonlik deur afstand en tyd van mekaar geskei. Die afwesigheid van ruimtelike plasing veroorsaak dat die gehoor in die asinkrone modaliteite van rekenaarondersteunde kommunikasie, byvoorbeeld Facebook, gewoonlik onsigbaar, net gedeeltelik openbaar en ineengevou is: Die gehoor is gedeeltelik openbaar in dié opsig dat gebruikers kan kies met wie

hulle kommunikeer, maar dit is terselfdertyd onsigbaar omdat gebruikers nooit seker kan wees wíe hulle boodskappe lees nie. Die ineengevoudheid van die gehoor verwys na die feit dat die gehoorlede gewoonlik uit verskillende kontekste van 'n gebruiker se alledaagse leefwêreld kom, maar aanlyn stort hierdie kontekste in duie om die verskillende gehoorlede te versmelt (sogenaamde “context collapse” aldus Tagg & Seargeant 2014:178). Die implikasie is dat rekenaarondersteunde kommunikasie net so veel oor gehoorontwerp as oor die keuse van 'n teikengehoor vir 'n bepaalde boodskap handel. Die kwessie van die (tyd)ruimtelike plasing van gespreksgenote in rekenaarondersteunde kommunikasie behels deiksis en die daarstelling van mobiele chronotope – 'n onderwerp waaroor daar meer in §6.2.3 gesê word.

Volgens Bell (2001:160) is styl 'n identiteitsmerker en dít dien as die grondslag waardeur stylkeuses in gehoorontwerpteorie betekenis verwerf. Bell se stelling eggo dié van ander sosiolinguïste oor die wisselwerking tussen taal en identiteit; Le Page (1980:13) verwoord dit byvoorbeeld soos volg: “My thesis is that in essence each and every speech act is like this: an act of identity towards an audience, an instant pidgin, the product of interaction, not simply of an individual’s competence in the Chomskyan sense.” Stylkeuses handel dus in wese oor identiteitskepping; meer nog, dit behels die daarstelling van verskillende identiteite na gelang van die omstandighede. Die aard van hierdie identiteite lê opgesluit in die sogenaamde “communities of practice” waaraan 'n spreker behoort. Eckert en McConnell-Ginet (1998:490) definieer “community of practice” en beskryf die verwantskap daarvan met identiteit soos volg:

A community of practice is an aggregate of people who come together around mutual engagement in some common endeavor. Ways of doing things, ways of talking, beliefs, values, power relations – in short, practices – emerge in the course of their joint activity around that endeavor ... Individuals participate in multiple communities of practice, and individual identity is based in the multiplicity of this participation.

Insig oor die wisselwerking tussen taal en identiteit het die tafel vir Nikolas Coupland gedek om met 'n teorie vorendag te kom wat Bell se gehoorontwerpteorie aanvul.

3.2.5 Taal as opvoering (Coupland)

Die kommunikasieakkommodasieteorie van Giles (1973) en die gehoorontwerpteorie van Bell (1984) beskou stylwisseling grootliks as die gevolg van 'n spreker se wisselwerking met 'n gehoor en die spreker se begeerte na goedkeuring of hoër sosiale aantreklikheid. Coupland (2007:80-81) vul hierdie teorieë aan met 'n benadering wat hoofsaaklik op die spreker toegespits is en identiteitsvorming behels. Sy vertrekpunt

is dat styl in wese oor die daarstelling van sosiale betekenis gaan en dat beide gehoorgerigtheid én identiteitsvorming daartoe bydra. Uit hierdie oogpunt is styl nie 'n betekenisvrye verskynsel nie, want dit het die potensiaal om sosiale betekenis te skep (Coupland 2007:3). Coupland (2007:18) verduidelik dat “sosiale betekenis” 'n veelkantige begrip is:

[Social meaning] can refer to how we impute meaning to, and take meaning from, our cultures, our communities, our personal histories, our social institutions and our social relationships. Cultural values and norms, social power and status, intimacy and distance are all social meanings. Then there are the meanings we invest in our own and other people's social positions and attributes – selfhood, personal and social identities, social stereotypes, prejudices, conflicts and boundaries.

Coupland speel nie sy teorie teen dié van Giles en Bell af nie, maar plaas dit eerder as aanvullend tot veral gehoorontwerpteorie om die aard van stylwisseling te verklaar. Die ontologiese grondslag vir Coupland (2007:111) se teorie is konstruktief, want hy maak die aannames dat (i) mense hulle identiteite deur sosiale interaksie vorm en (ii) verskillende identiteite onder verskillende omstandighede tot stand kom. Coupland se invalshoek steun op die werk van Le Page en Tabouret-Keller (1985:81, in Coupland 2007:109), wat die volgende aanvoer: “[T]he individual creates for himself the patterns of his linguistic behavior so as to resemble those of the group or groups with which from time to time he wishes to be identified, or so as to be unlike those from whom he wishes to be distinguished.” In hierdie opsig dra Coupland se werk by tot wat Eckert (2012) as die “derde vlag” van taalvariasiestudies beskryf: Die eerste vlag het gepoog om 'n verband tussen linguistiese veranderlikes en makrososiologiese kategorieë soos etnisiteit, gender, ouderdom en sosioëkonomiese klas te lê (Eckert 2012:88-91), terwyl die tweede vlag 'n etnografiese aanslag gebruik het om plaaslike kategorieë verwant aan die makrososiologiese kategorieë te identifiseer ten einde te bepaal hoe laasgenoemde in mense se alledaagse lewens neerslag vind (Eckert 2012:91-93). In albei hierdie vlage is 'n spreker se identiteit – en dus ook sy of haar stylkeuses – as 'n funksie van kategorieelidmaatskap beskou. Studies in die derde vlag het wegbeweeg van dié statiese beskouing van identiteit deur die klem te verskuif na die manier waarop sprekers stylkeuses aanwend om sosiale betekenis – insluitende identiteitskepping – dinamies in hulle omgang met ander tot stand te bring (Eckert 2012:93-97). Wardhaugh en Fuller (2015:189) som die derde vlag van taalvariasiestudies gepas op as studies waar “... the social meanings of particular ways of speaking are best viewed as interactionally constructed rather than being somewhat statically associated with particular social groups.” Dit is presies die aanslag waarop Coupland se teorie berus en waarom daar aangevoer kan word dat dit 'n sosiaalkonstruktiewe ontologie het.

Die begrip “identiteit” staan sentraal in Coupland se teorie. Identiteit is egter ’n ingewikkelde begrip waaroor Bell & Gibson (2011:561) hulle soos volg uitlaat:

‘Identity’ is one of the most used and least specified terms in sociolinguistic theorizing ... It is in part product, the result of the social milieu, chances and strictures¹⁵ which an individual has experienced. And it is in part process, something negotiated and constructed rather than just being there. Identity involves both similarity and difference, identification with and divergence from an other or others. Persons cannot be defined as a bundle of static, sociometric categories, although they do reflect the social strands of their histories. Nor are they definable as just moment-by-moment creations in the stream of interaction, although their traits are fluidly present in different and changing situations.

Coupland steun verder op Goffman (1959) se dramaturgiese perspektief op sosiale interaksie en sy aanspraak dat sprekers ’n mate van afstand teenoor hulle spraak handhaaf. Dit beteken dat taalgebruik ’n metalinguistiese dimensie het vanweë sprekers se bewustheid dat hulle deur hulle stylkeuses verskillende identiteite kan skep. Die insigte dat sprekers hulle stylkeuses gebruik om verskillende identiteite onder verskillende omstandighede te skep én dat hulle dit dikwels doelbewus doen, lei Coupland tot die slotsom dat sprekers oor die vermoë beskik om hulle taal en gevolglik ook hulle sosiale identiteite “op te voer”: Net soos wat ’n toneelspeler verskillende karakters kan opvoer, so kan ’n spreker verskillende identiteite deur sy of haar stylkeuses opvoer. Coupland (2007:115 e.v.) verwys in hierdie opsig na identiteitsrolle (“personas”) geskoei op sosiale klas, ligging/plek, etnisiteit, gender en ouderdom. Hy beskryf die kern van sy teorie soos volg (Coupland 2007:146; sy skuinsgedruk):

[O]nce we recognise speakers’ agentive role in constructing meanings in how they contextualise variation, and when we also recognise that speaking involves a degree of metalinguistic awareness, it seems right to talk of speakers *performing* speech. What we are generally implying is that speakers design their talk in the awareness – at some level of consciousness and with some level of autonomous control – of alternative possibilities and of likely outcomes. Speakers perform identities, targeted at themselves or others, when they have some awareness of how the relevant *personas* constructed are likely to be perceived through their designs.

¹⁵“Strictures” moet in hierdie konteks geles word as “beperkings,” “hindernisse” of “teenkanting” ooreenkomstig een van die woordeboekbetekenisse van die term (Buxton, Lindberg & Hilliard 2009:1294).

Bell en Gibson (2011:556) stel dit dat sprekers sosiale toneelspelers is wat voortdurend besig is om taal op te voer omdat hulle bewus is van moontlike stylkeuses en die sosiale betekenis wat aan hierdie keuses geheg kan word. Hierdie navorsers beskou identiteit as een van die dimensies van opvoering (Bell & Gibson 2011:561-566); identiteitsvorming staan sy aan sy met ander dimensies van opvoering, naamlik selfondersoekendheid, opregtheid, genre en gehoorgerigtheid. Bauman (2000:1) beweer dat opvoering die sleutelbemiddelaar tussen taal en identiteit is, want opvoering lei tot 'n beskouing van identiteit as voortdurend ontluikend – identiteit is “the situated outcome of a rhetorical and interpretive process in which interactants make situationally motivated selections from socially constituted repertoires of identificational and affiliational resources and craft these semiotic resources into identity claims for presentation to others.” Bauman (2000:4) beklemtoon verder die selfondersoekende aard van opvoering (“metalinguistic awareness” in die aanhaling uit Coupland hier bo) in die verband tussen taal en identiteit:

In general compass, however, I would argue ... that it is the multiply reflexive nature of performance that renders it an especially privileged site for the investigation of the communicative constitution of social life, including the construction and negotiation of identity. Performance calls forth special attention on the part of performer and audience alike to the intrinsic qualities of the communicative act, to form, and this formal reflexivity in turn highlights the salience and cultural resonance of the meanings and values to which the performer gives voice. Verbal performances, then, turn out to be reflexive in several dimensions; not only are they linguistic forms about language, but also cultural forms about culture, social forms about society. Such performances, then, represent for participants an arena for the display, contemplation, and manipulation of salient elements, practices, and relationships that allow language to serve as a resource for the expression of identity.

Die intensiteit van opvoering kan wissel van die alledaagse tot die skouspelagtige; dit is egter 'n kwessie van graad en nie soseer dat opvoering in duidelik omskrewe kategorieë uiteenval nie. Hier steun Coupland (2007:147-149, 185) op die werk van die linguïstiese antropoloog, Bauman en Briggs (1990), om beide die kenmerke van opvoering te beskryf en die alledaagse en skouspelagtige weergawes van mekaar te onderskei op grond van die mate van toespitsing wat die opvoering behels. In skouspelagtige opvoering is daar byvoorbeeld 'n hoë gerigtheid op (i) die vorm van die taalgebruik, (ii) die betekenis wat oorgedra word, (iii) die rol van elke deelnemer aan die opvoering (hetsy as opvoerder of as lid van die gehoor), (iv) die karaktertrekke van die opvoerder, (v) die verhouding tussen die opvoerder en gehoor, (vi) die opvoerder se

vermoë om aan die gehoor se verwagtinge te voldoen en (vii) die oorspronklikheid van die opvoering en die mate van taalvaardighedsuitbreiding wat dit vir die gehoor inhou.¹⁶

Coupland se teorie voorspel dat sprekers stylkeuses maak na gelang van die gesprekskonteks en dat die doel daarvan die daarstelling van sosiale betekenis is. Laasgenoemde behels enersyds die beeld wat 'n spreker wil voorhou en andersyds die verhouding wat die spreker tussen hom of haar en 'n gehoor wil bewerkstellig en handhaaf; met ander woorde, stylkeuses handel oor vormgewing aan beide persoonlike en verhoudingsidentiteite (Coupland & Jaworski 2009:259). Labov het sosiolinguistiese navorsing oor stylwisseling ingelei deur styl te definieer as die lineêre variasie van 'n enkele spreker se taalgebruik op 'n enkele vlak (uitspraaksorgvuldigheid); daarteenoor verbreed Coupland hierdie definisie deur styl as die daarstelling van sosiale betekenis deur die ontplooiing en herkontekstualisering van 'n wye verskeidenheid taalmiddele te beskou (Coupland 2007:177).

3.2.6 SMS-taal as sosiolinguistiese styl

Die teoretiese bespreking hiër deurkruis vier invalshoeke, naamlik dié van Labov (stylkeuses behels die aandag wat 'n spreker aan sy of haar taalgebruik wy); Giles (stylkeuses behels 'n breë spektrum van kommunikatiewe handelingte om interpersoonlike en intergroepverhoudings te bedryf); Bell (stylkeuses behels die begeerte na insiklikheid met die lede van 'n gehoor); en Coupland (stylkeuses behels die opvoering van identiteitsrolle om sosiale betekenis te skep). Hierdie vier teorieë bied 'n ryk konseptuele raamwerk om stylkeuses in Generasie X se SMS-Afrikaans te verken en te verreken; nietemin, voorkeur word aan die teorieë van Bell en Coupland gegee, aangesien hierdie teorieë mekaar aanvul en Bell s'n ook dié van Labov en Giles omvat. Coupland (2007:80-81) verduidelik die komplementariteit soos volg: "Both self-identity and audience design are inevitably involved in [social meaning creation], and I have sometimes used the phrase 'the relational self' to try to mark the fact that we need to treat identity and audience approaches together." In hierdie studie is daar ook in gedagte gehou dat die teoretiese raamwerk vir die onderskeidende stylkenmerke van Generasie X se SMS-Afrikaans binne die konteks van 'n belangrike

¹⁶"Performance" word in hierdie studie as "opvoering" vertaal op grond van die manier waarop Coupland die term gebruik. Deumert (2014:110) wys egter daarop dat "performance" op drieërlei wyse in sosiolinguistiek en linguistiese antropologie aangewend word: Die term word eerstens op die Chomskyaanse manier gebruik om na alledaagse taalverrigting te verwys (Deumert etiketteer dit as "performance-1"). Tweedens word dit op Goffman se manier ingespan om na die taal te verwys wat sprekers planmatig aanwend om personas te skep en sosiale indrukke oor hulle te behartig ("performance-2"). Derdens word "performance" op Bauman se manier gebruik om te verwys na gevalle waar sprekers spesiale aandag gee aan en 'n verhoogde bewustheid het oor die manier waarop hulle hulle uitdruk ("performance-3"). Op grond van Deumert se uiteensetting is Coupland se alledaagse opvoering 'n geval van "performance-2" en skouspelagtige opvoering 'n geval van "performance-3".

tegnologiese tussenganger tussen spreker en gehoor – kortboodskapdienste – toepassing vind. Coupland (2007:187) beskryf dit soos volg:

Mobile phone and messaging technologies require people to represent themselves and their meanings with economy and aesthetic appeal. Spoken and textualized routines develop, in the context of reflexivity about communicative forms and designs and about identities. Communicative competence includes reflexive management of mediated self-identities and relationships in the use of new technologies.

Deumert en Lexander se navorsing oor die SMS-taal van gebruikers in vyf Afrika-lande (insluitend Suid-Afrika) is in hoofstuk 2 in oënskou geneem. Deumert en Lexander (2013:535) verklaar een van die sleutelbevindings in hulle navorsing deur SMS-taal – net soos gewone taal – as ’n opvoeringshandeling te beskou. Hulle verreken SMS-gebruikers in die vyf Afrika-lande se toe-eiening van globale praktyke van byvoorbeeld SMS-Engels, waarin die gebruik van /u/ vir *you* (“jy”) en *2* vir *too* (“ook”) feitlik universeel is, deur hulle op McIntosh (2010, in Deumert & Lexander 2013:535) en Bauman (2003:9, in Deumert & Lexander 2013:535) te beroep:

According to McIntosh (2010), these forms are indicators of modernity and enable the performance of a modern, cosmopolitan persona. The notion of performance seems particularly useful in this context [SMS-taalgebruik in vyf Afrika-lande – JF]. Following Richard Bauman’s (2003:9) seminal work we can define performance as “a mode of communicative display, in which the performer signals to the audience, in effect, ‘hey, look at me! I’m on! Watch how skilfully and effectively I express myself.’” And the audience, as we have shown ... appreciates the performance by evaluating texts as “nice/beautiful”, and the writer as skilful and experienced.

Deumert en Lexander se beskouing dat SMS-taal net soos gewone taal opgevoer word, voltooi die oorhoofse argument om die toepaslikheid van taal as opvoering as teoretiese raamwerk vir die studie te gebruik: Gesproke taal word opgevoer om sosiale betekenis in die vorm van Coupland (2007:80-81) se “relational self” te skep; aangesien SMS-taal ’n geskrewe vorm van gesproke taal is, volg dit dat SMS-taal óók ontleed kan word as ’n opvoering om sosiale betekenis te skep. Hierdie aanspraak word verder gesteun deur Bell en Gibson (2011:565) se beskouing van kletsboodskappe as ’n “nuwe” genre, moontlik gemaak deur tegnologiese ontwikkeling, waarin taal as opvoering tot uiting kan kom. Die implikasie is dat die deelnemers aan die onderhawige studie SMS-Afrikaans opvoer met die doel om sosiale betekenis te skep.

Bauman (2000:1) betoog dat sodanige implikasie die aandag weg van 'n ietwat geïkete soeke na korrelassies tussen stylkeuses en sosiolinguistiese veranderlikes (byvoorbeeld beroep, etnisiteit, gender, ligging en ouderdom) lei om dit eerder op die pragmatiese funksies van taalgebruik te vestig in soverre hierdie funksies betrekking het op “when and how identities are interactively invoked by sociocultural actors” (Kroskryt 1993:222, aangehaal in Bauman 2000:1). Ek dink ook inderdaad dat Bauman se aanspraak 'n stap verder geneem kan word met die insig dat die verskuiwing in klem eerder na 'n ondersoek oor die *sosiopragmatiese* funksies van stylkeuses lei, want die pragmatiese funksies staan in diens van sosialebetekenisgeving. Hierdie onderwerp word in hoofstuk 7 van die verhandeling breedvoerig verken.

3.3 Pragmatiese funksies¹⁷

Pragmatiek is 'n onderafdeling van linguïstiek wat die betekenis van taaluiting in bepaalde kontekste ondersoek. Alhoewel pragmatiek en sosiolinguïstiek afsonderlike studieveld is, oorvleuel hulle in soverre beide bestudeer hoe sprekers se identiteite en sosiale verhoudings deur hulle stylkeuses beïnvloed word (Wardhaugh & Fuller 2015:248). Gespreksimplikatuur is 'n klassieke benadering om te beskryf hoe konteks, beliggaam deur byvoorbeeld die toneelskikking, sprekers en hulle agtergrondkennis, tot betekenisgeving lei; hier staan pragmatiek en sosiolinguïstiek reg langs mekaar omdat konteks ook 'n sleuteloorweging in sosiolinguïstiek is (Wardhaugh & Fuller 2015:252). Gespreksimplikatuur het sy oorsprong in Grice (1989:22-40) se samewerkingsbeginsel, wat vereis dat 'n spreker sy of haar bydraes tot 'n gesprek maak na gelang van dit wat van hom of haar verwag word, wanneer dit verwag word en in ooreenstemming met die deining van die gesprek. Die samewerkingsbeginsel berus gevolglik op die aanname dat die deelnemers aan 'n gesprek 'n gemeenskaplike doel nastreef, naamlik om doeltreffend met mekaar te kommunikeer ten einde wedersydse begrip te bewerkstellig. Grice se samewerkingsbeginsel gee aanleiding tot verskeie grondstellings (“maxims”) wat in vier kategorieë uiteenval:

- Die grondstelling van **hoeveelheid** (“quantity”) behels dat 'n spreker se insette so insiggewend as moontlik is, maar dat dit net die tersaaklike gegewens bevat.
- Die grondstelling van **gehalte** (“quality”) behels dat 'n spreker nie oneerlik is of ongegronde insette maak nie.

¹⁷As 'n studieveld is die pragmatiek te omvangryk om na regte in hierdie verhandeling te bespreek en daar word dus volstaan met 'n oorsig van die kernbeginsels wat op die huidige studie betrekking het. 'n Vroeë Afrikaanse bron oor die pragmatiek is die bundel saamgestel deur Van Jaarsveld (1987), terwyl Van Niekerk en Olivier (2017) 'n meer onlangse oorsig verskaf.

- Die grondstelling van **toepaslikheid** (“relation”) behels dat ’n spreker gepaste insette maak wat met dié van ander deelnemers aan die gesprek verband hou.
- Die grondstelling van **wyse** (“manner”) behels dat ’n spreker onduidelikheid en dubbelsinnighede vermy en dat sy of haar insette bondig en ordelik is.

Geïmpliseerde betekenis kom tot stand wanneer ’n spreker aan die samewerkingsbeginsel gehoor gee, maar dan oënskynlik nie op een of meer van die grondstellings ag slaan nie. Grice (1989:26) verwys na hierdie verskynsel as gespreksimplikatuur (“conversational implicature”) – wat ’n spreker eintlik bedoel sonder om dit uitdruklik te sê. Gespreksimplikatuur verklaar hoe ’n spreker, B, die gespreksinset van ’n ander spreker, A, ontrafel wanneer dit nie regstreeks op die voorafgaande inset van B volg nie, aangesien B aanneem dat A doelbewus kies om een of meer van die grondstellings te verontagsaam. Onder die samewerkingsbeginsel sal B egter A se inset as ’n koöperatiewe handeling beskou ten spyte daarvan dat dit indirekte samewerking behels. Onderliggend aan B se vermoë om A te verstaan is B se aannames dat (i) A se inset samehangend is, (ii) A wou hê dat B die inset moet verstaan en (iii) B oor die nodige vaardighede beskik om die betekenis van A se inset te ontsluit.

Grice voer aan dat ’n spreker gespreksimplikatuur tot stand kan bring deur die samewerkingsbeginsel en die voortspruitende grondstellings ter syde te stel. Dit kan op minstens vier maniere gedoen word, naamlik deur (i) doelbewus strydig met die samewerkingsbeginsel en/of die grondstellings op te tree, (ii) hom of haar nie daaraan te onderwerp nie, (iii) pogings om teenstrydighede tussen die grondstellings te vermy en (iv) doelbewuste verontagsaming. McSweeney skoei haar teoretiese raamwerk vir ’n ondersoek na die pragmatiese funksies van tweetalige sprekers van Engels en Latyns-Amerikaanse Spaans se SMS’e op gespreksimplikatuur; sy maak op haar steekproef se verontagsaming van die voorskrifte van gewone skryftaal staat om te verklaar hoe hulle betekenis met hulle SMS’e skep (McSweeney 2018:28): “If we assume that prescriptive spelling is the norm, an assumption that is corroborated by the widespread use of autocorrect, and we apply Grice’s adhere/flout/violate framework, we come up with an explanatory (and predictive) framework to understand the relationship between spelling conventions and conversational implicatures.” McSweeney se aanslag weerspieël die algemene beginsel waarvolgens gespreksimplikatuur die gaping oorbrug tussen dit wat ’n spreker sê en dit wat hy of sy eintlik bedoel (Horn 2006:8; sy hoofgedruk):

[C]onversational implicature operates through the mechanism of EXPLOITATION.

Unlike syntactic and semantic rules, pragmatic principles and conventions do as much work when they are apparently violated – when speaker S counts on hearer H to recognize

the apparent violation and to perform the appropriate contextual adjustment – as when they are observed or ostentatiously violated.

Alhoewel almal dit nie eens is dat Grice se grondstellings universeel is nie en met ander teorieë vorendag gekom het om die gebruik van indirekte taalgebruik te verklaar (McSweeney 2018:28; Wardhaugh & Fuller 2015:255), dien Grice se raamwerk as die teoretiese grondslag vir die ontleding van die pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans in hierdie studie. Thurlow (2003:7-12) se negekategorie-indeling van die pragmatiese funksies van SMS-taal verteenwoordig die praktiese verwesenliking van Grice se samewerkingsbeginsel soos wat breedvoerig in §7.3 uiteengelê word.

3.4 Sosiolinguistiese veranderlikes

Coupland (2007:111-112) voer aan dat, wanneer 'n spreker 'n mate van beheer oor die identiteit het wat hy of sy uitdra, vyf prosesse tot die totstandkoming daarvan bydra, naamlik teikenstelling (“targeting”), omlysting (“framing”), stemgewing (“voicing”), trantgewing (“keying”) en belading (“loading”). Hy ontleen omlysting aan Goffman (1974, in Coupland 2007:112) se beskouing, waarvolgens dit dien om bepaalde sosiale identiteite op die voorgrond te stel en ander sluimerend te laat. Coupland (2007:112) verduidelik dit soos volg:

The identificational value and impact of linguistic features depends [sic] on which discursive frame is in place. That is, when we approach linguistic variation as a meaningful resource, we can expect that particular discursive frames will present specific affordances and constraints for interactants at specific moments of their talk. Certain types of identity work that can potentially be done at those moments, in those frames, will be foregrounded. They will give relevance and salience to certain sorts of indexical features and meanings, or they will deny them relevance and salience.

Coupland (2007:112-114) onderskei tussen drie vorme van omlysting, naamlik genre, interpersoonlik en sosiokultureel. Laasgenoemde het betrekking op identiteitskepping op grond van gender en ouderdom en die taalvariasie wat met hierdie sosiolinguistiese veranderlikes kan gepaardgaan. Die sleuteloorweging wat hier ter sprake kom, is hoe 'n spreker stylkeuses aanwend om sy of haar identiteit te skep en uit te dra in 'n sosiokulturele raam wat gender en/of ouderdom op die voorgrond stel.

3.4.1 Gender

Daar is al heelwat navorsing oor die verskille tussen mans en vroue se taalgebruik gedoen sedert Robin Lakoff (1973) die sluier oor die onderwerp gelig het. Leaper en Ayres (2007:328-329) neem hierdie navorsing in oënskou en som die oorkoepelende bevinding op deur dit te stel dat “... women are more likely than men to use language to form and maintain connections with others (i.e., affiliation), whereas men are more likely to use language to assert dominance and to achieve utilitarian goals (i.e., self-assertion).” Volgens Baron (2004:405) is daar in die beginjare van rekenaarondersteunde kommunikasie verwag dat die naamloosheid van die medium genderverskille sou laat verdof, maar dit blyk nie die geval te wees nie uit die talle studies oor die verskille tussen mans en vroue se taalgebruik in die verskillende modaliteite van rekenaarondersteunde kommunikasie (vir enkele voorbeelde wat op SMS betrekking het, raadpleeg Crosswhite, Rice & Asay 2014; Ling, Baron, Lenhart & Campbell 2014; Kimbrough, Guadagno, Muscanell & Dill 2013; Tossel, Kortum, Shepard, Barg-Walkow, Rahmati & Zhong 2012; Ling 2005). Chen, Lu, Ai, Li, Mei en Liu (2018:763-764) verskaf byvoorbeeld ’n indrukwekkende ontleding van genderverskille in SMS-taal in soverre dit emoji betref. Hierdie navorsers het die nagenoeg 401 miljoen boodskappe wat 134 419 Android-slimfoongebruikers oor 183 lande en 58 tale heen oor ’n drie maande lange tydperk gestuur het, ontleed en onder andere bevind dat:

- vroue meer as mans geneig is om emoji te gebruik;
- mans en vroue verskillende emoji-voorkeure het;
- vroue meer as mans geneig is om emoji met gesigsuitdrukings te gebruik; en
- mans meer as vroue geneig is om emoji wat liefde uitdruk te gebruik.

Hierdie navorsers bevind ook dat die gender (manlik of vroulik) van ’n Android-slimfoongebruiker in hulle steekproef met ’n akkuraatheid van meer as 80 persent voorspel kan word bloot op grond van die emoji wat hulle gebruik.

Die konseptuele raamwerk wat vir die ontleding van genderverskille in Generasie X se SMS-Afrikaans in hierdie studie gebruik is, is dié van Holmes (1998). Haar raamwerk berus op vier faktore, naamlik funksie, samehorigheid, mag en aansien, wat tot vier vrae aanleiding gee om genderverskille in taalgebruik te ontleed:

- Funksie: Wat is die doel van ’n bepaalde gesprekshandeling?
- Samehorigheid: Hoe goed kom die gespreksgenote oor die weg?

- Mag: Wie beheer die gesprek?
- Aansien: Hoe dui taalgebruik op die sosiale stand van die gespreksgenote?

Die insigte uit hierdie vrae lei volgens Holmes tot die volgende sosiolinguistiese veralgemenings, wat as die teoretiese grondslag vir die ontleding van genderverskille in hierdie studie dien:

- Oorhoofs: Mans en vroue ontwikkel verskillende taalgebruikspatrone.
- Funksie: Vroue is meer as mans geneig om op die gevoelsfunksies van 'n gesprek ingestel te wees.
- Samehorigheid: Vroue maak meer as mans van taalmiddele gebruik wat eendrag bevorder.
- Mag: Vroue is geneig om samehorigheid met hulle gesprekvoering in stand te hou en uit te bou, terwyl mans geneig is om hulle mag en aansien te handhaaf en te bevorder.
- Aansien: Vroue gebruik meer standaardvorme as mans van dieselfde sosiale stand en hulle is stilisties meer veerkragtig as mans in dieselfde sosiale verband.

Holmes se raamwerk sluit aan by Baron (2004:401-405) se opsomming van genderverskille in rekenaarondersteunde kommunikasie, naamlik dat vroue se taalgebruik op sosiale interaksie toegespits is en nader aan die standaardvorm lê, terwyl mans se taalgebruik die klem op praktiese inligtinguitruiling lê en meer as vroue s'n van die standaardvorm afwyk.

3.4.2 Ouderdom

'n Bepaalde konseptuele raamwerk is nie vir 'n vergelyking van Generasie X se SMS-Afrikaans met dié van tieners en jongmense gebruik nie, aangesien dit die oogmerk van navorsingsvraag 6 is om 'n kwalitatiewe lesing van die ooreenkomste en verskille tussen die SMS-Afrikaans van Generasie X en dié van tieners en jongmense te neem. Die vergelyking van dié twee groepe berus grotendeels op die bestaande kennis oor SMS-Afrikaans soos voorgelê in Grundlingh (2015) / Thiart (2014), Saal (2015), Olivier (2013) en Heyns (2009). Die reikwydte van die vergelyking is noodwendig beperk, want heelwat nuwe ontwikkelings in die tegnologie wat rekenaarondersteunde kommunikasie onderlê, het sedert die verskyning van die gemelde navorsing plaasgevind. Ter illustrasie: Slimfone bevat deesdae ingeboude toetsborde met uitgebreide versamelings grafiese simbole en woordeboeke om allerlei “spelfoute” werktuiglik reg te stel – middele wat nie noodwendig tydens die bogemelde navorsing beskikbaar was nie. McSweeney (2018:176) beweer dat teksvoorspelling (“predictive texting”) en outoregstelling (“auto correction”) uiteindelik tot taalverarming en die standaardisering van SMS-taal kan lei. Sodanige standaardisering voorspel dat SMS-taalverskille tussen verskillende sosiolinguistiese groepe weldra sal verdwyn en dat daar uiteindelik 'n

standaard-SMS-taal tot stand sal kom. 'n Teenargument is dat die gesprekmatigheid van kortboodskapdienste van SMS-taal 'n intieme kommunikasievorm maak (Thurlow & Poff 2013:174-175) waarin gebruikers stylkeuses inspan om identiteit oor te dra en derhalwe poog om SMS-taalverskille in stand te hou. In die geval van tweetaliges lei laasgenoemde byvoorbeeld daartoe dat sommige sprekers die teksvoorspellings- en outoregstellingsfunksies van hulle slimfone afskakel sodat hulle hulle gepas kan uitdruk (McSweeney 2018:162-164).

3.5 Mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke

3.5.1 Oriëntering

Die mikrolinguistiese kenmerke van SMS-taal word in hierdie studie in navolging van Bieswanger (2013:463) as dié onder die sintaktiese vlak beskou en omvat die fonologiese, morfologiese, en ortografiese kenmerke van SMS-taal. Grafiese tekens (onder andere piktogramme, ideogramme, logogramme met die uitsondering van woorde, emotikons, emoji, plakkers en dies meer) word in ooreenstemming met Amaghlobeli (2012:349) as tipografiese kenmerke behandel.

Ortografie verwys in die breë na die konvensies wat die aanvaarbare skryfwyse van woorde rig, terwyl tipografie die vorm en rangskikking van die tekens van geskrewe taal behels. Volgens Deumert (2014:124) beliggaam die ortografiese en tipografiese kenmerke van SMS-taal die visuele aard daarvan. Sy huldig die mening dat hierdie kenmerke 'n digterlike inslag aan SMS-taal gee na aanleiding van die toekomstkundige, Roman Jakobson, se beskouing dat digterlike taal die klem op die vorm eerder as die funksie van taal laat val. Deumert (2014:130) stel dit soos volg: “Non-standard spellings and typographic play are no longer the sign of the artist, but have become a hallmark of digital writing.” Deumert (2014:141) karakteriseer rebusskrif, geheimskrif deur vervanging (“substitution cyphers”), afkorting, aksentstilering en estetiese skryfwyse as waarmede van die skrif aangetref in rekenaarondersteunde kommunikasie. Alhoewel sy transtaling, wat later in hierdie hoofstuk behandel word, nie op die naam noem nie, is dit oënskynlik die grondslag van haar beskouing oor byvoorbeeld *leetspeak* (“keurskrif”), *Fakatsa* (digitale skrif saamgestel uit ASCII- en Hebreeuse karakters) en *gyaru-moji* (“meisieskrif”) – uitdrukkingsvorme wat deur die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke tot stand kom. Al hierdie verskynsels behels lettervervanging van die een of ander aard. Deumert (2014:134) beroep haar op die Japannoloog, Roy Miller, se beskouing van “volkome beskikbaarheid” om die volgende verduideliking te gee: “The underlying principle of these letter substitutions is ‘total availability’: anything linguistic or symbolic exists as a resource to be exploited, can be borrowed, modified and used, irrespective of its original meaning.”

Deumert se beskouing oor die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke sluit nie net by transtaling aan nie, maar ook by Grice se teorie oor gespreksimplikatuur waarvolgens sprekers betekenis skep deur hulle gespreksgenote se verwagtinge te fnuik. Daarmee bring Deumert (2014:144) die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke aan die een kant en die pragmatiese funksies van SMS-taal aan die ander kant byeen: “Unlike writing in the standard, digital writing is both conventional and playful, exploiting the visual side of language to maximum effect. Innovative forms that ‘make strange’ are always possible.” Hierdie vreemdmaking beliggaam volgens Deumert (2014:125) die wesensaard van die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke van SMS-taal, want “to make strange” beteken “to disrupt the habits of reading and the semiotic patterns of everyday communication; to de-automatize and defamiliarize perception.” Aan die hart van die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke lê dus die insig dat hierdie kenmerke ’n estetiese inslag het wat SMS-gebruikers in staat stel om hulle vaardigheid en vindingrykheid met taal deur onverwagse afwyking van die norme van standaard- geskrewe taal ten toon te stel.

3.5.2 Beduidendheid

Tagg, Baron en Rayson (2014:218-222) voer aan dat, alhoewel dit op die oog af mag lyk asof die uiteenlopendheid van die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke die spreekwoordelike Wilde Weste verteenwoordig, dit allermins die geval is; intendeel, die waargenome variasie is funksioneel, beginselvas en betekenisvol. Die funksionaliteit van SMS-skryfwyses wat afwyk van die norme van standaard-geskrewe taal spruit uit die feit dat SMS-gebruikers hierdie skryfwyses aanwend om aan die onmiddellike vereistes van ’n SMS-gesprek te voldoen, byvoorbeeld om ’n tydige inset tydens ’n kortstondige gespreksbeurt te maak. Dit is juis die funksionele vereistes van intydse gesprekvoering wat tot Thurlow (2003:14-15) se sosiolinguistiese grondstellings van SMS-taal aanleiding gee, want hierdie grondstellings het ten doel om te verklaar hoe die manier waarop SMS-taal van standaard- geskrewe taal afwyk die gevolg van SMS-gebruikers se strewe na aktiewe gespreksdeelname is (bondigheid en spoed), om vir ’n gebrek aan buitetalige leidrade te vergoed (paralinguistiese regstelling) en om spreektaal na te boots (fonologiese benadering).

Die sosiolinguistiese grondstellings is egter nie die enigste faktore wat vorm aan SMS-taal gee nie – dit blyk byvoorbeeld uit Deumert en Masinyana (2008) se studie waarin die SMS-gebruikers hulle grootliks by Standaard-isiXhosa hou wanneer hulle SMS’e in hierdie taal saamstel. Deumert en Masinyana (2008:136) verklaar hierdie waarneming op grond daarvan dat isiXhosa ’n draer van SMS-gebruikers se kulturele identiteit en tradisies is en dat hulle dit gevolglik as “noukeurig,” “suiwer,” “oorspronklik” en

“eg” beskou en dienooreenkomstig in SMS-taal daarmee omgaan. Bevindings soos hierdie lei Tagg, Baron en Rayson (2014:220) tot die gevolgtrekking dat variasie in die vorm van SMS-taal standhoudend en betekenisvol eerder as willekeurig is.

3.5.3 Mikrolinguistiese kenmerke

Thurlow (2003:19-21) was een van die eerste navorsers om die mikrolinguistiese kenmerke van jongmense se SMS'e te karteer. Hy het 'n korpus van 544 boodskappe – saamgestel uit die bydraes van 135 eerstejaarstudente aan die Universiteit van Cardiff in Wallis – ontleed om met die volgende ses kategorieë vorendag te kom:

1. Verkortings (“shortenings”) en knipsels (“contractions” en “g clippings”)
2. Akronieme en voorletterwoorde (“initialisms”)
3. Letter- en syferhomofone
4. Opsetlike en onopsetlike spelfoute
5. Ongewone skryfwyses
6. Aksentilering

Hierdie kategorisering weerspieël die manier waarop die SMS-Engels van jongmense rondom die eeuwending van Standaardengels afgewyk het. Selfoontegnologie was tóe in sy ontstaansjare – gebruikers moes byvoorbeeld die numeriese karakter 7 vier keer druk om die letter *s* voort te bring en emoji was nog nie beskikbaar nie. Vele ander klassifiseringstelsels het sedertdien verskyn wat tred met die ontwikkeling in selfoontegnologie hou.

McSweeney (2018:31-37) voer byvoorbeeld aan dat die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke van SMS-taal tans in hoofsaaklik drie kategorieë uiteenval, naamlik (i) herskrywing, (ii) leesteken- en hooflettergebruik en (iii) emoji en emotikons. Laasgenoemde kategorie word breedvoerig in §3.5.4 net hierna bespreek en dus word daar hier op herskrywing, sowel as leesteken- en hooflettergebruik, uitgewy. Herskrywing behels enige skryfwyse wat afwyk van die norme van standaard- geskrewe taal (hierdie kategorie dek Thurlow se kategorisering, wat vanweë die gemelde tegnologiese beperkings tydens sy 2003-studie grootliks op afwykende skryfwyses toegespits is). Dit is alreeds bespreek dat die wye verskeidenheid skryfwyses aangetref in SMS-taal nie lukraak is nie; alhoewel hierdie skryfwyses van die standaard-geskrewe vorm afwyk, behoort hulle nie as “onkonvensioneel” beskou te word nie omdat vele daarvan

verbreid in bepaalde SMS-gemeenskappe se sosiolekte voorkom en geredelik deur die lede van hierdie gemeenskappe begryp én aanvaar word.

Leestekengebruik omvat alle niealfabetiese karakters wat nie tipografiese karakters is nie, terwyl hooflettergebruik na die manier verwys waarop alfabetiese karakters geskryf word. SMS-gebruikers kan leestekens en hoofletters weglaat, herinterpreteer of herhaal om hulle doeltreffend uit te druk: Weglating behels gewoon dat 'n SMS-gebruiker 'n leesteken of hoofletter weglaat waar dit normaalweg verwag sou word. McSweeney (2018:35) voer aan dat die weglating van 'n punt aan die einde van 'n sin soms in SMS-boodskappe verpligtend is, want 'n punt hou finaliteit in en kan op 'n streng houding dui wat gespreksgenote dwars in die krop kan steek. Herinterpretasie behels dat SMS-gebruikers nuwe betekenis aan leestekens en hoofletters heg – beklemtoning kan byvoorbeeld bewerkstellig word deur 'n woord heeltemal in hoofletters te skryf of deur punte tussen elke letter te plaas. Herhaling dien gewoonlik dieselfde beklemtoningsfunksie. Die weglating, herinterpretasie en herhaling van leestekens en hoofletters kan uiteindelik na Grice se samewerkingsbeginsel teruggevoer word: Gespreksimplikatuur en kommunikatiewe effek kom tot stand wanneer die deelnemers aan 'n SMS-gesprek die verwagte norme oënskynlik oortree of verontagsaam.

3.5.4 Tipografiese kenmerke

Grafiese tekens en simbole word in hierdie studie as die tipografiese kenmerke van SMS-taal behandel (Amaghlobeli 2012:349). In die onderstaande bespreking word piktogramme, ideogramme, logogramme en fonografiese simbole eers belig, dan word emotikons en *kaomaji* bespreek, alvorens die konseptuele grondslag vir die ontleding van emoji aan bod kom gegewe die verbreidheid van hierdie karakters in die SMS-Afrikaans van Generasie X.

3.5.4.1 Piktogramme, ideogramme, logogramme en fonografiese simbole

Piktogramme kan teruggevoer word na die petrogliewe van nagenoeg 30 000 jaar gelede en verteenwoordig een van die vroegste maniere waarmee die mens sy leefwêreld gedokumenteer het (Fromkin, Rodman & Hyams 2014:528-532). 'n **Piktogram** is 'n grafiese voorstelling wat in 'n niearbitrêre verwantskap staan teenoor die begrip waarna dit verwys en die piktogram stem vormlik met die begrip ooreen (Figuur 3-2).



donderweer



fietsryer




roomys

Figuur 3-2. Enkele voorbeelde van piktogramme

Ideogramme is nou aan piktogramme verwant. 'n **Ideogram** is 'n grafiese voorstelling wat ook in 'n niearbitrêre verwantskap staan teenoor die begrip waarna dit verwys, maar wat met die verloop van tyd sy vormlike verwantskap daarmee verloor het om 'n meer algemene of abstrakte betekenis te kry (Figuur 3-3).



geen parkering nie



vroulik / manlik



blink idee!

Figuur 3-3. Enkele voorbeelde van ideogramme

In teenstelling met piktogramme en ideogramme is **logogramme** grafiese voorstellings met 'n arbitrêre verwantskap tussen die voorstelling en die begrip waarna dit verwys. Die “beste” voorbeelde van logogramme is die woorde van 'n taal. Ander voorbeelde: \$ = “dollar”, % = “een honderdste van 'n geheel” en 马 = die Chinese karakter vir “perd”.

'n **Fonografiese simbool** is 'n simbool wat die klank verteenwoordig van die (gewoonlik eenlettergrepige) woord waarna dit oorspronklik verwys het. Fonografiese simbole gee aanleiding tot die **rebusbeginsel**, waarvolgens woorde uit die klankwaardes van hierdie simbole saamgestel word. Voorbeelde van fonografiese simbole is *c* = “see”, *4* = “fier” of “vier” en *8* = “ag” of “agt”, terwyl voorbeelde van die rebusbeginsel *c4* = “seëvier”, *suk6vol* = “suksesvol” en *8ter* = “agter” is.

3.5.4.2 Emotikons en kaomoji

’n **Emotikon** is ’n grafiese voorstelling van ’n gesigsuitdrukking wat op sy kant gekeer is; emotikons word gevorm deur ’n opeenvolging van leestekens op ’n rekenaartoetsbord te tik. Afrikaans het die woord “emotikon” aan Engels ontleen (Fourie, Luther & Pheiffer 2018:37-39), waar dit deur die reduksiesamestelling van *emotion* en *icon* tot stand gekom het (Evans 2017:148). Die gebruik van emotikons om ’n emosionele skakering aan die geskrewe woord te gee dateer na die 1800’s, terwyl die verskyning van hierdie simbole in rekenaarondersteunde kommunikasie in 1982 aan Scott Fahlman, ’n professor in rekenaarwetenskap aan die Carnegie Mellon Universiteit in die VSA, toegeskryf word (Evans 2017:152). Om verwarring oor die gees van die inskrywings op ’n bulletinbordstelsel te voorkom, het Fahlman voorgestel dat gebruikers die opeenvolging van ’n dubbelpunt, koppelteken en regterhakie gebruik om ’n glimlag :-) te vorm wanneer ’n boodskap ’n ligte trant het, en om ’n frons :-(vir ernstiger boodskappe te gebruik. Albei hierdie emotikons moet van links na regs met die hoof ook na links gekantel gelees word om hulle gevoelswaarde te snap. Bykomende voorbeelde: ;-) = knipoog, :-D = breë glimlag, :-p = uitgesteekte tong (Evans 2017:152), sowel as <3 = hart en @} -,-’ = roos (Siever 2020:129). Een van die min gepubliseerde studies wat hierdie navorser kon opspoor oor volwassenes se emotikonvoorkeure is verkennende navorsing deur Kuerbis, Van Stolk-Cooke en Muench (2017). Hierdie navorsers ondersoek onder meer die aard, struktuur en trant van SMS’e gemik op gesondheidstussenkomste vir mense in verskillende ouderdomsgroepe; hulle bevind byvoorbeeld dat volwassenes 51 jaar en ouer verkies dat SMS-boodskappe nie die glimlaggie-emotikon :-) moet bevat nie.

Kaomoji is die Japannese weergawe van emotikons. *Kaomoji* is ’n samestelling van die Japannese *kao* (顔, “gesig”) en *moji* (文字, “karakter” of “letter”) en beteken dus letterlik “gesigkarakter”. *Kaomoji* het kort ná emotikons in die middel van die 1980’s hulle verskyning gemaak; anders as met emotikons wat horisontaal georiënteer is en dus met die kop na links gekantel gelees moet word, staan *kaomoji* vertikaal en word geen kopkanteling vereis nie (McCulloch 2019:179). ’n Verdere verskil tussen emotikons en *kaomoji* is dat die meerderheid emotikons gewoonlik uit vier of minder karakters bestaan en die aandag op die mond vestig, terwyl sommige *kaomoji* uit 20 of meer karakters bestaan en die klem op die oë lê (Giannoulis & Wilde 2020:5). Die verskil in klem tussen emotikons en *kaomoji* kan geïllustreer word aan hand van die voorstellings van blydschap en hartseer: Die emotikons ter sprake is onderskeidelik :) en :(, met die oë wat telkens dieselfde is, terwyl die monde verskil. Daarteenoor is die *kaomoji* ter sprake onderskeidelik ^_^ en T_T, met die monde wat telkens dieselfde is, terwyl die oë verskil (McCulloch 2019:179). Bykomende voorbeelde van *kaomoji* sluit ^▽^ = blydschap, >_< = verleentheid, (@^_^@) = pofwange en (@_@) = briloë in [Giannoulis & Wilde (2020:5) vir die eerste twee voorbeelde en Masuda (2020:197) vir die laaste twee].

Fahlman het oorspronklik bedoel vir emotikons om pragmatiese waarde te hê. Heelwat navorsing is sedertdien gedoen om die funksies van emotikons in rekenaarondersteunde kommunikasie te belig: Provine, Spencer en Mandell (2007) bevind byvoorbeeld dat emotikons gewoonlik op dieselfde plekke as leestekens in SMS-boodskappe opduik en dat hulle 'n beklemtoningsfunksie soortgelyk aan dié van lag in gesproke taal vervul; Derks, Bos en Von Grumbkow (2008) toon aan dat emotikons dieselfde rol as paralinguistiese leidrade in spreektaal speel; Dresner en Herring (2010) bevind dat die funksies van emotikons drieledig is in dié opsig dat hulle (i) gevoel kan oordra wanneer hulle regstreeks op 'n gesigsuitdrukking afgestem is (bv. die glimlag :-) vir blydschap), (ii) die trant van 'n boodskap kan belig wanneer hulle konvensioneel op 'n gesigsuitdrukking afgestem is (bv. die knipoog ;-) om speelsheid aan te dui) en (iii) die bedoeling van 'n boodskap kan bevestig wanneer hulle nie konvensioneel op 'n gesigsuitdrukking afgestem is nie (bv. die glimlag :-) om gesig te wen met 'n versoek wat waarskynlik 'n beslommernis vir die ontvanger gaan wees). Herring en Dainas (2017:2185) som die magdom navorsing oor die funksies van emotikons in rekenaarondersteunde kommunikasie op deur Provine, Spencer en Mandell se leestekenfunksie by Dresner en Herring se drie te voeg.


Alhoewel die akademiese gemeenskap se belangstelling in die aard en funksies van emotikons vir baie jare lewendig was, het dit in onlangse jare begin taan omdat die gebruik van emoji met rasse skrede begin toeneem het nadat Apple sy slimfone in 2011 wêreldwyd met emoji-toetsborde begin toerus het en die vervaardigers van toestelle geskoei op die Android-bedryfstelsel dieselfde vanaf 2013 gedoen het (Dimson 2015). Die gevolg is dat emoji sedert die middel van die 2010's emotikons en ander grafiese simbole begin verdring het – Pavalanathan en Eisenberg (2016) se bevindings oor die verskynsel op Twitter dien as 'n voorbeeld. Vandag is dit bykans onmoontlik om emotikons op 'n koppelvlak van rekenaarondersteunde kommunikasie te gebruik sonder dat die instellings doelgerig aangepas moet word om te verhoed dat die emotikons werktuiglik met hulle emoji-eweknieë vervang word.

3.5.4.3 Emoji

Die verrysing van emoji is in §2.2.2 bespreek. Die waarde van emoji lê daarin dat dit op die skeidslyn tussen ideo- en piktogramme lê en onbegrensde betekenis het. Die meerduidige aard van emoji maak dit gevolglik gepas vir gebruik in 'n wye verskeidenheid linguistiese en sosiale kontekste waar die kommunikasie deur beide kulturele en persoonlike konvensies gerig word. Stark en Crawford (2015:5-6) verduidelik dit soos volg:

An emoji, like emoticons or *kaomoji*, straddles the conceptual line between ideogram and pictogram. Ideograms are symbolic representations of a particular concept or idea; pictograms are ideograms that show a pictorial image of the object being represented. To a greater degree than the emoticon, the utility of an emoji lies in the indeterminacy of its pictographic versus iconographic legibility as a signifier of affect, emotion, or sociality ... [E]moji use is heavily structured by linguistic and social contexts, and by both cultural and personal conventions.

Stark en Crawford se aanspraak oor die meerduidigheid van emoji kan semioties verklaar word deur Peirce se drieledigheidsmodel waarvolgens 'n teken bestaan uit 'n *representamen*, *r* ('n waarneembare vorm van die teken), 'n *objek*, *o* (dit waarna die *representamen* verwys) en 'n *interpretant*, *i* (die gevolg waartoe waarneming van die teken lei of die algemene sin daarvan). Al drie hierdie elemente moet gelyktydig teenwoordig wees vir 'n teken om betekenis te hê, want elke element bemiddel die verwantskap tussen die ander twee (Figuur 3-4; Chandler 2017:31):



Figuur 3-4. Peirce se driebeen- semiotiese model (Chandler 2017:31)

Drie soorte tekens ontstaan uit die moontlike verwantskappe tussen die *representamen* en die *objek*, naamlik 'n simbool, 'n ikoon en 'n indeks (Chandler 2017:41):

- 'n **Simbool** verteenwoordig 'n abstrakte, konvensionele verwantskap tussen *representamen* en *objek*; konseptueel is 'n simbool dus gelykstaande aan 'n ideogram. Voorbeelde van simbole is die woorde van 'n taal, Morsekode, die verskillende kleure van 'n verkeerslig en landsvlae.

- 'n **Icoon** verteenwoordig 'n verwantskap wat op enige waarneembare ooreenkoms tussen die *representamen* en die *objek* berus; konseptueel is 'n ikoon dus gelykstaande aan 'n piktogram. Voorbeelde van ikone is portrette, strokiesprente en klanknabootsings.
- 'n **Indeks** verteenwoordig 'n metonimiese verwantskap tussen *representamen* en *objek*, aangesien die *representamen* 'n groter geheel oproep wat deur die *objek* beliggaam word. Voorbeelde van indekse is weerverskynsels soos 'n weerligstraal (dui op donderweer), mediese tekens soos 'n polsslug (dui op geestestoestand) en meetinstrumente soos 'n termometer (dui op temperatuur).

Chandler (2017:56) verduidelik dat 'n teken óf 'n simbool óf 'n ikoon óf 'n indeks kan wees na gelang van die gebruiker se doelstellings in 'n bepaalde verband:

Whether a sign is symbolic, iconic, or indexical depends primarily on the way in which the sign is used ... The same sign may be used iconically in one context and symbolically in another: a photograph of a woman may stand for some broad category such as “women” or may more specifically represent only the particular woman who is depicted. Signs cannot be classified in terms of the three forms of relations without reference to the purposes of their users within particular contexts. A sign may consequently be treated as symbolic by one person, as iconic by another and as indexical by a third.

Dit bied 'n verklaring vir Stark en Crawford (2015:5-6) se aanspraak oor die meerduidigheid van emoji. 'n Voorbeeld van emoji wat óf 'n simbool of 'n ikoon kan wees, is die brinjal, 🍆, wat simbolies na die manlike geslagsorgaan en ikonies na 'n vrug kan verwys (Siever 2020:134).

3.6 Sintaktiese kenmerke

Daar is in die literatuuroorsig op die gesprekmatigheid van SMS-taal gewys en die feit dat dit as 'n semisinkrone taalvorm nie net die eienskappe van geskrewe en gesproke taal het nie, maar in sekere opsigte eiesoortig is (McSweeney 2018:24). Die teoretiese uitgangspunt vir hierdie gedeelte van die studie is dié van Tagg (2012:80), wat aanvoer dat daar in die ontleding van sintaktiese kenmerke rekening gehou moet word met die feit dat taalgebruikers verskillende sintaktiese keuses in verskillende gespreksituasies uitoefen. Tagg (2012:81) verduidelik dit soos volg vir SMS-taal (my skuinsgedruk):

In terms of the contexts in which online communication and text messages tend to be composed, the situations seem to sit somewhere between those associated with book

writing and informal conversation. The channel of communication is written; interlocutors are unlikely to be face-to-face with each other; and they do not have access to resources such as tone of voice or gesture. However, the relationship between interlocutors is likely closer than that between book author and reading public, while the purposes of their conversations are likely to be informal and chatty, so it would be odd if texters decided to write in a way that resembled literary prose. *The grammar they use is likely to reflect spoken grammar for two reasons – firstly, because they are doing similar things with language as speakers; and secondly, because they can consciously adopt spoken features in order to convey an impression of close, intimate informality.*

Tagg begrond haar keuse van die grammatika van gesproke taal as ontledingsraamwerk vir die sintaktiese kenmerke van Britse SMS-Engels op Carter en McCarthy (2006:9-10) se beskouing dat die grammatikale beskrywing van 'n taal beide die geskrewe en gesproke vorme moet insluit, aangesien taalgebruikers verskillende keuses in hierdie modaliteite maak. Op hulle beurt berus Carter en McCarthy se benadering op die werk van Wallace Chafe, wat dié onderwerp in die tagtigerjare deeglik ondersoek het (vergelyk byvoorbeeld Chafe & Danielwicz 1987 en Chafe & Tannen 1987). Carter en McCarthy (2006:164) beskryf die onderskeidende kenmerke van gesproke taal soos volg:

- Gesproke taal vind intyds plaas en behels gevolglik onbeplande taalgebruik.
- Gesproke taal vind dikwels van aangesig tot aangesig plaas.
- Gesproke taal begunstig keuses wat die vereistes van die onmiddellike gespreksituasie bevredig.
- Gesproke taal verskil nie in wese van geskrewe taal nie – die twee modaliteite val bloot op 'n kontinuum uiteen.

Carter en McCarthy (2006:175) voer verder aan dat die wisselwerking tussen gespreksgenote daartoe lei dat betekenis uit hulle gedeelde ervaring van 'n gespreksituasie ontstaan, wat veroorsaak dat gesproke taal deur onder meer deiktiese verwysings, omstandigheidsellips, randstukke, eindeelvrae en diskoersmerkers gekenmerk word. Op grond hiervan ondersoek Tagg (2012:82-99) die sintaktiese kenmerke van die SMS-boodskappe in 'n korpus van Britse Engels – sy spits haar ontleding toe op die kenmerke deur Carter en McCarthy uitgelig en sluit klousaaneenskakeling (“clause combination”) daarby in. Randstukke en omstandigheidsellips word vervolgens kortliks bespreek om die aard van die konseptuele raamwerk vir die sintaktiese kenmerke van Generasie X se SMS-Afrikaans te illustreer.

Carter en McCarthy (2006:192, 194) beweer dat randstukke ontvangergerigte hulpmiddels is wat in die geval van 'n voorste randstuk (“header”) die leser se aandag vestig op die inligting wat gaan volg, en in die geval van 'n buitenste randstuk (“tail”) om dit wat gestel is te verduidelik of te bevestig. Carter en McCarthy (2006:194) verskaf die voorbeelde in (1) en (2) vir onderskeidelik 'n voorste en 'n buitenste randstuk:¹⁸

- (1) *Your sister, is she coming too?* (“Jou suster, kom sy ook?”)
- (2) *He’s amazingly clever, that dog of theirs.* (“Hy’s verbasend slim, daardie hond van hulle.”)

Volgens Tagg (2012:88-93) behels omstandigheidsellips die weglating van sintaktiese elemente uit 'n taaluiting, veral wanneer die gespreksgenote hulle in dieselfde situasie bevind en mekaar bloot kan vra as iets onduidelik is. Sy voer aan dat omstandigheidsellips méér in SMS-taal as in gesproke taal voorkom en ook ander vorme aanneem, wat bewys dat SMS-taal in hierdie opsig eiesoortig is. Tagg bespreek voorbeelde wat daarop dui dat omstandigheidsellips in SMS-Engels net gedeeltelik deur bondigheid en spoed of 'n behoefte aan gemeensaamheid verklaar kan word en dat 'n derde faktor waarskynlik ter sprake is, naamlik identiteitsvorming. Sy gebruik die voorbeeld in (3) ter illustrasie; hier is dit nie voor die hand liggend dat die weglating van die kort voornaamwoord, *I* (“ek”; aangedui met 'n asterisk *) deur byvoorbeeld bondigheid en spoed verklaar kan word nie (Tagg 2012:90):

- (3) *No * am working on the ringing u thing but have whole houseful of screaming brats so * am pulling my hair out! Loving u* (letterlike vertaling: “Nee * werk daaraan om jou te bel maar het hele huis vol skreebalies so * kan my hare uittrek! Lief jou”)

3.7 Leksikale kenmerke

Taalkontak is onlosmaaklik deel van die Suid-Afrikaanse samelewing (vergelyk byvoorbeeld Deumert 2005 en Branford & Claughton 2002). In die geval van Afrikaans veroorsaak dit nie net sintaktiese beïnvloeding deur veral Engels nie (die inskrywing vir “Engelse inwerking” het byvoorbeeld nie minder as 25 verskillende bladsyverwysings in die register van Ponelis se 1985-druk van *Afrikaanse Sintaksis* nie), maar ook verbrede kodewisseling in gesproke en SMS-Afrikaans; inderdaad, Saal (2015:5) beskryf kodewisseling as “tipies” van SMS-Afrikaans.

¹⁸Ponelis (1985:505) voer in sy uiteensetting van die sinsposisies in Afrikaans aan dat randstukke posisies beklee “waarin daar verskeie uiteenlopende elemente kan optree, soos onder andere aanroep, appèlle, uitroep, temas en randadjunkte”. Die randstukke in voorbeelde (1) en (2) is op grond hiervan albei temas.

Androutopoulos (2013:668-669) beweer dat daar nie 'n vasgestelde raamwerk is om kodewisseling in rekenaarondersteunde kommunikasie te ondersoek nie; in plaas daarvan steun navorsers gewoonlik op 'n verskeidenheid raamwerke wat oorspronklik vir gesproke diskoers ontwikkel is – gewoonlik Blom en Gumperz (2000) se model waarvolgens 'n onderskeid tussen metaforiese en omstandigheidskodewisseling getref kan word, Auer (1988) se gespreksanalitiese model en Myers-Scotton (2009) se gemerktheidsmodel. Hierdie modelle het 'n sosiolinguistiese inslag wat meestal toegespits is op die redes vir kodewisseling, die funksies daarvan en die kontekste waarin dit aangetref of as aanvaarbaar beskou word. Kodewisseling kan egter ook uit 'n grammatiese oogpunt bestudeer word wat merendeels die sinsposisies ondersoek waar die verskynsel aangetref word en poog om verklarings daarvoor te vind (Van Dulm 2004:165). Hierdie studie berus op die taalgebruik vervat in 'n sekondêre bron (vergelyk hoofstuk 4) en dit is gevolglik nie prakties moontlik om onderhoude met lede van die steekproef te voer ten einde omvattende sosiolinguistiese en pragmatiese sketse van hulle kodewisseling saam te stel nie. Die klem in hierdie studie val derhalwe op die grammatiese aspekte van die kodewisseling waargeneem in Generasie X se SMS-Afrikaans, met transtaling wat as die oorkoepelende konseptuele raamwerk dien. Die onderstaande bespreking word gevolglik met 'n uiteensetting van die onderwerp ingelei, 'n grammatiese raamwerk vir kodewisseling word dan uiteengesit en daar word eindelik aangetoon hoe transtaling en kodewisseling versoen kan word om die leksikale kenmerke van Generasie X se SMS-Afrikaans te verreken. Beide transtaling en kodewisseling betrek sprekers wat toegang tot 'n arsenaal saamgestel uit verskillende taalmiddele het en dus behels die bespreking in wese 'n konseptuele grammatiese raamwerk vir veeltaligheid.¹⁹

3.7.1 Transtaling

Daar is in die literatuuroorsig na Dyers en Davids (2015) se studie verwys waarin hulle transtaling as vertrekpunt gebruik om die Mxit-taal te ondersoek van derdejaarstudente aan die Universiteit van Wes-Kaapland wat Afrikaans, Engels, isiXhosa en Setswana (of kombinasies daarvan) gebruik om SMS'e saam te stel. Die “taling” in transtaling verwys na 'n voortdurende proses waardeur mense deur talige wisselwerking met hulle omgewing betekenis skep; taling is dus 'n sosiale proses wat aanhoudend herskep word in reaksie op omgewingsfaktore. García en Li Wei (2014:10) stel dit soos volg (hulle skuinsgedruk): “We are all *languages* who use semiotic resources at our disposal in strategic ways to communicate and

¹⁹Verskeie terme word in die literatuur gebruik om na veeltaligheid te verwys – García en Li Wei (2014:11-12) onderskei byvoorbeeld tussen “bilingualism”, “multilingualism” en “plurilingualism”. Hierdie onderskeid is nie in die huidige bespreking ter sake nie en dus word daar met Du Plessis en medewerkers (2010:1173) se vertaling van “multilingualism” as “veeltaligheid” volstaan.

act in the world, but which are recognized by the bilingual speaker, as well as by others, as belonging to two sets of socially constructed ‘languages.’”

Taling betrek die verwante konsep van transtaling wat probeer wegdoen met die idee dat mense wat meer as een taal magtig is, oor volkome afsonderlike taalstelsels beskik en heen en weer tussen hierdie stelsels beweeg. Die term kom oorspronklik uit die Walliese *trawsieithu*, wat deur Cen Williams in die 1990’s gebruik is om na ’n opvoedkundige praktyk te verwys waarin daar van leerders verwag is om verskillende tale vir inligtingsoordrag en -ontvangs te gebruik deur byvoorbeeld in Engels te lees en in Wallies te skryf en omgekeerd (Baker 2011, in García & Li Wei 2014:20). Alhoewel ietwat verskillende, dog verwante, definisies van transtaling in die literatuur voorkom, word dié van Otheguy, García en Reid (2015:281) in hierdie studie gebruik (hulle skuinsgedruk): “Translanguaging is *the deployment of a speaker’s full linguistic repertoire without regard for watchful adherence to the socially and politically defined boundaries of named (and usually national and state) languages.*” Die “full linguistic repertoire” in hierdie definisie kan herlei word na Gumperz (1964:137) se beskrywing daarvan as “the totality of linguistic forms regularly employed in the course of socially significant interaction”. Transtaling behels derhalwe dat “veeltaliges” oor net één taalstelsel beskik; toegepas op iemand wat beide Afrikaans en Engels magtig is, beteken dit byvoorbeeld dat hierdie persoon nooit sy of haar taal sou kon “meng” nie omdat hy of sy bloot gepaste keuses uit ’n repertoire saamgestel uit Afrikaans en Engels maak. Op ’n teenintuïtiewe manier doen transtaling dus weg met veeltaligheid, want die transtalige beskik nie oor afsonderlike grammatiese stelsels nie – net oor ’n enkele stel linguïstiese kenmerke waaruit hy of sy kan kies om hom of haar doeltreffend na gelang van die omstandighede uit te druk.

Die voorstanders van transtaling voer aan dat dit verskil van kodewisseling, wat tradisioneel beskou word as die “systematic use of two or more languages or varieties of the same language during oral or written discourse” (Mahootian 2020:57). García en Li Wei (2014:22-23) beskryf die onderskeid soos volg deur die taalfunksie van die Apple iPhone as metafoor te gebruik:

The language-switch function could be said to [correspond] to a code-switching epistemology where bilinguals are expected to “switch” languages. But especially in texting, bilinguals’ language practices are not constrained by outside societal forces; and thus features of their entire semiotic repertoire may be selected. Some of these features are visuals – emoticons and photographs; other features are textual, defined societally as different “languages”. For bilinguals, able to use their semiotic repertoire without constraints in texting, the language-switch function of the iPhone is useless ... a

translanguaging epistemology would be like turning off the language-switch function on the iPhone and enabling bilinguals to select features from their entire semiotic repertoire, and not solely from an inventory that is constrained by societal definitions of what is an appropriate “language”.

Volgens García en Li Wei verskil transtaling gevolglik van kodewisseling in dié opsig dat dit die naatlose gebruik (“fluidity”) van ál ’n spreker se taalmiddele behels, terwyl kodewisseling meer beperk is en vastheid (“fixity”) verteenwoordig (Jaspers & Madsen 2019). Die gevolg is dat transtaling gevestigde, twintigste-eeuse beskouings oor die aard van veeltaligheid en kodewisseling uitdaag.

García en Li Wei (2014:26-32) beweer dat transtaling net so geredelik in geskrewe as gesproke taal voorkom – hulle haal voorbeelde uit die Romeinse Oudheid aan om te staaf dat die verskynsel so oud soos die berge self is. Hulle betoog ook dat transtaling multimodaal is omdat die geïntegreerde repertoire waarop die konsep berus ’n wye verskeidenheid hulpmiddels insluit soos wat uit die iPhone-metafoer blyk. Dit is hier waar transtaling die mikrolinguistiese, tipografiese, sintaktiese en leksikale kenmerke van SMS-taal byeenbring, want multimodaliteit sluit in die konteks van hierdie studie ál hierdie kenmerke in. Transtaling bied gevolglik ’n raamwerk om die verskeidenheid stylkeuses van SMS-gebruikers te verklaar, aangesien die mens se “transtalingsinstink” (García & Li Wei 2014:32) veral in die verskillende vorme van rekenaarondersteunde kommunikasie tot uiting kom. García en Li Wei gebruik die eenvoudige voorbeeld van “I♥NY” ter illustrasie van die manier waarop die multimodale aard van transtaling taalgebruikers se vindingrykheid in die hand werk: Die piktogram dui in sy letterlike betekenis op die selfstandige naamwoord vir die hartorgaan; in die konteks van “I♥NY” verander dit egter na ’n ideogram en “woordsoortlik” van ’n selfstandige naamwoord na ’n werkwoord wat “lief” beteken. Alhoewel Deumert (2014:119-120) transtaling nie op die naam noem nie, verskaf sy ’n klinkende voorbeeld van die verskynsel op Suid-Afrikaanse bodem. In (4) bespreek twee studente aan die Universiteit van Kaapstad waar om op ’n Vrydagaand te gaan ontspan – Dustin begin die gesprek en gebruik agtereenvolgens isiXhosa, Afrikaans en Engels, terwyl Carlo in Oerdoe (waarskynlik) en Engels antwoord met ’n voorstel om na ’n plaaslike nagklub, Jade, te gaan:

(4) **Dustin:** *Molloboetie, hoe gaan dit? What’s the plans for tonight?* (“Hallo broer, hoe gaan dit? Wat is die planne vir vanaand?”)

Carlo: *Shabash, shabash, gildie, gildie. What do you say we hit Jade?* (“Goed so, goed so, vinnig, vinnig. Wat dink jy daarvan as ons by Jade uitslaan?”)

Transtaling is nie die enigste konsep én term wat in onlangse navorsing verskyn het om vloeibare taalpraktyke te beskryf en te benoem nie – García en Li Wei (2014:36-42) verwys ook na kruising (“crossing”), transidiomatiese praktyk (“transidiomatic practice”), politaligheid (“polylingualism”), metrotaligheid (“metrolingualism”), multistemmigheid (“multivocality”), kodevervlegting en transtalige praktyke (“codemeshing and translanguaging”) en tweetaling (“bilanguaging”). By hierdie lys voeg Jaspers en Madsen (2019:3) afgeknotte veeltaligheid (“truncated multilingualism”), plooibare tweetaligheid (“flexible bilingualism”), heteroglossie (“heteroglossia”), veeltaling (“multilanguaging”), versmelte lekte (“fused lects”) en tweeledige taligheid (“dual lingualism”). Transtaling word egter as die voorkeurkonsep én -term in hierdie studie gebruik, aangesien die multimodale aard daarvan, benewens die leksikale kenmerke van Generasie X se SMS-Afrikaans, ook die mikrolinguistiese, tipografiese en sintaktiese kenmerke kan verreken soos deur die eenvoudige “I♥NY”-voorbeeld geïllustreer word.

Alle linguïste stem nie met die eenheidsmodel van transtaling saam nie, veral omdat dit oënskynlik uit ’n ideologiese oogpunt aangedryf word en nie met empiriese en teoretiese navorsing oor kodewisseling strook nie. Mahootian (2020:86-87) stel dit soos volg (haar skuinsgedruk; my vetdruk):


Proponents of translanguaging theory reiterate, as many scholars have, that bilingualism is more than just knowledge of and access to two or more linguistic systems and that language is a resource for bilinguals. Additionally, they highlight the sociocultural and contextual aspects of bilingualism *during* communication, and in particular within the context of young school-age bilinguals’ education. **Ostensibly, they are moved by issues of social justice and the need to eradicate the injustices arising when language is used as a means to marginalize speakers of minority languages.** However, their main psycholinguistic premise that the bilingual draws from a single store of language is not borne out at this time. In fact there is psycholinguistic evidence from experiments with bilingual children and adults that strengthen a separate-systems hypothesis where the bilinguals’ languages appear to be operating as independent rule-governed systems.

3.7.2 Kodewisseling


MacSwan (2019:187) maak kaspie teen die beskouing van transtaling wat tot dusver uiteengelê is, want dit ontken die bestaan van veeltaligheid en, meer bepaald kodewisseling – teenstrydig met dekades van empiriese navorsing oor die onderwerp. MacSwan (2019:191-196) het dit veral oor navorsers soos Otheguy, García en Reid (2015), García en Otheguy (2014) en Makoni en Pennycook (2007) wat die bestaan van

afsonderlike, benoemde tale verwerp op grond van sosiopolitieke oorwegings. ’n Oënskynlik ideologiese inslag lei byvoorbeeld vir García en Otheguy (2014:644) tot die gevolgtrekking dat veeltaligheid op verstandelike grammatikas berus bestaande uit “large and complex arrays of disaggregated structural features (phonetic, phonological, morphosyntactic, and semantic) that do not belong to or reside inside of the speaker’s two or more languages by virtue of inherently differentiated linguistic membership”. In teenstelling hiermee voer MacSwan (2019:196-205) aan dat hierdie beskouing net een van drie moontlikhede oor die grammatiese stelsel onderliggend aan veeltaligheid is na aanleiding van die uitbeelding in Figuur 3-5 (MacSwan 2019:199):


Die meervoudige vaardigheidsmodel:
Veeltaliges beskik oor afsonderlike, nie-oorvleuelende grammatikas.



Die eenheidsmodel: “Veeltaliges” beskik oor ’n enkele grammatiese stelsel.



Die geïntegreerde veeltalighedsmodel:
Veeltaliges beskik oor beide afsonderlike en gedeelde grammatiese stelsels; veeltaligheid is universeel.



Figuur 3-5. Drie beskouings oor veeltaligheid (G = grammatiese stelsel; MacSwan 2019:199)

Die meervoudige vaardighedsmodel veronderstel dat veeltaliges oor afsonderlike, nieoovleuelende grammatiese stelsels beskik. Hierdie model druis egter in teen Grosjean (1982, in MacSwan 2019:190) se oortuigende betoog dat veeltaliges nie bloot die somtotaal van verskillende eentaliges is nie op grond van uitgebreide waarnemings in linguistiese en sosiolinguistiese navorsing. Die eenheidsmodel verteenwoordig transtaling; dit voer aan dat “veeltaliges” ’n enkele grammatiese stelsel het en dus in wese eentalig is. Hierdie model kan egter met empiriese navorsing weerlê word: MacSwan (2019:199-200) bespreek byvoorbeeld die geval van tweetalige sprekers van Spaans en Engels en die feit dat hulle oënskynlik vasgestelde reëls volg wanneer kodewisseling in adjektief/naamwoord-konstruksies plaasvind. In Spaans word adjektiewe gewoonlik ná ’n naamwoord geplaas, terwyl die omgekeerde in Engels die geval is. ’n Spaanse spreker sal dus die konstruksie *casa blanca* (“huis wit” ≡ wit huis) vorm en ’n Engelse spreker *white house* (“wit huis”). Navorsing bewys dat hierdie tweetaliges ’n sterk voorkeur vir óf *casa blanca* óf *white house* het, maar beduidend minder geneig is om *blanca casa* of *house white* te gebruik. Die implikasie is dat Spaans-Engelse

tweetaliges op 'n grammatiese stelsel steun wat beide gestruktureerd is én tussen sy onderdele onderskei. Daarteenoor maak die eenheidsmodel geen voorsiening vir die waargenome adjektief/naamwoord-woordorde in kodewisseling tussen Spaans en Engels nie; inderdaad, dit voorspel byvoorbeeld dat *the casa* (“die huis”) geredelik gevorm sal word, terwyl hierdie konstruksie gewoon nie in korpusse aangetref word nie en deur tweetalige sprekers van Spaans en Engels as ongrammaties beskou word.


In die geïntegreerde model beskik veeltaliges oor beide afsonderlike en gedeelde grammatiese stelsels en veeltaligheid word as universeel beskou. Hierdie model het sy oorsprong in Sankoff en Poplack (1981) se beskouing dat veeltaliges oor 'n enkele grammatiese stelsel beskik wat uit verskillende eentaalstelsels tot stand kom. Sankoff en Poplack het hulle kodewisselingsgrammatika uit Chomsky (2015 [1957]) se sinsnede-struktuurraamwerk met 'n van-bo-na-onder-benadering ontwikkel; die huidige beskouing oor die grammatika van kodewisseling berus egter op Chomsky (2015 [1995]) se Minimalistiese Benadering, wat vereis dat sintaktiese strukture eerder met 'n van-onder-na-bo-benadering saamgestel word. Een van die uitvloeisels van die Minimalistiese Benadering is dat grammatiese stelsels uit beide onveranderlike en veranderlike dele bestaan: Die onveranderlike deel is in wese 'n universele bewerkingsstelsel (“computational system for human language”, oftewel C_{HL}) vir toevoer uit die veranderlike deel. Laasgenoemde bestaan uit 'n bepaalde taal se woordeskat, met fonologiese, morfologiese en sintaktiese inligting wat in elke woord opgesluit lê. Die inligting in die leksikon is parametries van aard, wat beteken dat dit die gedrag van die taal se grammatika bepaal. 'n Voorbeeld hiervan is die sogenaamde ϕ -kenmerke wat grammatiese ooreenkoms tussen naam- en werkwoorde bewerkstellig deur byvoorbeeld gender, getal en persoon te kodeer. Van Dulm (2002, 2004, 2006, 2007, 2009) verskaf vele voorbeelde hiervan in haar navorsing oor intraklouskodewisseling tussen Afrikaans en Engels; hier word volstaan met die voorbeeld in (5), waar die kodewisseling só plaasvind dat dit die grammatiese ooreenkoms behou tussen die meervoudige Afrikaanse onderwerp *kinders* en die Engelse werkwoord wat as die meervoudige *look* (“kyk”) in plaas van die enkelvoudige *looks* (“kyk”) vereis word (Van Dulm 2002:180):

- (5) Die onderwyser sê al die **kinders look ill**. (“Die onderwyser sê al die kinders lyk siek.”)

Chomsky (2015 [1995]:7) verduidelik die verwantskap tussen die bewerkingsstelsel en die leksikon deur te beweer dat “... there is a single computational system C_{HL} for human language and only limited lexical variety. Variation of language is essentially morphological in character, including the critical question of which parts of a computation are overtly realized ...” 'n Handige metafoor vir hierdie opvatting oor grammatika is dié van 'n worsmasjien wat met verskillende soorte vleis gevoer kan word om allerhande soorte wors te maak: Die worsmasjien is die bewerkingsstelsel, die verskillende soorte vleis is afsonderlike

tale se woordeskatte en die verskillende soorte wors wat deur die bewerkingstelsel gelewer word, is die wêreld se verskillende tale soos wat hulle in hul gesproke en geskrewe vorme verwesenlik word.

’n Meer formele voorstelling van die meganisme waarvolgens hierdie beskouing oor grammatika tot kodewisseling aanleiding gee, verskyn in Figuur 3-6 (MacSwan 1999:149). In hierdie voorstelling verteenwoordig L_1, L_2, \dots, L_n al die leksikons waartoe ’n veeltalige spreker toegang het, terwyl *Select*, *Merge* en *Move* die kernbewerkings is wat deur C_{HL} in die samestelling van ’n taaluiting uitgevoer word. In die optellingstap (“enumeration”) kies *Select* al die toepaslike woorde – $w_1, w_2 \dots w_m$ – uit $L_1, L_2 \dots L_n$ én die aantal kere wat hierdie woorde in die taaluiting gaan verskyn. Daarna rangskik *Merge* en *Move* die woorde agtereenvolgens tydens ’n afleidingstap ooreenkomstig die parametriesse inligting vervat in die woorde. Indien *Select* woorde uit net een leksikon kies, lei die proses tot ’n eentalige uiting; wanneer *Select* egter woorde uit twee of meer leksikons kies, gee die proses tot taaluitings aanleiding waarin kodewisseling waargeneem word. Die posisies in die taaluiting waar die kodewisseling waargeneem word, is nie willekeurig nie, aangesien *Merge* en *Move* toesien dat die taaluiting op só ’n manier gevorm word dat daar geen teenstrydighede tussen die parametriesse inligting opgesluit in die woorde ontstaan nie.



Figuur 3-6. ’n Kodewisselingsmodel voortspruitend uit Chomsky se Minimalistiese Benadering (MacSwan 1999:149)

Die kodewisselingsmodel afgelei uit die Minimalistiese Benadering lei tot ’n geïntegreerde benadering tot veeltaligheid waarin die bewerkingstelsel onveranderlik oor verskillende tale heen is en die sintaktiese

verskille wat tussen tale waargeneem word die gevolg van verskille in die parametriesse inligting opgesluit in hulle leksikons is. Dit verklaar die waarneming dat veeltalige sprekers se grammatiese stelsel gestruktureerd én gedifferensieerd is – struktuur spruit uit die onderskeid tussen die onveranderlike en veranderlike gedeeltes, terwyl differensiasie die gevolg is van die parametriesse inligting in die onderskeie woordeskatte waaroor ’n spreker beskik (MacSwan 2019:202-203). Dit verklaar ook die aanspraak dat veeltaligheid eerder as eentaligheid universeel is, want die uitgebreide wisselwerking tussen tale lei daartoe dat selfs iemand wat “eentalig” grootword ’n taal aanleer waarvan die woordeskat deur natuurlike prosesse soos ontlening met dié van ander verryk is en dus ook aan die parametriesse inligting daarin opgesluit onderhewig is. Van Dulm (2002:179-180) verskaf die voorbeeld van *gepark* vir “geparkeer”, waar Afrikaanssprekendes die verlede deelwoord geredelik uit die Afrikaanse prefiks *ge-* en die Engelse vrye stam *park* (“parkeer”) vorm omdat laasgenoemde deur ontlening in die Afrikaanse woordeskat opgeneem is. Volgens hierdie beskouing is “taalsuiwerheid” dus ’n hersenskim.

3.7.3 Kodewisseling as ’n voorbeeld van transtaling

Alhoewel die voorstanders van transtaling daarop aandrang dat dit nie dieselfde as kodewisseling is nie (vergelyk byvoorbeeld Otheguy, García & Reid 2015:281), huldig hierdie navorser dieselfde standpunt as dié van MacSwan (2019:208-209), wat aanvoer dat transtaling op die geïntegreerde model van veeltaligheid berus (kyk weer Figuur 3-5) en dus in wese dieselfde grammatiese grondslag as kodewisseling het. Dit beteken gevolglik dat die leksikale variasie wat in transtaliges se taalgebruik aangetref word gewoon as kodewisseling gereken kan word en dat die grammatiese aard daarvan deur sintaktiese beginsels voortspruitend uit die Minimalistiese Benadering verklaar kan word. Op grond hiervan kan kodewisseling en transtaling versoen word: Kodewisseling is bloot ’n spesifieke geval van transtaling, terwyl laasgenoemde ’n omvattender konsep is in dié sin dat dit nie net leksikale variasie behels nie, maar ’n spreker se volledige taalarsenaal betrek.

3.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die teoretiese en konseptuele raamwerke vir die beskrywing van die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans uiteengesit. Die oorkoepelende teoretiese raamwerk vir die stylkenmerke berus op die idee dat taal opgevoer word – daarvolgens kan SMS-gebruikers se stylkeuses verreken word op grond van hulle begeerte om sosiale betekenis in die vorm van identiteit en verhoudings te skep. Grice se samewerkingsbeginsel en teorie oor gespreksimplikatuur dien as die teoretiese grondslag vir die pragmatiese funksies omdat SMS-gebruikers geredelik aan die

samewerkingsbeginsel voldoen, maar dikwels die grondstellings wat daaruit vloei, oortree of verontagsaam om 'n bepaalde kommunikatiewe effek te bewerkstellig. Konseptueel word die mikrolinguistiese, tipografiese, sintaktiese en leksikale kenmerke saamgesnoer deur transtaling as 'n begrip waarvolgens taalgebruikers al die middele tot hulle beskikking inspan om hulle doeltreffend uit te druk. Alhoewel daar nie eenstemmigheid onder navorsers oor die grammatika van transtaling is nie, word die beskouing in hierdie studie gehuldig dat dié grammatika op 'n geïntegreerde model voortspruitend uit die Minimalistiese Benadering berus.

Die aandag verskuif in hoofstuk 4 na die navorsingsmetodologie vir die studie.

4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

4.1 Ten aanvang

In hierdie hoofstuk word die hooftrekke van die metodologie wat in hierdie studie gevolg is, uiteengesit. Die interpretasie van die vernaamste terme vir die beskrywing van die kernbesluite is dié van Bryman: Onder “navorsingstrategie” plaas Bryman (2016:16-38) oorwegings oor die aard van die verhouding tussen teorie en waarneming (of ’n studie ’n deduktiewe of induktiewe inslag het), die soort kennis wat as aanneemlik beskou word om die sosiale wêreld te beskryf (wat die epistemologiese grondslag van die studie is) en die aard van die sosiale werklikheid (wat die ontologiese basis van die studie is). Die term “navorsingsontwerp” behels volgens Bryman (2016:39-72) die raamwerk waarbinne die navorsingsdata ingesamel en ontleed word; die sleuteloorwegings is gewoonlik toegespits op die oorsaaklike verhoudings tussen veranderlikes in die geval van ’n kwantitatiewe studie, die mate waarin die bevindings veralgemeenbaar moet wees, die graad waartoe menslike gedrag binne begrensing van die studie begryp moet word en die verhouding tussen sosiale verskynsels en die verloop van tyd. Laastens verwys “navorsingsmetode” na die bepaalde manier waarop die navorsingsdata ingesamel word (Bryman 2016:40); uit ’n magdom moontlikhede word dié gekies wat die beste by die navorsingstrategie en -ontwerp aansluit.

Die onderstaande bespreking begin met ’n beskrywing van elk van die kernbesluite. Daarna volg ’n uiteensetting van die stappe wat geneem is om nougesetheid te verseker, ’n beskrywing van die manier waarop die steekproef saamgestel is en ’n verduideliking van die werkswyse wat gevolg is. Die taaldatakorporus word vervolgens gekarteer alvorens die hoofstuk afsluit met ’n tabellariese opsomming van die vernaamste besluite wat ten opsigte van die navorsingsmetodologie geneem is.

4.2 Navorsingstrategie

Die studie behels oorhoofs ’n kwalitatiewe beskrywing van die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans. Die gevolg is dat daar van “sagte data” (Neuman 2012:88) gebruik gemaak is in die vorm van die woorde, sinne, grafiese simbole en ander talige elemente wat in SMS-taal aangetref word. Alhoewel verskillende konseptuele en ontledingsraamwerke aangewend is om die navorsingsvrae te ontgin, is ’n geheelbeeld van Generasie X se SMS-Afrikaans induktief uit die bevindings saamgestel. Die kwalitatiewe ontleding is wel waar toepaslik met statistiese analise aangevul, veral wat die voorkoms van genderverskille in die taaldata betref. Die keuse van ’n oorwegend kwalitatiewe

benadering hou beide voor- en nadele in: Dörnyei (2007:39-42) voer aan dat die plooibaarheid daarvan 'n sterkpunt is, terwyl die beperkte veralgemening wat 'n gewoonlik klein steekproef toelaat 'n swakpunt is. Laasgenoemde kan egter gekwalifiseer word in dié opsig dat alle kwalitatiewe navorsing op 'n bepaalde konteks van toepassing is en daar dus teen veralgemening gewaak moet word (Deumert 2014:121). Die veralgemeenbaarheidsbeperking duik gereeld in kwalitatiewe navorsing op. In haar studie oor die SMS-Engels van 'n oorwegend jong teikengroep maak Tagg (2012:36) die punt dat dit feitlik onmoontlik is om veralgemenings oor taal in die breë en SMS-taal in die besonder te maak; sy stel dit dat “[g]eneralizations cannot be made; instead, this [study] must be seen as detailing the linguistic practices of a particular group of texters at a particular time” (Tagg 2012:44).

Die epistemologiese grondslag van die studie is interpretatief omdat dit poog om uit 'n beskrywing van die steekproeflede se stylkeuses te bepaal hoe hulle taal gebruik om aanlyn identiteit te skep en sosiale verhoudings te bedryf. Die ontologiese basis is konstruktief, aangesien die aanname gemaak word dat SMS-gebruikers hulle identiteite en sosiale verhoudings diskursief deur hulle stylkeuses skep. Hierdie beskouing stem ooreen met die aanname wat Coupland (2007:127) maak in sy verrekening van stylkeuses as identiteitsdraers en skeppers van sosiale betekenis.

4.3 Navorsingsontwerp

Die taaldata vir hierdie studie is die boodskappe wat vanaf 22 Februarie 2018 tot 28 Februarie 2021 op 'n WhatsApp-kletsgroep verskyn het. Alhoewel die inligting oor 'n bestek van drie jaar strek, behels die studie 'n deursnee- eerder as 'n longitudinale navorsingsontwerp. Volgens Menard (2002, aangehaal in Dörnyei 2007:79) is die kernvereistes vir 'n longitudinale studie dat (i) die inligting oor twee of meer tydstippe ingesamel word, (ii) die steekproef telkens dieselfde is en (iii) die ontleding op 'n vergelyking van inligting uit die verskillende insamelingsperiodes berus. Hierdie studie sluit net een ronde van datainsameling in en kwalifiseer dus volgens Menard se vereistes nie as longitudinaal nie.

4.4 Navorsingsmetode

Die bron van die taaldata is die boodskappe wat op 'n WhatsApp-kletsgroep verskyn het; volgens Bryman (2016:556) kan hierdie boodskappe as 'n virtuele dokument beskou word wat geredelik aan kwalitatiewe en kwantitatiewe ontleding onderwerp kan word. Aangesien die navorser 'n aktiewe deelnemer aan die kletsgroep was, kan die datainsamelingsmetode as 'n aanlyn weergawe van etnografie beskou word. Bryman (2016:424) voer aan dat etnografie 'n navorsingsmetode is waarin die navorser onder meer:

- vir 'n uitgebreide tydperk in 'n bepaalde sosiale omgewing ingedompel is;
- gereelde waarnemings oor die gedrag van die lede van 'n sosiale groep maak;
- na gesprekke luister en daaraan deelneem;
- dokumente oor die sosiale groep insamel;
- begrip vir die kultuur van die sosiale groep en sy lede se gedrag ontwikkel; en
- die bevindings te boek stel.

Al hierdie voorwaardes is van toepassing op die navorser in sy lidmaatskap van die kletsgroep. Die feit dat die kletsgroep aanlyn bedryf is, beteken dat die datainsamelingsmetode dus ook netnografie behels – 'n tegniek waaroor Bryman (2016:451) hom soos volg uitlaat: “Netnography is a form of ethnography because it entails the researcher’s immersion in the online worlds under investigation; it is an essentially naturalistic method; and it relies considerably on observation ...”

4.5 Nougesetheid

Die term “nougesetheid” word in hierdie studie gebruik om te verwys na die redes waarom die bevindings aanneemlik gevind kan word. Wat hier ter sprake is, is konsepte soos herhaalbaarheid (“reliability”) en allerlei vorme van geldigheid (“validity”) wat tradisioneel meer op kwantitatiewe as kwalitatiewe navorsing van toepassing is (Dörnyei 2007:54). Die probleem met byvoorbeeld die herhaalbaarheidsmaatstaf in kwalitatiewe navorsing is dat laasgenoemde in wese konteksgebonde en subjektief is – twee faktore wat dit moeilik maak om die bevindings van 'n bepaalde studie te bevestig en tot 'n gebrek aan veralgemening aanleiding gee (Dörnyei 2007:37-38). Verskeie vakgeleerdes, byvoorbeeld Lincoln en Guba (2005, in Dörnyei 2007:57-58) en Maxwell (1992, in Dörnyei 2007:58-59), het derhalwe met taksonomieë vorendag gekom wat as die kwalitatiewe eweknieë van herhaalbaarheid en geldigheid kan dien. Zhao, Ross, Li en Dennis (2022:146) betoog egter dat dit bloot pogings is om kwalitatiewe navorsing op 'n kwantitatiewe lees te skoei in plaas daarvan om oorspronklike, meer gepaste maatstawwe te ontwikkel wat beter met die wesensaard van kwalitatiewe navorsing ooreenstem.

Hoe dit ook al sy, hierdie navorser is van mening dat Dörnyei (2007:59-62) praktiese, geloofwaardige maatreëls voorstel om die nougesetheid van die onderhawige studie te bevorder. Die twee maatreëls ter sprake is die navorsingsmetode en die navorser se integriteit. Betreffende eersgenoemde is dit alreeds bespreek dat die datainsamelingsmetode netnografie behels. Dít gee aan die studie hoë ekologiese geldigheid, 'n maatstaf wat na die mate verwys waartoe die bevindings van navorsing in die

geesteswetenskappe op mense se alledaagse lewens van toepassing is – hoe natuurliker die studie, hoe hoër die betreklikheid van die bevindings (Bryman 2016:42). Netnografie het net soos etnografie 'n hoë naturalistiese grondslag, vandaar die aanspraak dat die datainsamelingsmetode vir hierdie studie hoë ekologiese geldigheid daaraan verleen en tot nougesetheid bydra. Daarteenoor behels navorsersintegriteit onder meer die daarstelling van naspeurbare bevindings en 'n digte beskrywing (“thick description”) sodat die leser hom of haar in die studie kan inleef – dit vereis onderskeidelik deursigtigheid oor die navorsingsmetodologie en breedvoerigheid oor die aard en konteks van die taaldata. In hierdie opsig het die navorser dieselfde aanslag gevolg as dié waarvan Thurlow (2014:483) 'n voorstander is (sy skuinsgedruk):

...my intention is always to eschew a strictly quantitative content analysis in favour of a more interpretative review, highlighting repetitive or dominant themes rather than strictly statistical patterns. As such, my analyses do not make claims to “representativeness” but rather appeal to an informed judgement of *typicality*, supported by the inclusion of multiple examples selected from a range of data sources...

Hoe dié oorweging in hierdie studie neerslag vind, blyk uit 'n sleutelvraag wat in die ontleding van die taaldata opgeduik het, naamlik die definisie van “onderskeidend” in soverre dit Generasie X se SMS-Afrikaans aangaan. Vir die doel van hierdie ondersoek is frekwensietellings van die onderskeie stylkenmerke en pragmatiese funksies saamgestel deur die taaldata reël vir reël te ontleed en die frekwensietellings is as een van die maatstawwe gebruik om te besluit of 'n bepaalde taalvorm wel as onderskeidend beskou behoort te word al dan nie (dit sou byvoorbeeld onvanpas wees om 'n hapax legomenon as 'n kenmerkende taalvorm voor te hou). Hiermee poog die navorser regstreeks om twee van die drie moontlike besware wat Dörnyei (2007:55-56) oor die gehalte van kwalitatiewe navorsing opper te besweer, naamlik om beide nikssegghede (“insipid data”) en anekdotes te vermy. Oor laasgenoemde sê Silverman (2005, aangehaal in Dörnyei 2007:56) die volgende:

[Q]ualitative researchers, with their in-depth access to single cases, have to overcome a special temptation. How are they to convince themselves (and their audience) that their “findings” are genuinely based on critical investigation of all their data and do not depend on a few well-chosen “examples”? This is sometimes known as the problem of anecdotalism.

4.6 Steekproefsamestelling

Die idee om die boodskappe op die kletsgroep as bron van taaldata te gebruik het eers 'n hele ruk ná die totstandkoming van die kletsgroep by die navorser posgevat. Die gevolg is dat die metode waarvolgens die steekproef saamgestel is op homogene steekproefneming neerkom omdat al die steekproeflede in dieselfde jaar aan dieselfde hoërskool gematrikuleer het (Dörnyei 2007:127): “The researcher selects participants from a particular subgroup who share some important experience relevant to [the] study ... In this way, this strategy allows us to conduct an in-depth analysis to identify common patterns in a group with similar characteristics.” Die steekproef hou gevolglik die voordeel in dat al die deelnemers Afrikaanse moedertaalsprekers is wat in Duh en Struwig (2015:94) se 1965-1976-begrensing van Generasie X val. 'n Nadeel is dat dit die samestelling van die steekproef op 'n niewaarskynlikheidsmetode, bepaald gerieflikheidssteekproefneming (Bryman 2016:187), skoei en dat die bevindings gevolglik nie sonder meer op alle Afrikaanssprekende lede van Generasie X van toepassing gemaak kan word nie. Inderdaad, die steekproef bestaan uitsluitlik uit wit Afrikaanssprekendes vanweë die rassesseiding wat die Suid-Afrikaanse samelewing en skoolstelsel tydens die steekproeflede se hoërskooljare in die 1970's gekenmerk het.

Die keuse van die kletsgroep is gedoen gedagtig daaraan dat dit uitdagend kan wees om SMS'e vir navorsingsdoeleindes te bekom, want hierdie boodskappe kan hoogs persoonlik wees en gevolglik deur gebruikers as vertroulik beskou word (Hakkila & Chatfield 2005, in Tossell, Kortum, Shepard, Barg-Walkow, Rahmati & Zhong 2012:660). Die probleem is omseil deur die identiteit van die deelnemers op 'n soortgelyke manier te verskans as dié wat byvoorbeeld McSweeney (2018:17), Tatman (2018) en Tagg (2012:37-42) toepas. Die werkswyse word in die bespreking van die anonimiseringsproses in §4.9.2 breedvoerig uiteengesit.

Oor die bestek van die datainsamelingsperiode was daar 'n totaal van 60 unieke bydraers tot die kletsgroep, waarvan 35 (58,3 persent) vroulik en 25 (41,7 persent) manlik was. Tabel 4-1 dui aan dat die oorgrote meerderheid van die deelnemers (51; 85,0 persent) gedurende die drie jaar in Suid-Afrika woonagtig was, terwyl die oorblywendes (nege; 15,0 persent) hulle in onderskeidelik Australië, Duitsland, Namibië, Nieu-Seeland, die Verenigde Koninkryk en die VSA bevind het (een deelnemer het tydens die datainsamelingsperiode van Namibië na Nieu-Seeland verhuis). Geeneen van die “verstrooielinge” het egter hulle vermoë om SMS'e oorwegend in Afrikaans saam te stel verloor nie en dus is hulle boodskappe by die ontleding ingesluit. Oorhoofs bestaan die steekproef uit 60 deelnemers wat (i) suksesvol

gematrikuleer het, (ii) tydens die drie jaar vanaf 22 Februarie 2018 tot 28 Februarie 2021 grootliks in Suid-Afrika woonagtig was en (iii) hulle SMS'e oorwegend in Afrikaans as matrikstaal saamgestel het.

Tabel 4-1. Geografiese verspreiding van die deelnemers

Land	Deelnemers	Persentasie
Suid-Afrika	51	85,0
Australië	3	5,0
Namibië	2	3,3
Duitsland	1	1,7
Namibië en Nieu-Seeland	1	1,7
Verenigde Koninkryk	1	1,7
VSA	1	1,7
Totaal	60	100,0

4.7 Werkswyse

4.7.1 WhatsApp as tegnologiese platform

WhatsApp is wêreldwyd 'n gewilde SMS-diens wat nie aan 'n bepaalde selfoondiensverskaffer se netwerk gekoppel is nie en dus 'n voorbeeld van 'n sogenaamde “over-the-top”-diens is (McSweeney 2018:7). WhatsApp is by verstek die tegnologiese platform waar die taaldata vir hierdie studie ontstaan het, aangesien dit deur die stigter van die kletsgroep (nie hierdie navorser nie) as die voorkeurplatform gekies is om reëlins vir die reünie te tref. Met nabetraging is een van die voordele van dié keuse dat dit tegnologieverwante variasie in die taaldata beperk, veral in die geval van grafiese elemente soos emoji wat verskillend kan lyk afhangende van die toepassings waarin dit voorkom (Okrent 2017) en tot verwarring kan lei (McSweeney 2018:14-16).

Die taalkorpus vir hierdie studie is gespesialiseer en doelgemaak in plaas van algemeen, want dit het op 'n spesifieke genre (SMS-taal), kohort (Generasie X) en taal (Afrikaans) betrekking en is vir 'n bepaalde doel (die beskrywing van kenmerkende taalvorme) aangewend (Baker 2018:173-177). Die taaldata is verder multimodaal, aangesien dit benewens woorde ook foto's, klanklêers, video's en 'n verskeidenheid grafiese simbole bevat.

4.7.2 Frekwensietellings

Die rou taaldata bevat in die geheel ongeveer 126 000 woorde, syfers en simbole en gevolglik is Microsoft Excel toegerus met Addinsoft se XLSTAT-pakket (<https://www.addinsoft.com/>) ingespan om die frekwensietellings te doen en die inligting te ontleed. Die navorser het die analise op 'n 2017-weergawe van Apple se MacBook Pro gedoen en “Microsoft Excel® for Mac” (weergawe 16.61.1) gebruik.

4.7.3 Verwerking van die taaldata

Die eerste stap in die verwerking van die rou taaldata was om dit vanaf die WhatsApp-toepassing op die navorser se iPhone X na sy MacBook Pro-skootrekenaar oor te dra. Dit is gedoen deur in die WhatsApp-toepassing op die naam van die kletsgroep te klik, ondertoe na die “Export Chat”-funksie te rol, daarop te klik en eindelijk 'n .zip-argief van die kletsgroepinhoud met behulp van die iPhone X se “AirDrop”-funksie draadloos na die MacBook Pro oor te sein. Die .zip-argief het ná oopritsing 'n totaal van 1 145 items bevat wat in die kategorieë aangedui in Tabel 4-2 uiteengeval het (die allerbelangrike kletsboodskappe is in die .txt-dokument bewaar). Daar is niks merkwaardigs aan hierdie inligting nie buiten die betreklik groot getal dokumente (42) en skakels (ook 42): Eersgenoemde het hoofsaaklik regeringsafkondigings oor die koronaviruspandemie bevat, terwyl laasgenoemde in 'n verskeidenheid gesprekskontekste aangetref is en diegene wat daarop sou klik na bestemmings soos Facebook.com, Instagram.com, Twitter.com, YouTube.com, die wêreldwye web en dergelike vir verdere inligting neem. Hierdie onderwerp word in hoofstuk 7 herbesoek wanneer die pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans bespreek word.

Tabel 4-2. Die inhoud van die WhatsApp-kletsgroep

Item	Lêerformaat	Getal	Persentasie
Foto's	.jpeg	724	63,2
Video's	.mp4	285	24,9
Dokumente	.docx, .pdf, .txt	42	3,7
Skakels	—	42	3,7
Klanklêers	.amr, .m4a, .mp3, .opus	34	3,0
Plakkers	.webp	11	1,0
GIFs	.mp4	5	0,4
Visitekaartjies	.vcf	2	0,2

Item	Lêerformaat	Getal	Persentasie
Totaal		1 145	100,0

In die tweede stap is al die inligtingselemente in Microsoft Excel opgeneem (FILE > IMPORT > FILE ORIGIN), met die keuse van lêeroorsprong as “Unicode (UTF-8)” om te verseker dat al die tipografiese elemente in die taaldata in Microsoft Excel sigbaar is. Hierdie stap het ’n sigblad van 4 048 boodskappe – opgesluit in die 1 145 inligtingselemente in Tabel 4-2 – gelewer. ’n Verteenwoordigende voorbeeld van die manier waarop elk van die inligtingselemente in Microsoft Excel opgeneem is, verskyn in Tabel 4-3:

Tabel 4-3. Voorstelling van inligtingselemente ná opname in Microsoft Excel

Element	Voorbeeld van boodskap in Microsoft Excel	Getal boodskappe	Persentasie
Kletsboodskappe	“Stem!! Ouderdom doen jou brein net goed 😄😄”	2 728	67,4
Foto’s	“<attached: 00000714-PHOTO-2018-05-25-04-40-04.jpg>”	724	17,9
Video’s	“<attached: 00000139-VIDEO-2018-02-23-07-52-26.mp4>”	285	7,0
Aangestuurde boodskappe	“Forwarded: The 10 most important things we learned about the coronavirus from Cyril’s speech ...” (res van boodskap bondigheidshalwe deur navorser weggelaat)	79	2,0
Administratief	“M13 changed their phone number to a new number. Tap to message or add the new number.”	47	1,2
Dokumente	“COVID-19 Update 6 May 2020.docx”	42	1,0
Skakels	“https://www.youtube.com/watch?v=DW8Y9F8dQkI”	42	1,0
Klanklêers	“<attached: 00000273-AUDIO-2018-02-28-11-52-39.opus>”	34	0,8
Uitgeveëde boodskappe	“This message was deleted.”	26	0,6
Kettingbriewe	“Van Ds. Fanie: [Boodskap] Share asb.” (res van boodskap bondigheidshalwe deur navorser weggelaat)	15	0,4
Plakkers	“<attached: 00003046-STICKER-2020-05-26-09-23-33.webp>”	11	0,3

Element	Voorbeeld van boodskap in Microsoft Excel	Getal boodskappe	Persentasie
Bankbesonderhede	“BANK spaar rek. Rek naam : REKENINGNAAM. Rek nr. REKENINGNOMMER. Tak: TAKNOMMER” (inligting doelbewus deur navorsers verskans)	8	0,2
GIFs	<attached: 00000801-GIF-2018-07-04-02-11-40.mp4>	5	0,1
Visitekaartjies	<attached: 00001999-V7 NZ.vcf>	2	0,05
Totaal		4 048	100,0


Die ontleding van die pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-Afrikaans in hoofstuk 7 is op 4 001 boodskappe uitgevoer, aangesien die administratiewe boodskappe uit die ontleding weggelaat is omdat dit werktuiglik deur WhatsApp saamgestel en gestuur is en uitsluitlik in Engels verskyn het. Daarteenoor het die ontleding van die onderskeidende stylkenmerke n t op die boodskappe berus wat s lf deur die deelnemers aan die kletsgroep saamgestel is. Dit het daartoe gelei dat die 2 728 kletsboodskappe, tesame met 109 boodskappe wat die deelnemers by sommige van die foto’s en video’s ingesluit het, ’n stel van 2 837 boodskappe gelewer het wat as die kerndata vir die ontleding van die mikrolinguistiese, tipografiese, sintaktiese en leksikale kenmerke in hoofstuk 5 en 6 gebruik is.

4.8 Korpusinhoud

4.8.1 Bydraers

Die verwerking van die rou taaldata het 4 001 boodskappe gelewer wat as geskik vir ontleding van beide die onderskeidende stylkenmerke en die pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-Afrikaans beskou is. Hierdie boodskappe is deur ’n totaal van 60 deelnemers aan die kletsgroep voortgebring; die vroue het vir 2 095 (52,4 persent) van die boodskappe gesorg en die mans vir 1 906 (47,6 persent). Daar was in die geheel dus ’n goeie balans tussen vroue en mans in soverre dit die totale getal ontleedbare boodskappe aangaan, hoewel die mans meer boodskappe per deelnemer (76,2) as die vroue (59,9) gestuur het. Dit is ook reeds in §4.7.3 bespreek dat die kern van die taaldata vir die ontleding van die mikrolinguistiese, tipografiese, sintaktiese en leksikale kenmerke 2 837 boodskappe beslaan. In hierdie geval was die vroulike

deelnemers vir 1 705 (60,1 persent) van die boodskappe verantwoordelik en die mans vir 1 132 (39,9 persent). Op 'n gemiddelde grondslag is die oënskynlike wanbalans tussen die genders egter veel kleiner, want die vrou het 48,7 (= 1 705 / 35) en die mans 45,3 (= 1 132 / 25) boodskappe per deelnemer saamgestel.




Figuur 4-1. Die verspreiding van SMS'e oor al die deelnemers heen

Agtien (30,5 persent) van die deelnemers was vir 80,7 persent van die 4 001 boodskappe verantwoordelik en dus benader die verhouding tussen die deelnemers en die getal boodskappe 'n Pareto-verspreiding²⁰ volgens Figuur 4-1. Een deelnemer – die skepper van die kletsgroep en lid van die reëlingskomitee vir die reünie – was vir 474 (11,8 persent) van die totale getal boodskappe verantwoordelik. Alhoewel dit 'n betreklike groot getal is wat die bevindings moontlik kan verdraai, is die navorser van mening dat die totale getal boodskappe groot genoeg is dat dit nie die geval sal wees nie en gevolglik is hierdie deelnemer se boodskappe by die ontleding ingesluit. Verder is die moontlik verdraaiende effek van die “onmisbare enkeles” in die steekproef teëgewerk deur die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies as dié te klassifiseer wat onder 'n meerderheid van die deelnemers waargeneem is.


Die verspreidings vir die mans en vrou verskyn in onderskeidelik Figuur 4-2 en Figuur 4-3. Onder die mans was agt (8 / 25 = 32,0 persent) van die deelnemers vir 82,9 persent (1 581) van die totale getal

²⁰Die Pareto-beginsel staan ook as die 80/20-reël of die wet van die onmisbare enkeles (“law of the vital few”) bekend, waarvolgens 80 persent van vele verskynsels uit slegs 20 persent van die moontlike oorsake afstam. Die beginsel is te danke aan Vilfredo Pareto, 'n negentiende-eeuse, Italiaanse ekonoom en sosioloog (Goldsmith 2021:211).

boodskappe voortbring deur hierdie gendergroep verantwoordelik. Dié stand van sake verander nie veel wanneer ál die boodskappe van die kletsgrøepskepper buite rekening gelaat word nie, want dan verteenwoordig die volgende agt ($8 / 24 = 33,3$ persent) van die manlike deelnemers 82,1 persent (1 109) van hierdie gendergroep se totale getal boodskappe. Die situasie is merkwaardig soortgelyk onder die vroue, want 11 ($11 / 35 = 31,4$ persent) van die deelnemers was vir 82,1 persent (1 720) van die totale getal boodskappe voortbring deur hierdie gendergroep verantwoordelik. Hieruit kan afgelei word dat die taaldata betreklik ewewigtig is in soverre daar soortgelyke verspreidings vir die mans en die vroue is.



Figuur 4-2. Die verspreiding van SMS'e onder die manlike deelnemers



Figuur 4-3. Die verspreiding van SMS'e onder die vroulike deelnemers

4.8.2 Onderwerpe

Die WhatsApp-kletsgroep is oorspronklik geskep om reëlins vir 'n hoërskoolreünie te tref, maar dit het ooglopend 'n leemte gevul deur 'n eens hegte matriekklas toe te laat om ou vriendskappe te hernu. Die gevolg is dat die kletsgroep taaldata voortgebring het wat uiteenlopende geleenthede, gesprekke en onderwerpe dek om tot aansienlike verskeidenheid in die taaldata aanleiding te gee. Tagg (2012:29) bespreek hoe belangrik dit is om die linguïstiese kenmerke van SMS-taal uit natuurlike, alledaagse taalgebruik te loog en dit nie op interessante, dog kunsmatige, situasies te begrond nie. Verheijen en Stoop (2016:251) beklemtoon hierdie punt in die samestelling van 'n korpus van die SMS-Nederlands aangetref op Facebook en WhatsApp: “The data thus represent authentic, original, unmodified messages that were composed in completely natural, non-experimental conditions.”

Die 2 837 boodskappe geskik vir ontleding van die mikrolinguïstiese, tipografiese, sintaktiese en leksikale kenmerke dek volgens die uiteensetting in Tabel 4-4 'n wye verskeidenheid onderwerpe. Die deelnemers se reaksies op allerlei grappe (675 boodskappe; 23,8 persent) en hulle boodskappe rondom die aanloop tot, bywoning en afloop van die reünie (618; 21,8 persent) verteenwoordig gesamentlik 45,6 persent van die totale getal geanaliseerde boodskappe (2 837). Daar was heelwat boodskappe oor die betoon van medelye (309; 10,9 persent), aangesien die deelnemers nie geskroom het om hospitaliserings, motorongelukke,

siekte en sterftes op die kletsgroep te berde te bring nie. Heelwat boodskappe oor verjaarsdae (196; 6,9 persent), kommentaar en vrae oor die koronaviruspandemie (163; 5,7 persent) en liefdadigheidsaktiwiteite (136; 4,8 persent) het tot die rykheid van die taaldata bygedra. Onder die magdom foto's en video's (724 + 285 = 1 734; cf. Tabel 4-2) wat die deelnemers oor die bestek van drie jaar met mekaar gedeel het, was daar 109 (3,8 persent) waarop hulle self kommentaar gelewer het en wat dus ook by die ontleedbare taaldata ingesluit is. Boodskappe oor aangename of interessante gebeure oor gedeelde belangstellings (106; 3,7 persent), 'n geskerts (86; 3,0 persent), dié van 'n godsdienstige aard (61; 2,2 persent) en dié oor die steekproef se alma mater het verder tot die verskeidenheid in die taaldata bygedra. Eenmalige boodskappe wat nie tot gesprekvoering gelei het nie en dié wat tot betreklik kort gespreksrade aanleiding gegee het, is in 'n vergaarbakkategorie – “Allerlei” (315; 11,1 persent) – geplaas wat óók 'n uiteenlopende reeks onderwerpe gedek het, onder meer die voortslepende grondonteeningskwessie, die listeriose-uitbreking van 2017-2018, die loopvlakineenstorting vroeg in 2019 by die Hoërskool Driehoek in Vanderbijlpark en die ammoniumnitraatontploffing in Beiroet in Augustus 2020. Onder die 2 837 boodskappe was daar net 4 (0,1 persent) wat nie logies geklassifiseer kon word nie omdat hierdie boodskappe verkeerdelik na dié besondere kletsgroep gestuur is.

Tabel 4-4. Onderwerpe deur die taaldata gedek

Onderwerp	Totaal	Persentasie
Grappe	675	23,8
Reünie	618	21,8
Allerlei	315	11,1
Medelye	309	10,9
Verjaarsdae	196	6,9
Koronaviruspandemie	163	5,7
Liefdadigheid	136	4,8
Foto's en video's	109	3,8
Klasmaats	106	3,7
Geskerts	86	3,0
Godsdiens	61	2,2
Alma mater	59	2,1
Onbekend	4	0,1
Totaal	2 837	100,0

Oorhoofs verskaf die uiteenlopende onderwerpe taaldata met boodskappe wat dieselfde eienskappe as dié van Verheijen en Stoop (2016:251) se korpus van SMS-Nederlands het, naamlik eg, oorspronklik, onveranderd en saamgestel onder natuurlike, nie-eksperimentele omstandighede. Dit dra tot die nougesetheid van hierdie studie by deur tegelyk die ekologiese geldigheid daarvan te verhoog (Bryman 2016:42) en as teenvoeter vir Silverman (2005, aangehaal in Dörnyei 2007:56) se bedenkinge oor die anekdotiese aard van kwalitatiewe navorsing te dien.

4.9 Etiekklaring en inligtingsanonimisering

4.9.1 Etiekklaring

Unisa (2016) se etiekklaringsproses is noukeurig tydens hierdie studie gevolg. Die navorser het nie oorspronklik by die kletsgroep aangesluit met die oog op hierdie studie nie – die idee om 'n taalkundige ontleding op die kletsgroepboodskappe te doen het eers heelwat later by hom posgevat. Daar is voor die aanvang van die ontleding vir etiekklaring by Unisa se Fakulteit Geesteswetenskappe aansoek gedoen en goedkeuring is toegestaan (verwys na Bylaag 1 vir die etiekklaringsertifikaat). Vervolgens is ingeligte toestemming by die deelnemers bekom. Dit is gedoen deur 'n afsonderlike boodskap aan elkeen te stuur waarin die doel van die studie kortliks beskryf is en dit aan hulle verduidelik is dat deelname vrywillig is en dat daar op enige tydstip aan die studie onttrek kan word. Die deelnemers is verder meegedeel dat die studie aan privaatheidswetgewing sal voldoen deur alle persoonlike inligting deeglik te verskans (meer in §4.9.2 hieroor), dat omstrede kwessies (byvoorbeeld politieke menings) nie in voorbeelde sal opduik nie en dat die resultate van akademiese belang is en weldra in 'n verhandeling of vaktydskrifte gepubliseer sal word. Betreffende laasgenoemde het die navorser onderneem om die deelnemers op die hoogte van sake te hou deur hulle te laat weet sodra die bevindings amptelik gepubliseer is.

Die rou taaldata het die insette van 68 deelnemers aan die kletsgroep bevat. Die navorser het ter wille van onkreukbaarheid sy eie boodskappe (21) uit die rou taaldata verwyder. Die meerderheid van die deelnemers (60 / 67 = 89,6 persent) het entoesiasies ingestem om aan die studie deel te neem deur al hulle kletsboodskappe vir ontleding beskikbaar te stel. Onder die oorblywende sewe was daar net één deelnemer wat volstrek geweier het, drie kon nie bereik word nie en drie is tydens die datainsamelingsperiode oorlede. Hierdie deelnemers se boodskappe is ook geheel en al uit die rou taaldata verwyder – die enigste spoor van hulle deelname aan die kletsgroep is die verwysings na (*OORLEDE*) *KLASMAAT* (meer in §4.9.2 oor die anonimiseringskonvensie) in enkele van die voorbeelde in hierdie verhandeling.

4.9.2 Anonimisering

Alle inligting waarmee die deelnemers regstreeks geïdentifiseer sou kon word, is deeglik verskans. In hierdie stap is Unisa (2016) se beleid oor die etiek van navorsing op mense nougeset gevolg. Die steunpilare van die beleid is dat (i) navorsing niemand skade moet berokken nie, (ii) deelname op grond van ingeligte toestemming vrywillig moet wees en (iii) deelnemers op hulle privaatheid moet kan staatmaak. Die beleid maak dit duidelik dat “[a]ll research participants have the right to privacy to the extent permitted by law or as directed by legal frameworks” (Unisa 2016:16). Laasgenoemde het daartoe gelei dat al die steekproefdele se persoonlike inligting in hierdie studie as vertroulik behandel is.

Tagg (2012:37-42) gee ’n breedvoerige uiteensetting van die werkswyse om te volg ten einde SMS-taaldata anoniem te maak; sy vermaan dat anonimisering nie ’n eenvoudige taak is nie, want die proses moet tegelyk doeltreffend wees én die taaldata so ongeskonde as moontlik laat. Tagg se metode is grootliks in hierdie studie gevolg met die aanpassing dat genderaanduiders behou is ten einde die uitkenning van moontlike genderverskille in die taaldata moontlik te maak:

- Die noem-, by- en toename van die mans en vroue is na onderskeidelik MX ($X = 1, 2 \dots 25$) en VY ($Y = 1, 2 \dots 35$) verander. Dit lei daartoe dat voorbeelde van SMS’e in hoofstukke 5-9 soos in voorbeeld (1) hier onder daar uitsien: V7 is die vroulike samesteller van ’n boodskap waarin sy twee klasmaats – vrouedeelnemer V4 en mansdeelnemer M16 – met hulle verjaarsdae gelukwens:

(1) V7: Woohoo! Lekker verjaar, V4 en M16. (M16, gelukkig is ons BAIE jonger as jy...😄)

- Die naam van enigiemand buite die kletsgroep wat deur ’n steekproefdeelnemer geëien is, is na ’n etiket verander wat die verhouding tussen daardie persoon en die betrokke steekproefdeelnemer beskryf, byvoorbeeld *BABA*, *DOGTER*, *EGGENOOT*, (*LOORLEDE*) *KLASMAAT*, (*LOORLEDE*) *ONDERWYSER*, *OUER*, *SEUN*, *SUSTER*, *SWAER* en dies meer. Skuinsgedrukte hoofletters is deurgaans gebruik ten einde identiteitsverskansing te onderskei van hooflettergebruik deur die kletsgroepdeelnemers soos wat deur V4, M16 en “BAIE” in voorbeeld (1) geïllustreer word. Voorbeeld (2) illustreer identiteitsverbloeming op grond van verhoudings:

(2) M2: 😄😄😄😄😄😄. V14, ONDERWYSER sal trots wees op jou!

- Bankbesonderhede, telefoonnommers en die name van aftreecoarde, bejaardeversorgingsentrums, dorpe, geleenthede, gholfbane, hoërskole, hospitale, inkopiesentrums, kinderhuise, liefdadigheidsorganisasies, lokale, lugdienste, natuurreservate, provinsies, restaurante, skoolleuses, sportspanne en -sterre, stede, strande, strate, webblaai, werkgewers, winkels, woonbuurte, sowel as algemene mans- en vrouename, is waar nodig met die ooreenstemmende soortname vervang en ook deurgaans in skuinsgedrukte hoofletters aangebied aldus voorbeeld (3).

(3) V2: Baie dq almal ❤️😊 M7 hy vat my darem *LOKAAL* toe nawk 😊 cabin fever hier in *ALMA MATER-STAD* raak groot 😊

- Alle datums en jaartalle is na *DATUM* en *JAARTAL* verander soos wat in voorbeeld (4) vir *DATUM* aangedui word.

(4) M9: Vir Aandag golfers. Ons is ingeskryf vir *DATUM* in *BESIGHEID* se Golfdag by *GHOLFBAAN*. Afslaantyd: 12:44 op die eerste bof. (NS. *M10*, jou twee golfkarretjies is ook geboek.) *ALMA MATER* Golfgroete!!

- Boodskappe oor sensitiewe onderwerpe, byvoorbeeld hospitaliserings, motorongelukke, siekte en sterftes, is wel by die ontleding van die taaldata ingesluit, maar geeneen van hierdie boodskappe is as voorbeelde in hierdie verhandeling gebruik nie.

4.10 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetodologie vir die studie in oënskou geneem. Die kernbesluite oor die navorsingstrategie, navorsingsontwerp en navorsingsmetode is eers bespreek voordat aandag aan nougesetheid gewy is. Daarna is die samestelling van die steekproef en die werkswyse wat gevolg is om 'n naamlose, ontleedbare stel taaldata daar te stel breedvoerig uiteengesit. Die inhoud van die taaldata is belig deur aan te dui hoe gereeld die deelnemers daartoe bygedra het en te bespreek watter onderwerpe hulle aangeroei het. Dit blyk dat (i) die steekproef in die breë die Pareto-beginsel volg, (ii) daar 'n betreklik ewewigtige verspreiding tussen mans en vroue is op grond van die gemiddelde getal boodskappe per deelnemer en (iii) 'n wye spektrum onderwerpe gedek word om die taaldata beide geloofwaardig en verteenwoordigend van die steekproef se alledaagse SMS-Afrikaans te maak. Laasgenoemde bevorder die

ekologiese geldigheid en nougesetheid van die studie. Die hooftrekke van die navorsingsmetodologie word in Tabel 4-5 opgesom.


Tabel 4-5. Sleutelbesluite oor die navorsingsmetodologie

Onderwerp	Oorweging	Keuse
Navorsingstrategie	• Verhouding tussen teorie en waarneming	• Induksie
	• Epistemologie	• Interpretatief
	• Ontologie	• Konstruktief
	• Oorkoepelende benadering	• Kwalitatief
Navorsingsontwerp		• Deursnee
Navorsingsmetode	• Datainsamelingsmetode	• Netnografie
	• Instrument	• Virtuele dokument
Nougesetheid		• Datainsamelingsmetode en navorsersintegriteit
Steekproefsamestelling		• Homogene, gerieflikheidsteekproefneming
Werkswyse	• Datainsamelingsplatform	• WhatsApp
	• Dataverwerkingsagteware	• Microsoft Excel (weergawe 16.61.1)
	• Dataontledingsagteware	• Microsoft Excel (weergawe 16.61.1)

5 MIKROLINGUISTIESE EN TIPOGRAFIESE KENMERKE

5.1 Ten aanvang

In hierdie hoofstuk word die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans belig om die eerste navorsingsvraag uiteengelê in §1.4 te beantwoord: *Wat is die kenmerkende mikrolinguistiese en tipografiese vorme van Generasie X se SMS-Afrikaans?* Die aard van die ontleding word in Figuur 5-1 vir die mikrolinguistiese kenmerke geïllustreer:



Figuur 5-1. Illustrasie van die ontleding van die mikrolinguistiese kenmerke van SMS-Afrikaans

Onderliggend aan die ontleding lê die norme van Standaardafrikaans, aangesien die onderskeidende stylkenmerke tot stand kom wanneer SMS-taal met standaardtaal vergelyk word. Carstens (2018:5) voer aan dat die norme van 'n taal " 'n toestand [is] wat vir die gebruikers die gewone of mees algemene is en waarna hulle hulle moet rig in bepaalde situasies, hetsy op sosiale of taalkundige vlak" (sy skuinsgedruk). Carstens borduur hierop voort deur die tweeledige aard van hierdie toestand te verduidelik: "[D]it geld nie net as *konvensie* of *riglyn* vir die wyse waarop mense sosiaal moet verkeer of die taal behoort te gebruik nie, maar dit dien agterna as *beoordelingsmaatstaf* om te kontroleer of die gestelde verwagtinge wel verwesenlik is" (weereens sy skuinsgedruk). Die "beoordeling" in hierdie studie is ter wille van beskrywing eerder as kritiek. Vier bronne is dienooreenkomstig as beoordelingsmaatstawwe en verteenwoordigend van Standaardafrikaans ingespan, naamlik *Norme vir Afrikaans: Moderne Standaardafrikaans* (Carstens 2018),

Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (“AWS” hierna; Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 2017), *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (“HAT” hierna; Luther, Pfeiffer & Gouws 2015) en *Skryf Afrikaans van A tot Z: Die Essensiële Gids vir Taalgebruikers* (Müller & Pistor 2011).

Twee oorwegings verdien spesiale melding hier:

1. Die taaldata word deurgaans so getrou as moontlik weergegee. Die enigste redigering het tydens die anonimiseringsproses uiteengesit in §4.9.2 plaasgevind – spel-, tik- en taalfoute, sowel as ander eienaardige verskynsels in die taaldata, is gevolglik dié van die deelnemers aan die kletsgroep en in die voorbeelde onaangeraak gelaat.
2. Dit het vinnig uit die ontleding van die taaldata duidelik geword dat die deelnemers aan die steekproef in baie gevalle skryf soos wat hulle praat, met die gevolg dat hulle SMS-Afrikaans in wese ’n verskrifteliking van Omgangsafrikaans is. Dit druis egter in teen die oogmerk van hierdie studie, naamlik om die *onderskeidende* stylkenmerke van SMS-Afrikaans te karteer. Die navorser het derhalwe gepoog om ’n balans te handhaaf deur die taaldata so nougeset as moontlik volgens die gekose raamwerke te ontleed, maar waar nodig die aandag daarop te vestig dat ’n bepaalde verskynsel net so geredelik in Omgangsafrikaans as in SMS-Afrikaans voorkom en dus nie as “onderskeidend” gereken behoort te word nie. Daar word in die samevatting aan die einde van die hoofstuk na hierdie kwessie teruggekeer.

5.2 Mikrolinguistiese kenmerke

Die mikrolinguistiese kenmerke van SMS-taal behels die fonologiese, morfologiese en ortografiese eienskappe daarvan (Bieswanger 2013:463). Twee raamwerke is aanvanklik vir die ontleding van hierdie kenmerke oorweeg, naamlik dié van Saal (2015:2-5) en dié van Verheijen (2018:117-119) – eersgenoemde omdat dit alreeds op SMS-Afrikaans toegepas is en laasgenoemde omdat dit uit die SMS-Nederlands op onder meer WhatsApp gelooë is. By nadere beskouing blyk dit egter dat daar ’n groot mate van oorvleueling tussen hierdie raamwerke is en gevolglik is daar op Verheijen s’n besluit omdat dit betrekking het op WhatsApp, wat ook die tegnologiese platform is waarop die onderhawige studie berus. Dit is ’n belangrike oorweging, want Verheijen (2018:125-132) het bevind dat die mikrolinguistiese kenmerke onder andere van die medium (byvoorbeeld MSN Messenger, Twitter en WhatsApp) afhang. Verheijen se raamwerke vir die fonologiese en morfologiese kenmerke verskyn in Bylaag 2, terwyl dié vir die ortografiese kenmerke in Bylaag 3 saamgevat is.

5.2.1 Fonologiese en morfologiese kenmerke

Verheijen (2018:117-119, 121) se raamwerk vir die fonologiese en morfologiese kenmerke van Nederlandse tieners en jongmense se SMS-taal omvat 12 kategorieë wat in die breë met drie soorte tikbewerkings ooreenstem, naamlik reduksie (voorletterwoorde, letterweglating, knipsels, eindweglating en standaardtaalafkorting), vervanging (fonetiese herspelling, homofone gebaseer op een letter of syfer, alfanumeriese homofone, visuele herspelling en aksentstilering) en byvoeging (letterherhaling en lawwighe/speelsheid). Met die uitsondering van eindweglating en visuele herspelling, waarin een of meer letters van 'n woord met 'n grafiese simbool vervang word wat opsigtelik daarmee ooreenstem (byvoorbeeld *m%oi < mooi*), is al die kategorieë in 'n meerdere of mindere mate in die steekproef se SMS-Afrikaans aangetref. Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat die ontleding van die fonologiese en morfologiese kenmerke aan 'n mate van dubbelsinnigheid onderhewig is, want dieselfde verskynsel kan op verskillende maniere gekategoriseer word. Voorbeeld (1) dien ter illustrasie:

- (1) V2: Sou maar moeilik gewees ht v n paar v ons klas 😊

In hierdie voorbeeld kan *v* as 'n voorletterwoord, letterweglating of standaardtaalafkorting beskou word. Hoewel Verheijen (2018:117) nie skroom om dieselfde verskynsel aan verskillende kategorieë toe te ken nie, het hierdie navorser verkies om dieselfde verskynsel so ver as moontlik bestendig aan 'n enkele kategorie toe te sê. Dit is nie willekeurig gedoen nie: In die geval van (1) is *v* byvoorbeeld deurgaans as die standaardtaalafkorting van “vir” of “van” gereken op grond van die opname daarvan in die AWS (2017:620) en die feit dat (i) voorletterwoorde volgens Verheijen (2018:118) se definisie op die eerste letter van 'n kompleks, frase of sin afgestem is (“vir” en “van” is simplekse), en (ii) letterweglating na weglating binne die grense van 'n woord verwys (*v* verteenwoordig vokaalweglating binne die grense van “vir” of “van” én konsonantweglating op die regtergrense van hierdie woorde). Soortgelyke oorwegings het die bestendige kategorisering van al die fonologiese en morfologiese kenmerke in die onderstaande ontleding gerig.

5.2.1.1 Aksentstilering

Aksentstilering verwys na die verskynsel waar woorde gespel word soos wat hulle in die omgangstaal uitgespreek word, byvoorbeeld *lama < laat maar* (Verheijen 2018:118). Thurlow (2003:14-15) beskou die verskynsel as een van die sosiolinguistiese grondstellings van SMS-taal en verwys daarna as fonologiese benadering. Aksentstilering was betreklik volop in die taaldata, want dit is in 263 boodskappe (263 / 2 837

= 9,3 persent) saamgestel deur 30 ($30 / 60 = 50,0$ persent) van die deelnemers waargeneem. Voorbeelde (2)-(10) dien ter illustrasie: In (2) en (3) verskyn *da* < *daar* en *ga(t)* < *gaan* – Saal (2015:4) beskryf die weglating van die navokaliese [r] in [da:] en die navokaliese [n] in [xa] as 'n algemene verskynsel in SMS-Afrikaans. Twee verdere voorbeelde hiervan verskyn in (4) en (5) vir *Seke* < *Seker* en *Wanne* < *Wanneer*. In (6) en (7) word die aaneenskakeling van woorde deur algehele progressiewe assimilasie uitgebeeld, met *issie* < *is nie* in (6) en *weetie* < *weet nie* in (7) in ooreenstemming met Saal (2015:3) se bevindings. Voorbeelde (8) en (9) verbeeld verkortings van *het*, wat volgens Saal (2015:3) algemeen in beide Afrikaanse spreek- en SMS-taal is: *Ekt* < *ek het* in (8) en *Nout* < *Nou het* in (9). Voorbeeld (10) illustreer die verkorting van *nou is* tot *nous*.

- (2) M2: Ok, ok,ok. Julle het my oortuig dis tyd vir n koue enetjie na die lang week, so cheers, **da gat** hy
- (3) V2: Jipee ek **ga** more mense sien as ek hard! 🤔
- (4) M8: **Seke** so 18h00....
- (5) V3: Brood???**Wanne** laas het hy brood gekoop...brood is gek duur!!
- (6) M20: Jaaa M17, n boerrr **issie** speletjies 🤔👍
- (7) V13: Ek **weetie** van ou klere nie.
- (8) M1: **Ekt** nou v *ONDERWYSER* gesien, hy se hy mis ons kuier v niks
- (9) V2: **Nout** ek regtig lkr hardop gelag 🤔🤔🤔🤔
- (10) V13: Ek moes my chats uitvee want my foon se memory kan nie die verkeer in ons whatsapp groep dra nie **nous** dit weg

Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat die deelnemers skryf soos wat hulle praat – 'n verskynsel wat deur Thurlow en Poff (2013:177) soos volg verduidelik word: “In their text messages, texters ‘write it as if saying it’ to establish a more informal register, which in turn helps to do the kind of small talk and solidary bonding they desire for maximizing sociality.”

5.2.1.2 Alfnumeriese homofone (die rebusbeginsel)

Alfanumeriese homofone verwys in Verheijen se raamwerk na die vervanging van 'n *woorddeel* met 'n letter of syfer wat fonologies daarmee ooreenstem. Dit beteken dat hierdie kategorie die rebusbeginsel verteenwoordig waarvolgens die klankwaardes van die simbole van 'n taal gebruik word om woorddele voor te stel (Yule 2020:251). Verheijen (2018:118) verskaf onder meer *suc6* < *success* (“sukses”) en *btje* < *beetje* (“bietjie”) as voorbeelde waar die klankwaardes van die syfer 6 ([sɛs]; Le Roux & Pienaar 1976:195) en die letter *b* ([be:]; Le Roux & Pienaar 1976:14) gebruik is om die aangeduide woorddele te vervang. Dit blyk dat hierdie verskynsel uiters skaars in die SMS-Afrikaans van die steekproef is, want dit is in net een boodskap (0,04 persent) gestuur deur een deelnemer (1,7 persent) teëgekom. Dié voorbeeld verskyn in (11), waar *ldag* as 'n reduksievorm vir “eendag” dien.

(11) M8: *V8*, hoop om **ldag** 'n sample te kan proe... 🤔👉

5.2.1.3 Eindweglating

Eindweglating word deur Verheijen (2018:118) as die weglating van net die laaste letter van 'n woord gedefinieer – gewoonlik 'n onuitgesproke *-n* [byvoorbeeld *lache* < *lachen* (“lag”)] of *-t* [byvoorbeeld *nie* < *niet* (“nie”)]. Dit is duidelik dat hierdie kategorie op grond van die gewone geskrewe vorm van 'n woord in plaas van die fonetiese transkripsie daarvan geïnterpreteer moet word, anders is daar uitermate oorvleueling tussen eindweglating en aksentstilering (kyk §5.2.1.1). Ter illustrasie: Die aksentstilering van *daar* ([da:r]) gee in die taaldata aanleiding to *da* ([da:]), wat volgens Verheijen se definisie op die oog af ook as die eindweglating van */r/* gereken sou kon word. Eindweglating is derhalwe in hierdie studie as van toepassing op gewone skryftaal geïnterpreteer, waarvan *han* < *hand* 'n voorbeeld sou wees. Geen voorkoms van hierdie verskynsel kon in die taaldata opgespoor word nie.

5.2.1.4 Fonetiese herspelling

Fonetiese herspelling verwys volgens Verheijen (2018:118) na die vervanging van een of meer letters van 'n woord deur gepaste grafeem-foneempatrone in die standaardtaal; sy gebruik onder meer *nix* < *niks* as 'n voorbeeld. In hierdie studie was daar 113 boodskappe (4,0 persent) waarin dié verskynsel opgeduik het, met 14 deelnemers (23,3 persent) wat daarvoor verantwoordelik was. Enkele verteenwoordigende voorbeelde verskyn in (12)-(17): In (12) word *tjie* “foneties” as *k* voorgestel en in beide (12) en (13) word

ie foneties as *i* weergegee; in (14) word *ks* deur *x*, met die klankwaarde [eks] (Le Roux & Pienaar 1976:267) verbeeld. In (15) word *doedoe* (kindertaal vir slaap; Luther, Pfeiffer & Gouws 2015:209) eers tot *doeks* gereduseer, voordat *oe* foneties voorgestel word deur *u*, wat dieselfde klankwaarde as die *u* in die Engelse *put* (“plaas” of “sit”) het en deur *ks* met *x* te vervang. In voorbeeld (16) ontstaan *dq* uit *dankie* deur onder meer die klankwaarde van die letter *q* ([ky]; Le Roux & Pienaar 1976:180) in te span. Voorbeeld (17) illustreer hoe sommige van die deelnemers bestendig van fonetiese herspelling in hulle boodskappe gebruik maak.

(12) M1: Julle ekt sover 159 fotos.... Gooi **biki** daai pics toe

(13) M2: n Bietjie plaas humor vir al **di** oupas en oumas...😂😂😂

(14) M6: Stem **thx** julle 🙌🙌

(15) V12: 🙄🙄 Whatever. Lekker **dux**. Sien uit daarna om julle te sien.

(16) V2: Baie **dq** almal ❤️😊 M7 hy vat my darem *LOKAAL* toe nawk 😊 cabin fever hier in *ALMA MATER-STAD* raak groot 😊

(17) V3: **Maatji** wat v my funny is...is d rede..wat d persoon gee.....**ni** maag..of ontwatering..of so iets **ni**...net as ek dink ek het nou als gesien...dan is da nog iets....

5.2.1.5 Homofone gebaseer op 'n enkele letter of syfer

Verheijen (2018:18) omskryf hierdie kategorie as een waarvan die lede gevorm word wanneer 'n *volwoord* deur 'n enkele letter of syfer vervang word wat fonologies daarmee ooreenstem; sy gebruik 4 vir *for* (“vir”) as 'n voorbeeld. Saal voer aan dat hierdie verskynsel in SMS-Afrikaans grootliks op leenwoorde uit Engels berus; hy haal Freudenberg (2009:46, in Saal 2015:4) en Olivier (2013:499, in Saal 2015:4) aan om dit vir beide syfer- en letterhomofone te staaf. Saal se aanspraak word deur die taaldata bevestig, want homofone gebaseer op 'n enkele letter of syfer kon in slegs twee boodskappe (0,1 persent) saamgestel deur twee

vroulike deelnemers (3,3 persent) opgespoor word.²¹ Die boodskappe verskyn in (18) en (19) en is in al twee gevalle op die Engelse letterhomofoon *u* vir *you* (“jou”) geskoei.

(18) V3: Good for **u** *VI7*!!

(19) V15: Oor en uit van my kant af ook! Duisend dankie's dat ek oor die afstand ook daar kon wees 🍷🍷! Dankie vir al die kiekies 🍷!!! Love **u** all 😊. *VI5*.

5.2.1.6 Knipsels

Verheijen (2018:118) gebruik die terme “shortening” en “truncation” om te verwys na die weglating van óf die begin óf die einde van ’n woord. Haar voorbeelde (*wan* < *wanneer* is een wat met Afrikaans ooreenstem) dui egter daarop dat hierdie kategorie knipsels verteenwoordig: Volgens Combrink (1990:56) is ’n knipsel ’n “woord wat uit ’n grondwoord gemaak word deur laasgenoemde se vorm te reduseer, sonder inagneming van die morfologiese struktuur van die woord.” Hierdie beskrywing stem met Verheijen se voorbeelde ooreen. Knipsels is in 67 (2,4 persent) van die boodskappe saamgestel deur 13 (21,7 persent) van die deelnemers aangetref. Voorbeelde (20)-(23) dien ter illustrasie van onderskeidelik *verjdag* < *verjaarsdag*, *voggend* < *vanoggend*, *brekkie* < *brekfis* (’n verafrikaansing van die Engelse *breakfast*) en *Saterdagogg* < *Saterdagoggend*. Let op dat *Joburg* in (23) nie as ’n SMS-taalverskynsel aangedui is nie omdat dit verbreed in Omgangsafrikaans voorkom.

(20) M21: Geluk aan *EGGENOOT* met die groot 5 **verjdag** more op *DATUM*, ek darem eers oor *GETAL* weke daar !

(21) V3: Hallo reunie maatjies!!!Hoe is julle so still **voggend**!!Was d "koffie"te sterk gisteraand"????

(22) M7: *V3*...ons beurt om hulle jaloers te maak... kom nou terug van stap op *STRAND*...nou vir **brekkie** by *RESTAURANT*

²¹Die gebruik van *d* vir “die” word soms in die literatuur as ’n voorbeeld van ’n letterhomofoon gegee op grond van die Engelse uitspraak van die letter *d* (vgl. Saal 2015:4 en Olivier 2013:499). Dit is egter in hierdie studie as ’n voorletterwoord beskou, enersyds om bestendigheid met die kategorisering van ander voorletterwoorde, byvoorbeeld *m* < *met*, te handhaaf en andersyds omdat die Engelse *d* ’n lang klank – [dɪ:] – is wat nie heeltemal met die kort uitspraak van die Afrikaanse *die* – [di] (Le Roux & Pienaar 1976:40) – ooreenstem nie.

- (23) V20: Hi julle! Ons het nog Saterdag 'n funksie hier in Joburg. Maak 12 uur klaar, daarna spring ons in klaar gepakte kar *ALMA MATER-STAD* toe. Sooo jammer ons gaan Vrydagaand en **Saterdagogg** mis! Geniet dit! Saterdagdaand sal ons die vreemdes wees en julle sal al weet wie is wie!

5.2.1.7 Lawwighede/speelsheid

Verheijen tipeer lawwighede (“inanity”) as allerlei afwykende spelvorme wat woorde op onsinnige maniere vervorm (“nonsensical transmogrification”; Craig 2003:120, aangehaal in Verheijen 2018:118); *laterz* < *later* dien as 'n voorbeeld in SMS-Nederlands. Daar was geen voorbeelde van onsinnige woordvervorming in die taaldata buiten vir ooglopende spel- en tikfoute nie en derhalwe is hierdie kategorie eerder as speelsheid met taal in die onderhawige studie geïnterpreteer. Taalspeelsheid het in 12 boodskappe (0,4 persent) onder agt deelnemers (13,3 persent) opgeduik. Enkele voorbeelde verskyn in (24)-(26): *Ruiter van die wyntjie* in (24) is 'n sinspeling op Bles Bridges se immergewilde liedjie in die konteks van reüniejolyt; *bebrild* in (25) is 'n vindingryke verwysing na mense wat bril dra; *sê pê wê* in (26) is 'n onsinnigheid wat oënskynlik voortvloei uit die begeerte om te rym. In laasgenoemde voorbeeld kan *lwkker* (“lekker”) ook moontlik as 'n speels- of lawwigheid ontleed word, maar dit kan nie met sekerheid gedoen word nie omdat die w- en e-toets op die WhatsApp-toetsbord reg langs mekaar lê en *lwkker* dus bloot 'n tikfout kan wees.

(24) M1: Ruiter van die wyntjie.....

(25) V12: Ek is bly daar is nog van julle wat **bebrild** is 😊

(26) V3: M7..wat moet ek **sê pê wê** ek het nou lwkker koeie gemelk!!!! 😞

5.2.1.8 Letterherhaling

Onder letterherhaling val die (soms oormatige) herhaling van letters, byvoorbeeld *neeeee* < *nee* (Verheijen 2018:118). Letterherhaling is 'n semanties gemerkte fonetiese verskynsel wat die sosiolinguistiese grondstelling van paralinguistiese regstelling in die hand werk deur onder meer die prosodiese kenmerke van spraak, byvoorbeeld nadruk en stembuigings, na te boots (Thurlow 2003:14-15). Die verskynsel is in 59 boodskappe (2,1 persent) saamgestel deur 16 deelnemers (26,7 persent) gevind. Dit is aan die begin, in die middel en aan die einde van woorde as vokale of konsonante (of soms albei) aangetref. Voorbeelde (27) en (28) illustreer letterherhaling aan woordbegin; (29) en (30) verteenwoordig die herhaling van vokale in

die middel van 'n woord; (31) en (32) beliggaam die herhaling van konsonante aan woordeinde; en (33) illustreer die vorming van 'n volwoord deur uitsluitlik die herhaling van konsonante en vokale te gebruik (dié besondere boodskap in reaksie op 'n grap).

(27) M21: **Mmm**...mens moet versigtig wees met hierdie technology..

(28) V8: **Aaahh** dis awesome *MI!* Dankie vir jul mooi harte en del van die artikel 🥰❤️👏

(29) M1: **Howziiiiit** julle. Ek weeti of daar van jul is wat weet nie, daar is n gr 12 by *ALMA MATER* wat positief getoets het. Maandag se terugkeer is eers op hold v gr 10&11

(30) V2: *MI*, my hart. Ek **haaaat** slange

(31) M2: En n '**Agggg** Shame' enetjie vir die girls

(32) V9: **Lekkerrr**

(33) M8: **Aaarrrrgggghhhh!!!** 🤔🤔🤔🤔

5.2.1.9 Letterweglating

Hierdie kategorie behels volgens Verheijen (2018:118) die weglating van letters binne die grense van 'n woord; sy bied *vuv* < *vanavond* (“vanaand”) as 'n voorbeeld. In die huidige studie omvat letterweglating die weglating van vokale (sogenaamde konsonantskryfwyse; Saal 2015:3-4), konsonante of albei. Die verskynsel het in 98 boodskappe (3,5 persent) onder 11 deelnemers (18,3 persent) voorgekom, maar hierdie statistiek is misleidend omdat slegs drie deelnemers (5,1 persent) vir nagenoeg 86 (87,8 persent) van die 98 boodskappe verantwoordelik was. Voorbeelde (34)-(36) beeld die weglating van onderskeidelik konsonante (*leker* < *lekker*), vokale (*ht* < *het*) of albei (*lkr* < *lekker* – 'n voorbeeld van konsonantskryfwyse) uit.

(34) V6: Hy vir my gesê hy het **leker** 25 jaar gehou. Naais idee gegee v hul reunie. Sal môre meer info gee

(35) M8: Ja baie dankie *MI & Co*, julle **ht** so baie moeite gedoen 🙌🙌🙌

(36) V2: Nout ek regtig **lkr** hardop gelag 😂😂😂😂

5.2.1.10 Standaardtaalafkorting

Verheijen (2018:118) definieer standaardtaalafkorting as “abbreviation that is part of the standard language”; uit haar voorbeelde (*aug* < *augustus* dien ter illustrasie) blyk dit dat hierdie kategorie gelykstaande is aan dit wat Van Huyssteen (2017:204) “egte afkortings” noem. Hierdie soort afkortings verskil van die reduksievorme in die voorletterwoordkategorie (kyk §5.2.1.11) daarin dat hulle geredelik in bronne met imprimatur, byvoorbeeld die AWS (2017) en *Skryf Afrikaans van A tot Z: Die Essensiële Gids vir Taalgebruikers* (Müller & Pistor 2011), gevind kan word. Standaardtaalafkorting is hiervolgens in 257 boodskappe (9,1 persent) onder 28 deelnemers (46,7 persent) aangetref en word in voorbeelde (37)-(40) vir onderskeidelik *vlg* < *volgende* (AWS 2017:621), *temp* < *temperatuur* (AWS 2017:617), *Okt* < *Oktober* (AWS 2017:602) en *agv* < *as gevolg van* (AWS 2017:566) geïllustreer. Dit is opvallend dat die punte wat volgens die AWS in Standaardafrikaans vereis word in al die voorbeelde ontbreek, waarskynlik onder inwerking van die sosiolinguistiese grondstelling van bondigheid en spoed (Thurlow 2003:14-15).

(37) M5: Gaan stadig, *MI*. Ek gaan **vlg** week *MANSNAAM* sien. Hy gaan my help.

(38) M6: Lekke lekke regte **temp** vir *ń* swem. 😊

(39) V4: *MI*, kan ek jou asb 4 **Okt** betaal 🙏😅 Ek sit in *STAD*

(40) V3: *MI* **agv** jou koffie het ek julle almal se hoofpyne voggend!!! 🙄dnki v dit maatjies!!!!

5.2.1.11 Voorletterwoorde

In Verheijen (2018:118) se raamwerk verwys voorletterwoorde na reduksieprodukte wat uit die eerste letter(s) of deel/dele van 'n kompleks, frase, sin of uitroep tot stand kom, byvoorbeeld *sv* < *samenvatting* (“samevatting”). Daar was weinig voorbeelde hiervan in die taaldata. Verheijen se definisie is gevolglik uitgebrei om simplekse ook in te sluit; tesame met akronieme is hierdie verskynsel in 198 boodskappe (7,0 persent) onder 24 deelnemers (40,0 persent) aangetref. Voorbeelde (41)-(44) illustreer voorletterwoorde gebaseer op onderskeidelik 'n kompleks (*FB* < *Facebook*), twee simplekse (*d* < *die* en *m* < *met*) en 'n volsin

(*HNY* < *Happy New Year*). Eersgenoemde is 'n interessante geval, aangesien hierdie sosialemediaplatform oënskynlik tot 'n staat van alomteenwoordigheid in ons daaglikse lewens ontwikkel het sedert dit in 2004 bekendgestel is (Baron 2008:14). Die navorser kon egter nie ten tyde van hierdie studie enige Afrikaanse of Engelse bronne met imprimatur opspoor waarin “FB” as die afkorting vir “Facebook” gebruik word nie en dus is “FB” in hierdie ontleding as 'n voorletterwoord gereken.

- (41) V11: *KLASMAAT*... Nou getroud, sy nie aktief op **FB** en ook nie baie whatsapp... Sy verpleeg nog en in *ALMA MATER-STAD*
- (42) M1: *M5*, hoe vorder jy met **d** onnies se lys?
- (43) V17: Hy's pragtig! Het alles so laat gedoen dat ek net 2 laatlamme het. Nog besig **m** laerskool, speel nog tennis 🎾 en ry 🚲 dat dit bars saam **m** my monkey 🐒 man.
- (44) V5: **HNY**

5.2.1.12 Spel- en tikfoute

Hoewel spel- en tikfoute nie as deel van die onderskeidende stylkenmerke van Generasie X se SMS-Afrikaans in hierdie studie ondersoek is nie,²² was dit opvallend hoe ongewoon dit in die taaldata was: Spelfoute is in net 186 boodskappe (6,6 persent) en tikfoute in 'n skamele 113 (4,0 persent) waargeneem. Hierdie bevinding is moontlik 'n weerspieëling van die feit dat die deelnemers aan hierdie studie in 'n tydvak grootgeword het toe noukeurige taalgebruik in Afrikaans in hulle vasgelê is (kyk weer die bespreking in §1.3). Voorbeelde (45) en (46) illustreer spelfoute, terwyl (47) en (48) tikfoute boekstaaf. Die meerderheid gevalle van laasgenoemde kan herlei word na aanliggende toetse op die WhatsApp-toetsbord en oënskynlike nalatigheid van die deelnemers.

Spelfoute:

- (45) V8: Baie geluk *M10*!! Seën vir elke dag **voorentoe** en geniet vandag! 🎉👏👏

²²Hierdie besluit stem ooreen met Verheijen (2018:124) se beskouing dat “[m]isspellings and typos, if classified correctly, can be assumed to be honest mistakes and as such do not reflect any spelling principles.”

(46) M4: Luister bietjie die. Lank en vervelig maar **interresant**.....

Tikfoute:

(47) V5: Ek het **ingelukkif** Dinsdagaand n funksie

(48) M7: mmm.. remix en hamstrings is n dodelike kombinasie op ons **oudersom** M10 😊

Volledigheidshalwe word hier melding gemaak van twee gevalle van oënskynlik opsetlike spelfoute, wat volgens Saal (2015:4) ’n manier vir taalgebruikers is om aan te toon dat hulle deeglik met SMS-taal vertrou is. Al twee die voorbeelde in (49) en (50) berus op die Engelse uitspraak van die /s/ in *president* (“president”) en *kids* (“kinders”) – [prezɪdənt] en [kɪdz]:²³

(49) M3: **Prez** praat vanaand 19:00

(50) V2: Moet se d v ons wat se **kidz** nou matriek skryf sal saamstem.BAIE lekkerder om reunie te he as nou weer eind eksamen skryf!!!!!!

Daar word nie verder op spel- en tikfoute in die taaldata uitgewy nie, behalwe om dit te stel dat hierdie foute oënskynlik nie tot begripsprobleme tussen die deelnemers gelei het nie.

5.2.1.13 Gebrek aan konsekwentheid

In die literatuuroorsig is Olivier (2013) se studie oor die gebrek aan konsekwentheid van universiteitstudente se SMS-Afrikaans bespreek en die feit dat dit oënskynlik nie verwarring veroorsaak het nie. Dit blyk uit die taaldata dat daar in sommige gevalle ook betreklik groot verskeidenheid in die fonologiese en morfologiese kenmerke van die deelnemers se SMS-Afrikaans is, maar dat die gebrek aan eenvormigheid net soos in Olivier (2013:501) se studie nie verwarring veroorsaak het nie. Twee voorbeelde is die spelling van “dankie” en die nabootsing van lag. “Dankie” is in een of ander vorm in 214 boodskappe (7,5 persent) teëgekom waarvan die oorgrote meerderheid (184 boodskappe; 86,0 persent) die standaardvorm was. In 30 boodskappe (14,0 persent) deur vyf deelnemers (8,3 persent) is die woord egter

²³In hierdie voorbeelde is /s/ en /z/ allomorfe van die Engelse meervoudsmorfeem; ’n derde lid van die groep is /ɪz/, byvoorbeeld in *classes* [kla:sɪz] (Richards & Schmidt 2014:21).

in 'n toenemend gereduseerde vorm aangetref – *danki* (drie boodskappe, twee deelnemers); *dkie* (een boodskap, een deelnemer); *dnki* (14 boodskappe, een deelnemer); en *dq* (12 boodskappe, een deelnemer). Interessant genoeg was vroulike deelnemers vir al die gereduseerde vorme verantwoordelik; voorbeelde verskyn in (51)-(54).

(51) V2: Dit was v *M3* se morning coffee video ☕😊

V1: **Danki**

(52) M1: Gaan kyk by *WEBBLAD*

V13: Jaaaaa

V13: **Dkie**

(53) V3: **Dnki** *M14*..baie baie waar op d een sê ek verseker "Amen"!!!

(54) V2: **Dq** *M1* v d goeie terugvoer ❤️

Saal (2015:4) verwys na die nabootsing van klank met skrif as onomatopeïese spelling en gee *mwa(h)* vir die klank van 'n soen en *zzzzzz* vir die klank van slaap as voorbeelde. Die nabootsing van lag met skrif in die huidige studie is op sigself 'n interessante verskynsel gegewe die deelnemers se oënskynlik ongebreidelde gebruik van emoji soos wat later in hierdie hoofstuk aan bod kom (vergelyk §5.3). Nietemin, skriftelike lagnabootsing is in 10 boodskappe (0,4 persent) onder ses deelnemers (10,0 persent) gevind en het onder meer *He he, Hahaha, Hahahaha, Hahahahaha, Hehehehehe!!!!* en *Whahahaha* 🙌🙌 ingesluit. Voorbeelde (55)-(57) dien om intradeelnemervariasie vir hierdie verskynsel te illustreer – in al drie gevalle lag M8 in reaksie op 'n grap. Voorbeelde (56) en (57) verbeeld transtaling (kyk weer §3.7), aangesien M8 in hierdie boodskappe verkies om lag skriftelik na te boots, terwyl hy ooglopend bedrewe in die gebruik van emoji is en laasgenoemde netsowel vir dié doel kon inspan.

(55) M8: **Haha** *V14*!!!

(56) M8: **Whahaha!!!**

(57) M8: **Whahahahaha** shit ja imagine!!! 🤪😏

5.2.1.14 Sintese: die fonologiese en morfologiese kenmerke

Die raamwerk wat Verheijen (2018:117-119) vir tieners en jongmense se SMS-Nederlands op vier tegnologiese platforms (MSN Messenger, 'n generiese SMS-toepassing soos die Apple iPhone se Messages, Twitter en WhatsApp) ontwikkel het, is in hierdie studie aangewend om die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans te ontleed. 'n Opsomming verskyn in Tabel 5-1.

Tabel 5-1. Morfologiese en fonologiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans

Mikrolinguistiese kategorie	Tikbewerking	Kenmerk	Boodskappe		Deelnemers	
			Getal	%	Getal	%
Morfologie	Reduksie	Voorletterwoorde	198	7,0	24	40,0
Morfologie	Reduksie	Letterweglating	98	3,5	11	18,3
Morfologie	Reduksie	Knipsels	67	2,4	13	21,7
Morfologie	Byvoeging	Letterherhaling	59	2,1	16	26,7
Morfologie	Reduksie	Eindweglating	0	0,0	0	0,0
Fonologie	Vervanging	Aksentstilering	263	9,3	30	50,0
Fonologie	Vervanging	Fonetiese herspelling	113	4,0	14	23,3
Fonologie	Vervanging	Homofone gebaseer op een letter of syfer	2	0,1	2	3,3
Fonologie	Vervanging	Alfanumeriese homofone	1	0,04	1	1,7
Fonologie	Vervanging	Visuele herspelling	0	0,0	0	0,0
—	—	Lawwighede/speelsheid	12	0,4	8	13,3
Morfologie	Reduksie	Standaardtaalafkorting	257	9,1	28	46,7

Alhoewel standaardtaalafkorting die gereeldste morfologiese reduksievorm in die taaldata is, is dit onderaan die tabel ingesluit as 'n aanduiding van die feit dat die verskynsel so algemeen in die skryftaal voorkom dat dit nie as 'n onderskeidende stylkenmerk van SMS-Afrikaans gereken kan word nie (meer hieroor in die volgende paragraaf en in §5.5). Onder die oorblywende morfologiese kenmerke blyk dit dat die grootste persentasie deelnemers van voorletterwoorde gebruik maak, terwyl letterweglating, knipsels en letterherhaling ook betreklik wyd voorkom. Eindweglating is nie waargeneem nie. Onder die fonologiese kenmerke was aksentstilering die opvallendste verskynsel, terwyl fonetiese herspelling ook betreklik algemeen onder die deelnemers was. Die gebruik van homofone, hetsy dié gebaseer op 'n enkele letter of syfer of die alfanumeriese tipe was uiters seldsaam, terwyl visuele herspelling glad nie voorgekom het nie. Lawwighe/speelsheid is wel in die taaldata aangetref, maar net agt deelnemers (13,3 persent) was daarvoor verantwoordelik. Met betrekking tot Thurlow (2003:14-15) se sosiolinguistiese grondstellings van SMS-taal verwesenlik die steekproef dus bondigheid en spoed hoofsaaklik deur die gebruik van standaardtaalafkorting en voorletterwoorde, terwyl fonologiese benadering grootliks op aksentstilering en fonetiese herspelling berus.

Dit is aan die begin van die hoofstuk vermeld dat die deelnemers se SMS-Afrikaans in vele opsigte hulle gebruik van Omgangsafrikaans weerspieël, want die gesprekmatigheid van die medium lei daartoe dat hulle skryf soos wat hulle praat. Dit is dus nie verbasend dat die morfologiese en fonologiese kenmerke op die eienskappe van beide omgangstaal en die uitdrukkingsmoontlikhede (“affordances”)²⁴ van WhatsApp steun nie. Die reduktiewe bewerkings opgesom in Tabel 5-1 dien as 'n voorbeeld hiervan: Al hierdie bewerkings staan in diens van die sosiolinguistiese grondstelling van bondigheid en spoed. Standaardtaalafkorting vorm egter 'n teenstelling met voorletterwoorde, letterweglating en eiesoortige knipsels²⁵ omdat eersgenoemde 'n reduksieproses in standaardtaal verteenwoordig, terwyl laasgenoemde reduksieprosesse eie aan SMS-taal is. Uit hierdie oogpunt is die standaardtaalafkortings waargeneem in die taaldata “leengoed” uit gewone skryftaal, terwyl voorletterwoorde, letterweglating en knipsels “eiegoed” beliggaam wat as onderskeidend van SMS-Afrikaans gereken kan word.²⁶ Die deelnemers steun op albei: Standaardtaalafkorting is in 257

²⁴Tagg (2015:237) definieer “affordances” soos volg: “[F]eatures and potential functionalities which users perceive a technology to have. These perceptions then shape how people utilise the technology and for what purposes. Affordances are shaped by people’s past experience with technology as well as their social assumptions and beliefs.”

²⁵Knipsels kom wel verbreid in Omgangsafrikaans voor (vgl. *admin* < *administrasie*, *bib* < *biblioteek* en die ander voorbeelde in Combrink 1990:56), maar hulle totstandkoming in SMS-Afrikaans is betreklik uniek aldus voorbeelde (20) en (21) in die huidige hoofstuk.

²⁶Conradie (1986:16) beskryf “leengoed” en “eiegoed” onderskeidelik as “woorde wat aan ander tale ontleen is en woorde wat deur die sprekers van die taal self geskep is...” Deur die gebruik van hierdie terme wil die navorser nie daarop sinspeel dat SMS-Afrikaans 'n taal in eie reg is en sodoende in 'n twisgesprek oor hierdie kwessie verstrengel raak nie – die keuse van die terme is bloot om te beklemtoon dat die morfologie van SMS-Afrikaans uit verskillende

boodskappe (9,1 persent) deur 28 deelnemers (46,7 persent) aangewend, terwyl voorletterwoorde, letterweglating en knipsels gesamentlik in 251 boodskappe saamgestel deur 19 deelnemers (31,7 persent) teëgekom is. Inderdaad, McSweeney (2018:24) voer aan dat die wisselwerking tussen die kenmerke van geskrewe en gesproke taal aan die een kant en dié eie aan SMS as 'n modaliteit van rekenaarondersteunde kommunikasie aan die ander kant kenmerkend van SMS-taal is.

5.2.2 Ortografiese kenmerke

Ortografie verwys na spelling in die algemeen en korrekte spelling in die besonder (Richards & Schmidt 2014:414); dit betrek beide lees- en skryftekens (AWS 2017:vi, 101). Carstens (2018:288) beskryf leestekens as “*skeidingstekens* wat in die skrif aan die leser oorbring wat die spreker gewoonlik op hoorbare wyse aan die hoorder oordra deur stembuiging, pousering, ensovoorts” (sy skuinsgedruk). Die AWS (2017:101) onderskei 12 leestekens: aandagstreep, aanhalingstekens, asterisk, dubbelpunt, ellipstekens, hakies, komma, kommapunt, punt, skuinsstreep, uitroepteken en vraagteken. Daarteenoor omskryf Carstens (2018:288) skryftekens as “*onderskeidingstekens* wat in die grammatika gebruik word om (i) die juiste uitspraak van bepaalde letters aan te dui (byvoorbeeld è, ë, ê) of (ii) as fonetiese simbole (byvoorbeeld soms [sic] die dubbelpunt om 'n lang vokaal aan te dui, soos [ɑ:], [y:])” (weereens sy skuinsgedruk). Die AWS (2017) onderskei die volgende skryftekens: afkappingstekens, akuutteken, deeltteken, gravistekens, hoof- en kleinletters, kappie en koppelteken; hierby voeg Carstens (2018:288) verwysingstekens, fonetiese simbole en proefleestekens.

Die raamwerk wat vir hierdie gedeelte van die ontleding gebruik is, is soortgelyk aan dié van Verheijen (2018:119) vir die SMS-Nederlands van tieners en jongmense. Verheijen se raamwerk verskyn in Bylaag 3; in teenstelling met die fonologiese en morfologiese kenmerke behels dit net twee tikbewerkings, naamlik reduksie en byvoeging. Verheijen se raamwerk is vir die doel van hierdie studie aangepas om fyner tussen die verskillende lees- en skryftekens volgens die uiteensetting in Tabel 5-2 en Tabel 5-3 te onderskei.

5.2.2.1 Die weglating van leestekens

Die weglating van leestekens het die aandagstreep, (dubbel)aanhalingstekens, dubbelpunt, komma, punt, uitroepteken en vraagteken behels. Geen gevalle waar die asterisk, hakies, kommapunt of skuinsstreep

bronne put. Uiteindelik steun SMS-gebruikers op al die taalmiddele tot hulle beskikking om sosiale betekenis te skep sonder om hulle doelbewus oor die keuse tussen “leengoed” en “eiegoed” te bemoei.

ooglopend in 'n boodskap afwesig was, kon met sekerheid geïdentifiseer word nie en gevolglik word hierdie leestekens in die onderstaande bespreking weggelaat.

5.2.2.1.1 Aandagstreep

Volgens die AWS (2017:103) word die aandagstreep gebruik om die leser se aandag te vestig op dit wat daarna volg. Die ooglopende weglating van die aandagstreep is in minstens 50 boodskappe (1,8 persent) onder 16 deelnemers (26,7 persent) waargeneem. Voorbeelde (58)-(61) dien ter illustrasie; die weggelate aandagstreep word telkens in rooi aangedui.

- (58) M10: Miskien kan die skool die rekening oop maak. Hulle weet wat om te doen. Kry net account nommer dan kan ons geld insit – as ons by die reunie uitkom het ons miskien all klaar die geld vir een kind.
- (59) M6: Dankie vir alles *M1* en span – dit was fantasmagories lekker. Weldone 🙌🙌🙌
- (60) V13: Ek weet nie – dit was so 'n rooi canopy met liggies wat van die dak af gehang het
- (61) V5: Dis baie erg – baie van ons kan eers met level 1 begin werk

5.2.2.1.2 Aanhalingstekens

Volgens reël 13.11 van die AWS (2017:108) word dubbelaanhalingstekens onder meer gebruik om die onderdeel van publikasies, byvoorbeeld snitte op musiekalbums, uit te lig. Net 'n enkele geval hiervan is in die taaldata bespeur – dit verskyn volledigheidshalwe in voorbeeld (62).

- (62) V26: Dis nie dalk Alphaville se “Playing with love” nie?

5.2.2.1.3 Dubbelpunt

Die AWS (2017:110) dui aan dat 'n dubbelpunt gebruik word “om die leser se aandag daarop te vestig dat die inligting wat ná die teken volg, verduidelikend, verklarend of uibreidend is ...” Dit lei onder meer tot reël 13.17 (AWS 2017:111-112), wat inhou dat die dubbelpunt ná 'n woord, frase of sin gebruik moet word wat 'n woord, frase of sin in die direkte rede inlei. Twee duidelike gevalle van dubbelpuntweglating volgens

hierdie reël is in die taaldata opgespoor en word in voorbeelde (63) en (64) gegee. Daarbenewens vereis reël 13.15 (AWS 2017:110-111) dat die dubbelpunt ná 'n frase of sin geplaas word wat 'n uitbreidende woord, frase of sin inlei; verontagsaming van hierdie reël is in vyf boodskappe (0,2 persent) aangetref, waarvan twee in (65) en (66) geïllustreer word.

(63) V20: M7, hy sê: 'MANSNAAM' 😊👍

(64) V3: Dnki M14..baie baie waar op d een sê ek verseker: "Amen"!!!

(65) V5: Aan amal wat die naweek by gewoon het: baie baie dankie sonder julle so ons nie so lekker kon kuire het nie, aan amal wat van ver af gereis het: baie dankie vir hulle op offering. Kom asseblief veilig tuis ons hoop ons sien julle weer by die volgende geleentheid. Vriendelike Groete, *ALMA MATER REÛNIEKOMITEE*. Trots *ALMA MATER*

(66) V2: As een v jul n matriek kind ht, betei hul voor: as dinge so aangaan gaan hul Plett rage 'online' 😂

5.2.2.1.4 Komma

Die komma verrig in die breë twee funksies, naamlik 'n grammatiese funksie waarin dit die grense tussen sinsdele aandui en 'n prosodiese funksie waarin dit dien om betekenisvolle sinsdele deur kort pouses te verdeel (AWS 2017:118). Die Taalkommissie voer aan dat veral die prosodiese gebruik van die komma aan subjektiwiteit onderhewig is, want “[w]at vir die een persoon 'n kort sin(sdeel) is, is vir 'n ander persoon lank; die een persoon hoor 'n pouse hier, die ander ene 'n pouse daar; wat vir die een leser een ding beteken, beteken vir 'n ander leser iets anders” (AWS 2017:118-119). Die komma in sy prosodiese funksie is gevolglik nie in hierdie studie ontleed nie; in sy grammatiese funksie is dit egter in nagenoeg 487 boodskappe (17,2 persent) geskryf deur 41 deelnemers (68,3 persent) weggelaat in soverre dit reël 13.30 (AWS 2017:120) aangaan waarvolgens die komma aanspreekvorme van die res van 'n sin skei. Voorbeelde (67)-(70) dien ter illustrasie.

(67) M22: Stem, M19. Goeie idee.

(68) V6: Thanx, V8. Bring dan maar net so proetjie saam💕

(69) M9: Ok, *M10*. Ek sal dan maar vir een vier al reël. Sal jou laat weet hoe laat ons afslaan.²⁷

(70) V18: Dankie, *M1*! Welkom, *M16*! 😊

5.2.2.1.5 Punt

Die punt is die gebruiklikste leesteken waarmee stelsinne afgesluit word (reël 13.47; AWS 2017:131); volgens reël 3.7 (AWS 2017:17) word dit tradisioneel ook by standaardtaalafkortings, byvoorbeeld *d.w.s.* < *dit wil sê*, gebruik. In die eersgenoemde geval funksioneer die punt as 'n leesteken en in die laasgenoemde as 'n skryfteken – die bespreking hier is op die punt as leesteken toegespits, terwyl die punt as skryfteken in §5.2.2.2.6 aan bod kom. Die weglating van punte is verbreed in die taaldata aangetref: In nagenoeg 875 boodskappe (30,8 persent) saamgestel deur 'n meerderheid van die deelnemers (46; 76,7 persent) het een of meer punte ontbreek. Die hoë voorkoms van hierdie verskynsel gaan hand aan hand met een van die funksies van emoji, naamlik om leestekens te vervang – dít word breedvoeriger in §5.3 bespreek. Daar word tot tyd en wyl volstaan met die feit dat 526 (60,1 persent) van die 875 boodskappe waarin punte aan sinseinde ontbreek het, deur emoji of piktogramme afgesluit is. Voorbeelde (71)-(74) verskaf gevalle waar punte aan sinseinde ontbreek, terwyl (75)-(78) dien om die vervanging van punte met emoji en piktogramme te illustreer.

(71) V7: Ek het daarna amper regte gaan swot.

(72) V10: Klink vir my reg.

(73) M10: Ek soek drie maar as jy twee can kry great.

(74) M3: Ek vermoed hierdie is fake.

(75) V2: Solank on baaaie koffie ht 😂

²⁷Die tikfout in hierdie voorbeeld – “vier al” in plaas van “vierbal” – kan dit dalk moeilik vir die leser maak om hierdie boodskap sonder die nodige konteks te verstaan: Die doel daarvan was om reëlings vir 'n gholffuitstappie te tref waarin vier spelers in twee spanne van twee elk teen mekaar sou meeding, vandaar die verwysing na “vierbal”.

(76) V26: My man is die 80's koning! Hy het dadelik geweet 😄

(77) M12: As jy die "beauty of life" elke dag wil beleef, kry n laatlam 😊

(78) M13: Ek sal graag speel 🏀

5.2.2.1.6 Uitroepteken

Die uitroepteken word gebruik om stemvolume (hard) en affek (byvoorbeeld blydschap, ongeloof, sarkasme en verbasing) aan te dui (AWS 2017:136-138). Dit is ten beste subjektief om die afwesigheid van uitroeptekens te probeer ontleed; inderdaad, die Taalkommissie stel dit dat “[a]ffek uitgedruk [kan] word sonder die gebruik van ’n uitroepteken” (AWS 2017:137). Nietemin, daar was 17 boodskappe (0,6 persent) saamgestel deur 10 deelnemers (16,7 persent) waarin uitroeptekens volgens hierdie navorser ontbreek het. Vier voorbeelde verskyn in (79)-(82): In (79) sou die leser ’n uitroepteken met die aanmoediging van ’n gunstelingrugbyspan kon verwag; in (80) ontbreek ’n uitroepteken in V9 se reaksie op die pret van ’n minireünie; in (81) is ’n uitroepteken deur emoji vervang; en in (82) is ’n uitroepteken ná die tussenwerpsel in reaksie op ’n grap afwesig.

(79) M10: Go Cheetahs!

(80) V9: Lekkerrr!

(81) M6: Eina dis so hartseer 😭😭

(82) V5: Sjoe!

5.2.2.1.7 Vraagteken

Die vraagteken dien gewoonlik om ’n vraag of versoek uit te lig, of om affek uit te druk. In bepaalde gevalle kan ’n vraagsin egter ook met ’n punt, komma of uitroepteken afgesluit word en dus is die identifisering van vraagtekenweglating ook subjektief (AWS 2017:138-140). Desnieteenstaande was daar 40 boodskappe (1,4 persent) onder 12 deelnemers (20,0 persent) waar die leser ’n vraagteken sou kon verwag – voorbeelde (83)-(86) belig enkele van hierdie gevalle.

(83) M1: Wie van julle onthou die onnie?

M5: Nope....

V1: Ook nie

M1: Hyt wisk en skeinat gegee...hys weg toe ons st 8 was dink ek

V1: Wie is hy?

(84) V2: M1, ons ry more op vakansie. Is 2 Nov terug. Sal jy my asb op hoogte hou vir d vlg vrag asb?

(85) M2: Geluk ou Maat! Hoop dis 'n greay jaar! 🎁🎂🎈🎉🍷🍾

M6: Happy birthday M4. God bless!!!

M10: Is M4 50?

(86) M1: Magtag welkom terug..... Staan jy opi dak vir sein?

5.2.2.1.8 Sintese: die weglating van leestekens

Tabel 5-2 som die bevindings oor leestekenweglating in die taaldata op. Hieruit kan afgelei word dat die meerderheid deelnemers geredelik punte aan sinseinde en kommas uit hulle SMS-boodskappe weglaat. Dit sou egter 'n fout wees om te beweer dat die deelnemers puntweglating verbreed aanwend om Thurlow (2003:14-15) se grondstelling van bondigheid en spoed te verwesenlik, want in 'n betreklik groot getal van dié weglatings (526 boodskappe; 60,1 persent) het die deelnemers (38; 64,4 persent) verkies om emoji en piktogramme in plaas van punte aan sinseinde te gebruik, met die invoeging van hierdie grafiese simbole wat minstens net so lank soos die tik van 'n punt op 'n konvensionele toetsbord neem. Die weglating van aandagstrepe, vraagtekens en uitroepetekens is onder minder deelnemers aangetref, terwyl die ontbreking van die dubbelpunt en aanhalingstekens seldsaam was.

Tabel 5-2. Die weglating van leestekens

Ortografiese kategorie	Tikbewerking	Kenmerk	Boodskappe		Deelnemers	
			Getal	%	Getal	%
Leestekenweglating	Reduksie	Punt aan sinseinde	875	30,8	46	76,7

Ortografiiese kategorie	Tikbewerking	Kenmerk	Boodskappe		Deelnemers	
			Getal	%	Getal	%
Leestekenweglating	Reduksie	Komma	487	17,2	41	68,3
Leestekenweglating	Reduksie	Aandagstreep	50	1,8	16	26,7
Leestekenweglating	Reduksie	Vraagteken	40	1,4	12	20,0
Leestekenweglating	Reduksie	Uitroopteken	17	0,6	10	16,7
Leestekenweglating	Reduksie	Dubbelpunt	7	0,2	6	10,0
Leestekenweglating	Reduksie	Aanhalingstekens	1	0,04	1	1,7

5.2.2.2 Die weglating van skryftekens

Die weglating van skryftekens het die afkappingstekens, diakritiese tekens (akuutteken, deelteken, gravistekens en kappie), hoofletters, koppeltekens en punte in standaardtaalafkortings behels. Uit die onderstaande ontleding sal dit duidelik word dat dit moeilik is om enige patroonmatigheid in die deelnemers se weglating van skryftekens te herken. Voorbeeld (87) dien om dit te illustreer: M9 gebruik 'n deelteken op die laaste *e* in *gereël*, maar hy laat dit op die *u* in *reunie* (“reünie”) weg.

- (87) M9: Dankie *M1* vir jou en die komitee. Dit was regtig 'n spesiale naweek. Alles was GREAT **gereël**. Kan nie wag vir die volgende **reunie** nie.

5.2.2.2.1 Afkappingstekens

Die weglating van die afkappingstekens is tot twee bepaalde gevalle beperk ooreenkomstig die bereëling van hierdie skryftekens se gebruik in die AWS (2017:7-11). Die eerste geval behels reël 2.1 (AWS 2017:7), waarvolgens dit gebruik word by “meervoudsvorme op -s ... van naamwoorde wat op die vokaalletters **i**, **o** en **u** eindig” (die Taalkommissie se vetdruk). Die spesifieke voorbeelde in die taaldata is die meervoudsvorme *foto*'s en *video*'s wat in 20 boodskappe (0,7 persent) geskryf deur nege deelnemers (15,0 persent) as *fotos* en *videos* gespel is. Die skryfwyse sonder die afkappingstekens was die voorkeurvorm, aangesien daar slegs twee boodskappe (0,07 persent) saamgestel deur twee deelnemers (3,3 persent) was

waarin die meervoudsvorm *foto*'s voorgekom het, terwyl *video*'s glad nie aangetref is nie. Voorbeelde (88)-(91) dien ter illustrasie.

- (88) M1: Elkeen van julle moet asb **fotos** stuur van toe en nou en ook jou gunsteling 80s song asb
- (89) M16: *M1* en komitee baie geluk met n puik reunie en dankie dat julle ons wat nie kon bywoon op hoogte gehou het met die great **fotos** en **videos**!
- (90) V10: Julle wat sò lekker kuier... moet **fotos** stuur... Asb!!
- (91) V3: Almal v julle ...was sooo great om julle weer te sien.Wil graag oor 2 jr definitief daar wees.*M1...V2....V11....M2..en V5...*julle mag maar reel.Dnki v al d **fotos** en **videos**...mooi ry aan almaldnki dat ek kon deel wees van alles al was ek hier.Xxx😊😊😊💖💖💖💖💖💖💖💖

Die tweede geval behels reël 2.15, waarvolgens dit tradisie is om die afkappingsteken te gebruik “om aan te dui dat een of meer klanke in 'n woord of woorde nie uitgespreek word nie” (AWS 2017:11). Die besondere woord hier ter sprake is die onbepaalde lidwoord, *n*, wat 'n verswakking van die ouer vorm *een* is (AWS 2017:11). Nagenoeg 21 deelnemers (35,6 persent) het die afkappingsteken in die onbepaalde lidwoord in 171 boodskappe (6,0 persent) weggelaat, wat in (92)-(95) uitgebeeld word. Die weggelate vorm is hier ook by voorkeur gebruik, aangesien 15 deelnemers (25,0 persent) die volvorm in net 45 boodskappe (1,6 persent) ingespan het.

- (92) V12: Help gou educated people. Ek het n 80's krisis...Wat is die naam van die A-ha song "playing with love"?? Kry dit nie op you tube 🤔🤔
- (93) M2: Ek het klaar n koue een gevat. Plaas dit nie n glas water was nie.....
- (94) M17: Na n harde dag op die golfbaan 🍷 Go Cheetahs? 🏆
- (95) V4: Wow *V14*!!! Jy is n 🌟👊

5.2.2.2.2 Diakritiese tekens

Die AWS (2017:714) definieer diakritiese tekens as skryftekens wat die klankwaardes van bepaalde letters aandui; hierdie tekens omsluit die aksenttekens (akuut en gravis), die deelteken en die kappie in Afrikaans. In die geheel was diakritiese tekens in 185 boodskappe (6,5 persent) saamgestel deur 28 deelnemers (46,7 persent) afwesig. Die weglating van deeltekens (71 boodskappe; 2,5 persent) was die algemeenste, gevolg deur die kappie (59 boodskappe; 2,1 persent), die akuutteken (43 boodskappe; 1,5 persent) en die gravistekens (23 boodskappe; 0,8 persent). Voorbeelde (96)-(99) illustreer die weglating van deeltekens in onderskeidelik *beïndruk*, *reëls*, *reünie* en *Geseënde* op grond van reël 5.1 van die AWS (2017:25), waarvolgens hierdie diakritiese teken gebruik word om 'n nuwe lettergreep aan te dui.

(96) M2: Ek moes ook darem sien of julle kan planne maak sonder my en ek moet sê ek is **beïndruk**.
Goeie werk tot dusver. Nou moet die tekkies net die teer tref

(97) M4: Maar ons het altyd die **reëls** gebreek. 😞

(98) V25: Ek sal ongelukkig nie die **reünie** kan bywoon nie.

(99) V2: **Geseënde** Christus fees vir almal met baie liefde ❤️ en n wonderlike 2021

Voorbeelde (100)-(103) beeld die weglating van die kappie in onderskeidelik *sê*, *hê* en *gô* uit. Hierdie skryftekens word op vokaalletters geplaas om hulle uitspraak te rek; al die voorbeelde het betrekking op reël 10.1 (AWS 2017:62), waarvolgens die kappie dien om vokaalletters in oop lettergrepe te rek.

(100) M10: My seun **se** hy speel saam. Drie van ons, game is on. 🙌

(101) V17: Ja, my kids sal **se** google dit 😊

(102) M9: Lekker verjaar V8. Mag jy 'n GREAT jaar **he!!** 🍷🍷

(103) V12: V4 ek en V33 het al ons **go** uitgedans gisteraand ons is reg vir jou vannaand! 🎉

Die akuutteken is hoofsaaklik op eiename van vreemde herkoms in die taaldata weggelaat (reël 4.5; AWS 2017:24) – voorbeelde word verswyg ten einde die deelnemers se privaatheid te beskerm. Voorbeeld (104)

illustreer die enkele geval waar die leser 'n akutteken op *dié* vir beklemtoning volgens reël 4.2 (AWS 2017:23) sou kon verwag.

(104) M1: Dis n dooie Maandag **die** hoor...

Volgens reël 8.1 van die AWS (2017:45) word die gravisteken “in enkele algemeen gebruiklike Afrikaanse woorde gebruik om die uitspraak [ɛ] van die letter e aan te dui.” Hierdie reël het betrekking op al die gevalle van gravistekeweglating in die taaldata soos wat in voorbeelde (105)-(107) vir *nè* en *hè* verbeeld word. Tersyde dien al drie van hierdie voorbeelde ook om reël 13.32 (AWS 2017:120) te illustreer – daarvolgens moet 'n komma gebruik word om 'n eindeelvraag van die res van 'n sin te skei.

(105) M1: Jy ry seker n hilux **ne**?

(106) V2: Jy weet ek en *EGGENOOT* en ons kleinste *DOGTER* sal albei bywoon **ne**?oudste skryf matriek sal nt inloer 😊

(107) M8: 👍😊😊😊 dit is **he**? Die goeie ou dae...

Die weglating van diakritiese tekens was in die geheel die reël eerder as die uitsondering, aangesien daar net 112 boodskappe (3,9 persent) was waarin die deelnemers (26; 43,3 persent) dit wel gebruik het. Weglating het voorkeur bo byvoeging geniet in die geval van die deelteken (71 teenoor 31 boodskappe), akutteken (43 teenoor 21 boodskappe) en gravisteken (23 teenoor vier boodskappe).²⁸ Die kappie was die uitsondering, want daar was ewe veel boodskappe (59) waarin dit óf aanwesig (18 deelnemers) óf afwesig (11 deelnemers) was.

5.2.2.2.3 Hoofletters aan sinsbegin

Die weglating van hoofletters berus grootliks op konvensie (AWS 2017:46); nietemin, Carstens (2018:288) onderskei hoofletters as skryftekens. Dit, tesame met die feit dat die weglating van hoofletters uitdruklik in

²⁸In al vier gevalle waarin die gravisteken waargeneem is, het die deelnemers dit verkeerdlik in plaas van die akutteken gebruik. Dit kan moontlik as 'n tikfout gereken word, aangesien die toetse ter sprake (è / é, ò / ó en ù / ú) telkens reg langs mekaar op die WhatsApp-toetsbord aangetref word. Die hertoekenning van die frekwensietelling vir die misplaaste gravisteken aan *dié* vir die gebruik van die akutteken verander egter nie die aanspraak dat die weglating eerder as die gebruik van diakritiese tekens die reël in die taaldata is nie.

Verheijen (2018:119) se raamwerk behandel word, verklaar die bespreking hier en in §5.2.2.2.4. Die weglating van hoofletters is in die geheel in 186 boodskappe (6,6 persent) gestuur deur 28 deelnemers (47,5 persent) teëgekom. Hoofstuk 9 van die AWS (2017) bereël die gebruik van hoofletters; in die taaldata is hulle afwesigheid aan sinsbegin (reël 9.1; AWS 2017:46-47), in eiename (reël 9.3; AWS 2017:47-48) en in akronieme/letternaamwoorde (reël 3.11; AWS 2017:18) aangetref. Die weglating van hoofletters in eiename en afkortings word as 'n afsonderlike kategorie in Verheijen (2018:119) se raamwerk behandel; haar voorbeeld word in hierdie studie deels gevolg deur die weglating van hoofletters in eiename en afkortings afsonderlik in §5.2.2.2.4, maar steeds as deel van skryftekenweglating, te bespreek.

Die weglating van hoofletters aan sinsbegin is in 112 boodskappe (3,9 persent) onder 18 deelnemers (30,0 persent) bemerk. 'n Interessante verskynsel in die taaldata is dat dit dikwels die geval ná die gebruik van emoji aan sinsbegin was (33 van die 112 boodskappe; 29,5 persent). Dit is waarskynlik die gevolg van tegnologiese geite eerder as doelgerigte speloorwegings deur die deelnemers, aangesien WhatsApp werktuiglik 'n hoofletter aan sinsbegin ná 'n voorafgaande punt en 'n spasie plaas – dit gebeur egter nie wanneer emoji met of sonder 'n punt daarna deur teks gevolg word nie. Voorbeelde (108) en (109) illustreer die weglating van hoofletters aan sinsbegin, terwyl (110) en (111) die emoji-verskynsel uitbeeld.

(108) M7: **well** done almal !! **het** soos baie fun gelyk. *MI* , jy's n yster !

(109) V6: **wanneer** hou ons die party, *M2* jy maak my nou lus fie kuier 🍷

(110) V3: 😂😂😂😂 **jy** is n nar *V14*.

(111) V1: 🙄🙄🙄🙄🙄 **wie** het vir jou gese?

5.2.2.2.4 Hoofletters in eiename en afkortings

Hierdie kategorie is in die geheel in 74 boodskappe (2,6 persent) gestuur deur 19 deelnemers (31,7 persent) waargeneem. Onder die 74 boodskappe was daar onderskeidelik 20 (27,0 persent) en 54 (73,0 persent) waarin hoofletters enersyds in afkortings en andersyds in eie-, geografiese en taalname ontbreek het. Voorbeelde (112) en (113) illustreer die afwesigheid van hoofletters in akronieme, terwyl (114), (115) en (116) die verskynsel in onderskeidelik eiename (reël 9.3; AWS 2017:47-48), geografiese name (reël 9.12; AWS 2017:54) en taalbenamings (reël 9.11; AWS 2017:53) uitbeeld.

(112) M1: 🤔🤔....verander dit net na **vw** toe.

(113) V23: Wat is die laatste datum vir **rsvp**?

(114) M12: Nope.... Mini Pretoria... Maar ons skree steeds **cheetahs**

(115) V7: Geseënde Kersfees uit die **verre ooste**.

(116) V3: Bang?engels of **afr MI**?

5.2.2.2.5 Koppeltekens

Die gebruik van die koppelteken word deeglik in hoofstuk 12 en hoofstuk 15 van die AWS (2017) bereël, terwyl ander hoofstukke ook waar toepaslik riglyne verskaf. Die afwesigheid van die koppelteken is in die onderhawige studie in 33 boodskappe (1,7 persent) onder 12 deelnemers (20,0 persent) waargeneem. Vier spesifieke gevalle verskyn in voorbeelde (117)-(120): In (117) word **Suid Afrikaners* teenstrydig met reël 12.31 sonder 'n koppelteken gespél, terwyl die eienaamverbinding **Hoopstad distrik* in (118) volgens reël 15.6 (AWS 2017:173-174) as *Hoopstaddistrik*, *Hoopstad-Distrik*, *Hoopstad-distrik* of *Hoopstad Distrik* gespél behoort te word. In (119) word reël 7.1 (AWS 2017:31) oortree, aangesien hierdie reël vereis dat daar 'n koppelteken tussen *47* en *jarige* gebruik word, terwyl beide reëls 12.14 (AWS 2017:86) en 15.4 (AWS 2017:171) vereis dat die herhalingsamestelling *net-net* met 'n koppelteken tussen die identiese dele in voorbeeld (120) gespél word.

(117) M2: Agri SA se syfers sê 15.8 miljoen **Suid Afrikaners** kry nie op n daaglikse basis n bord kos nie. En ons regering lockdown net voort en wil SAL weer lewendig bloei uit belastingeld

(118) M8: Volgende het ek nou van n boer in **Hoopstad distrik** gekry...

(119) V1: Jy is so reg V3...ek kry aanmekaar raas....want ek gedra my nie soos n **47jarige** vrou met 4 kinders nie...whatever 🤔🤔🤔

(120) V6: Ook **net net** 😊

5.2.2.2.6 Punte in standaardtaalafkortings

Die weglating van punte as leestekens aan sinseinde is reeds in §5.2.2.1.5 bespreek. Hier is standaardtaalafkortings ter sprake; volgens reël 3.7 van die AWS (2017:17) word punte tradisioneel in hierdie soort afkortings gebruik. Daar was 46 boodskappe (1,6 persent) deur agt deelnemers (13,3 persent) gestuur waar die leser volgens hierdie reël punte sou kon verwag. Voorbeelde (121)-(124) belig enkele gevalle.

(121) M1: Hi almal, ek remind julle net dat ons **asb** alle gelde **v** reunie teen 30 **Sept** moet kry asb. As daar dalk n hickup is kontak my gerus. Onthou ook **asb** om fotos te stuur wat jy het en ook jou favourite 80s song (Mony mony is klaar op) Thanx vir al d rsvps en die wie reeds betaal het.

(122) M2: As jy R5 by elke transaksie kan vat gaan jy geld maak. Boere betaal tussen 5% en 11% (gewoonlik per kg) aan bemarkers net om hulle produk te verkoop. Die verbruiker kan daai R5 betaal en hy gaan steeds baie goedkoper wegkom as by die winkel. Direkte bemarking sal moet groei want die boere lei al die verliese en die middelmanne vat net wins, dis hoekom julle soveel in die wikels betaal. Boer kry omtrent 'n dêrde van die verbruikersprys. As jy n skakel tussen verbruiker en boer kan wees vir n fraksie van die koste wat winkels vra baat almal. Daai groep se **admin** het n werk. Hy kannie die ding effektief bestuur nie. Hier is n groot gaping vir iemand met tyd en n bietjie kreatiewe denke

(123) V2: *OORLEDE KLASMAAT* sin sal ons **vlg** wk reel 😊

(124) V1: Vra **v** M2...lyk my hy onthou hulle baie goed 😊😊

5.2.2.2.7 Sintese: die weglating van skryftekens

Die bevindings oor skryftekenweglating word in Tabel 5-3 opgesom. Hieruit blyk dat die steekproef al die vernaamste skryftekens in 'n meerdere of mindere mate uit hulle SMS-boodskappe weglaat – waarskynlik vanweë die grondstelling van bondigheid en spoed (Thurlow 2003:14-15) gegewe die gesprekmatigheid van SMS en die toetsbordvereistes van WhatsApp as kortboodskapdiens. Betreffende laasgenoemde moet 'n sender byvoorbeeld eers 'n toetsbord met net die letters van die alfabet aktiveer wanneer hy of sy 'n

boodskap wil saamstel of op iemand anders s'n reageer. Daarna moet daar op die 123-toets gedruk word om 'n toetsbord met syfers en lees- en skryftekens toeganklik te maak; nadat die toepaslike karakters in die boodskap geplaas is, moet die ABC-toets eers weer gedruk word om na die oorspronklike alfabettoetsbord terug te keer voor daar met die samestelling van die res van die boodskap voortgegaan kan word. Al hierdie tikbewerkings is tydrowend en kan logiese beurtname aan 'n gesprek in die wiele ry en dus vermy die kletsgroepdeelnemers oënskynlik hierdie “onnodige” tikbewerkings.

Tabel 5-3. Die weglating van skryftekens

Ortografiese kategorie	Tikbewerking	Kenmerk	Boodskappe		Deelnemers	
			Getal	%	Getal	%
Skryftekenweglating	Reduksie	Diakritiese tekens	185	6,5	28	46,7
Skryftekenweglating	Reduksie	Afkappingstekens – <i>h</i>	171	6,0	21	35,0
Skryftekenweglating	Reduksie	Hoofletters aan sinsbegin	112	3,9	18	30,0
Skryftekenweglating	Reduksie	Hoofletters in eiename en afkortings	74	2,6	19	31,7
Skryftekenweglating	Reduksie	Punte in standaardtaalafkortings	46	1,6	8	13,3
Skryftekenweglating	Reduksie	Koppelttekens	33	1,7	12	20,0
Skryftekenweglating	Reduksie	Afkappingstekens – <i>foto's / video's</i>	20	0,7	9	15,0

5.2.2.3 Die weglating van spasies tussen woorde

Die weglating van spasies tussen woorde was 'n seldsame verskynsel, maar is wel in 15 boodskappe (0,5 persent) gestuur deur ses deelnemers (10,0 persent) tussen 'n syfer of getal en die daaropvolgende woord waargeneem. Voorbeelde (125)-(128) dien ter illustrasie.

(125) M1: Gelde moet asb teen **30Sept** inbetaal wees. Kontak ons gerus v navrae.

(126) V9: Ek is ook al Ouma van 'n **2jarige** BAIE BESIGE klein mannetjie. Verruil dit vir niks. Maar moet erken, hy speel my OP as ons bymekaar kom. 'n NawEEK voel soos 'n week as hulle hier gekuier het!!!! Dan kort ek 'n dag of twee om te herstel

(127) M9: Ek's oor **10min** daar.

(128) V3: 😞😞😞 ek het **5hoodies** onder my baadjie aan en **4sweetpak** broeke ...ek lyk en voel soos n
Japanese Sumo Fighter. . 😞

Net soos in die geval van Verheijen se ondersoek na die SMS-Nederlands van tieners en jongmense, is die ontleding van spasiegebruik in hierdie studie tot die geval hier bo beperk. Verheijen (2018:124) gee die volgende bewegegrede:

Misspellings, typos, missing spaces after punctuation marks, extra spaces before punctuation marks, missing sentence-final markers, and missing sentence-initial capitalisation were excluded because of a lack of demonstrable motivation and intentionality for using these orthographic deviations on the part of the writer, as opposed to the textisms in my taxonomy.

Die navorser stem met Verheijen se aanspraak oor die gebrek aan doelgerigtheid van sommige van die ortografiese verskynsels – in hierdie geval die weglating van spasies tussen woorde – saam, want dit sou moeilik wees om grondige redes vir die weglating van 'n spasie ná die eerste drie uitroepetekens in voorbeeld (129), die gebruik van bykomende spasies vóór die uitroepetekens en komma in voorbeeld (130) en die gebrek aan eenvormige spasiegebruik in veral *3 Aug* en *3Aug* in voorbeeld (131) aan te voer.

(129) V3: Julle het niks verander ni!!!Beautifull as ever!!!!

(130) M7: Da vat hy nou !! Alles wat mooi is vir julle ! Hoop 2019 bring geluk , vrede en liefde vir almal
!!

(131) V2: Neem aan vakansie moes wees 26Julie tot 3 Aug en nie Jun tot Julie nie aangesien Term 3,
3Aug begin 😊

5.2.2.4 Oortollige spasies in samestellings en samestellende samestellings

Hierdie kategorie betrek die los- en vasskryf van woorde – 'n onderwerp wat in hoofstuk 15 van die AWS (2017) bereël word. Die onnodige invoeging van 'n spasie tussen die dele van 'n samestelling oortree beide

reël 15.3 van die AWS (2017:167-171) en Thurlow (2003:14-15) se grondstelling van bondigheid en spoed; nietemin, dit is in 72 boodskappe (2,5 persent) saamgestel deur 25 deelnemers (41,7 persent) gevind. Vier voorbeelde verskyn in (132)-(135): Voorbeeld (132) verteenwoordig die naamwoord-plus-naamwoord-patroon en (133) die werkwoord-plus-naamwoord-tipe. Daarteenoor verskaf (134) 'n voorbeeld van 'n samestellende samestelling waarin 'n adjektief, *blou*, en 'n naamwoord, *apie*, veronderstel is om te kombineer om as 'n voorbepaler van die kern, *kind*, te dien, terwyl *verby steek* in (135) 'n samestelling geskoei op die setsel/bywoord-plus-werkwoord-patroon behoort te wees.

(132) M2: n Bietjie **plaas humor** vir al di oupas en oumas...😂😂😂

(133) M7: *V7*... hulle het die **opwarm ding** baie ernstig opgevat voor n game 😊

(134) V3: *M23* is dit jou **blou apie kind**?

(135) V5: Dis erg ek sien dat ons die ander provinsies een vir een begin **verby steek**

Die gebruik van oortollige spasies tussen die dele van 'n samestelling of samestellende samestelling is nie 'n verskynsel wat eie aan SMS-Afrikaans is nie; inderdaad, dit kom algemeen in geskrewe Afrikaans voor en word volgens Carstens (2018:251) deur onder meer die natuurlike kontak met Engels beïnvloed. Hy verduidelik soos volg (sy skuinsgedruk):

Dit is egter duidelik dat die invloed van die Engelse skryfpatroon op die Afrikaanse skryfwyse nie heeltemal buite rekening gelaat kan word nie, en dit is juis daarom belangrik dat Afrikaanse gebruikers moet kennis neem van die tradisionele onderskeid tussen die Afrikaanse en Engelse skryfwyses. *In Afrikaans is daar naamlik 'n natuurlike neiging om die dele van samestellings vas te skryf* (d.i. volgens die *konjunktiewe* patroon wat onder meer in Duits en Nederlands voorkom), terwyl daar in Engels weer 'n neiging is om woorde eerder los te skryf (d.i. die *disjunktiewe* patroon). Omdat hierdie twee tale so nou met mekaar saamleef in 'n natuurlike taalkontaksituasie, is dit eintlik vanselfsprekend dat daar onderlinge beïnvloeding op die betrokke tale se skryfwyses sal wees.

5.2.2.5 Buitensporige hooflettergebruik

Die oormatige gebruik van hoofletters dien om bepaalde emosies oor te dra (Saal 2015:5). Dit is in die taaldata in 46 boodskappe (1,6 persent) geskryf deur 15 deelnemers (25,0 persent) waargeneem. Vier spesifieke voorbeelde word in (136)-(139) gegee: In (136) wend M2 hoofletters aan om humor oor te dra in reaksie op die voorafgaande boodskap van V11, want die “koffie” waarna sy verwys is ingrooptaal vir Ponchos – ’n sterk alkoholiese drank bestaande uit ’n ingieting van tequila en koffie en ’n gunsteling onder sommige van die reüniegangers. In (137) is die hele sin in hoofletters geskryf om sarkasme uit te druk oor wat M4 as drakoniëse, onlogiese inperkingsmaatreëls tydens die koronaviruspandemie beskou. Die hoofletters in (138) dra ironie oor, want die muur was ’n gewilde pousekuierplek tydens die deelnemers se hoërskooljare, maar het mettertyd só bouvallig geword dat hulle verbied is om daarop te sit. Die hoofletters in (139) dra tot die uitbundigheid van V3 se boodskap in reaksie op die reüniebywoners se jolyt by.

(136) V11: Ek is vrek bang vir daai koffie hoor!!

M2: 😂😂😂Dit **BYT!** 😂😂😂

(137) M4: 😏😏 **BAIE SLIM.** 🙄🙄

(138) V7: Mag ‘n mens nog **SIT** op die muur? 🤔

(139) V3: **HAHAHA** jaja!!!Geniet dit julle!!!Was gisteraand soooo jaloers!!!!

5.2.2.6 Die herhaling van leestekens: punte, uitroepstekens en vraagtekens

Hierdie kategorie in Verheijen (2018:119) se raamwerk staan in teenstelling tot die weglating van punte, uitroepstekens en vraagtekens. Die weglating van hierdie leestekens kan op Thurlow (2003:14-15) se grondstelling van bondigheid en spoed begrend word, terwyl die herhaling daarvan eerder as voldoening aan die grondstelling van paralinguistiese regstelling beskou behoort te word. Leestekenherhaling is in 457 boodskappe (16,1 persent) geskep deur 33 (55,0 persent) van die deelnemers gevind. In hierdie boodskappe is die herhaling van punte die meeste aangetref (235 boodskappe; 51,4 persent), gevolg deur uitroepstekens (195 boodskappe; 42,7 persent) en vraagtekens (27 boodskappe; 5,9 persent). Die ses voorbeelde in (140)-(145) dien om leestekenherhaling in die taaldata te illustreer: In (140) en (141) word die punt herhaal en in (142) en (143) die uitroepteken. Voorbeeld (144) wys herhaling van die vraagteken – ’n verskynsel wat slegs onder die vroulike deelnemers voorgekom het. Laastens illustreer (145) hoe beide die uitroep- en vraagteken in dieselfde boodskap herhaal word.

(140) M5: Daar vat hy.....rondte 2.....lets go.....🍺🍻🍷🎆

(141) V1: Dan wag ons almal vd reelings.....

(142) M4: Sien jy *ONDERWYSER*, dit gebeur regtig!!!!!!😄

(143) V18: Op die beste reünie nog!!! Dankie *MI* en Komitee!!! Julle het juis self oortref!!!🎉

(144) V12: Moet ons glase saambring???

(145) V3: Julle het niks verander ni!!!Wat gebruik julle om so jonk te bly???)😞

5.2.2.7 Sintese: SMS-taalverskynsels gebaseer op ortografie

’n Opsomming van SMS-taalverskynsels gebaseer op ortografie verskyn in Tabel 5-4. Hierdie tabel weerspieël Verheijen (2018:119) se raamwerk soos vervat in Bylaag 3 op ’n enkele uitsondering ná: Die weglating van leestekens en skryftekens is in afsonderlike kategorieë geplaas in teenstelling met Verheijen, wat die weglating van die meerderheid lees- en skryftekens saamvoeg, maar die weglating van diakritiese tekens en die weglating van hoofletters in eiename en afkortings afsonderlik uitkalwe. Wat Tabel 5-4 by uitstek aantoon, is dat SMS-taal in die eerste plek oor die verwesenliking van kommunikatiewe doelstellings gaan. Dit blyk uit die feit dat twee van Thurlow (2003:14-15) se sosiolinguistiese grondstellings van SMS-taal – bondigheid en spoed aan die een kant en paralinguistiese regstelling aan die ander kant – betreklik goed gebalanseer is in die sin dat beide reduktiewe (versnellende) en bykomende (vertragende) tikbewerkings in Tabel 5-4 verteenwoordig word. Dit bevestig Thurlow (2003:15) se aanspraak dat, in die meeste gevalle, “all principles are served simultaneously and equally.” Tabel 5-1, waarin die fonologiese en morfologiese kenmerke opgesom word, verleen verdere steun aan hierdie stelling.

In soverre dit die onderskeidende ortografiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans aangaan, is die weglating van lees- en skryftekens en die herhaling van leestekens onder ’n meerderheid van die deelnemers waargeneem, terwyl buitensporige hooflettergebruik ook opvallend was. Die weglating van spasies tussen getalle of syfers en daaropvolgende letters is ’n minder gebruiklike verskynsel, terwyl oortollige koppeltekens, byvoorbeeld *pannekoeken-huis* < *pannekoekhuis* (“pannekoekrestaurant”) in

Verheijen (2018:119) se studie, volkome in die taaldata afwesig was. Die gebruik van oortollige spasies tussen die dele van 'n samestelling of samestellende samestelling is onderaan die tabel ingesluit as 'n aanduiding van die feit dat die verskynsel so algemeen in die skryftaal voorkom (Carstens 2018:251) dat dit nie as 'n onderskeidende stylkenmerk van SMS-Afrikaans gereken kan word nie.

Tabel 5-4. SMS-taalverskynsels gebaseer op ortografie

Tikbewerking	Kenmerk	Boodskappe		Deelnemers	
		Getal	%	Getal	%
Reduksie	Weglating van leestekens	1 222	43,1	51	85,0
Reduksie	Weglating van skryftekens	470	16,6	39	65,0
Byvoeging	Herhaling van leestekens	457	16,1	33	55,0
Byvoeging	Buitensporige hooflettergebruik	46	1,6	15	25,0
Reduksie	Weglating van spasies	15	0,5	6	10,0
Byvoeging	Oortollige koppelttekens	0	0,0	0	0,0
Byvoeging	Oortollige spasies tussen die dele van 'n samestelling of samestellende samestelling	72	2,5	25	41,7

5.3 Tipografiese kenmerke

Grafiese tekens en simbole word in navolging van Verheijen (2018:124) en Amagholbeli (2012:349) as deel van die tipografie eerder as die ortografie van SMS-Afrikaans in hierdie studie behandel. Die vernaamste tipografiese kenmerke aangetref in SMS-taal is in §3.5.4 in oënskou geneem; uit die tekens en simbole wat daar bespreek is, is logogramme (uitgesluit woorde), drie fonografiese simbole, 'n enkele emotikon, emoji en piktogramme in die taaldata teëgekem. Emoji en piktogramme was verreweg in die meerderheid en dus word die aandag in die onderstaande bespreking grootliks daaraan gewy.

5.3.1 Emotikons, fonografiese simbole en logogramme

Dit is verbasend hoe yl emotikons, fonografiese simbole en logogramme (uitgesonderd woorde) in die taaldata gesaai lê. Hierdie tekens is in 'n skamele 26 boodskappe (0,9 persent) onder 14 deelnemers (23,3 persent) bespeur. Logogramme (16 boodskappe; 0,6 persent) was die gewildste van die drie soorte tekens en het die ampersand (& agt boodskappe), persentasietekens (%; ses boodskappe), aapstert (@; een boodskap) en kruisie (x; een boodskap) ingesluit. Die boodskap bevattende die kruisie verskyn in voorbeeld (146) waarin dit die semantiese waarde “verkeerd” het.

(146) V2: Voel ook v groot party. Daardie was 20 jr reunie, askies x gese 😊

Amaglobeli (2012:349) definieer tipografiese emotikons as dié wat met 'n rekenaartoetsbord gevorm kan word. Tipografiese emotikons saamgestel uit die kruisie, x, het in sewe boodskappe (0,2 persent) opgeduik wat uitsluitlik deur vroulike deelnemers geskryf is. In twee van hierdie boodskappe is 'n enkele kruisie, x, gebruik om 'n gevoel van vriendskap oor te dra soos wat in (147) uitgebeeld word. In nog twee van die boodskappe is drie kruisies, xxx, gebruik om die proposisie van die boodskap uit te brei – in (148) sluit V3 byvoorbeeld haar Kerswense met xxx af wat in hierdie konteks “met baie liefde” (of soortgelyk) by die semantiese inhoud van die boodskap voeg. In die oorblywende boodskappe word die kruisie in kombinasie met emoji of piktogramme gebruik – in (149) word dit en 'n kersiebloesiel ingespan om “[o]ns gaan jou mis” te beklemtoon en in (150) word die kruisie en verskeie emoji aaneengestrengel om V3 se dankbaarheid teenoor veral die reünierelingskomitee uit te lig.

(147) V8: V3, ek stuur sommer vir jou direk info x

(148) V3: Baie geseende Kersfees aan elkeen v julle en jul gesinne. Mag jul elkeen SY teenwoordigheid in hierdie Kerstyd van voor af ondervind. xxx

(149) V18: Ook een van my groot gunsteling, V3. Ons gaan jou mis. X 🌸 x

(150) V3: Almal v julle ...was sooo great om julle weer te sien. Wil graag oor 2 jr definitief daar wees. M1...V2....V11....M2..en V5...julle mag maar reel. Dnki v al d fotos en videos...mooi ry aan almaldnki dat ek kon deel wees van alles al was ek hier. Xxx 😊😊😊💖💖💖💖💖💖💖💖

Die enigste fonografiese simbole in die taaldata is die letter *u* en die syfer 1 – voorbeelde is alreeds in §5.2.1.2 en §5.2.1.5 as homofone bespreek en dus word daar nie verder hierop uitgewy nie.

5.3.2 Emoji, ideogramme en piktogramme

Dit is in §3.5.4.1 bespreek dat piktogramme 'n vormlike, niearbitrêre verwantskap met 'n bepaalde begrip het, terwyl ideogramme in wese piktogramme is wat steeds in 'n niearbitrêre verhouding teenoor 'n begrip staan, maar nie langer vormlik daarmee ooreenstem nie en 'n meer algemene of abstrakte betekenis aanneem (Fromkin, Rodman & Hyams 2014:528-529). Dit is verder in §2.2.2 en §3.5.4.3 bespreek dat emoji “prentkarakters” is (Danesi 2017:2) wat beide piktogramme en ideogramme kan verteenwoordig (Stark & Crawford 2015:5-6). Laasgenoemde blyk uit die ontstaansgeskiedenis van emoji en die feit dat SoftBank se oorspronklike stel prentkarakters beide piktogramme (byvoorbeeld 'n stomende koppie koffie) en ideogramme (byvoorbeeld 'n gebroke hart) bevat het soos wat in Figuur 2-1 in hoofstuk 2 geïllustreer is. Inderdaad, Seargeant (2019:9-11) vermaan teen die veronderstelling dat emoji slegs emosie uitbeeld – hy voer aan dat dit die gevolg van 'n verkeerde, ingedinkte morfologiese struktuur van die woord is op grond van die oënskynlik vormlike ooreenkoms tussen “emoji” en “emotikon,” met laasgenoemde wat wel oorspronklik ontwikkel is om emosies uit te beeld. Seargeant (2019:22) gebruik die voorbeeld van 🚫 om die soms ingewikkelde aard van prentkarakters te verduidelik: Hierdie betrokke karakter is beide 'n piktogram en 'n ideogram – eersgenoemde omdat dit 'n slimfoon verbeeld en laasgenoemde omdat 'n rooi sirkel met 'n diagonale streep daardeur met die begrip “verbodenheid” verband hou. Die prentkarakter 🚫 dien dus om die gebruik van 'n slimfoon te verbied. Soortgelyke ingewikkeldheid het deeglik in die taaldata van hierdie studie deurgeskemer. Voorbeeld (151) dien ter illustrasie: Die tennisbal is met die eerste oogopslag 'n piktogram, maar in die konteks van die sin is dit 'n ideogram wat na die algemene begrip “speel tennis” verwys. Daarteenoor is die fiets 'n piktogram in die ware sin van die woord, aangesien dit in die sinskonteks gebruik word om die begrip “fiets” vormlik te verteenwoordig. Laastens is die apie in die middel van die Engelse samestelling *monkey man* 'n prentkarakter met 'n seldsame plasing wat bloot 'n deel van die proposisie herhaal (dit word breedvoerig in §5.3.2.2 bespreek).


(151) V17: Hy's pragtig! Het alles so laat gedoen dat ek net 2 laatlamme het. Nog besig m laerskool, speel nog tennis 🎾 en ry 🚲 dat dit bars saam m my monkey 🐵 man.

Op grond van die voorafgaande bespreking word die term “emoji” in die res van hierdie verhandeling as 'n sambreelterm vir beide piktogramme en ideogramme gebruik en daar word nie verder tussen dié

prentkarakters onderskei nie. In die bespreking hier onder word statistieke betreffende die voorkoms van emoji in die taaldata verskaf, die kommunikatiewe funksies van emoji word uiteengesit en die plasing van emoji in 'n boodskap word bespreek (moontlike genderverskille kom in hoofstuk 8 aan bod). Die ontleding is gebaseer op weergawe 13.1 van die Unicode Konsortium se volledige versameling emoji soos wat dit in Augustus 2021 daar uitgesien het (The Unicode Consortium 2021).


5.3.2.1 Die voorkoms van emoji in die taaldata

Emoji is in 1 795 boodskappe (63,3 persent) saamgestel deur 54 deelnemers (90,0 persent) aangetref. Vyftien deelnemers (25,0 persent) was vir 1 462 (81,4 persent) van hierdie boodskappe verantwoordelik (Figuur 5-2). Een vroulike deelnemer, V1, was besonder produktief, want sy het emoji in 287 boodskappe ($287 / 1\,795 = 16,0$ persent) aangewend; net soos wat die geval in hoofstuk 4 met die totale getal boodskappe was (kyk weer §4.8.1), is die navorser van mening dat emoji deur genoeg ander deelnemers gebruik is vir die resultate om nie beduidend deur V1 se oorvloedige bydrae verdraai te word nie. Die taaldata het in die geheel 4 721 emoji bevat, wat beteken dat daar 'n gemiddeld van 1,7 emoji in elk van die 2 837 teksboodskappe was.²⁹ Dertien deelnemers (21,7 persent) was vir 3 874 (82,1 persent) van hierdie emoji verantwoordelik op grond van die verspreiding in Figuur 5-3; dieselfde kommentaar as in die vorige paragraaf geld weereens vir V1.



Figuur 5-2. Die verspreiding van emoji-bevattende boodskappe onder die deelnemers

²⁹Ten spyte van verskeie pogings om die ontleding van emoji met behulp van rekenaarsagteware, byvoorbeeld AntConc, Microsoft Excel, Python en R te doen, het dit uiteindelik geblyk dat die tel van emoji met die hand steeds die akkuraatste én vinnigste manier is om dit te doen. 😊



Figuur 5-3. Die verspreiding van die getal emoji onder die deelnemers

In die 1 795 boodskappe was daar 946 (52,7 persent) waarin die emoji nêr gesigsuitdrukking bevat het, terwyl 607 (33,8 persent) emoji sonder enige gesigsuitdrukking gebruik het. 'n Totaal van 242 boodskappe (13,5 persent) het 'n kombinasie van gesiglose en gesigbevattende emoji ingesluit. Voorbeelde (152)-(157) illustreer elk van hierdie drie gevalle.

Nêr gesigbevattende emoji:

(152) M4: Dit is baie slim. Wonder hoeveel is sy wages? Seker meer as wat hy kan tel. 🤔🤔🤔🤔

(153) V6: Besliz Golf kar vir jou. Onthou ek ry saam. Gaan wraggies nie loop nie 😊

Nêr gesiglose emoji:

(154) M13: Ek wil saam speel. 🏏

(155) V27: Baie geluk, mag daar nog vele wees.. 🍷🌻

Beide gesigbevattende en gesiglose emoji:


(156) M1: Ag nee kom nou julle girls.....dis mos koningskos 🐥🐥😂😂.

(157) V8: Dankie V3! Seen vir elkeen op hierdie spesiale naweek. Reen heerlik om *PROVINSIE!* So dankbaar 🎉🙏😊🌹


Daar was 1 042 boodskappe (36,7 persent) waarin emoji glad nie verskyn het nie. Hierteenoor was daar 823 (29,0 persent) wat slegs uit emoji bestaan het – sogenaamde “naakte emoji” na aanleiding van Provine, Spencer en Mandell (2007:301). Figuur 5-4 illustreer dat emoji-alleenboodskappe so min as een en soveel as 17 emoji kon bevat, terwyl die deelnemers geneig was om ’n gemiddeld van drie naakte emoji te gebruik. Tussen hierdie twee uiterstes was daar 972 boodskappe (34,3 persent) wat ’n samespel van lees- of alfanumeriese en emoji bevat het. In hierdie stel boodskappe was daar ’n enkele een met ’n allemintige 111 emoji – dit is deur ’n manlike deelnemer saamgestel om twee verjaarsdagskoeke as deel van ’n gelukwensing te skep. Dié besondere boodskap verskyn in Figuur 5-5 en illustreer die gebruik van emoji as versiering of kuns (Siever 2020:143).

Laastens verskyn die gewildste emoji in die taaldata in Tabel 5-5. Die ontleding van emoji in hierdie studie berus op weergawe 13.1 van die Unicode Konsortium se volledige versameling prentkarakters (The Unicode Consortium 2021) – hierdie weergawe is in Oktober 2020 vrygestel en bevat in die geheel 3 521 emoji (Emojipedia.org 2021). Tabel 5-5 dui aan dat die kletsgroepdeelnemers slegs 183 (5,2 persent) van die karakters oor die drie jaar van datainsameling ingespan het, met 🤔 verreweg die gewildste. Hierdie bevinding kan verklaar word op grond van die feit dat die deel van grappe volgens Tabel 4-4 die gewildste aktiwiteit op die kletsgroep was (675 uit 2 837 boodskappe; 23,8 persent). Ter wille van konteks bevat Tabel 5-5 in die regterkantste kolom ook die gewildste emoji in Oktober 2019 wêreldwyd (Emojipedia.org 2021).³⁰ Alhoewel hierdie inligting ietwat verouderd is, oorvleuel nie minder as ses van die emoji op hierdie lys met dié van die deelnemers se gewildste tien nie, wat daarop dui dat die Afrikaanssprekende lede van Generasie X heelwat met talle ander emoji-gebruikers wêreldwyd gemeen het.

³⁰Die navorser kon tydens die samestelling van hierdie verhandeling nie geloofwaardige statistiek oor emoji-gebruik op WhatsApp in die algemeen en Afrikaanssprekendes in die besonder op hierdie platform opspoor nie.























Figuur 5-4. Die verspreiding van naakte emoji



Figuur 5-5. 'n Verjaarsdagboodskap met twee koeke uit emoji "gebak"

Tabel 5-5. Die gewildste emoji in die taaldata

No.	Emoji	Kode	Afrikaanse beskrywing [†]	Getal	Persentasie	Wêreldwyd
1		U+1F923	rol op die grond van die lag	1 147	24,3	 face with tears of joy
2		U+1F602	gesig met trane van blydschap	531	11,2	 red heart
3		U+1F64F	saamgeslaande hande	346	7,3	 smiling face with heart-eyes
4		U+1F44F	klappende hande	328	6,9	 rolling on the floor laughing
5		U+1F44D	doodreg	147	3,1	 smiling face with smiling eyes
6		U+1F601	stralende gesig	136	2,9	 folded hands
7		U+1F64C	juigende hande	130	2,8	 two hearts
8		U+2764	rooi hart	114	2,4	 loudly crying face
9		U+1F605	laggende gesig met sweetpêrel	88	1,9	 face blowing a kiss
10		U+1F62D	gesig wat luidkeels huil	83	1,8	 thumbs up
11-183				1 671	35,4	
Totaal				4 721	100,0	

[†]Die Afrikaanse beskrywing is afgelei van die inligting opgeneem in Unicode se CDLR (“Common Locale Data Repository”) – ’n bewaarplek vir al die sagtewaregereedskap nodig om emoji bestendig op tegnologiese platforms soos WhatsApp voor te stel.

Die bespreking word afgesluit met ’n opsomming van die statistieke wat in die voorafgaande paragrawe uiteengesit is. Uit Tabel 5-6 kan afgelei word dat emoji verreweg die gewildste tipografiese simbool in die taaldata is. Alhoewel die oorgrote meerderheid deelnemers (57; 95,0 persent) steeds boodskappe s nder emoji stuur, is daar feitlik net soveel deelnemers (54; 90,0 persent) wat boodskappe m t emoji stuur, wat daarop dui dat die deelnemers aan die steekproef hierdie karakters met ope arms aangeneem het en vrylik in hulle SMS-Afrikaans op WhatsApp gebruik.

Tabel 5-6. Enkele statistieke oor die voorkoms van emoji in die taaldata

Teken of boodskapsoort	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Emoji (alle voorkomste)	1 795	63,2	54	90,0
Logogramme	16	0,6	11	18,3
Emotikons	7	0,2	5	8,3
Fonografiese simbole	3	0,1	3	5,0
Boodskappe s�nder emoji	1 042	36,7	57	95,0
Boodskappe met teks �n emoji	972	34,3	50	83,3
Boodskappe met n�t emoji	823	29,0	45	75,0
Boodskappe met gesigbevattende emoji	946	33,3	39	65,0
Boodskappe met gesiglose emoji	607	21,4	46	76,7
Boodskappe met beide gesiglose en gesigbevattende emoji	242	8,5	36	60,0

5.3.2.2 Die kommunikatiewe funksies van emoji

Die kommunikatiewe funksies van emoji is in hierdie studie aan die hand van Siever (2020) se raamwerk ontleed omdat dit uit die emoji-gebruik aangetref op Facebook, Instagram, Twitter en WhatsApp ontwikkel is. Twee ander raamwerke, naamlik di  van Herring en Dainas (2017) uit begroningsteorie en di  van Gawne en McCulloch (2019) op grond van die ooreenkoms tussen gebare en emoji, is ook oorweeg.³¹ Daar is uiteindelik teen hierdie raamwerke besluit, want eersgenoemde is grootliks op die emoji op Facebook en laasgenoemde hoofsaaklik op die emoji op Twitter toegespits. Soos wat alreeds telkens vermeld is, oefen

³¹Albei hierdie raamwerke is kortliks in §2.2.2 van die literatuuroorsig bespreek.

die tegnologiese platform 'n belangrike invloed op die aard van SMS-taal uit (vgl. Herring & Dainas 2020:10:23-24 en Verheijen 2018:125-132) en gevolglik is daar op Siever se raamwerk besluit vanweë die gerigtheid daarvan op WhatsApp – die tegnologiese platform waarin die taaldata vir hierdie studie tot stand gekom het.

Siever (2020) bespreek die emoji aangetref op Facebook, Instagram, Twitter en WhatsApp as 'n vorm van “iconographic communication”, waar “iconographic” 'n nuutskepping uit *icono* en *graphé* (Grieks vir onderskeidelik “beeld” en “skrif”) is en dus letterlik as “beeldskrif” vertaal kan word. Sy gebruik 'n raamwerk waarin die kommunikatiewe funksies van emoji in 'n minder gebruiklike referensiële en 'n meer gebruiklike modale funksie verdeel word. In die referensiële funksie dien emoji om naam- en werkwoorde, adjektiewe en selfs 'n hele boodskap op die letter-, woorddeel- of volwoordvlak te vervang; in hierdie funksie kan emoji nie uit 'n boodskap weggelaat word nie. In die modale funksie dien emoji om 'n boodskap uit te brei deur bykomende inligting te verskaf, die sender se houding te weerspieël of bloot versiering te wees, met laasgenoemde wat emoji ook as 'n kontekstualiseringsmeganisme afbaken. Siever sluit by Provine, Spencer en Mandell (2007) se bevindings oor die funksies van emotikons aan deur daarop te wys dat emoji ook as leestekens aangewend kan word deur aaneenskakelende boodskappe op gepaste plekke van mekaar te skei. 'n Aangepaste weergawe van Siever (2020:136-145) se raamwerk verskyn in Bylaag 4; die aanpassing verwys na die byvoeging van leestekens as 'n kernfunksie van emoji – dit word wel deur Siever (2020:143) bespreek, maar nie in haar diagram aangedui nie.

5.3.2.2.1 Modale funksie

Siever (2020:143-145) verdeel die modale funksie van emoji in die uitbreiding of herhaling van 'n proposisie en/of sy onderdele. Eersgenoemde val verder uiteen in emoji wat (i) bykomende inligting verskaf, (ii) die sender se houding verklaar en (iii) as versiering dien. Die uitbreiding en herhaling van 'n proposisie is egter verwant, aangesien emoji wat 'n proposisie herhaal ook die sender se houding verklaar en versiering verskaf omdat hierdie emoji semanties oortollig is. Al die vorme van die modale funksie is in 'n mindere of meerdere mate in die taaldata gevind.

In nagenoeg 49 boodskappe ($49 / 1\ 795 = 2,7$ persent) geskryf deur 16 deelnemers (26,7 persent) het emoji tot proposisie-uitbreiding gelei deur bykomende inligting te verskaf. Voorbeelde (158)-(161) dien ter illustrasie: In (158) bedank en komplementeer V4 die hooforganiseerder van die reünie vir al sy moeite met die reëlings – sy beskryf hom as 'n ster en wend dan die trofee aan om die proposisie met “en jy verdien 'n prys” (of soortgelyk) uit te brei. In (159) gebruik V9 die apie wat sy oë bedek om die proposisie met “ek

wil nie eers daaraan dink nie” uit te brei, terwyl die nargesig haar proposisie oor ’n middagslapie verryk deur aan te dui dat sy net grap. In (160) brei M1 die proposisie (’n grap) met die stralekrans-emoji uit wat in hierdie konteks as “ek is natuurlik heeltemal onskuldig” geles kan word. Laastens bedank M10 in (161) die kletsgroepdeelnemers vir hul gelukwensing met sy vyftigste verjaarsdag en hy gebruik dan die aaneenskakeling van ’n mansgholfspeeler, ’n gebraaide garnaal, ’n skyf pizza, ’n bak spaghetti, ’n baguette, ’n sny broskoek en ’n glas rooiwyn om die proposisie met “ons speel ’n potjie gholf en eet, drink en kuier lekker” uit te brei.

(158) V4: Sjoe, dankie M1! Jy is n 🏆🏆

(159) V9: Dankie julle! Opgewonde. PS, ek ry 7 ure van my af👴👴👴. Da ga nie eens tyd wees vir middagslapie nie 😊

(160) M1: He he dit gebeur maar as mens so lank ini tronk is 😊.

(161) M10: Weet nie wat om the se nie. Julle ouns is so nice. Maak a plan as julle in *STAD* is 🍷🍕🍔🍌🍰🍷

Houdingverklaring behels die gebruik van emoji om ’n spreker se houding oor die proposisionele inhoud van ’n boodskap te belig. Siever (2020:143-145) wy nie uit oor die reikwydte van hierdie funksie nie. In hierdie studie is dit gevolglik as van toepassing op beide die sender se eie proposisies en dié van ander beskou. Op grond hiervan was daar 1 494 boodskappe (83,2 persent) waarin 53 deelnemers (88,3 persent) emoji gebruik het om hulle houdings te verklaar. Die betreklik groot getal boodskappe is nie verbasend nie, aangesien al die boodskappe waarin slegs emoji verskyn (832; 46,4 persent) ’n houdingverklaringsfunksie vervul. Voorbeelde (162)-(165) belig dié funksie: In (162) maak M1 ’n stelling wat daarop dui dat hy hom daarin verlustig om die bordjies teen sy oudonderwysers te verhang; hy gebruik die laggende, pers duiwelsgesig om aan te dui dat hy kwansuis ’n gemene kant het, terwyl hy in lewende lewe ’n hart van goud het. V3 en M6 gebruik dan ’n opeenvolging van die trane-van-blydschap- en rol-op-die-vloer-van-die-lag-emoji om kommentaar op sy boodskap te lewer – albei vind dit baie snaaks. In (163) nooi V12 die ander reüniebywoners uit om saam met haar te gaan hardloop; haar houding met die knipogende emoji met ’n uitgesteekte tong is uitdagend, maar sy versag dit deur vir haarself te lag. Wanneer V2 aandui dat sy en haar man waarskynlik gaan meedoen, gebruik V12 klappende hande in ’n emoji-alleenboodskap om haar blydschap te verbeeld. In (164) bied M2 ’n statistiek aan om die regering te kritiseer, waarop V4 haar misnoë

oor dié stand van sake met drie kwaai gesiggies in 'n emoji-alleenboodskap te kenne gee. Laastens belig (165) die gesprek wat plaasvind wanneer V9 emoji gebruik om haar “skok” uit te spreek oor die feit dat president Cyril Ramaphosa betyds vir 'n televisietoespraak oor COVID-19-inperkingsmaatreëls gaan opdaag, aangesien hy 'n vorige keer laat was. V2 reageer sarkasties deur 'n glasië op dié nuus te klink, V1 vind dit of die oorspronklike boodskap snaaks en V8 dink hierdie reaksies is laf, maar gepas. V6 dui dan aan dat sy nie belangstel in wat die president te sê het nie omdat hy haar aan die slaap sus. Die gesprek eindig met V2 wat skater van die lag.

(162) M1: Yebbo....ek dink almal weet whats cooking. D onnies kan maar v n slag v ons luister en inval.

Voel flippen nice om dit te se 🍆

V3: 😂😂😂😂😂

M6: 😂😂😂

(163) V12: Julle lus om gou voor die 10h30 tee die Saterdagoggend saam 'n 10km of 21km te doen??

😂😂😂

V2: Redelik seker ek en *EGGENOOT* gaan jou join

V12: 🙌🙌🙌

(164) M2: Agri SA se syfers sê 15.8 miljoen Suid Afrikaners kry nie op n daaglikse basis n bord kos nie.

En ons regering lockdown net voort en wil SAL weer lewendig bloei uit belastingeld

V4: 🤔🤔🤔

(165) V9: Hy is op tyd 🙌🙌🙌

V2: 🍷

V1: 😂😂

V8: 😂👍

V6: 🙌😂

V2: 😂

Versiering was die skaarsste modale funksie; inderdaad, net drie boodskappe (0,1 persent) – een deur 'n manlike deelnemer en twee deur vroulike deelnemers – het volgens hierdie navorser as versiering in die ware sin van die woord gekwalifiseer. Die emoji-kuns in Figuur 5-5 is alreeds as 'n voorbeeld van versiering

bespreek; daarbenewens verdubbel V1 telkens die stralekrans-emoji in (166) om haar Kerswens te versier, terwyl V19 in (167) haar boodskap met die trane-van-blydschap-emoji versier.

(166) V1: 🙌🙌🙌🙌baie dankie M4 😊😊 Geseende Kersfees almal 😊😊

(167) V19: 😭😭😭 n ietsie vir ons dames 😭😭😭

Die laaste modale funksie wat aan bod kom, is die herhaling van die dele van 'n proposisie; Siever (2020:129, 140-142) voer aan dat hierdie funksie die gevolg van die intermodale verwantskap tussen taal en emoji is omdat dieselfde inligting dikwels deur beide oorgedra word. Hierdie betrokke funksie is in 236 boodskappe (13,1 persent) onder 34 deelnemers (56,7 persent) waargeneem. Die voorbeelde in (168)-(173) dien ter illustrasie: In (168) herhaal V8 haar gelag deur beide 'n maltrap en 'n stralende gesig te gebruik in reaksie op badkamerhumor. In (169) herhaal V4 haar vraag deur 'n prentkarakter met 'n peinsende gesig te gebruik, terwyl V14 in (170) haar verwysing na “bebrilde” klasmaats met 'n brilgesiggie herhaal. In (171) herhaal M6 sy beaming met saamgeslaande hande, terwyl M9 sy verwysing na “lekker kuier” in (172) herhaal deur sy boodskap met twee wynbottels met ploffende kurkproppe af te sluit. Laastens herhaal M8 sy verjaarsdagwense aan M10 in (173) met 'n hele rits emoji wat op 'n partytjie dui – onder meer klinkende wynglase, 'n wynbottel met 'n ploffende kurkprop, klappende hande, 'n partytjieknal, konfetti, ballonne en gesiggies wat onder meer op avontuurlustigheid (😄), partytjehou (🥳) en bewondering (😍) dui. In hierdie opsig is (173) 'n voorbeeld van 'n kognitiewe raam, want die samespel van emoji dien om die leser se denkbeeld van 'n partytjie en alles wat daarmee gepaardgaan op te roep. Volgens Siever (2020:139-140) is die oproep van konseptuele kennis een van die funksies van aaneengestremgelde emoji.

(168) V8: Hehehehehe!!!! 😄😄

(169) V4: MI, kan ek jou asb *DATUM* betaal 🙄😏 Ek sit in *STAD*

(170) V14: Ek is bly daar is nog van julle wat bebrild is 😄

(171) M6: Amen 🙏🙏

(172) M9: Pryse gekry. Sien almal môreaand vir lekker kuier. 🍷🍷

voorvanger die woorde “prysenswaardig” en “piekfyn”, terwyl die tropiese drankie in (178) as plaasvervanger vir “drink” (en ’n vraagteken) dien.

(177) V16: Baie dankie, *MI!!* Dit is verseker 🙌 net soos d reunie!!!

(178) V6: Jip net so, waar gaan ons 🍷

Laastens was daar net één geloofwaardige voorbeeld waar ’n volwoord (“geluk”) deur meer as een emoji (’n toegedraaide geskenk en ’n wynbottel met ’n ploffende kurkprop) vervang is aldus voorbeeld (179).

(179) V6: 🎁🍷, ons almal amper daar! Geniet die bederf!

Siever (2020:137) maak die punt dat die referensiële funksie van emoji heelwat seldsamer as die modale funksie is – dit blyk inderdaad hier die geval te wees. ’n Moontlike verklaring is dat die vervanging van ’n volwoord of sy onderdeel met emoji ’n betreklik hoë kognitiewe las op ’n boodskapsamesteller plaas wat tot stadiger boodskapsamestelling aanleiding kan gee en sodoende tydige beurtnaam kan belemmer – teenstrydig met die sosiolinguistiese grondstelling van bondigheid en spoed (Thurlow 2003:14-15). ’n Soortgelyke effek word waargeneem in die spoed waarmee lesers emoji interpreteer soos wat in §5.3.2.3 aangeroer word.

5.3.2.2.3 Leestekenfunksie

In die leestekenfunksie dien emoji om proposisies van mekaar te skei, hetsy in dieselfde boodskap of tussen boodskappe (Siever 2020:143). Hierdie definisie vind aanknoping by die beskouing van vele ander vakkenners wat óók ’n leestekenfunksie aan emoji (of emotikons as voorgangers) toeken (vergelyk byvoorbeeld Herring & Dainas 2017; Amaghloubeli 2012; Provine, Spencer & Mandell 2007). Danesi (2017:83-88) beskou die leestekenfunksie as ’n deel van die “grammatika” van emoji; hy som die funksie soos volg op deur te beklemtoon dat emoji meer betekenis aan ’n sin kan gee as wat die geval met die “oppervlakkige” gebruik van leestekens is (Danesi 2017:167):

Emoji that are put at the end of sentences or even interspersed in sentences may have punctuation functions, replacing periods, commas, and the like, although they add

considerable in meaning to the sentence, transcending the perfunctory prosody that punctuation marks often entail.

Teen hierdie agtergrond is die leestekenfunksie van emoji in 569 boodskappe (31,7 persent) saamgestel deur 39 deelnemers (65,0 persent) bespeur. Dit was in heelwat van die gevalle egter nie moontlik om ondubbelsinnig 'n verband tussen een of meer emoji en die weglating van 'n bepaalde leesteken te lê nie soos deur (180) verbeeld word: V1 sluit haar reaksie op M12 se boodskap oor die hê van 'n laatlammetjie af deur die weggelate leesteken met beide 'n skaterende en 'n blosende gesiggie af te sluit – eersgenoemde dui aan dat die weggelate leesteken moontlik 'n uitroepteken kan wees, maar laasgenoemde versag die intensiteit van die boodskap omdat dit op verleentheid, spyt of 'n ander negatiewe emosie kan slaan.

(180) M12: As jy die “beauty of life” elke dag wil beleef, kry n laatlam 😊

V1: Dankie M12...maar ek sien nie kans nie 😊😬

Daar word hier volstaan met vier voorbeelde waarin emoji ondubbelsinnig aan onderskeidelik 'n weggelate punt in (181), komma (en punt) in (182), vraagteken in (183) en uitroepteken in (184) toegeken kan word.

(181) V2: Dq MI v al jul moeite. Dink hierdie is n goeie inisiatief. Ons kan mos almal direk v jou ons bydraes lt wt sodat elkeen kan help volgens dit wat hy/sy nou kan. Elke R1 sal seker help 😊

(182) V1: Baie hartseer 😭😭😭 maar pragtig 🙏🙏🙏

(183) M1: Wat was sy voornaam 🙋

(184) V4: Whahahaha 🙌🙌

5.3.2.2.4 Sintese: die kommunikatiewe funksies van emoji

Die kommunikatiewe funksies van emoji in die taaldata word in Tabel 5-7 opgesom. Dit blyk dat die modale funksie – waardeur emoji die semantiese inhoud van 'n sin aanvul – deur heelwat van die deelnemers ingespan is. In hierdie funksie is houdingverklaring onder die meerderheid deelnemers aangetref, terwyl die herhaling van die dele van 'n proposisie en die verskaffing van bykomende inligting ook gereeld

teëgekóm is. Die gebruik van emoji om leestekens te vervang kom wyd voor, terwyl die referensiële funksie – waardeur emoji ’n onontbeerlike deel van die semantiese inhoud van ’n sin is – betreklik seldsaam is.

Tabel 5-7. Die kommunikatiewe funksies van emoji

Funksie	Onderafdeling	Boodskappe		Deelnemers	
		Getal	%	Getal	%
Modaal	Proposisie-uitbreiding: houdingverklaring	1 494	83,2	53	88,3
Modaal	Herhaling van die dele van ’n proposisie	236	13,1	34	56,7
Modaal	Proposisie-uitbreiding: bykomende inligting	49	2,7	16	26,7
Modaal	Proposisie-uitbreiding: versiering	3	0,2	3	5,0
Leesteken	Vervanging van punte, kommas, uitroep- en vraagtekens deur een of meer emoji	569	31,7	39	65,0
Referensieel	Vervanging van ’n voltooid deur een emoji	9	0,5	6	10,0
Referensieel	Vervanging van ’n woorddeel deur een emoji	3	0,2	2	3,3
Referensieel	Vervanging van ’n voltooid deur meer as een emoji	1	0,06	1	1,7
Referensieel	Vervanging van ’n letter deur een emoji (allografie)	0	0,0	0	0,0

5.3.2.3 Die plasing van emoji

Die plasing van emoji in ’n boodskap is ’n onderwerp wat betrekking het op die leesbaarheid van SMS-boodskappe. Cohn, Roijackers, Schaap en Engelen (2018:1528-1529) bevind byvoorbeeld dat dit die deelnemers aan hulle steekproef – hoofsaaklik Nederlandse moedertaalsprekers wat ook vlot in Engels is – langer neem om boodskappe met emoji aan die einde daarvan te verwerk as wanneer emoji inhoudswoorde binne die grense van ’n sin vervang. Hulle verklaar dié verskynsel op grond van ’n moontlike

“verpakkingseffek” wat emoji aan boodskapeinde uitoefen, want sulke emoji spoor lesers aan om die voorafgaande boodskap in herbeskouing te neem en ’n verband met die emoji aan boodskapeinde te lê. In die volgende bespreking word die plasing van emoji in die boodskappe van die deelnemers oorsigtelik ontleed, aangesien ’n omvattende verkenning daarvan buite die bestek van hierdie studie val.

5.3.2.3.1 Emoji uitsluitlik aan die begin van ’n boodskap

Emoji is uitsluitlik aan die begin van 68 boodskappe ($68 / 1\ 795 = 3,8$ persent) saamgestel deur 20 deelnemers (33,3 persent) aangetref. Hierdie statistiek vergelyk merkwaardig goed met dié in ’n studie gepubliseer deur Cramer, De Juan en Tetreault (2016), wat bevind dat die VSA-gebaseerde lede van hulle steekproef emoji aan die begin van net 3,1 persent van hulle boodskappe plaas. Vier voorbeelde verskyn in (185)-(189), waar die voorbeelde gekies is om aan te toon dat die verskynsel geredelik onder beide die manlike en vroulike deelnemers aangetref is en dat daar so min as een en so veel as agt emoji aan boodskapbegin voorgekom het. In (185) kan die rits emoji losweg as “Dis” of “Baie” (of “Dis baie”) vertaal word, aangesien V8 die boodskap geskryf het in reaksie op ’n voorstel dat die volgende reünie op haar wynplaas gehou word. Die emoji in (186) vergestalt V3 se ingewikkelde reaksie op foto’s van die reüniebywoners se alma mater: Sy gebruik eers die stilswygende gesig, 😐, om aan te dui dat sy nie weet wat om te dink nie, dan versag sy haar reaksie met die knipoog, 😏, alvorens sy in verwondering begin lag deur ’n stralende gesig met laggende oë, 😄, te gebruik. In (187) gebruik M1 ’n wysvinger na bo, 🙌, om die kletsgroep se aandag te vestig op ’n vorige boodskap wat ’n dag in die lewe van ’n liefdadigheidswerker uiteensit. Die rigtingaanduidende funksie van emoji word nie regstreeks in Siever (2020) se raamwerk uitgelig nie, maar wel in dié van Gawn en McCulloch (2019:11-12) wat in die samestelling van hulle raamwerk op die verband tussen emoji en gebare steun. Volgens hierdie navorsers is vingerwysings een van die opvallendste spraakvergesellende gebare en ’n voorbeeld van liggaamlike deiksis. Laastens maak M6 in (188) van drie verskillende laggende gesiggies in ’n totaal van agt en die isiXhosa-woord “eish” gebruik om sy reaksie op skurwe huweliksraad uit te beeld.

(185) V8: 😄👍🌸🌸👍 lekker man! Hoekom nie?!

(186) V3: 😐😐😐😐😐😐😐😐😐😐baie dnki MI...wow!!!!Dieselfde en tog so anders!!!!

(187) M1: 🙌 Julle, die hierbo is n dag in d lewe van ou van *LIEFDADIGHEIDSORGANISASIE* hier in *ALMA MATER-STAD*....net vdag.

(188) M6: 😂😂😂😂😂😂😂eish

5.3.2.3.2 Emoji uitsluitlik aan die einde van 'n boodskap

Teenoor die 68 boodskappe met emoji net aan die begin, was daar 728 (40,6 persent) waar 48 deelnemers (80,0 persent) een of meer emoji uitsluitlik aan die einde gebruik het. Die 40,6 persent is aansienlik minder as die 77,6 persent wat Cramer, De Juan en Tetreault (2016) in hulle studie rapporteer; die rede(s) hiervoor is egter nie duidelik nie. Voorbeelde (189)-(192) belig die plasing van emoji net aan boodskapeinde – die patroon word deur 'n minimum van een en 'n maksimum van 14 emoji teen 'n gemiddeld van 2,1 emoji per boodskap gekenmerk.

(189) M18: Hoop julle is gereed 😊

(190) M8: Jip jy kan hout wiele ook as 'n add-on kry, ek sal pryse deursteur 🤖🤖🤖🤖🤖

(191) V13: Oh no V2. Mens moenie lag nie ma ek het my nou gecram 😂😂😂

(192) V12: Ek is net bekommerd dat ek totaal blond gaan toeslaan en niemand se name onthou nie....
Early dementia. As julle sien ek lyk baffled.... Help my uit 🙄🙄🙄🙄

5.3.2.3.3 Emoji uitsluitlik in die middel van 'n boodskap

Cramer, De Juan en Tetreault (2016) maak geen melding van die voorkoms van emoji net in die middel van 'n boodskap nie; nietemin, dit is in 53 boodskappe (3,0 persent) onder 16 deelnemers (26,7 persent) waargeneem en was dus net so opvallend soos emoji uitsluitlik aan die begin van 'n boodskap. Voorbeelde (193)-(196) verteenwoordig vier tipiese gevalle.

(193) V15: Sterkte my liefste V3 🙏ons bid verseker hard vir hom 🙏!!! Hou ons asb op hoogte!

(194) V4: Nee, dis verskriklik 🤢 Dankie vir die laat weet

(195) M7: *V20*..sê vir *MANSNAAM* ek sien baie uit om hom weer te sien 😊..*V7* sleep *EGGENOOT* saam , sal lekker wees om hom ook weer te sien.

(196) M10: Mooi boykies. 🧑🧑🧑🧑 Just do it

5.3.2.3.4 Emoji op verskeie liggings in 'n boodskap

Emoji in beide die middel van én aan die einde van 'n boodskap is in 49 boodskappe (2,7 persent) gestuur deur 13 deelnemers (21,7 persent) teëgekome, terwyl die begin-einde-patroon in 34 boodskappe (1,9 persent) deur 15 deelnemers (25,0 persent) ingespan is. Emoji aan beide die begin van en in die middel van 'n boodskap (twee boodskappe; twee deelnemers), sowel as emoji aan die begin, middel en einde van 'n boodskap (een boodskap; een deelnemer), was seldsaam. Voorbeelde (197)-(203) illustreer elk van hierdie patrone; buiten vir die laaste geval word twee voorbeelde telkens gegee.

Middel-einde:

(197) M8: Hallo *M16*, hoop jy het lekker verjaar man 🥳🥳🥳🎁 Jip, ja van ons is nog baie ver van 50 af.... Groete 🧑🧑

(198) *V4*: *M1*, ek sal Sa oggend bywoon en ek en *EGGENOOT* Sa aand. Kan regtig nie sê van kinders nie 🙏 Duisende dankies vir al julle moeite ✨🌟

Begin-einde:

(199) M2: 🤔 Om een of ander rede lyk matriek wiskunde nie meer dieselfde nie.... dankie tog vir die internet! 🤔

(200) *V18*: 😂 *V12*, ek het ook nogal begin wonder of ons dalk moet begin naamkaartjies dra na 30 jaar! Net vir in geval ons mekaar nie meer herken nie! 😂

Begin-middel:

(201) V3: 🤔🤔🤔VI hul se mos mens is net so oud soos jy voel (id kop)ni d lyf..want d liggaam kraak soms op plekke wat ek ni geweet het bestaan.ni 😊Het eenkeer gelees "if you want to see the beauty of life...spend some time with a 3year old once in a while!!!

(202) V12: 🍌 Of Drosdyhof extra light 😊... Sien môre aand!!!!

Begin-middel-einde:

(203) V1: 🙌🙌🙌baie dankie M4 😊😊 Geseende Kersfees almal 😊😊

5.3.2.3.5 Emoji in die middel van 'n woord

Die bespreking oor die plasing van emoji word afgesluit met drie seldsame boodskappe gestuur deur drie deelnemers waar emoji in die middel van 'n woord verskyn om óf 'n modale óf 'n referensiële funksie te vervul: In (204) is die aangesiggie tussen die twee dele van die Engelse samestelling, *monkey man* (“opiesman”), geplaas om die betekenis van die woord te beklemtoon of as versiering te dien, terwyl die stralende gesig met laggende oë in (205) tussen die twee dele van 'n gemengde Afrikaans-Engels-samestelling, *infostuk* (“inligtingstuk”), geplaas is om presies aan te dui waarvan V2 hou. In (204) en (205) verrig emoji 'n modale funksie deur die semantiese inhoud van die onderskeie boodskappe aan te vul. Voorbeeld (206) verskil van hierdie twee, want die botsingsemoji, ✨, tree as 'n onontbeerlike deel van die swetswoord op, enersyds omdat dit vormlik daarin pas en andersyds omdat dit die gevoelswaarde van die woord verhoog. Uit hierdie oogpunt verrig ✨ 'n referensiële eerder as 'n modale funksie.

(204) V17: Hy's pragtig! Het alles so laat gedoen dat ek net 2 laatlamme het. Nog besig m laerskool, speel nog tennis 🎾 en ry 🚲 dat dit bars saam m my **monkey** 🐵 **man**.

(205) V2: V17 ek hou v jou **info** 😊 **stuk**

(206) M1: V2 dis so waar. En ek was laasweek rerig verstom om te sien hoeveel oumense bly in n karavaan of wendy huis agter in erwe...ek gaan nou n foto post. Daai mense het sweet blou **ffff** ✨ **ol** maar qualify nie vir regeringshulp nie.

5.3.2.3.6 Sintese: die plasing van emoji

Tabel 5-8 som die plasing van emoji in die taaldata op. Hieruit kan afgelei word dat die meerderheid deelnemers geneig is om emoji uitsluitlik aan die einde van 'n boodskap te plaas en dat beide die begin en middel van 'n boodskap minder gereeld gebruik word, maar steeds aftrek kry. Wanneer die deelnemers emoji op meer as een ligging in 'n boodskap ontplooi, word die begin-einde- en middel-einde-patroon deur omtrent ewe veel deelnemers gebruik, terwyl die begin-middel- en begin-middel-einde-rangskikking seldsaam is. Die plasing van emoji in die middel van 'n woord is net so uitsonderlik.

Tabel 5-8. Die plasing van emoji in die taaldata

Plasing in boodskap	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Net aan einde	728	40,6	48	80,0
Net aan begin	68	3,8	20	33,3
Net in middel	53	3,0	16	26,7
In middel en aan einde	49	2,7	13	21,7
Aan begin en aan einde	34	1,9	15	25,0
Aan begin en in middel	2	0,1	2	3,3
Aan begin, in middel en aan einde	1	0,06	1	1,7
In middel van woord	3	0,1	3	5,0

5.4 'n Herbesoek aan Grundlingh (2015) / Thiart (2014)

Die outeuridentifikasie studie van Grundlingh (2015) / Thiart (2014) het in §2.4 van die literatuuroorsig aan bod gekom waar dit bespreek is dat sy nie 'n generiese vorm van SMS-Afrikaans uit haar taaldata kon loog nie. Grundlingh (2015:168-169) / Thiart (2014:133-137) bevind verder dat, alhoewel daar ideolektiese verskille onder die deelnemers aan haar studie waargeneem is, sy nie oor genoeg taaldata beskik het om betroubare outeuridentifikasie moontlik te maak nie – die gevolg van 'n betreklik klein steekproef van 13 deelnemers wat elk 5-10 SMS'e vir haar simulasie studie verskaf het. Die onderhawige studie kontrasteer met die Grundlingh / Thiart-studie in die opsigte dat (i) dit op natuurlike taaldata berus en (ii) met 2 837

boodskappe saamgestel deur 60 deelnemers groot genoeg is om nie aan dieselfde gebreke mank te gaan nie. Die tabelle waarin die bevindings van hierdie hoofstuk opgesom word, lig die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans uit en dui wel op die bestaan van ’n “generiese” SMS-Afrikaans – ten minste onder die deelnemers aan die kletsgroep. Daarbenewens was daar 11 manlike en 16 vroulike deelnemers wat elk 30 of meer boodskappe tot die kletsgroep bygedra het en waaruit hulle idiosinkratiese toepassing van die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke waarskynlik sou kon dien om outeuridentifikasie met ’n redelik hoë mate van sekerheid moontlik te maak:³² V1 was byvoorbeeld die enigste deelnemer om die regmerk, ✓, ter staving in 18 van haar boodskappe te gebruik; V2 was alleen in haar verkorting van *dankie* tot *dq* in 12 van haar boodskappe; en M3 was sonderling in sy gebruik van oortollige spasies tussen woorde en leestekens in 36 van sy boodskappe. Dit is egter nie die doel van hierdie studie om die outeuridentifikasie-navorsing van Grundlingh / Thiart te herhaal nie; nietemin, dit sou insiggewend wees om haar ontledingsraamwerk op die taaldata van die huidige studie in toekomstige navorsing toe te pas.

5.5 Samevatting

Die navorsingsvraag wat in hierdie hoofstuk beantwoord is, handel oor die kenmerkende mikrolinguistiese en tipografiese vorme van Generasie X se SMS-Afrikaans soos beliggaam deur die steekproeflede se boodskappe op WhatsApp. Die mikrolinguistiese kenmerke is na aanleiding van Verheijen (2018) se raamwerk vir SMS-Nederlands ontleed en daar is dienooreenkomstig tussen fonologiese, morfologiese en ortografiese kenmerke onderskei. Hierdie kenmerke is deurgaans op grond van Thurlow (2003:14-15) se drie sosiolinguistiese grondstellings van SMS-taal beoordeel, aangesien die grondstellings ’n balans tussen die deelnemers se behoefte aan intydse gesprekvoering (bondigheid en spoed) en hulle strewe na doeltreffende kommunikasie (paralinguistiese regstelling en fonologiese benadering) handhaaf. Uit Tabel 5-1 blyk dit dat aksentstilerings en voorletterwoorde die opvallendste onderskeidende fonologiese en morfologiese kenmerke is, aangesien dit in die SMS-Afrikaans van onderskeidelik 50,0 en 40,0 persent van die deelnemers waargeneem is. Dieselfde samespel tussen die grondstellings is onder die ortografiese kenmerke aangetref, want Tabel 5-4 wys dat versnellende tikbewerkings (byvoorbeeld die weglating van lees- en skryftekens deur onderskeidelik 85,0 en 65,0 persent van die deelnemers) deur verlangsamende tikbewerkings (byvoorbeeld die herhaling van leestekens en die gebruik van oortollige spasies tussen die dele van ’n samestelling of samestellende samestelling deur onderskeidelik 55,0 en 41,7 persent van die

³²Dörnyei (2007:99-100) voer aan dat 30 deelnemers die minimum uit-die-vuis-steekproefgrootte vir korrelasionele, kwantitatiewe navorsing soos dié in die Grundlingh / Thiart-studie is.

deelnemers) gebalanseer is. Onder die tipografiese kenmerke oorheers emoji – dit is deur 90,0 persent van die deelnemers gebruik (Tabel 5-6), hoofsaaklik aan die einde van ’n boodskap geplaas (Tabel 5-8) en merendeels ingespan om die semantiese inhoud van ’n sin te verryk of leestekens te vervang (Tabel 5-7).

Die leser is met die aanvang van hoofstuk 5 daaraan herinner dat hierdie studie oor die *onderskeidende* stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans handel. Die tipografiese kenmerke – bepaald emoji – is eiesoortig aan rekenaarondersteunde kommunikasie in die algemeen en kwalifiseer as onderskeidend van SMS-Afrikaans. Dit is egter nie noodwendig die geval met sommige van die mikrolinguistiese kenmerke nie, aangesien die gekose ontledingsraamwerk, naamlik dié van Verheijen (2018), taalverskynsels insluit wat net so geredelik in gewone spreek- en skryftaal as in SMS-Afrikaans voorkom. Klinkende voorbeelde is standaardtaalafkorting as ’n morfologiese verskynsel, aksentstilering as ’n fonologiese verskynsel en oortollige spasies in samestellings en samestellende samestellings as ’n ortografiese verskynsel. Standaardtaalafkorting en die los skryf van die dele van samestellings of samestellende samestellings is algemene skryftaalverskynsels wat ook in SMS-Afrikaans neerslag vind en nie as onderskeidend beskou kan word nie. Maar hoe gemaak met aksentstilering, wat bloot die verskrifteliking van spreektaal is, maar so opvallend in SMS-taal voorkom dat Thurlow (2003:14-15) die verskynsel as een van die sosiolinguistiese grondstellings van SMS-taal uitkalkwe?

Die navorser se mening is dat die onderskeidende mikrolinguistiese kenmerke van SMS-Afrikaans eerstens as dié beskou moet word wat poog om gesproke taal raak weer te gee, maar nog nie in gewone skryftaal neerslag vind nie. Die keuse van gesproke taal as uitgangspunt volg uit die feit dat SMS ’n spreektaalgrondslag het. Die tweede maatstaf behels wel skryftaal: ’n Mikrolinguistiese kenmerk is as onderskeidend gereken indien dit die vasgestelde spelreëls doelbewus oortree. Om vas te stel of ’n bepaalde kenmerk alreeds in gewone skryftaal ingeburger is al dan nie en of dit die vasgestelde spelreëls opsetlik verontagsaam, is daar op die gemelde bronne gesteun – Carstens (2018) se *Norme vir Afrikaans: Moderne Standaardafrikaans*, die AWS (2017), die HAT (2015), en Müller en Pistor (2011) se *Skryf Afrikaans van A tot Z: Die Essensiële Gids vir Taalgebruikers*. Hiervolgens is standaardtaalafkorting ’n geboekstaafde skryftaalverskynsel wat ook in SMS-Afrikaans voorkom en dus nie onderskeidend is nie. Die gebruik van oortollige spasies tussen die dele van samestellings en samestellende samestellings oortree reël 15.3 van die AWS (2017:167-171) en kan gewoon as ’n spelfout beskou word. Aksentstilering poog egter om spreektaal raak in SMS-boodskappe weer te gee; aangesien die verskynsel nie geredelik in gewone skryftaal

voorkom of in die geraadpleegde bronne bereël word nie, kan dit as onderskeidend van SMS-Afrikaans gereken word.³³

Die beskouing oor dit wat as die onderskeidende mikrolinguïstiese kenmerke van SMS-Afrikaans geag kan word, word aangevul deur 'n oorweging gebaseer op McSweeney se aanspraak dat die onderskeidende kenmerke van SMS-taal hulle oorsprong in pragmatiese eerder as semantiese oorwegings het. McSweeney (2018:24-25) betoog soos volg:

While the most identifiable features of this language form [JF: SMS-taal] are the presence of abbreviations [JF: knipsels en letterweglating], initialisms [JF: voorletterwoorde], emojis, emoticons, and other textisms, the key thing that differentiates digital communication from either written or spoken language is what these features do for the digital writer and how they have come to take on a variety of pragmatic meanings within a conversation ... these features are pragmatic rather than semantic because they have communicative roles within a message rather than point to a specific meaning. They help to clarify intent and situate a message in context, but depend on other parts of a conversation for the semantic meaning.

Ter illustrasie: In (44) wens V5 haar medekletsgroepdeelnemers 'n voorspoedige nuwe jaar toe met die kriptiese voorletterwoord, *HNY* (“Happy New Year”). Met hierdie stylkeuse voldoen V5 nie bloot aan die grondstelling van bondigheid en spoed nie – sy verrig inderwaarheid sosialebetekenisskeppingswerk deur haar identiteit as iemand bedrewe met SMS-taal te bevestig. Hierdie voorbeeld staan in skrilte kontras teenoor dié in (37)-(40), waar die standaardtaalafkortings oorwegend vir hulle semantiese waarde aangewend word.

Daar word in hoofstuk 7 na die pragmatiese funksies van die kletsgroepdeelnemers se SMS-Afrikaans teruggekeer; in die volgende hoofstuk verskuif die aandag egter na die sintaktiese en leksikale kenmerke.

³³Die AWS (2017:707-709) verskaf wel 'n bondige stel van ses riglyne vir die verskrifteliking van Omgangsafrikaans, maar beklemtoon dat hierdie bloot riglyne is wat nie as spelreëls geïnterpreteer moet word nie.

6 SINTAKTIESE EN LEKSIKALE KENMERKE

6.1 Ten aanvang

In hierdie hoofstuk word die onderskeidende sintaktiese en leksikale kenmerke van Generasie X se SMS-Afrikaans uiteengesit. In hoofstuk 5 het dit aan die lig gekom dat die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke mekaar in die hand werk om aan al drie van Thurlow (2003:14-15) se sosiolinguistiese grondstellings van SMS-taal te voldoen. In hierdie hoofstuk word die verrekening van die vorm van Generasie X se SMS-Afrikaans aangevul met die insig dat sosiale betekenis in die vorm van identiteitskepping óók as 'n bydraende faktor in ag geneem moet word. Voorbeelde (1) en (2) dien ter illustrasie: In (1) skryf V2 asof sy praat – die afwesigheid van leestekens en die rojale gebruik van verkorting lei tot 'n vinnige sinstempo wat 'n indruk van intimiteit en ongedwongenheid skep. Daarteenoor maak V25 in voorbeeld (2) van kort, stotende sinskonstruksies gebruik wat die sinstempo verlangsaam en tot 'n gevoel van afgetrokkenheid bydra.

(1) V2: Sjoe nouga dit lkr in d kombuis waar ek beskuit bak.hou aan stuur asb 😊

(2) V25: Ai! Ek lekker jaloers. En hartseer. Kyk nou na van my pics. Julle moet die naweek so geniet. Wens ek kon daar wees.

Voorbeelde (1) en (2) is teenstellend in dié opsig dat eersgenoemde 'n duidelike ooreenkoms met gesproke taal vertoon, terwyl laasgenoemde meer met geskrewe taal ooreenstem. Daarbenewens voldoen (1) ooglopend aan die grondstelling van bondigheid en spoed, terwyl (2) nie geredelik na enige van die grondstellings herlei kan word nie. Tagg (2012:93, 173) voer aan dat die sosiolinguistiese grondstellings en die tegnologiese beperkings van die medium (WhatsApp op slimfone in hierdie studie) nie voldoende is om die vorm van SMS-taal te verklaar nie, maar dat dit aangevul moet word met gebruikers se begeerte om sosiale betekenis te skep. Tagg (2012:173) steun op Goffman (1959) se dramaturgiese perspektief dat sosiale omgang identiteitskepping behels om dié aanspraak te verklaar (haar skuinsgedruk):

[L]anguage is often a potent symbol of people's identities (e.g. in Wales, it may be said that language is the prominent emblem of Welsh identity) and can thus be a vital part of people's performances. Language can be significant in two senses: firstly, in that *what* people say constitutes part of their projected identity; secondly, in that *how* they say it –

the level of formality, choice of vocabulary, accent, dialect features and so on – will be intricately linked, by the speaker and others, to their social identity.

Dit sal uit die bespreking in veral die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk duidelik word dat die leksikale kenmerke van die teikengroep se SMS-Afrikaans grootliks die gevolg van uitgebreide kodewisseling is. Mahootian (2020:71) lê die verband tussen taal en identiteit goed vas deur aan te voer dat “[identity] is a dynamic, malleable assembly, a record of our experiences, ideologies, and beliefs, all of which can be expressed through language.” Sy verwys na De Fina (2007:353, aangehaal in Mahootian 2020:70) wat die dinamiese, opvoeringsgerigte aard van identiteit soos volg vasvang:

People do not possess one identity related to the social categories to which they belong, but rather they present and re-present themselves, choosing within an inventory of more or less compatible identities that intersect and or [sic] contrast with each other in different ways and in accordance with changing social circumstances and interlocutors.

In die onderstaande bespreking word die sintaktiese kenmerke van die kletsgroep se SMS-Afrikaans eerste verken waarna die aandag na die leksikale kenmerke verskuif.


6.2 Sintaktiese kenmerke

Sintaksis kan uit 'n wye verskeidenheid invalshoeke bestudeer word; dit is egter alreeds in §2.2.1 en §3.6 bespreek dat die uitgangspunt in hierdie studie is dat SMS-taal 'n geskrewe vorm van gesproke taal is en dit is dus te verwagte dat die sintaksis van SMS-taal ooreenkomste met dié van beide geskrewe en gesproke taal sal vertoon. Tagg (2012:77) vermaan egter om nie 'n oordeel oor die “korrektheid” van die sintaktiese bousels aangetref in SMS-taal te vel nie, aangesien hierdie konstruksies dieselfde grondslag as dié van geskrewe taal het, maar bloot 'n bepaalde verwesenliking daarvan in 'n bepaalde konteks is. Laasgenoemde is informeel en onreëlmatig, wat daartoe lei dat die sintaktiese bou van SMS-boodskappe 'n weerspieëling van die gesprekmatigheid van SMS sal wees, die funksies waarvoor SMS-boodskappe ingespan word, die aard van die verhouding tussen die sender en die ontvanger en die tegnologiese moontlikhede en beperkings van 'n bepaalde slimfoon. Teen hierdie agtergrond bestudeer Tagg (2012:75-100) die sintaksis van Britse SMS-Engels en kom sy tot die gevolgtrekking dat dit sintakties deur klousaaneenskakeling, randstukke, ellips en deiksis gekarakteriseer word. Klousaaneenskakeling verwys na die ongelaagde verbinding van

klouse³⁴ in gesproke taal (Carter & McCarthy 2006:170). Dié verskynsel is nie in die taaldata aangetref nie en dus word die aandag hier aan randstukke, ellips en deiksis as die ontledingsraamwerk vir die sintaktiese kenmerke gewy. Die grondslag van Tagg (2012:75-100) se raamwerk is Carter en McCarthy (2006:176-205) se ontleding van die grammatika van gesproke Engels en gevolglik word daar na albei bronne in die onderstaande bespreking verwys.

6.2.1 Randstukke

Carter en McCarthy (2006:193, 194) definieer 'n "header" as 'n plasingverskynsel waarvolgens "an item within the clause structure is placed before the clause and repeated (usually as a pronoun) in the clause itself," terwyl 'n "tail" dieselfde verskynsel is, maar ná die meegaande klous aangetref word. Hierdie definisies stem in die breë met Ponelis (1985:501-506) se bespreking van die sinsrand in Afrikaans ooreen; hy gebruik die terme "voorste rand" en "buitenste rand" vir onderskeidelik "header" en "tail" en illustreer die plasing van hierdie sinsdele aan die hand van Figuur 6-1 waarin hierdie stukke deel van die "wyer" sin vorm deur vóór of ná die enger sin geplaas te word:



Figuur 6-1. Die oorhoofse sinsposisies in Afrikaans (Ponelis 1985:501)

6.2.1.1 Plasing

Carter en McCarthy (2006:192, 194) bestempel randstukke as ontvangergerigte sintaktiese hulpmiddels omdat voorste rande dien om die aandag te vestig op dit wat volg, terwyl buitenste rande optree om die inhoud van die voorafgaande klous te herhaal of te verhelder. Hulle beweer verder dat randstukke betreklik skaars in geskrewe taal is, maar veel meer algemeen in gesproke taal voorkom. Randstukke is in 716

³⁴In navolging van Ponelis (1985:3) word die term "klous" in hierdie verhandeling gebruik om te verwys na 'n sinskonstruksie "wat 'n (hoof)werkwoord bevat, afgesien daarvan of die konstruksie onafhanklik ... of afhanklik is ... of dit 'n stelsin, vraagsin of bevelsin is."

boodskappe ($716 / 2\ 837 = 25,2$ persent) onder 50 deelnemers ($50 / 60 = 83,3$ persent) aangetref. Nagenoeg 352 van hierdie boodskappe (49,2 persent) saamgestel deur 45 deelnemers (75,0 persent) het n et voorste randstukke bevat, terwyl 321 boodskappe (44,8 persent) gestuur deur 41 deelnemers (68,3 persent) uitsluitlik buienste randstukke bevat het.  n Minderheid van 43 boodskappe (6,0 persent) geskryf deur 16 deelnemers (26,7 persent) het beide  n voorste en  n buienste randstuk ingesluit. Voorbeelde (3)-(14) illustreer elkeen van hierdie gevalle, telkens vir twee lukraak gekose manlike en vroulike deelnemers.

N et  n voorste randstuk:

- (3) M1: **V13** hulle was eintlik slim met d budget.... Die goed wat nie op is nie of min op is gaan in elk geval op met V(at) A(lles) T(erug) en d hrandstofheffin van 52c
- (4) M15: **Wel**, daar is gelukkig  n baie goeie oplossing om die listeriose-uitbraak die hoof te bied...
- (5) V3: **Maw V7**..jy het rubberkinders..
- (6) V13: **Julle** wie het nou weer die foto van die *ALMA MATER*-skoolsaal wat vi die valentynsbal daar versier is?

N et  n buienste randstuk:

- (7) V2: Jy weet ek en *EGGENOOT* en ons kleinste *DOGTER* sal albei bywoon **ne**?oudste skryf matriek sal nt inloer 😊
- (8) V18: My persoonlike gunsteling vir op die plaat: Time Bandit - Endless Road 🎮 Baie dankie vir al julle moeite, **M1 en M2!**
- (9) M13: Geluk **M10**. Junie kom ek saam met jou golf speel.
- (10) M20: Sterkte vir julle **M11**

Beide  n voorste en  n buienste randstuk:

- (11) M1: Ek sal dit vnaand doen. **Jis** maar dis n ramp as jou wein weg raak **hoor** 😂.....waars ou *ONDERWYSER* nou
- (12) V12: **Ja EGGENOOT** moet kom **asb**. Sê vir hom!!!!
- (13) M8: **Jip** knap gedaan **M1 & Co** 🙌🙌🙌
- (14) V8: **Aaahh** dis awesome **M1**! Dankie vir jul mooi harte en del van die artikel 😊❤️👏

6.2.1.2 Soorte

Ponelis (1985:505-506) beskryf randstukke as 'n heterogene versameling uiteenlopende bousels en onderskei tussen onder meer aanroep en aanspreekvorme, appèluidrukkings, uitroep, tematiese uitdrukkings en randadjunkte. Al hierdie konstruksies is in die taaldata aangetref: Aanroep was verreweg die gewildste, aangesien dit in 512 (71,5 persent) van die 716 randstukbevattende boodskappe voorgekom het en deur 48 deelnemers (80,0 persent) ingespan is. Die 512 boodskappe het uiteengeval in 302 boodskappe (59,0 persent) met 'n buitenste aanroep, 204 (39,5 persent) met 'n voorste aanroep en ses (1,2 persent) met beide 'n voorste en 'n buitenste aanroep. Voorbeelde (15)-(20) beeld elk van hierdie gevalle uit.

Buitenste aanroep:

- (15) M5: Gaan stadig, **M1**. Ek gaan vlg week *MANSNAAM* sien. Hy gaan my help.
- (16) V11: Is julle reg vd reunie **ouens**!

Voorste aanroep:

- (17) V4: **M1**, sus is in *DORP* en sal heel moontlik nie hier wees nie, so moenie hulle bytel nie. Sal sommer takeaways kry as sy wel hier is 🙌😂
- (18) M10: **M9** book asb my twee golf carts.

Voorste en buitenste aanroep:

(19) V2: **Oompie** trap daai petrol dat jy vinniger kan ry 😊 veilig ry **M2**

(20) M1: **V10** jy moet try plan maak **girl**.....Oros is lekkerder diekant... 😊

Appèluidrukkings (met of sonder aanroep) word gebruik om die ontvanger se aandag te trek; dié verskynsel is in 82 boodskappe (11,5 persent) saamgestel deur 33 deelnemers (55,0 persent) waargeneem en word deur voorbeelde (21)-(24) geïllustreer.

(21) M2: **Haai mense** julle kannie so onverantwoordelik wees nie, netnou verbaal hulle suiwel ook!

(22) M8: **Hey M10**, lekker verjaar vandag buddy! 🍷🍾🎉🎊🎈🎂👑😄😁😂

(23) V16: **Hi MI**. Ek en my man, *EGGENOOT*, gaan d Vrydagaand bywoon. Ons het ongelukkig 'n troue d Saterdagagaand so sal dit nie kan bywoon nie 😊 Groete *VI6*

(24) V5: **Hi MI** wat moet die waarde van die boks wees?

Randstukke as uitroep is in 114 boodskappe (15,9 persent) onder 26 deelnemers (43,3 persent) gevind, terwyl randstukke as bevestigings in 50 boodskappe (7,0 persent) gestuur deur 18 deelnemers (30,0 persent) bespeur is. Ontkennende randstukke was met net 18 boodskappe (2,5 persent) saamgestel deur nege deelnemers (15,0 persent) veel skaarser. Nagenoeg 34 boodskappe (4,7 persent) geskryf deur 12 deelnemers (20,0 persent) het 'n versoekgerigte inslag gehad, terwyl beide randadjunkte (10 boodskappe / 1,4 persent; agt deelnemers / 13,3 persent) en tematiese uitdrukkings (nege boodskappe / 1,3 persent; vyf deelnemers / 8,3 persent) yl gesaai was. Voorbeelde (25)-(36) beeld enkele gevalle van elk van hierdie kategorieë uit.

Uitroep:

(25) V2: **Ag** dis sulke lkr memories EN as jy saam iemand gegaan ht waarvan jy hou en heelaand wag dat hy jou hand sal vat 😂😂😂

(26) M1: **Sies** hyt nie eers koffie gekies nie 😊

Bevestiging:

(27) V12: **Jip** ek gaan as ons daar kom gou eers inskryf vir die music run môre!

(28) M8: **Ja** ek ht ook nie v hierdie spook storie geweet op skool nie... 🙄👻

Ontkenning:

(29) V4: **Nee wat**, ek dink ons lyk nog net dieselde 😏😏

(30) M2: **Nee man MI**, daai moes Saterdag se brekfis gewees het!

Versoeke:

(31) V6: Nog 4 kids vir die Golf **asb**.

(32) M5: 🤔🤔🤔, M8, ek soek 2 **asb**. Onthou net om twee hout roosters ook by te sit. 🤔

Randadjunkte:

(33) V3: **Wel** daai tyd het ek ni gedink dis baie snacks ni.....

(34) M9: Hi aan al die golfers! . Ek was by *GHOLFBAAN* om te boek. OPSIE 1: Daar is die *DATUM* GROOT Golfdag met GROOT pryse. Dit kos R250 per speler. Ons sal na 12:00 kan afslaan. Ek het solank een golfkarretjie gereël. Laat weet asb voor Vrydag wie gaan speel. Ek sal dan vasmaak en boek. Julle sal dan net die R250 per speler aan my moet oorbetaal sodat ek die inskrywingsgeld kan betaal. OPSIE 2: Indien ons 7:30 die oggend afslaan voor die kompetisie (**m. a. w** dan speel ons op ons eie) gaan dit R200 per persoon kos en dan hoef ons slegs op die dag wat ons speel te betaal. Laat weet asb. M9

Tematiese uitdrukings:

- (35) V7: **Gepraat van die Kaap**, ek het nog nie eens geleer om wyn te waardeer nie. Gin wel, maar nie wyn nie. Dis een van die dinge wat ek gelos het vir wanneer ek groot word. Maar dit bly suur proe. 😊

- (36) M1: **Al is dit net R100 of 50**....dit gaan steeds iemand help.

Dit is opvallend dat leestekens in die meerderheid van voorbeelde (3)-(36) ontbreek, alhoewel hulle aanwending vir sinsdeelafbakening dikwels deur die AWS (2017) vereis word. Die bepaalde leesteken hier ter sprake is die komma (AWS 2017:118-130) wat in sy grammatiese funksie optree om 'n onderskeid tussen sinsdele te tref. Die AWS (2017:119) ken onder meer aanspreekvorme (reël 13.30), tussenwerpsels (reël 13.31), eindeelvrae (reël 13.32) en bywoorde of bywoordelike frases (reël 13.36) in hierdie verband uit – voorbeelde van al hierdie sinsdele as randstukke verskyn in die bogaande bespreking. Die feit dat die meerderheid randstukke deur die weglating van leestekens gekarakteriseer word, dui op 'n teenstellende samespel tussen die sosiolinguistiese grondstellings van SMS-taal, aangesien die weglating van leestekens bondigheid en spoed bevorder, terwyl randstukke dit teëwerk. Inderdaad, Tagg (2012:88) voer aan dat dit merkwaardig is om randstukke hoegenaamd in SMS-taal aan te tref, maar dat hulle teenwoordigheid verreken kan word deur gebruikers se begeerte aan gemeensaamheid. Sy verduidelik dit soos volg (haar skuinsgedrukte naamverskansings):

[I]t is interesting that they [JF – randstukke] are used at all. Several reasons would mitigate against their use. Firstly, we might not expect to see many lengthy noun phrases (like *NAME78*, *NAME416*, *NAME366* and *NAME417*) in texting. Secondly, tails and headers add words to text messages, which contradicts common assumptions about Txt. Thirdly, you could argue that texters don't need them. Text messages can be edited and scanned (rather than processed in real time), thus reducing the apparent need (as in speech) to orient listeners. Their occurrence thus suggests that texters' concern for creating a speech-like sense of involvement may override any tendency to abbreviate.

Voorbeeld (37) uit die taaldata verleen geldigheid aan Tagg se verklaring, aangesien dit 'n regstreekse uitbeelding van haar verwysing na lang naamwoordstukke as randstukke is – in hierdie geval met 'n oorvloed tydrawende leestekens op die koop toe.

- (37) V3: Almal v julle ...was sooo great om julle weer te sien.Wil graag oor 2 jr definitief daar wees.M1...V2....V11....M2..en V5...julle mag maar reel.Dnki v al d fotos en videos...mooi ry aan almaldnki dat ek kon deel wees van alles al was ek hier.Xxx😊😊😊💜💜💜💛💛💛💚💚💚

Die bevindings in die voorafgaande bespreking word in Tabel 6-1 opgesom. Hieruit blyk dit dat daar 'n goeie balans tussen die voorkoms van voorste en buitenste randstukke is en dat aanroep, appèluidrukkings en uitroep die gewildste funksies van randstukke onder die deelnemers is.

Tabel 6-1. Randstukke in die taaldata

Randstukke	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Alle voorkomste	716	25,2	50	83,3
Plasing:				
Net voorste randstukke	352	49,2	45	75,0
Net buitenste randstukke	321	44,8	41	68,3
Voorste en buitenste randstukke	43	6,0	16	26,7
Soorte:				
Aanroep	512	71,5	48	80,0
Uitroep	114	15,9	26	43,3
Appèluidrukkings	82	11,5	33	55,0
Bevestiging	50	7,0	18	30,0
Versoeke	34	4,7	12	20,0
Ontkenning	18	2,5	9	15,0
Randadjunkte	10	1,4	8	13,3
Tematiese uitdrukkings	9	1,3	5	8,3

6.2.2 Ellips

Sintaktiese ellips verwys na die weglating van sinsdele wat gewoonlik deur 'n taal se formele sintaksis vereis word. Carter en McCarthy (2006:181) maak egter die punt dat daar eintlik niks in 'n ellipsbevattende boodskap of taaluiting ontbreek nie, aangesien die boodskap of taaluiting só saamgestel word dat dit al die

nodige inligting bevat wat 'n spreker wil oordra. Ponelis (1985:625) eggo hierdie aanspraak in sy bespreking van ellips by sinsneweskikking; daarin voer hy aan dat ellips dien om (i) ekonomie te bewerkstellig, (ii) oortolligheid uit te skakel en (iii) nuwe inligting op die voorgrond te stel. Op haar beurt verreken Tagg (2012:89) die aanwesigheid van ellips in gesproke taal op grond daarvan dat die gespreksgenote hulle onder dieselfde omstandighede bevind en mekaar bloot kan vra indien enigiets onduidelik is. Sy meen dat ellips in gesproke taal grootliks lukraak is omdat daar nie vaste reëls bestaan wat die weglating van sinsdele rig nie. Dat Tagg in laasgenoemde geval gelyk het, blyk uit die feit dat minstens 20 verskillende kategorieë van ellips in die taaldata geïdentifiseer is. Die verskynsel is in die geheel in 543 boodskappe (19,1 persent) saamgestel deur 52 kletsgroepdeelnemers (86,7 persent) teëgekom. Net die opvallendste kategorieë – tipies dié aangetref onder minstens 40,0 persent van die deelnemers – word in die onderstaande bespreking uitgelig.

6.2.2.1 Persoonlike voornaamwoorde³⁵

Persoonlike voornaamwoorde het in 227 boodskappe (41,8 persent = 227 / 543) geskryf deur 42 deelnemers (70,0 persent) ontbreek. Die eerstepersoonsvoornaamwoorde *ek* en *ons* was die opvallendste lede van hierdie kategorie, aangesien hulle in 209 van die 227 boodskappe (92,1 persent) saamgestel deur 42 deelnemers (70,0 persent) ooglopend afwesig was. Die res van die kategorie het 21 boodskappe (9,3 persent)³⁶ gestuur deur 12 deelnemers (20,0 persent) beslaan waarin die voornaamwoorde *hy*, *sy*, *hulle*, *julle*, *jy* en *jou* deur die leser verwag sou kon word, maar deur die sender weggelaat is. Voorbeelde (38)-(41) belig enkele gevalle; 'n standaardtaalweergawe verskyn telkens ná elke voorbeeld om die ellips uit te lig.

- (38) V4: Waar kan ek n lys kry van watter dorpe nou regtig deel is van garden route? Het gegoogle, maar baie deurmekaar 🤔

Standaardtaalweergawe: Waar kan ek 'n lys kry van watter dorpe nou regtig deel is van die Garden Route? **Ek** het gegoogle, maar is baie deurmekaar.

³⁵Die persoonlike voornaamwoord *dit* word nie in hierdie kategorie ingesluit nie, maar afsonderlik in §6.2.2.3 behandel op grond van Ponelis (1985:70) se bespreking van die wyduiteenlopendheid van dié besondere voornaamwoord.

³⁶Die voornaamwoorde in hierdie subkategorie het soms saam met *ek* en/of *ons* ontbreek en dus tel die twee subkategorieë tot meer as 100,0 persent op.

- (39) M7: Dankie julle !! Kan nie glo ons is al 50 nie...onthou die dag toe my pa 50 geraak het..het hom so jammer gekry omdat hy so oud is 😊

Standaardtaalweergawe: Dankie julle! Ek kan nie glo ons is al 50 nie ... ek onthou die dag toe my pa 50 geraak het ... ek het hom so jammer gekry omdat hy so oud is.

- (40) V12: 😊 Of Drosdyhof extra light 😊... Sien môre aand!!!!

Standaardtaalweergawe: Of Drostdy Hof Extra Light ... ons sien julle môreaand!

- (41) M13: Ek sê weer: Die wiel is hier om te bly... steeds trots op julle.

Standaardtaalweergawe: Ek sê weer: Die wiel is hier om te bly... ek is steeds trots op julle.

’n Interessant waarneming wat Carter en McCarthy (2006:183) oor gesproke Engels maak, is dat persoonlike voornaamwoorde in die onderwerpsposisie dikwels voor sogenaamde denkproseswerkwoorde (“mental process verbs”), byvoorbeeld *think, recon, guess, hope, like, love, wonder* en *suppose*, weggelaat word. Dit blyk ook die geval in die steekproef se SMS-Afrikaans te wees, want die verskynsel is in 93 van die 227 boodskappe (41,0 persent) saamgestel deur 34 deelnemers (56,7 persent) opgemerk. Die vernaamste gevalle het die denkproseswerkwoorde *hoop* (35 boodskappe / 37,6 persent; 18 deelnemers / 30,0 persent) en *dink* (13 boodskappe / 14,0 persent; sewe deelnemers / 11,7 persent), sowel as die ervaringswerkwoorde (Ponelis 1985:231) *bly* (11 boodskappe / 11,8 persent; sewe deelnemers / 11,7 persent) en *klink* (nege boodskappe / 9,7 persent; agt deelnemers / 13,3 persent), behels wat in voorbeelde (42)-(49) geïllustreer word.

Hoop:

- (42) M18: **Hoop** julle is gereed 😊

- (43) V14: **Hoop** almal van julle het ’n beter dag as die ou 🤔🤔🤔

Dink:

- (44) M7: of as hulle vandag moes pakgee soos ons gekry het !! **dink** ek het pak gekry by elke moontlike onderwyser in *ALMA MATER. OORLEDE OUDSKOOLHOOF* en *SKOOLHOOF* was ongetwyfeld die champs.
- (45) V2: **Dink** d v ons wat ni rook ni en genoeg wyn het soek weer hartseer na permitte om ons tieners en studente by hul liefdes uit te kry na 50 dae 🤔

Bly:

- (46) V6: Hi M10, **bly** jul is veilig hier. Hou die balle veilg. Lekker golf!
- (47) V10: Dankie vir die fotos!!! Pragtig!! **Bly** julle het dit geniet!!!!

Klink:

- (48) M6: **Klink** baie goed.
- (49) V1: **Klink** goed vir my 🙌🙌🙌

6.2.2.2 Koppelwerkwoorde

In Afrikaans vereis die koppelwerkwoordkonstruksie sintakties 'n onderwerp, 'n kopula en 'n kopulapredikaat (Ponelis 1985:219-227). Die weglating van óf die onderwerp óf die kopula óf albei is in 153 van die 543 ellipsbevattende boodskappe (28,2 persent) onder 39 deelnemers (65,0 persent) aangetref. Voorbeelde van eersgenoemde is die weglating van die voornaamwoord *dit* voor die ervaringswerkwoord *klink* (Ponelis 1985:231) in voorbeelde (48) en (49) hier bo. Dertien deelnemers (21,7 persent) het die kopula in 26 boodskappe (17,0 persent) weggelaat soos wat in (50) en (51) gedemonstreer word, terwyl 34 deelnemers (56,7 persent) beide 'n onderwerp en 'n kopula uit die koppelwerkwoordbousel in 125 boodskappe (81,7 persent) laat ontbreek het volgens die voorbeelde in (52) en (53). Laastens was daar drie gevalle (2,0 persent) waar die kopula as vraagwoord in algemene vraagsinne afwesig was – 'n verskynsel wat ook deur Carter en McCarthy (2006:183) as deel van die grammatika van gesproke Engels uitgelig word en in die taaldata van die onderhawige studie deur voorbeelde (54)-(56) vergestalt word.

Weglating van kopula:

- (50) M19: Johnny Clegg vandag oorlede. 🙄

Standaardtaalweergawe: Johnny Clegg **is** vandag oorlede.

- (51) V11: Jy gaan stampede begin.. M10 ook maar van min hulp....

Standaardtaalweergawe: Jy gaan 'n stormloop begin ... M10 **is** ook maar van min hulp ...

Weglating van onderwerp en kopula:

- (52) M13: Baie trots op julle. Julle het voor my huis verby gehardloop. Het gekyk, maar julle gemis. Julle was te vinnig. 👍😊

Standaardtaalweergawe: **Ek is** baie trots op julle. Julle het voor my huis verby gehardloop. Ek het gekyk, maar (ek het) julle gemis. Julle was te vinnig.

- (53) V14: Seker dis hoe ons gaan wees na daai naweek

Standaardtaalweergawe: **Ek is** seker dit is hoe ons gaan wees ná daardie naweek.

Weglating van kopula by algemene vraagsinne:

- (54) V3: M2 jy klaar met d musiek??

Standaardtaalweergawe: M2, **is** jy klaar met die musiek?

- (55) V2: Jul nog besig?

Standaardtaalweergawe: **Is** julle nog besig?

- (56) V16: Jy seker? Ons wag regtig as jy wil kom vir nightcap...

Standaardtaalweergawe: **Is** jy seker? Ons wag regtig as jy wil kom vir 'n nagsopie ...

6.2.2.3 Die voornaamwoord *dit*

Ponelis (1985:70) voer aan “[d]ie gebruike van *dit* is so wyduiteenlopend dat dit nie veel sin het om in al hierdie gebruike van een en dieselfde voornaamwoord *dit* te praat nie, maar eerder van ’n reeks heeltemal verskillende voornaamwoorde met dieselfde klankvorm.” Hierdie stelling verduidelik waarom *dit* nie as ’n persoonlike voornaamwoord in §6.2.2.1 ingesluit is nie. *Dit* is deur 37 deelnemers (61,7 persent) in 141 van die ellipsbevattende boodskappe (26,0 persent) weggelaat. Ponelis (1985:70-80) onderskei tussen referensiële, leë/formele en demonstratiewe *dit*; aangesien demonstratiewe *dit* egter altyd referensieel is en dit nie altyd moontlik is om klemtoon trefseker tydens die ontleding van geskrewe taal toe te ken nie, word daar hier volstaan met voorbeelde van die weglating van referensiële en leë/formele *dit*.³⁷ Eersgenoemde het die meerderheid gevalle (101 boodskappe; 71,6 persent) verteenwoordig, terwyl laasgenoemde in die minderheid (40 boodskappe; 28,4 persent) was. Voorbeelde (57)-(60) illustreer die weglating van referensiële *dit*: In (57) is die referent van die weggelate *Dit* musieksnitte uit die tagtigerjare, terwyl die wind die referent van die weggelate *Dit* aan sinsbegin in (58) is. In (59) is die ontbrekende *Dit* inderdaad demonstratief en deikties (*Dit* ⇒ *kosmaak*), terwyl die referent van die afwesige *Dit* in (60) ’n verouderde bottel witwyn is.

(57) M9: Wow *V18*. Laat mens terug dink aan goeie tye! *M9*

Standaardtaalweergawe: Wow *V18*. **Dit** laat ’n mens terugdink aan goeie tye! *M9*

(58) M7: Moes ten minste 6km/h gewaai het 😞

Standaardtaalweergawe: **Dit** moes teen ten minste 6 km/h gewaai het.

(59) V1: Ek bly somer heeltemal van kosmaak af weg 😞😞😞 verseker nie my sterk punt nie 😊

Standaardtaalweergawe: Ek bly somer heeltemal van kosmaak af weg – **dis** verseker nie my sterk punt nie

³⁷Alhoewel beide referensiële en leë/formele *dit* in fyner verdelings uiteenval, lê die vernaamste verskil daarin dat referensiële *dit* na een of ander begrip verwys (byvoorbeeld ’n persoon, plek of saak), terwyl leë/formele *dit* nie na enige referent verwys nie en bloot as ’n vuller in sintaktiese strukture optree (Ponelis 1985:70-76).

- (60) V12: Proe meer soos brandewyn op die stadium.... Wens dit was rooi 🤔

Standaardtaalweergawe: Dit proe op dié stadium meer soos brandewyn ... ek wens dit was rooi.

Voorbeelde (61)-(64) beeld vier gevalle uit waarin leë/formele *dit* ontbreek om die bespreking van *dit*-weglating af te rond:

- (61) M18: Hartlike dank aan almal, was goed om julle te sien - besondere dankie aan die wat so hard gewerk het!!

Standaardtaalweergawe: Hartlike dank aan almal, dit was goed om julle te sien – besondere dankie aan dié wat so hard gewerk het!

- (62) V7: Was gisteraand minus vier by DORP.

Standaardtaalweergawe: Dit was gisteraand -4 °C op DORP.

- (63) M16: Ou M8, lekker om van jou te hoor! Geniet jou jeug, die moeilike dae kom...

Standaardtaalweergawe: Ou M8, dit is lekker om van jou te hoor! Geniet jou jeug, die moeilike dae kom ...

- (64) V3: Ai V18...en da tjank ek al weer 🤔🤔🤔lyk my ek gaan d naweek meer huil as enige iets anders!!!Baie baie dnki v jou mooi woorde!!! 😊😊😊😊🌹🌹🌹

Standaardtaalweergawe: Ai, V18 ... en daar tjank ek al weer! Dit lyk vir my ek gaan die naweek meer huil as enigiets anders! Baie, baie dankie vir jou mooi woorde!

6.2.2.4 Lidwoorde

Lidwoorde is 'n onderafdeling van die determineerders; hulle dien hoofsaaklik om bepaaldheid en algemeenheid uit te druk (Ponelis 1985:123-125). Die bepaalde lidwoord, *die*, word gewoonlik saam met

selfstandige naamwoorde gebruik om na spesifieke gevalle te verwys (byvoorbeeld, *die kafee*), terwyl die onbepaalde lidwoord, *n*, ageer om na algemene gevalle van die naamwoord te verwys (byvoorbeeld, *n meisie*). Lidwoorde is in die geheel in 168 boodskappe (30,9 persent) deur 36 deelnemers (60,0 persent) weggelaat. Die bepaalde lidwoord is in 69 van hierdie boodskappe (41,1 persent) deur 24 deelnemers (40,0 persent) weggelaat. Twee redes kan hiervoor gegee word, naamlik (i) gehoorsaamheid aan die sosiolinguistiese grondstelling van bondigheid en spoed (Thurlow 2003:14-15) soos wat in voorbeeld (65) deurskemer en (ii) die invloed van Engels (Carstens 2018:68-71) aldus voorbeeld (66). Teenoor die bepaalde lidwoord is sy onbepaalde eweknie deur 28 deelnemers (46,7 persent) uit 99 van hulle boodskappe (58,9 persent) weggelaat. Voorbeelde (67)-(69) is tekenend; veral opvallend is die weglating van die onbepaalde lidwoord voor die selfstandige naamwoord *mens* soos wat in (68) en (69) aangedui word en inderdaad in 16 van die 99 boodskappe (16,2 persent) onder nege deelnemers (15,0 persent) voorgekom het. In hierdie geval is lidwoordweglating waarskynlik nie die gevolg van 'n begeerte aan bondigheid en spoed nie, maar eerder na die gemeensaamheid wat met die gebruik van omgangstaal oorgedra word.

Weglating van die bepaalde lidwoord, *die*:

(65) V2: Gees goed en lkr 😊

Standaardtaalweergawe: Die gees is goed en lekker.

(66) M7: Dankie vir die moeite MI... het ook bygedra..helfte vir M19 en res vir julle projek.

Standaardtaalweergawe: Dankie vir die moeite, MI ... ek het ook bygedra ... die helfte is vir M19 en die res vir julle projek.

Weglating van die onbepaalde lidwoord, *n*:

(67) M11: Dit was tikfout. Dit is nou reggestel

Standaardtaalweergawe: Dit was 'n tikfout. Dit is nou reggestel.

(68) V13: Oh no V2. Mens moenie lag nie ma ek het my nou gecram 😂😂😂

Standaardtaalweergawe: O nee, V2. 'n Mens moenie lag nie, maar ek het my nou gebreek.

Weglating van beide 'n en die:

- (69) M12: *V17*, probleem is as mens op die ouderdom so verrasinkie kry kan jy nie claim jy weet nie hoe dit gebeur het nie....

Standaardtaalweergawe: *V17*, die probleem is as 'n mens op dié ouderdom so 'n verrassinkie kry, kan jy nie maak asof jy nie weet hoe dit gebeur het nie ...

Tabel 6-2 verskaf 'n opsomming van die vernaamste gevalle van sintaktiese ellips in die taaldata. Die meer opvallende kategorieë is in die voorafgaande bespreking gedek, terwyl die voorkoms van die minder prominente kategorieë, naamlik die weglating van die hulpwerkwoord van tyd *het*; die ontkenningspartikel *nie*; die setsels *in, met, na, op, van* en *vir*; die deeltjie *saam* van die deeltjiewerkwoord *saamstem*; en die neweskikkende voegwoorde *en, maar* en *want* net statisties in die tabel aangedui word. Teenoor frekwensietellings soos dié vervat in Tabel 6-2 maak Tagg (2012:92-93) die stelling dat sintaktiese ellips nie voldoende deur óf die sosiolinguistiese grondstellings van SMS-taal (Thurlow 2003:14-15) óf deur SMS-gebruikers se begeerte aan intimiteit en gemeenskap verklaar kan word nie op grond van sommige van die teenstrydighede wat gereeld in SMS-taal opduik. Een van haar voorbeelde is reeds in §3.6 aangeroer – dit word vir die leser se gerief hier as (70) herhaal:

- (70) *No * am working on the ringing u thing but have whole houseful of screaming brats so * am pulling my hair out! Loving u* (“Nee * werk daaraan om jou te bel maar het hele huis vol skreebalies so * kan my hare uittrek! Lief jou”)

Tagg voer aan dat die weglating van die kort, persoonlike voornaamwoord, *I* (“ek”; aangedui met 'n asterisk), nie op saaklikheid gemik is nie, aangesien dit min doen om die betreklik lang boodskap te verkort. Die weglating word eerder deur die sender vir identiteitskepping aangewend en daarmee vind Tagg aansluiting by Coupland (2007) se teorie oor stylkeuses as identiteitsiniale. In (70) poog die sender oënskynlik om die indruk van 'n tuisteskepper te wek wat in die harwar van 'n besige gesinslewe verstrengel is en min vrye tyd het. Dieselfde drang na identiteitskepping is in die taaldata na aanleiding van die volgende twee voorbeelde aanwesig: In (71) lug V2 oënskynlik haar mening oor 'n laatlammetjie, maar die boodskap gaan oor méér as dit, want 'n samespel van mikrolinguistiese, tipografiese en sintaktiese verskynsels tree op om die indruk van V2 as 'n bedrewe SMS-gebruiker oor te dra. Hierteenoor is daar in (72) 'n meer beperkte omgang met SMS-verskynsels; inderdaad, V20 se uitrekking van *So* na *Sooo* en haar ongewone

verkorting van *Saterdagoggend* na *Saterdagogg* is die enkele onderskeidende stylkenmerke wat sy aanwend – dit dui daarop dat sy eerder by die kletsgroep probeer inpas as wat sy poog om 'n aanlyn identiteit te skep.

(71) V2: *MI2* ek baaaaie jaloers.sou glad ni omgeege ht v so laat enitjie nie.*EGGENOOT* sal wel n hartaanval kry as hy weer moes begin mt n kleintjie. 😊😊 geniet hom

(72) V20: Hi julle! Ons het nog Saterdag 'n funksie hier in Joburg. Maak 12 uur klaar, daarna spring ons in klaar gepakte kar *ALMA MATER-STAD* toe. Sooo jammer ons gaan Vrydagaand en Saterdagogg mis! Geniet dit! Saterdagagaand sal ons die vreemdes wees en julle sal al weet wie is wie!

Tabel 6-2. Ellips in die taaldata

Ellips	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Alle voorkomste	543	19,1	52	86,7
Persoonlike voornaamwoorde	227	41,8	42	70,0
<i>ek, ons</i>	209	92,1	42	70,0
<i>hy, hulle, jy, jou, julle, sy</i>	21	9,3	12	20,0
Lidwoorde	168	30,9	36	60,0
onbepaalde lidwoord <i>n</i>	99	58,9	28	46,7
bepaalde lidwoord <i>die</i>	69	41,1	24	40,0
Koppelwerkwoorde (<i>is, was, lyk</i>)	153	28,2	39	65,0
Voornaamwoord <i>dit</i>	141	26,0	37	61,7
referensiële <i>dit</i>	101	71,6	31	51,7
leë/formele <i>dit</i>	40	28,4	20	33,3

Ellips	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Persoonlike voornaamwoorde vóór denkproseswerkwoorde	93	41,0	34	56,7
<i>hoop</i>	35	37,6	18	30,0
<i>dink</i>	13	14,0	7	11,7
<i>bly</i>	11	11,8	7	11,7
<i>klink</i>	9	9,7	8	13,3
Hulpwerkwoord van tyd <i>het</i>	39	7,2	13	21,7
Ontkenningspartikel <i>nie</i>	28	5,2	14	23,3
Setsels <i>in, met, na, op, van</i> en <i>vir</i>	22	4,1	12	20,0
Deeltjie <i>saam</i> in <i>saamstem</i>	11	20,0	8	13,3
Neweskikkende voegwoorde <i>en, maar</i> en <i>want</i>	10	1,9	9	15,0

6.2.3 Deiksis

Deiksis behels die verskynsel waarvolgens leksikale items gebruik word om na die onderdele van 'n tipiese gespreksituasie te verwys; die onderdele omvat die spreker(s), die aangesprokene(s), die toehoorder(s), die plek waar die gesprek plaasvind en die tyd waarop dit geskied. Die betekenis van die leksikale items kan net gesnap word indien dit met 'n bepaalde gespreksituasie in verband gebring word en dít behels gewoonlik die spreker as die sleutelverwysingspunt (oftewel die deiktiese sentrum). In die konteks van SMS vind deiksis toepassing in die manier waarop taalgebruikers die tydruimtelike aspekte van hulle aan- en vanlyn sosiale werklikhede byeenbring ten einde sosiale betekenis te skep. Die sleutelbegrip hier ter sprake is chronotopie, wat aan die Russiese filosoof en literêre kritikus, Mikhail Bakhtin, te danke is. Perrino (2015:140) voer aan dat “Bakhtin unveiled the chronotope in literary narratives in order to talk about the inseparability of time and space, and this notion has been lately revived and applied across the social sciences, including in research on language use rather than only on literary texts.” Lyons en Tagg (2019) verskaf 'n voorbeeld van sodanige navorsing deur te bestudeer hoe SMS-gebruikers chronotope tot stand bring en gebruik om hulle sosiale verhoudings te bedryf. Lyons en Tagg (2019:659) omskryf mobiele chronotope as “socially conditioned configurations of time and space within largely text-based virtual exchanges exemplified ... by mobile-phone messaging through apps such as WhatsApp, SMS, WeChat, and Viber.” Die doel van mobiele chronotope is om wedersydse begrip tussen aanlyn gespreksgenote te

bevorder deur 'n “shared virtual communicative time-space” tot stand te bring. Lyons en Tagg (2019:661) verduidelik soos volg (hulle inteksverwysings is duidelikheidshalwe weggelaat):

Studies have shown that location is identified through a complex set of descriptors and deictic expressions, with the focus on the here and now and the ephemeral nature of identifying features. The spatial relationship of mobile phone users to landmarks they refer to while describing their location changes as the users move across space. This leads interactants to a discursive construction of joint communicative spaces in which interactions take place, often in the form of narrative storyworlds. Users experience a deictic shift into this space in response to textual cues based on familiarity with each other and modality conventions. Rather than functioning purely in the offline or online domain, they shift dynamically between these two realms, drawing on layers of relevant spatiotemporal references corresponding to each of these interactive locations. These studies challenge the validity of distinguishing between offline and online contexts when making sense of how individuals communicate and achieve understanding, and suggest instead that the mobile be seen as deeply embedded in wider contexts, with offline and online activities intertwining and mutually supportive ... [M]obile devices thus allow for bringing separate realities and expectations from the interactants' offline chronotopic contexts into the same interactive space, resulting in the construction of a mobile chronotope, which blends in these individual aspects.

Carter en McCarthy (2006:178) beweer dat deiksis meer algemeen in gesproke as geskrewe taal is omdat daar in eersgenoemde 'n nouer verband tussen die deelnemers aan die gesprek en die gespreksituasie is. Dit word in hierdie afdeling dus uit die staanspoor verwag dat deiksis volop in die taaldata sal voorkom vanweë die spreektaalgrondslag van SMS. Dit blyk 'n raak verwagting te wees, aangesien deiksis in nagenoeg 1 274 boodskappe ($1\ 274 / 2\ 837 = 44,9$ persent) saamgestel deur 54 deelnemers (90,0 persent) waargeneem is. Deiksis kan egter nie as 'n onderskeidende kenmerk van SMS-Afrikaans gereken word op grond van die verbreidheid waarmee dit ook in Omgangsafrikaans voorkom nie. Die verskynsel word nietemin by die ontleding van die sintaktiese kenmerke van SMS-Afrikaans ingesluit, enersyds omdat dit die spreektaalgrondslag van SMS-Afrikaans op WhatsApp bevestig en andersyds omdat dit aantoon hoe die kletsgroepdeelnemers hulle sosiale omgang eerder as die tegnologie waardeur hulle kommunikeer op die voorgrond stel. Hulle bewerkstellig dit deur mobiele chronotope te skep waarmee hulle hul gespreksgenote in hulle sosiale werklikhede indompel ten einde wedersydse begrip te bevorder.

Die woordsoorte waardeur deiksis in Afrikaans tot stand kom sluit onder meer aanwysende voornaamwoorde (byvoorbeeld *hierdie* en *daardie*), bywoorde van plek (byvoorbeeld *hier* en *daar*) en tyd (byvoorbeeld *toe* en *nou*), werkwoorde (byvoorbeeld *kom* en *gaan*) en aanspreekvorme in (De Stadler 1989:377-379). In die onderstaande ontleding word alle gevalle van deiksis in die taaldata egter nie bespreek nie; in plaas daarvan word die aandag toegespits op die vernaamste deiktiese kategorieë wat De Stadler (1989:384-404) uitken, naamlik persoonsdeiksis, sosiale deiksis, plekdeiksis, tyddeiksis en deiktiese werkwoorde. Sosiale deiksis is 'n spesiale geval van persoonsdeiksis; dit hou verband met die randstukke wat in §6.2.1 aangeroeer is. Daarteenoor dien die bespreking oor plek- en tyddeiksis, tesame met dié oor die gebruik van rigtingaanduidende deiktiese werkwoorde, om die sluier oor mobiele chronotopie in SMS-Afrikaans te lig.

6.2.3.1 Persoonsdeiksis

Persoonsdeiksis handel oor die gebruik van leksikale items – gewoonlik persoonlike voornaamwoorde – om na die vernaamste deelnemers aan 'n gesprek te verwys, naamlik die spreker(s), die aangesprokene(s) en die toehoorder(s). Hierdie deelnemersrolle word as die verskillende persoonsvorme in die Afrikaanse voornaamwoordstelsel gegrammatikaliseer by wyse van onderskeidelik *ek*, *my* en *ons* vir die spreker(s); *jy*, *julle*, *jou* en *u* vir die aangesprokene(s); en *hy*, *sy*, *hulle*, *hom*, *haar* en *dit* vir die toehoorder(s) (De Stadler 1989:384-386; Ponelis 1985:48-49). 'n Opsomming van die persoonsdeiksis aangetref in die taaldata verskyn in Tabel 6-3. Hieruit blyk dit dat persoonsdeiksis die leeuendeel van deiksis in die taaldata uitmaak, aangesien dit in 1 008 van die deiksisbevattende boodskappe (1 008 / 1 274 = 79,1 persent) geskryf deur 51 deelnemers (85,0 persent) aangetref is. In hierdie ontleding word *dit* in navolging van De Stadler (1989:385) gewoon as 'n derdepersoonsvoornaamwoord gereken en daar word nie verder volgens Ponelis (1985:70-80) se indeling tussen referensiële, leë/formele en demonstratiewe *dit* onderskei nie. Ook verwys die frekwensietelling vir die tweedepersoonsvoornaamwoord *julle/jul* bepaald na die voorkoms daarvan in persoons- eerder as sosiale deiksis, aangesien laasgenoemde selfstandig in §6.2.3.2 bespreek word.

Wat opvallend in Tabel 6-3 is, is dat die eerste persoonsvoornaamwoorde *ek* en *ons* die deiktiese woorde is wat die gereeldste voorgekom het, terwyl die tweedepersoonsvoornaamwoorde *julle/jul*, *jy* en *jou* onderskeidelik die vierde, vyfde en sesde plekke beklee. Met die uitsondering van *dit* was die derdepersoonsvoornaamwoorde – *hy*, *hom*, *sy* en *haar* – minder opvallend. 'n Moontlike verklaring vir hierdie rangorde is die gesprekmatige aard van SMS, waar die deelnemers aan die kletsgroep regstreeks na hulself in die enkel- of meervoud verwys (*ek/ons*), of mekaar direk in die enkel- of meervoud aanspreek (*julle/jul*, *jy* en *jou*). Die gebruik van hierdie persoonsvorme dra daartoe by om 'n gevoel van intimiteit en

gemeensaamheid op die kletsgroep te skep – dit is glad nie verbasend nie gegewe hoe heg dié groep as 'n matriekklas was en steeds is. Enkele voorbeelde verskyn in (73)-(76).

- (73) V1: **Jy** is so reg V3...**ek** kry aanmekaar raas....want **ek** gedra **my** nie soos n 47 jarige vrou met 4 kinders nie...whatever 🤔🤔🤔
- (74) M2: **Ek** moes ook darem sien of **julle** kan planne maak sonder **my** en **ek** moet sê **ek** is beindruk. Goeie werk tot dusver. Nou moet die tekkies net die teer tref
- (75) V7: **Ek** gaan die groepie 'n paar dae moet verlaat, want **ek** gaan SA toe. Voeg **my** asb die 13de weer by.
- (76) M4: Baie geluk met jou verjaarsdag liewe maatjie V21. Hoop **jy** bly nog lank vir almal wat lief is vir **jou** gespaar. Hoop M8 bederf **jou** erg vandag. 😊

Tabel 6-3. Persoonsdeiksis in die taaldata

Persoonsdeiksis	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Alle voorkomste van deiksis	1 274	44,9	54	90,0
Alle voorkomste van persoonsdeiksis	1 008	79,1	51	85,0
<i>ek</i>	450	44,6	45	75,0
<i>ons</i>	331	32,8	37	61,7
<i>dit</i>	270	26,8	42	70,0
<i>julle/jul</i>	243	24,1	39	65,0
<i>jy</i>	158	15,7	27	45,0
<i>jou</i>	89	8,8	26	43,3
<i>hulle/hul</i>	77	7,6	17	28,3
<i>hy</i>	75	7,4	20	33,3
<i>my</i>	72	7,1	22	36,7

Persoonsdeiksis	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
<i>hom</i>	29	2,9	12	20,0
<i>sy</i>	24	2,4	10	16,7
<i>haar</i>	15	1,5	10	16,7

6.2.3.2 Sosiale deiksis

Sosiale deiksis is 'n spesiale geval van persoonsdeiksis en behels die gebruik van leksikale items wat die sosiale werklikheid van 'n gespreksituasie verklap. De Stadler (1989:386-389) voer aan dat veral aanspreek- en groetvorme sosiale deiksis verwesenlik – hiermee sluit die verskynsel sintakties by randstukke aan (kyk weer §6.2.1) omdat aanspreek- en groetvorme dikwels in die (voorste) sinsrand aangetref word (Ponelis 1985:505). Sosiale deiksis is in 82 (6,4 persent) van die 1 274 deiksisbevattende boodskappe onder 33 deelnemers (55,0 persent) waargeneem, gewoonlik as die verbinding van 'n appèl of groetvorm aan die een kant en 'n aanroep of aanspreekvorm aan die ander kant. Die sosiale deiksis aangetref in die taaldata weerspieël die feit dat die deelnemers aan die kletsgroep sosiale eweknieë is, aangesien die oorgrote meerderheid gevalle op 'n ligte gesprekstrant is en tot 'n gemoedelike atmosfeer bydra. Ter illustrasie word enkele van die appèl- en aanspreekvorme van M1 in voorbeelde (77)-(85) gegee – dit wissel van die meer besadigde *More almal* in (77) tot die uitbundige *Howziit julle* in (85). Opmerklik in die voorbeelde is die tweedepersoonsvoornaamwoord *julle*, wat nie net rojtaal deur M1 gebruik word nie, maar ook deur agt ander kletsgroepdeelnemers (13,3 persent) ingespan is. Die verskillende appèlle en aanspreekvorme in voorbeelde (77)-(85) gee 'n aanduiding van die sosiale werklikheid wat deur die kletsgroep tot stand gebring is: Gemeet aan die oorwegend speelse inslag van die sosiale deiksis in M1 se boodskappe, is hierdie 'n sosiale werklikheid waarin die kletsgroepdeelnemers op gelyke voet met mekaar verkeer en waarin die gesprekstrant oorwegend ongedwonge is.

(77) M1: **More almal**. Vrydagaand se Chinese braai skuif na d *LOKAAL* by *ALMA MATER*. Tyd bly dieselfde.

(78) M1: **Hi almal**, ekt gister uitgevind *ONDERWYSER* is in 2015 in n motorfiets ongeluk oorlede.

(79) M1: **Julle** ekt sover 159 fotos.... Gooi biki daai pics toe

- (80) M1: **Hi julle.** Gaan stem seblieeeeeef. En dankie weereens vir *MATRIEKKLAS* se omgee en hulp. Ek dink ons gaan nog dinge regkry
- (81) M1: **Middagse julle,** vdag vra ek d *ALMA MATER-STAD* ouens se hulp. Die vrou is vermis sedert Maandag. Ek het so halfuur terug met haar skoonsus gepraat. Sy kan letterlik enige plek in *ALMA MATER-STAD* wees maar hotspots is langs *GEBIED*. Sy kruip ook soms in lee erwe weg. Sy was ook al by shelters in *WOONBUURT* gevind. Saps verw *DATUM*. As jul rondbeweeg hoe oe oop asb. Thx julle.
- (82) M1: **Ok ouens...**elkeen moet asb Saterdag van hierdie koffie bring. Die feeskomitee laat geen ander koffie toe nie. Dit sal deel wees van d games ook..... 🤪🤪🤪
- (83) M1: **Hellooo julle....** Weet enige iemand dalk van blyplek vir n gesin van 4 vanaf einde *DATUM* in suide van *STAD*. Dis d mense wie se huis *DATUM* afgebrand het in *WOONBUURT*.
- (84) M1: **Juleeeeeee....** My gat en vingers brand alweer.... Kom ons hou d jokes maar bokant d klere pls. Ek weet dis in n goeie gees en als maar hou maar ander in gedagte tog asb. Ons wili Naaaasty wees nie
- (85) M1: **Howziiiiit julle.** Ek weeti of daar van jul is wat weet nie, daar is n gr 12 by *ALMA MATER* wat positief getoets het. Maandag se terugkeer is eers op hold v gr 10&11

6.2.3.3 Plekdeiksis

Volgens De Stadler (1989:389) handel plekdeiksis oor 'n spreker se gewaarwording van die driedimensionele ruimte waarin hy of sy hom of haar bevind; De Stadler voer aan dat “die aanduiding van plek **relatief tot die een of ander verwysingspunt in die gespreksituasie**” 'n sentrale oorweging in plekdeiksis is (sy vetdruk). Die verskynsel het in altesaam 180 boodskappe (14,1 persent) onder 37 deelnemers (61,7 persent) voorgekom by wyse van die aanwysende voornaamwoorde *hierdie* (43 boodskappe; 23,9 persent) en *daardie* (60 boodskappe; 33,3 persent), sowel as die bywoorde van plek *hier* (49 boodskappe; 27,2 persent) en *daar* (33 boodskappe; 18,3 persent). Voorbeelde van elk van hierdie gevalle verskyn in (86)-(93): *Hier* en *hierdie* verwys telkens na omstandighede waarin die spreker 'n buitetekstuele referent as ruimtelik naby aan hom of haar ervaar, terwyl *daar* en *daardie* omstandighede betrek waarin die spreker 'n buitetekstuele referent as ruimtelik verwyderd ervaar.

Aanwysende voornaamwoord *hierdie*:

(86) V7: Baie dankie vir **hierdie** inisiatief!

(87) M8: Ja ek ht ook nie v **hierdie** spook storie geweet op skool nie... 😞🙏

Aanwysende voornaamwoord *daardie*:

(88) V3: My worst nightmare....as mens **daai** gang vat..😞😞😞😞😞

(89) M16: Baie dankie V4! Geluk vir jou ook! Wie was jou afrikaanse onnie, ons klas het nooit by **daardie** woord uitgekom nie 😊

Bywoord van plek *hier*:

(90) V9: Ek is ook al Ouma van 'n 2jarige BAIE BESIGE klein mannetjie. Verruil dit vir niks. Maar moet erken, hy speel my OP as ons bymekaar kom. 'n Naweek voel soos 'n week as hulle **hier** gekuier het!!!! Dan kort ek 'n dag of twee om te herstel

(91) M23: Een van die probleem kinders **hier** by *NATUURRESERVAAT*

Bywoord van plek *daar*:

(92) V3: V7...sjoe my hart trek nou 'n punt om **da** te wees!!!! 😞😞😞

(93) M7: jissie M2...sou graag **daar** wou wees.

6.2.3.4 Tyddeiksis

Soortgelyk aan die geval van plekdeiksis behels tyddeiksis uitdrukkings wat temporeel “geïnterpreteer moet word relatief tot die een of ander verwysingspunt in die gespreksituasie” (De Stadler 1989:395). In hierdie opsig verklaar Ponelis (1985:262) gewoon “[t]yd is deikties, aan die gespreksituasie geanker, met die

uitingstyd as sentrum: hede = uitingstyd, verlede = tyd voor uitingstyd en toekoms = tyd na uitingstyd.” De Stadler (1989:397) voer aan dat bywoorde van tyd, byvoorbeeld *binnekort*, *nou*, *nou net*, *netnou*, *so pas* en *toe*, “suiwer deiktiese uitdrukings” in Afrikaans is. Ter wille van bondigheid word die ontleding tot hierdie uitdrukings beperk wat dan in 158 boodskappe (12,4 persent) saamgestel deur 26 deelnemers (43,3 persent) bespeur is, met *nou* wat verreweg in die meerderheid van hierdie boodskappe (126; 79,7 persent) gebruik is om die sender se hede as die kodeertyd van ’n bepaalde boodskap aan te dui. Minder gebruiklik was *toe* (16 boodskappe; 10,1 persent), *nou net* (11 boodskappe; 7,0 persent), *netnou* en *so pas* (drie boodskappe elk; 1,9 persent) en *binnekort* (twee boodskappe; 1,3 persent). Enkele voorbeelde verskyn in (94)-(99).

(94) M4: Yo, dis nie **op die oomblik** ’n grap vir my nie. Ek is al van Vrydag af siek met naarheid en diarree, was **vanoggend** by dokter en ons hele gesin moet **nou** gaan vir bloedtoetse vir Listeria.



(95) V2: Sjoue **nouga** dit lkr in d kombuis waar ek beskuit bak.hou aan stuur asb 😊

(96) M7: Dankie julle !! Kan nie glo ons is al 50 nie...onthou die dag **toe** my pa 50 geraak het..het hom so jammer gekry omdat hy so oud is 😊

(97) V18: Ja M9, **toe** ek eers begin luister, **toe** raak ek skoon nostalgies ...

(98) M2: 🙌🙌🙌🙌 En daar wen jy **sopas** die ' idee van die jaar' kompetisie.

(99) V3: M12 my swaer het n laatlam...en **sopas** weer n"ongelukkie" gehad..😞oooo aarde hoe speel mens met hul met n bal as jy ni eers meer kan vang ni...so hou maar net dop vd kantlyn af👁️👁️

6.2.3.5 Deiktiese werkwoorde

De Stadler (1989:399-400) beskryf deiktiese werkwoorde as dié wat beweging aandui in verhouding tot die deelnemers aan ’n gespreksituasie, meermale met die spreker(s) as deiktiese sentrum. Die besondere werkwoorde wat hy uitken is *kom* en *gaan*, hulle kousatiewe teenhangers *bring* en *neem*, en die werkwoord *stuur*. Beide *kom* en *bring* verwys na beweging in die rigting van die spreker, aangesien *bring* geparafraseer kan word as “veroorzaak om te kom” (De Stadler 1989:401). Op dieselfde manier verwys beide *gaan* en

neem na beweging weg van die spreker omdat *neem* geparafraseer kan word as “veroorzaak om te gaan na ’n bestemming wat nie die deiktiese sentrum insluit nie” (De Stadler 1989:402). *Stuur* is verwant aan *gaan* en *neem*, maar word gekenmerk deur ’n gebrek aan begeleiding van die pasiënt(e) van die handeling deur die agens/deiktiese sentrum. Ter illustrasie: In *Ek stuur die kinders skool toe*, is *Ek* die agens wat die pasiënte – *die kinders* – skool toe laat gaan sonder om hulle daarheen te vergesel. Die deiktiese werkwoorde *kom*, *gaan*, *bring* en *stuur* is gesamentlik in 188 (14,8 persent) van die deiksisbevattende boodskappe saamgestel deur 32 deelnemers (53,3 persent) waargeneem. *Gaan* was die gewildste, aangesien dit in 131 boodskappe (69,7 persent) aangetref is, gevolg deur *kom* (38 boodskappe; 20,2 persent), *stuur* (26 boodskappe; 13,8 persent) en *bring* (nege boodskappe; 4,8 persent). Die deiktiese werkwoord *neem* is nie in die taaldata opgespoor nie; die afwesigheid daarvan kan deels daaraan toegeskryf word dat, alhoewel dit verwant aan *gaan* is in dié opsig dat dit op beweging wég van die spreker dui, dit begeleiding van die pasiënt(e) deur die agens van die handeling verwys – iets wat betreklik ongewoon vir sprekers sou wees wat hulle in ’n virtuele ruimte bevind (Tagg 2012:99). Verteenwoordigende voorbeelde van elk van die deiktiese werkwoorde aanwesig in die taaldata verskyn in (100)-(107).

Gaan:

(100) V13: Hoe **gaan** ons by die skool inkom? Sluit hulle nie die hekke in die middag nie?

(101) M18: Hallo *MI*, Ek **gaan** die Vrydagaand bywoon. Saterdagagaand sal ek en *EGGENOOT* bywoon.

Kom:

(102) V7: Ek **kom** groet my ouers volgende week.

(103) V20: Hi *M13*, **kom** jou vrou saam?

M13: Jip. *EGGENOOT* **kom** saam

Bring:

(104) V6: Ok *M9* boek jy. Ek sal jong speler **bring** vir kompetisie.

(105) M7: Da vat hy nou !! Alles wat mooi is vir julle ! Hoop 2019 **bring** geluk, vrede en liefde vir almal

!!

Stuur:

(106) V8: *V3*, ek **stuur** sommer vir jou direk info x

(107) M8: Jip jy kan hout wiele ook as 'n add-on kry, ek sal pryse **deurstuur** 🤔🤔🤔🤔🤔

Tabel 6-4. Deiksis in die taaldata

Deiksis	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Alle voorkomste van deiksis	1 274	44,9	54	90,0
Persoonsdeiksis	1 008	79,1	51	85,0
Deiktiese werkwoorde	188	14,8	32	53,3
Plekdeiksis	180	14,1	37	61,7
Tyddeiksis	158	12,4	26	43,3
Sosiale deiksis	82	6,4	33	55,0

'n Opsomming van die vernaamste deiktiese kategorieë verskyn in Tabel 6-4. Drie opmerkings is hier ter sake: Eerstens is dit duidelik dat deiksis verbreed in die deelnemers se SMS-Afrikaans voorkom. Aangesien die verskynsel 'n buitetekstuele verwysing na een of ander onderdeel van 'n gespreksituasie behels, beteken dit dat die steekproeflede die kletsgroep as 'n vorm van gesprekvoering beskou en dienooreenkomstig aanneem dat hulle gespreksgenote met die besonderhede van die gesprek vertrou is. Tweedens mag dit voorkom asof tyddeiksis minder opvallend in die taaldata is. Dit is egter geensins die geval nie, aangesien die ontleding hier net op die voorkoms van 'n beperkte getal bywoorde van tyd uitgevoer is, naamlik *binnekort, nou, nou net, netnou, so pas* en *toe*. Derdens is voorbeelde (92) en (95) gekies om aan te toon hoe deiksis tot mobiele chronotope aanleiding gee waardeur beide V3 en V2 steeds aan die reünieverrigtinge deelneem ten spyte daarvan dat hulle dit nie in lewende lywe kan doen nie. Die boodskappe word vir die leser se gerief hier herhaal:

(92) V3: *V7*...sjoe my hart trek **nou** 'n punt om **da** te wees!!!! 🤔🤔🤔

(95) V2: Sjoue **nouga** dit lkr in **d kombuis** waar ek beskuit bak.hou aan stuur asb 😊

In (92) betreur V3 op die dag van die reünie die feit dat sy dit nie in die persoon kan bywoon nie, terwyl V2 in (95) ten tyde van haar boodskap uitbundig besig is om beskuit in haar kombuis te bak en nog musieksnitte versoek. In beide gevalle is die boodskappe gestuur in reaksie op dié van ander deelnemers wat regstreeks by die reünieverrigtinge betrokke was. Elke boodskap verteenwoordig 'n konteksonderhandeling waarin V2 en V3 die ruimtelike aspekte van die gesprek verskuif, maar hulle doen dit sinchroon aan die reünieverrigtinge om steeds daarby betrokke te wees. V2 en V3 se boodskappe wemel van SMS-verskynsels; die boodskappe dra by tot die gemeensaamheid en intimiteit wat met regstreekse deelname aan die reünie verwag sou kon word. Lyons en Tagg (2019:661) gee 'n raak beskrywing van die chronotopiese oorwegings wat in (92) en (95) ter sprake is (hulle inteksverwysings is duidelikheidshalwe weggelaat):

Although mobile communicative norms are shifting and diversifying, mobile technologies tend to encourage a sense of social and physical closeness, which is both construed by, and expressed within, a private, casual register: creating and created by chronotopic expectations of intimacy and informality. Studies show that mobile phone communication, including frequent 'check-ins' throughout the day, helps people foster intimacy and closeness and manage the potentially negative effects of the limited time that they spend in each other's physical company. Because of the portability of mobile phones, mobile communication 'makes all mundane activities shareable'. Participants in mobile exchanges share the joint time-space of their interactions, rather than focusing on an external time frame, leading to the oft-reported feeling of virtual co-presence or 'connected presence', also referred to as 'ambient copresence' or 'perceived proximity'.

Daar word in §7.2 op hierdie verduideliking voortgeborduur wanneer die sogenaamde "fatiese internet" tydens 'n bespreking oor die pragmatiese funksies van SMS-Afrikaans aan bod kom.

6.2.4 Sintese: die sintaktiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans

Die sintaktiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans is ondersoek aan die hand van randstukke, ellips en deiksis op grond van die voorkoms van hierdie verskynsels in gesproke taal en die aanname dat SMS-taal 'n geskrewe vorm daarvan is. Al drie van die verskynsels is verbreed in die taaldata aangetref en deur onderskeidelik 50 (83,3 persent), 52 (86,7 persent) en 54 (90,0 persent) van die deelnemers ingespan.

Oorhoofs dien die sintaktiese kenmerke om 'n gespreksatmosfeer op die kletsgroep te skep desnieteenstaande die oënskynlike teenstelling tussen randstukke en ellips, met eersgenoemde wat die sociolinguistiese grondstelling van bondigheid en spoed teëwerk en laasgenoemde wat dit bevorder. Tussen hierdie twee verskynsels staan deiksis, wat by uitstek aandui dat die kletsgroepdeelnemers SMS as 'n middel vir intydse gesprekvoering beskou vanweë hulle uitgebreide verwysing na buitetekstuele aspekte van die gespreksituasie. Deiksis dien ook om die tydruimtelike aspekte van die kletsgroepdeelnemers se sosiale werklikhede te belig en sodoende wedersydse begrip van die aanlyn gesprek te bevorder.

6.3 Leksikale kenmerke

Die leksikale kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans word bespreek aan die hand van kodewisseling – 'n logiese vertrekpunt gegewe die uitgebreide taalkontak in Suid-Afrika (kyk weer §3.7) en die feit dat kodewisseling geredelik in beide gesproke en geskrewe taal voorkom (Mahootian 2020:57). Dit is dus te verwagte dat kodewisseling ook in Generasie X se SMS-Afrikaans aangetref sal word volgens dit wat Saal (2015:5) vir SMS-Afrikaans in die algemeen aandui. Inderdaad, Dorleijn en Nortier betoog dat rekenaarondersteunde kommunikasie besonder geskik vir navorsing oor kodewisseling is, veral in soverre laasgenoemde vir identiteitskepping en -oordrag ingespan word. Hulle verduidelik dit soos volg (CS = “code-switching”; Dorleijn & Nortier 2012:127):

[S]ociolinguistic studies of CS are generally based on the analysis of more or less spontaneous speech. However, during the last few years, the focus of interest of much CS research has, again, along with general trends in sociolinguistics, shifted to issues like stylistic uses of CS and the role of CS in identity construction, processes in which conscious use of CS is involved. Written data from the internet seem to be extremely suitable for this latter type of CS research, judging from the increasing number of studies that draw on it. This has, obviously, to do with the nature of these data. Internet data are not written language in the traditional sense. Language on the internet, referred to in the literature as Computer Mediated Communication (CMC), is felt by most users to be much more informal, and much less reflected upon by its authors than written texts. Consequently, the kind of language used in CMC contains a lot of colloquial forms and other features that are usually associated with spoken language. The fact that CS occurs in CMC at all is an indication of its informal character, CS being in general a highly informal mode of speech. But still, since CMC is a written medium, a certain level of consciousness on the part of its authors is presupposed. The conscious use of colloquial forms is valuable

for research that focuses on stylistic uses of CS, and/or the use of CS in identity construction and presentation.

Dorleijn en Nortier se beskouing sluit by die bespreking in die inleiding tot hierdie hoofstuk aan; verder bevestig dit aansprake oor die verband tussen rekenaarondersteunde kommunikasie en identiteit wat deur die werk van onder meer Deumert (2012), Deumert en Lexander (2013) en Bock (2013) in hoofstuk 2 uitgelig is.

Daar is alreeds boekdele oor kodewisseling geskryf sedert die verskynsel vroeg in die 1970's uit 'n etnografiese oogpunt en vanaf 1980 uit 'n grammatiese invalshoek bestudeer word (Gardner-Chloros 2012:97-98). Volgens Mahootian (2020:56) skakel taalgebruikers óf bewustelik en doelbewus óf onbewustelik en onbedoeld van een taal of -variëteit na 'n ander oor. Sy meen dat die meerderheid gevalle van kodewisseling deur laasgenoemde verreken word en dat dit die gevolg is van “psycho- and sociolinguistic variables that the speaker is not consciously aware of, involving processing issues and the tendency of speakers to adapt their speech style to the interlocutor's style and/or community norms and expectations.” Mahootian se mening is in ooreenstemming met dié van Van Gass (2008), wie se navorsing oor die linguistiese kenmerke van Afrikaans op internetaflosklets aan Universiteit Stellenbosch in §2.3 bespreek is en waar dit gemeld is dat die meerderheid van die kodewisseling tussen Afrikaans en Engels nie doelbewus is nie en eenvoudig die gevolg van hewige taalkontak is. Dit blyk ook die geval in die oorgrote meerderheid voorkomste van kodewisseling waargeneem in hierdie studie te wees.

Kodewisseling kan nie noodwendig as 'n onderskeidende kenmerk van SMS-Afrikaans beskou word nie – daarvoor kom dit te verbreid in Omgangsafrikaans voor. Die onderstaande bespreking dien gevolglik om die voorkoms en aard van die verskynsel in die Generasie X se SMS-Afrikaans te karteer ten einde die bestaande kennisbasis aan te vul (vgl. Van Gass 2008, 2006). Daar word nie gepoog om die kodewisseling waargeneem in SMS-Afrikaans met dié in omgangstaal te vergelyk nie – 'n vergelykende studie val buite die bestek van die huidige navorsing. Dit gaan dus hier oor die optekening van kodewisseling in SMS as 'n spesifieke vorm van rekenaarondersteunde kommunikasie. Terminologies word daar tussen kodewisseling in opeenvolgende klouse en kodewisseling in dieselfde klous onderskei deur “kodewisseling” vir eersgenoemde en “kodevermenging” vir laasgenoemde te gebruik. Sommige linguiste beskou hierdie terme bloot as wisselvorme (Mahootian 2020:57). Hier word duidelikheidshalwe 'n onderskeid getref op grond van Simpson (2019:122) se verduideliking en definisie van “kodewisseling” (sy vetdruk):

Intra-sentential switching may often seem to take place for no apparent reason, and there may frequently be no obvious change in topic, hearer, or setting which would trigger the switches. In this sense, intra-sentential switching may be different from other bilingual language switching, which can sometimes be attributed to changes in the topic of conversation and the people being spoken to. Sometimes intra-sentential switching is given the special term **code-mixing** to distinguish it from other forms of code-switching.

Code-mixing: where switching between languages takes place inside clauses and within the main core of a single sentence (i.e., not just at the periphery – tag insertion), and in the discussion of a single topic.

6.3.1 Vorme van taaluitruiling

Kodewisseling is in die geheel in 610 boodskappe (21,5 persent) geskryf deur 46 deelnemers (76,7 persent) aangetref. Die meerderheid van hierdie boodskappe het kodevermenging tussen Afrikaans en Engels behels, aangesien uitruiling tussen hierdie tale in dieselfde klous in 416 boodskappe (68,2 persent = $416 / 610$) onder 39 deelnemers (65,0 persent) waargeneem is. Daarteenoor is kodewisseling tussen Afrikaans en Engels in 156 boodskappe (25,6 persent) deur 34 deelnemers (56,7 persent) ingespan. Voorbeelde (108)-(111) illustreer kodevermenging tussen Afrikaans en Engels, terwyl (112)-(115) kodewisseling tussen dieselfde tale uitbeeld. In voorbeelde (116) en (117) verskyn reekse boodskappe wat die oënskynlike willekeurigheid van die kodevermenging en -wisseling in die taaldata uitbeeld. Albei hierdie boodskapreekse het betrekking op verjaarsdagwense – vir V6 in die geval van (116) en vir M7 in (117). Dit sou aanvegbaar wees om te betoog dat die plotselinge kodevermenging en -wisseling enige besondere doel dien, buiten moontlik dat taaluitruiling die norm op die kletsgroep blyk te wees en dus 'n identiteitshandeling op sigself is wat die ingroeplidmaatskap van die deelnemers bevestig (Gardner-Chloros 2012:106). Mahootian (2020:70) lig hierdie identiteitshandeling as een van die funksies van kodewisseling uit deur aan te voer dat die doel daarvan is “[t]o mark group or personal identity and/or emphasize solidarity and camaraderie.”

Kodevermenging tussen Afrikaans en Engels:

- (108) V3: *MI* dis seker ni nodig v **update** op d anner groep ni...hul is mos op Fb?En geen **update** hier nie...hier word mos bespreek?

- (109) V13: Is Dinsdag 17:30 se **meeting** by die skool nog aan? En waar presies is dit? Op die pawiljoen? 🤔
- (110) M10: Miskien kan die skool die rekening oop maak. Hulle weet wat om te doen. Kry net **account** nommer dan kan ons geld insit as ons by die reunie uitkom het ons miskien all klaar die geld vir een kind.
- (111) M19: **Sorry** as ek iemand **offend**. Ek was maar nog altyd een van die stoute kabouters gewees.

Kodewisseling tussen Afrikaans en Engels:

- (112) V12: **Count me in**. Ek en manlief. Sal nog moet sien oor kids... eksamen 😊
- (113) V9: Hi julle. Ons moet 'n troue bywoon *DATUM* in *ALMA MATER-STAD*. Ek nou al 15 jaar nie meer in *ALMA MATER-STAD* nie. Venue is *LOKAAL*, blykbaar naby *WOONBUURT*. *ALMA MATER-STAD*-inwoners, help bietjie met gastehuse naby aan die plek asb? NIE KAMPEERPLEKKE NIE asb
- V11: **Awesome venue!!!**
- V9: Dankie *V16*, gaan gou kyk
- (114) M1: Mag elkeen n Geseende Kersfees he met oorvloed liefde en vrede. **We still rock!!!!**
- (115) V8: Aaahh dis awesome *MI!* Dankie vir jul mooi harte en del van die artikel 🤗❤️👏
- M17: **Well done**. Baie dankie *MI!*

Verjaarsdagboodskapreekse:

- (116) V13: **Happy Birthday** *V6!!!!* Mag dit 'n **fantabulous** dag en lewensjaar vi jou wees!! 💕🌸
- V2: Baie geluk!!!!
- M10: **Happy Birthday** *V6* 🎉🥳🍷🍹🍺🍻🍷
- V6: Dankie julle. Waardeer jul geluk wense! 🌸
- V23: Baie Geluk *V6!* 🌹🌹
- M5: Baie geluk *V6*.

- M4: Baie geluk *V6*.
- M7: **Happy happy !**
- V1: **Happy birthday** *V6* 🎈🎈🎈
- M2: **Happy Birthday** *V6*! Hoop dis n goeie een en dat daar nog baie is... 🍷🍰🍷🍷🍷
- V27: Baie geluk, mag daar nog vele wees.. 🍷🌻
- M6: **Happy bday.**
- M6: Daai wyn daai wyn daai lekkie wyn!!!
- (117) V9: Baie geluk *M7*!
- V2: Baie geluk *M7*
- M2: Geluk ou Maat, hoop dis 'n **great** jaar vir jou en die familie! 🍷🎉🍷🎉🎉🎉🎉
- M7: Dankie julle !! Kan nie glo ons is al 50 nie...onthou die dag toe my pa 50 geraak het..het hom so jammer gekry omdat hy so oud is 😊
- V9: 😊😊😊
- M10: **Happy birthday** *M7* **When you turn 50 we all get an extra day. Under 50** babalaas **was only one day to recover over 50 you get an extra day because it takes two days to recover. Anyway you will find out yourself. Welkom to the 50 club. When you 60 we will ten to one talk about the amount of tablets you have to drink everyday.**
- V5: Baie geluk 🎉🎉🎉
- V4: Baie geluk *M7* 🎉🎉🎉
- M18: **Happy birthday** *M7*. Goeie jaar vir julle!
- M6: **Happy bday** *M7*. **God bless!!!**
- M7: Baie dankie almal... so goed om te weet julle onthou my nog
- V10: Baie geluk... 🎉🎉

'n Interessante waarneming wat in voorbeelde (116) en (117) gemaak kan word, spruit uit M6 se ortografiese aanpassing van die Engelse *birthday* (“verjaarsdag”) na *bday*. Dit blyk dat die deelnemers in die oorgrote meerderheid gevalle van taaluitruiling tussen Afrikaans en Engels (524 uit 572 boodskappe; 91,6 persent) nie ortografiese aanpassings aan die Engelse terme maak nie. Engelse SMS-verskynsels, oftewel “textese” (kyk weer §1.2), is dus in net 48 (8,4 persent) van die boodskappe waargeneem waarin taaluitruiling tussen Afrikaans en Engels voorkom en slegs agt deelnemers (13,3 persent) was daarvoor verantwoordelik. Die meerderheid van hierdie gevalle (34 boodskappe; 70,8 persent) het herspellings van *thanks* behels (*thanx*, *thx* en *tx*), terwyl *bday* < *birthday* (ses boodskappe; 12,5 persent), *kidz* < *kids* (vier boodskappe; 8,3 persent),

u < *you* (drie boodskappe; 6,3 persent) en *prez* < *president* (een boodskap; 2,1 persent) ook aangetref is. Voorbeelde verskyn in (118)-(121) om dié van *bday* aan te vul.

(118) V6: Great. **Thanx** V8!

(119) V2: Gin winder dis beter v **kidz** om ni skool te gaan ni 😂😂😂

(120) V15: Oor en uit van my kant af ook! Duisend dankie's dat ek oor die afstand ook daar kon wees 🍷🍷! Dankie vir al die kiekies 🍷!!! Love **u** all 😊. V15.

(121) M3: **Prez** praat vanaand 19:00

Op grond van die ontleding van die fonologiese en morfologiese kenmerke van die deelnemers se SMS-Afrikaans in §5.2.1 blyk dit ook dat die kletsgroepdeelnemers hulle taalvindingrykheid op Afrikaans eerder as Engels toespits, aangesien “textese” in slegs 48 (7,0 persent) van die 684 boodskappe bevattende fonologiese en morfologiese SMS-verskynsels voorgekom het. Die situasie is dus net die teenoorgestelde van dié wat onder andere Deumert en Masinyana (2008), sowel as Deumert en Lexander (2013), met die wisselwerking tussen Engels en Afrika-tale op SMS teëgekom het (kyk weer die bespreking in §2.3). Deumert en Lexander (2013:535) verreken hulle bevindings deur aan te voer dat “global texting variants ... indicate a writer’s familiarity with global medium- and genre-specific conventions ... these forms are indicators of modernity and enable the performance of a modern, cosmopolitan persona.” Die feit dat daar so min Engelse herspellings in die taaldata is, dui moontlik daarop dat die kletsgroepdeelnemers die uitbeelding van wêreldsheid doelbewus vermy – “dankie” in al sy vorme kom byvoorbeeld in 184 boodskappe voor in vergelyking met *thanx*, wat in al sy vorme in net 34 boodskappe aangetref is. Hierdie verklaring is egter net ’n bespiegeling – ’n deurtastende beskrywing van die aard van die wisselwerking tussen Afrikaans en Engels, sowel as die oënskynlik karige gebruik van “textese”, verg bykomende navorsing wat buite die bestek van hierdie studie val.

Kodevermenging en -wisseling was nie net tot Afrikaans en Engels beperk nie. Die voorkoms daarvan oor ander tale heen was egter skamel en het hoofsaaklik Nguni-tale (byvoorbeeld isiXhosa en isiZoeloe) en, in ’n enkele geval, Duits behels. Voorbeelde (122)-(124) illustreer kodevermenging, terwyl (125) en (126) kodewisseling uitbeeld.

Kodevermenging met Nguni-tale en Duits:

(122) M1: **Yebbo** net so!!!.

(123) V6: Gov **eish** 😊😭😭😭😭😭

(124) V3: Nou wie was da? Ek weet daai oulike onnie... en **Frau ONDERWYSER** 😞 en **ONDERWYSER** en daai Bib juffrou?

Kodewisseling met Nguni-tale:

(125) V2: Jy weet ek en *EGGENOOT* en ons kleinste *DOGTER* sal albei bywoon ne? oudste skryf matriek sal nt inloer 😊

V2: Dis ek V2 😊

M1: **Yebbo**... Dis mos verpligtend vd koffie gang 😊

(126) M1: Soms is dit goed om te vergeet ne.... 🐱

V20: **Eish!!**

Twee verdere gevalle van kodevermenging en -wisseling in die taaldata verdien melding. Die eerste betrek die gebruik van verafrikaanse woorde wat nie noodwendig kodevermenging en -wisseling in die ware sin van die woord beliggaam nie, maar tog daaraan verwant is. Die AWS (2017:234) beskryf verafrikaanse woorde as dié van “allerlei herkomste wat in vorm en gebruik soms nouliks van eg Afrikaanse woorde te onderskei is” – ’n voorbeeld is die verafrikaanse *gholf* vir die Engelse *golf*. Die AWS (2017:234-235) dui in reël 20.1 aan dat die gewone Afrikaanse spelreëls met hierdie woorde gevolg behoort te word; ten opsigte van Omgangsafrikaans gee die AWS (2017:708) ’n soortgelyke riglyn vir “[w]oorde uit ander tale wat lank reeds in die spreektaal voorkom.” Nagenoeg 23 (3,8 persent) van die 610 taaluitruilingbevattende boodskappe geskryf deur agt deelnemers (13,3 persent) het verafrikaansings bevat; enkele voorbeelde word in (127)-(130) vir onderskeidelik *brekfis* < *breakfast* (“ontbyt”), *tjoklits* < *chocolates* (“sjokolade”), *boek* < *book* (“bespreek”) en *briefieng* < *briefing* (“voorligting”) gegee. Laasgenoemde is oënskynlik ’n toepassing van reël 18.8 van die AWS (2017:216), waarvolgens die [i]-klank in woorde van Klassieke herkoms in geslote lettergrepe in Afrikaans ortografies deur *ie* voorgestel word.

(127) M2: Nee man M1, daai moes Saterdag se **brekfis** gewees het!

(128) V6: Moet ook nie **Tjoklits** eet nie

(129) M9: Ok ek twee vir jou **geboek**. Dis al wat oor was.

(130) M1: Kanaal 404 **briefieng** level 4, Reg.

Die tweede geval behels taalwisseling in dieselfde woord – ’n verskynsel wat in 22 boodskappe (3,6 persent) onder 12 deelnemers (20,0 persent) waargeneem is. Hierdie geval kwalifiseer wel volgens Mahootian (2020:57) as kodewisseling in die ware sin van die woord (haar vetdruk): “Codeswitching can occur **intrasententially**, within a sentence, including the switching of a single word, prefix, or suffix.” Voorbeelde (131)-(139) illustreer die verskynsel: In (131) word ’n Afrikaanse suffiks, *-ste*, gebruik om die oortreffende trap te maak van die Engelse adjektief, *awesome* (“verruklik”), terwyl die suffikse *-tjie* en *-kie* in (132) en (133) dien om wisselvorme van die verkleining van die Engelse *boy* (“kêrel” in hierdie konteks) voort te bring. In (134) word die verlede deelwoord van *online* – ’n Afrikaanse vervorming van die Engelse *line up* (“aantree”) – met die infiks *-ge-* gevorm, waar M3 dié woord oënskynlik as ’n skeibare werkwoord analiseer en die klem op die partikel *op* plaas om reël 19.6 van die AWS (2017:226) toe te pas. Voorbeeld (135) demonstreer die gebruik van ’n gemengde Afrikaans-Engels-samestelling gevorm op ’n soortgelyke wyse as byvoorbeeld *werksman*, *werksplek*, *werksdag*, *werksklere*, *werksloon* en dies meer (AWS 2017:557) waarin die verbindingsklank *-s-* gebruik word om die dele van die samestelling aanmekaar te skakel. Voorbeelde (136) en (137) werp die kollig op samestellings wat die Engelse patroon volg deur die dele daarvan los van mekaar te skryf³⁸ – in teenstelling met reël 15.3 van die AWS (2017:167-171), waarvolgens samestellings in Afrikaans in die reël vas geskryf word. Laastens verskaf (138) en (139) voorbeelde van gedeeltelik verafrikaanste kollokasies: In (138) word die Engelse *up and running* (“aan die gang”) gedeeltelik as *up en running* verafrikaans en in (139) is *op hold* oënskynlik ’n vermenging van die Afrikaanse uitdrukking *om iets op ys te sit* (Prinsloo 2012:544) en die Engelse *on hold* (“bly aan”). Al hierdie voorbeelde kan teruggevoer word na MacSwan se geïntegreerde veeltaligheidsmodel uiteengesit in §3.7.2 en die aanspraak van sommige taalkundiges dat “all linguistic systems, even those of so-called monolinguals, are internally richly diverse, leading many to view *monolingualism*, not *multilingualism*, as a social construction” (MacSwan 2019:203; sy skuinsgedruk).

³⁸Lieber (2016:49) voer aan dat daar nie ’n vaste manier is om samestellings in Engels te spel nie – sy gee *greenhouse* (“kweekhuis”), *dog bed* (“hondekooi”) en *producer-director* (“regisseur”) as voorbeelde wat onderskeidelik vas, los en met ’n koppelteken tussen die twee dele geskryf word.

- (131) V8: *MI!!* Daardie Facebook videos met die **awesomeste** disse (wat meestal iets net kaas te doen het...)....is dit 'n voorsmakie hoe jy ons gaan bederf op die reunie? Genade maar dit lyk lekker....ek ry sommer nou *ALMA MATER-STAD* toe.....! 🤔😬👍
- (132) M9: What a **boytjie!!** Geluk *M10*
- (133) M10: Mooi **boykies**. 🙌🙌🙌🙌 Just do it
- (134) M3: Jip, dis die gang waar ons **opgeline** het na haarinspeksie by kadette. In die kas agter die riempies stoel was daar 5 rottangs van verskillende diktes, partykeer kon jy self een kies
- (135) V31: Hi almal. Ek sal ongelukkig nie reunie toe kan kom nie. Het n **werkstrip** Japan toe waarvan die datums geskuif het. Wil net se dit was heerlik om weer kontak te kon he met so baie van julle en ek is regtig spyt ek gaan al die opvang mis! Baie dankie aan almal wat so hard werk om die reunie moontlik te maak. Hoop om darem in kontak te kan bly. *V31*
- (136) M1: Ek sal **support kar** met water ry 😊
- (137) V11: Ek stem...my broet is Bestuuder by daardie *HOSPITAAL*..sy EIE dogter id skool. Hy kou klippe v Vrydag af, ek dink hy nog weinig geslaap..sy kind ok..maar 3 maats oorlede. Jul wil nie weet hoe sleg gaan met kids, ouers, **resque personeel**, onderwysers nie. Maar..weereens kon ons SAAM staan..ons kan net bly BID
- (138) M11: Gaan dit mis maar as julle **up en running** is maak ek graag n bydrae.
- (139) M1: Howziiiit julle. Ek weeti of daar van jul is wat weet nie, daar is n gr 12 by *ALMA MATER* wat positief getoets het. Maandag se terugkeer is eers **op hold** v gr 10&11

'n Opsomming van die kodevermenging en -wisseling in die taaldata verskyn in Tabel 6-5.

Tabel 6-5. Kodewisseling en -vermenging in die taaldata

Leksikale kenmerk	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Alle voorkomste van taaluitruiling	610	21,5	46	76,7
Kodevermenging tussen Afrikaans en Engels	416	68,2	39	65,0
Kodewisseling tussen Afrikaans en Engels	156	25,6	34	56,7
Verafrikaansings	23	3,8	8	13,3
Kodevermenging in dieselfde woord	22	3,6	12	20,0
Kodevermenging tussen Afrikaans en ander tale	6	1,0	5	8,3
Kodewisseling tussen Afrikaans en ander tale	5	0,8	4	6,7

6.3.2 Woordsoortlikheid van die kodevermenging tussen Afrikaans en Engels

Alhoewel dit nie die doel van hierdie studie is om 'n omvattende grammatiese beskrywing van die kodevermenging tussen Afrikaans en Engels in die taaldata te gee nie, word die aandag in hierdie afdeling kortliks aan die woordsoorte gewy wat dikwels taaluitruiling ondergaan. Die resultate van hierdie ontleding verskyn in Tabel 6-6 waaruit dit blyk dat oopklaswoorde gereedlik kodevermenging tussen Afrikaans en Engels ondergaan, terwyl gesloteklaswoorde veel minder gewilde teikens van taaluitruiling is.³⁹ Die enigste rede waarom tussenwerpsels hoegenaamd opvallend in Tabel 6-6 is, is toe te skryf aan die feit dat die Engelse aanroep, *Hi*, in nagenoeg 43 van die 96 tussenwerpselbevattende boodskappe (44,8 persent) voorgekom het. Die feit dat die deelnemers aan die steekproef oënskynlik verkies om oop- eerder as gesloteklaswoorde aan kodevermenging te onderwerp kan herlei word na die feit dat eersgenoemde 'n veel hoër betekeniswaarde as laasgenoemde het en dienooreenkomstig vir die daarstelling van sosiale betekenis (byvoorbeeld die aanduiding van ingroeplidmaatskap, die verwoording van kameraderie en die skep van identiteit) ingespan word. Enkele verteenwoordigende voorbeelde vir elk van die oopklaswoorde en tussenwerpsels as enkele gesloteklaswoordkategorie verskyn in (140)-(149).

³⁹Daar word dikwels na oopklaswoorde (naamwoorde, adjektiewe, werkwoorde en bywoorde) as “inhoudswoorde” verwys, terwyl gesloteklaswoorde (byvoorbeeld demonstratiewe, setsels, voegwoorde, tussenwerpsels en voornaamwoorde) ook as “funksiewoorde” bekend staan (Akmajian, Farmer, Bickmore, Demers & Harnish 2017:23-25).

Naamwoorde:

(140) M2: Hoe laat en waar is **breakfast**?

(141) V12: Jip ek gaan as ons daar kom gou eers inskryf vir die **music run** môre!

Adjektiewe:

(142) M10: Julle **lucky** bliksems.

(143) V10: Baie geluk hoop dis n **awesome** jaar 🎉🍷🌟

Werkwoorde:

(144) M8: **Check** vir *M10* op sy b day mt sy grys baard.... 😏😄

(145) V5: *MI* kan jy dalk kort opsomming **post** ek betaal jou Maandag met wyn 🙏🙏

Bywoorde:

(146) M9: Dankie *MI* vir jou en die komitee. Dit was regtig 'n spesiale naweek. Alles was **GREAT** gereël. Kan nie wag vir die volgende reunie nie.

(147) V2: As een v jul n matriek kind ht, betei hul voor as dinge so aangaan gaan hul Plett rage '**online**'
😂

Tussenwerpsels:

(148) M5: **Well done** *MI*. Julle doen awesome werk. 🍷

(149) V4: **Wow** *V14*!!! Jy is n 🌟🍷

Voorbeelde (150)-(153) illustreer gevalle waar die kodevermenging Engelse kollokasies behels: Die gebruik van aanhalingstekens in (150) en (151) dui daarop dat sommige van die senders 'n metalinguistiese bewustheid van hulle stylkeuses het, hoewel (152) en (153) wys dat ander kletsgroepdeelnemers weer verkies om nie hulle stylkeuses doelbewus uit te lig nie.

(150) M12: As jy die **"beauty of life"** elke dag wil beleef, kry n laatlam 😊

(151) V3: Het mos gese *JAARTAL* se *MATRIEKKLAS* is en was **"one of a kind"**

(152) M2: En die drank en sigaret swartmark werk mooi, so dis **business as usual**. 'N heerlike betaalde vakansie

(153) V9: *VROUENAAM* is my suster. As julle in *ALMA MATER-STAD* van mense weet wat bestuurlesse moet kru, she is the **one and only!**

Tabel 6-6. Woordsoortlike aard van die Afrikaans-Engels-kodevermenging

Woordsoortteikens van kodevermenging	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Alle voorkomste	416	68,2	39	65,0
Naamwoorde	228	53,9	28	46,7
Tussenwerpsels	96	22,7	25	41,7
Adjektiewe	86	20,3	23	38,3
Werkwoorde	71	16,8	20	33,3
Bywoorde	21	5,0	11	18,3
Kollokasies	18	4,3	9	15,0

6.3.3 Sintese: die leksikale kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans

Drie opmerkings is hier van belang: Eerstens bevestig die ontleding van die leksikale kenmerke Saal (2015:5) se waarneming dat kodewisseling (in die algemene sin) geredelik in SMS-Afrikaans neerslag vind op grond van die verbreidheid waarmee dit in die taaldata aangetref is. Nagenoeg 76,7 persent van die steekproeflede se taalgebruik het taaluitruiling ingesluit – dit is waarskynlik die gevolg van hewige kontak

tussen hoofsaaklik Afrikaans en Engels. Die oënskynlik naatlose ineenvloeiing van Afrikaans en Engels skep 'n intieme register wat enersyds die spreektaalgrondslag van die deelnemers se SMS-Afrikaans bevestig en andersyds aantoon dat taaluitruiling tussen Afrikaans en Engels 'n verskynsel is wat oor gespreksmodaliteite heen strek. Die punt is egter reeds gemaak dat taaluitruiling geensins eie aan SMS-Afrikaans is nie en dit kan dus nie as 'n onderskeidende kenmerk daarvan gereken word nie.

Tweedens is dit duidelik dat Afrikaans die matrikstaal en Engels die ingebedde taal in die onderhawige studie is volgens Myers-Scotton (1997:3) se matrikstaalraammodel. In hierdie model rig die matrikstaal die morfosintaktiese struktuur van 'n veeltalige klous, terwyl die rol van die ingebedde taal beperk is tot die verskaffing van inhoudsmorfeme in komplekse woorde en sogenaamde ingebeddetaaleilande.⁴⁰ Hierdie indeling blyk onder meer uit die feite dat (i) die oorgrote meerderheid boodskappe in die taaldata die Afrikaanse woordorde volg en (ii) Engels die inhoudsmorfeme in woorde soos *awesomeste* [“verruklikste”; voorbeeld (131)] en *boytjie* en *boykies* [“kêrel”; voorbeelde (132) en (133)] verskaf. Verdere voorbeelde verskyn in (154)-(157):

(154) M1: *ALMA MATER-STAD* is biki **gescrew** dink ek. Level 4 kan maar net smokes koop.

(155) M8: Hi *MI*, bevestig net asb waar kan ons 'n bydrae maak? Nogsteeds die *ALMA MATER-BANKREKENING*? Hierdie groep is so "besig" ek het nou terug **gescroll** maar sien nie wat ek soek nie. Groete almal!

(156) V13: Oh no *V2*. Mens moenie lag nie ma ek het my nou **gecram** 😂😂😂

(157) V18: Sjoe, *V17*! Ek is nou skoon spyt dat ek nie die drinkers-broers se tennisuitnodiging kon bywoon nie! Ons sou hulle **ge”wipe”** het - ek en jy (Sharapova) 😞😞🍋

Derdens gebruik die kletsgroepdeelnemers die leksikale kenmerke om betekenis in die vorm van sosiale identiteit te skep. In hierdie opsig herlei die kletsgroepdeelnemers se leksikale stylkeuses regstreeks na Coupland (2007) se teorie oor taal as opvoering. Dit kan geïllustreer word aan hand van die feit dat sommige deelnemers verkies om hulle taal nie te meng nie om 'n beeld van taaltrots uit te dra, terwyl ander ruim van kodewisseling (in die algemene sin van die woord) gebruik maak om ingroeplidmaatskap en toeganklikheid

⁴⁰Ingebiddetaaleilande verwys na onafgebroke stukke ingebedde taal bestaande uit meer as een woord (Myers-Scotton 1997:31); 'n voorbeeld is *she is the one and only* in (153).

te sinjaleer. Die keur van 10 boodskappe in (158) is dié van die vroulike deelnemer V18, wat op enkele uitsonderings ná haar SMS'e in Standaardafrikaans saamstel. Dit dui daarop dat V18 trots op haar moedertaal is en dat sy dienooreenkomstig daarmee op die kletsgroep omgaan. Hierdeur voer sy die keurig netjiese aard wat sy in lewende lywe uitstraal ook op SMS as 'n modaliteit van rekenaarondersteunde kommunikasie op. Daarteenoor is die reeks van 10 boodskappe in (159) dié van manlike deelnemer M10, wat nie skroom om Afrikaans en Engels oorvloedig te meng nie. Sy SMS-Afrikaans staan in skrilte kontras teenoor dié van V18, aangesien dit 'n hoë mate van vloeibaarheid tussen kodes vertoon. In lewende lywe is M10 'n ondernemende mens wat nie aarsel om al die middele tot sy beskikking aan te wend om 'n bepaalde doel te bereik nie – hy is van nature 'n deurdrywer en sy taalgebruik weerspieël hierdie geaardheid.

(158) **V18 – 'n keurig netjiese taalpuris:**

- Ja M9, toe ek eers begin luister, toe raak ek skoon nostalgies ...
- Ek was toevallig besig om na die tye van die program te kyk! 😊
- 😂 V12, ek het ook nogal begin wonder of ons dalk moet begin naamkaartjies dra na 30 jaar! Net vir in geval ons mekaar nie meer herken nie! 😞
- 😊 Goeie plan, V12!
- Wow M9! Dit was een van my gunsteling sokkieliedjies daardie! 🙌
- M16 het my nou net laat weet dat hy dit ongelukkig nie vanaf STAD sal maak nie, maar dat ek asb baie groete moet stuur en dat hy glo ons gaan 'n fantastiese tyd hê!
- M1, sal jy asb M16 se nr ook op die groep sit, dat hy ook darem deel kan voel van die naweek? TELEFOONNOMMER (Hy wil graag op die groep wees.) Dankie vir al jou moeite!
- Dankie M1! Welkom M16! 😊
- V3 Dit is so jammer dat jy nie hier kan wees nie. Dankie vir al jou insette deur die jaar - jy het 'n pragtige hart. 💕

- Ook een van my groot gunstelinge, V3. Ons gaan jou mis. X🌸x

(159) **M10 – 'n dinamiese deurdrywer:**

- *MI* die girl moet net 3 bottles wit wyn minder drink a jaar dan kan hulle die R 156.00 bekostig. Vir die golfer is dit 6 golf balle wat hulle nie moet weg slaan nie.
- Hallo almal Wie organizes die golf op die Donderdag. Julle ouns moet nou book. Al speel ons a four ball. Ek will net saam iemand gaan golf speel.
- *GHOLFBAAN* Please book carts will nie loop nie. 10 o'clock tee of is great. Please book carts. Wie ook al book. Maar keep me updated.
- As enige van julle net will saam gaan rond ry saam met ons op die golf course book a cart. Weet nie hoe feel is a cart nie maar dis great fun.
- My seun se hy speel saam. Drie van ons, game is on. 🏏
- Cool ons speel in die golf day. Ek soek 3 golf carts vir my en my barman my broer en my seun.
- Ek soek drie maar as jy twee can kry great
- Any Sade my daughter is named Sade im 100% obsessed with Sade. Kiss of life. No Ordinary Love. Dr Alban. It's my Life. Please it's 2018 remixes off old songs better to dance to. Of gaan ons nie dans nie.
- Weet nie wat om the se nie. Julle ouns is so nice. Maak a plan as julle in *STAD* is 🍷🍕🍔🍰🍷
- Happy birthday V8. Is it the big 50. If not that's why you still looking so young. Lekker party vanaand. Regards *M10*

'n Tweede sosiale funksie van die deelnemers se taalwisseling is oënskynlik om hulle ingroeplidmaatskap te bevestig deur kameraderie en samehörigheid te bevorder in ooreenstemming met een van die sosiale funksies wat Mahootian (2020:70) aan taaluitruiling toeken. Verwisseling van Afrikaans na Engels en omgekeerd was die norm op die kletsgroep en dit is dus nie verrassend om reekse boodskappe soos dié in (160)-(162) in die taaldata aan te tref waarin kodevermenging reëlmatig in opeenvolgende boodskappe voorkom nie. Die boodskapreeks in voorbeeld (160) het betrekking op die listeriose-uitbraak vroeg in 2018; die reeks in (161) stam uit boodskappe wat tydens die reünie tussen deelnemers en toeskouers gestuur is; dié in (162) behels bedankings ná die afloop van die verrigtinge.

(160) M2: Netnie **polony** of **viennas** soos die Amerikaners nie!

M1: Nee **never**... Elke virus het sy trots en .hiri boertjie braai regte vleis.

V6: Moet ook nie **Tjoklits** eet nie

(161) V15: Dankie vir die kiekies! 🙌 Wens ek was daar 😊. **Enjoy** die naweek 🎵 🍷 🍷 🍷 !!

V3: **Enjoy** julle!!! 😊😊😊

M7: **awsome** foto !!

V3: Soo **special**!!!! 😊😊💖💖💖💖

M7: julle **rock** !!

(162) M16: *MI* en komitee baie geluk met n puik reunie en dankie dat julle ons wat nie kon bywoon op hoogte gehou het met die **great** fotos en videos!

M1: Daarshy julle....en so is die koffie op vir nou. **DANKIE VIR ELKEEN** van julle. Dit was rerig n fees. Dankie meestal aan ons Hemelse Vader dat Hy dit v ons moontlik gemaak het en dat ons dit kon geniet. **Be safe** julle en onthou die groepe faan bly. **TROTS MATRIEKKLAS... FOR EVER!!!!** Sien julle gou weer.

V15: Oor en uit van my kant af ook! Duisend dankie's dat ek oor die afstand ook daar kon wees 🍷 🍷 ! Dankie vir al die kiekies 🙌!!!! **Love u all** 😊. V15.

V9: Dit was **awesome**!

V3: Almal v julle ...was sooo **great** om julle weer te sien. Wil graag oor 2 jr definitief daar

wees. *MI...V2....V11....M2..en V5...*julle mag maar reel. Dnki v al d fotos en videos...mooi ry aan almaldnki dat ek kon deel wees van alles al was ek hier. Xxx 🤗🤗🤗💖💖💖💖💖💖💖💖

V1: Verseker....**a job well done** ✓✓ 😊😎😎🍷🍷🍷🍷🍷🍷🍷🍷

M7: **well done** almal !! het soos baie **fun** gelyk. *MI* , jy's n yster !

V4: **Wow MI**, so baie dankie!! Dis verby spesiaal 🌟🌟🌟

M6: Dankie vir alles *MI* en span dit was fantasmagories lekker. **Weldone** 🙌🙌🙌

M9: Dankie *MI* vir jou en die komitee. Dit was regtig 'n spesiale naweek. Alles was **GREAT** gereël. Kan nie wag vir die volgende reunie nie.

6.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die sintaktiese en leksikale kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans verken. Die sintaktiese kenmerke is na aanleiding van randstukke, ellips en deksis ontgin en daar is tot die slotsom gekom dat die verbrede voorkoms van hierdie kenmerke aandui dat die kletsgroepdeelnemers WhatsApp by uitstek as 'n medium vir intydse gesprekvoering aanwend. Daarteenoor het die ontleding van die leksikale kenmerke nie net die gespreksaard van SMS-Afrikaans bevestig nie, maar ook belig dat Afrikaans en Engels in die rolle van onderskeidelik matriks- en ingebede taal teenoor mekaar in die taaldata staan. Laastens is daar melding gemaak van die feit dat veral die leksikale kenmerke tot die daarstelling van sosiale betekenis in die gedaante van aanlyn identiteitskepping en die bedryf van sosiale verhoudings bydra – net soos wat tot dusver ook die geval met die ander stylkenmerke van SMS-Afrikaans is. Hiermee is die tafel gedek vir hoofstuk 7 waarin die pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-Afrikaans van nader beskou word.

7 PRAGMATIESE FUNKSIES


7.1 Ten aanvang

Die onderwerp van hierdie hoofstuk is die vierde navorsingsvraag, wat handel oor die pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans. Pragmatiek behels die studie van taalgebruik in konteks; dit gaan in wese oor die manier waarop betekenis tydens die wisselwerking tussen gespreksgenote tot stand kom (Holmes 2018:13-14). 'n Tema wat stelselmatig in hoofstuk 5 en hoofstuk 6 vorm aangeneem het, is dat die kletsgroepdeelnemers se stylkeuses in diens van sosialebetekenisskepping staan – 'n verskynsel wat taalkundig gewoonlik onder die vaandel van die sosiolinguistiek bestudeer word omdat dit die verwantskap tussen taal en die samelewing betrek. Die bespreking in hierdie hoofstuk lê gevolglik klem op die koppelvlak tussen pragmatiek en sosiolinguistiek – twee studieveldde wat volgens Holmes (2018:13) nou aan mekaar verweef is:

An adequate sociolinguistic theory provides a motivated account of the way language is used in a community, and of the choices people make when they use language in specific contexts. This inevitably involves consideration of pragmatic as well as linguistic features, and pragmatic as well as social factors or dimensions...

Holmes se verwysing na “pragmatic as well as linguistic features” betrek die pragmalinguistiek – 'n onderafdeling van die pragmatiek wat toegespits is op die gereedskap wat 'n bepaalde taal aan sy gebruikers beskikbaar stel om taalhandelinge mee uit te voer (Leech 1983:11, aangehaal in Culpeper 2021:20). Daarteenoor betrek haar verwysing na “pragmatic as well as social factors or dimensions” die sosiopragmatiek – 'n onderafdeling van die pragmatiek wat poog om die betekenis te ontsluit wat uit die wisselwerking tussen taal en sosiokulturele verskynsels ontstaan (Culpeper 2021:27). Waarop dit neerkom, is dat die pragmatiek in die breë uiteenval in pragmalinguistiek (d.i. die taalgereedskap waarmee taalhandelinge saamgestel word) en sosiopragmatiek (d.i. die sosiale norme waaraan taalhandelinge beoordeel word). Die onderskeid tussen hierdie studieveldde word vasgelê deur Thomas (1983:99, aangehaal in Culpeper 2021:21-22) se verduideliking van pragmatiese tekortkominge (“pragmatic failure”) binne die konteks van interkulturele pragmatiek (haar skuinsgedruk): “[W]hile pragmalinguistic failure is basically a *linguistic* problem, caused by differences in the linguistic encoding of pragmatic force, sociopragmatic failure stems from cross-culturally different perceptions of what constitutes appropriate linguistic behavior.” Ter illustrasie: Pragmalinguistiek voorspel dat 'n Afrikaanse spreker *jy*, *jou* en *u* as

tweedepersoonsvoornaamwoorde kan gebruik om na 'n aangesprokene te verwys; sosiopragmatiek voorspel egter dat dit ongewoon vir die spreker sou wees om die beleefdheidsvorm *u* in te span om 'n boesemvriend rondom 'n gesellige braaivleisvuur aan te spreek. Die wisselwerking tussen die pragmatiek en sy hoofvertakings word in Figuur 7-1 uitgebeeld (Culpeper 2021:21). Die stippellyne na filosofie en kognitiewe wetenskap verwys na onderskeidelik die filosofiese grondtrekke van die pragmatiek by wyse van wysgere soos JL Austin (Culpeper 2021:18-20) en die toenemende begrip van die verhouding tussen pragmatiek en die kognitiewe vermoëns van 'n ontvanger in die sender-boodskap-ontvanger-ketting (Holmes 2018:13-14). Daarteenoor dui die stippellyne voortspruitend uit onderskeidelik pragmalinguistiek en sosiopragmatiek aan dat eersgenoemde 'n linguistiese inslag het, terwyl laasgenoemde nou met die sosiologie verbind.




Figuur 7-1. Die hoofvertakings van die pragmatiek (Culpeper 2021:21)

Dit is duidelik uit die besprekings in byvoorbeeld Haugh, Kádár en Terkourafi (2021), sowel as Culpeper (2021), dat die sosiopragmatiek steeds besig is om sy voete as 'n studieveld in eie reg te vind en dus is dit nie 'n eenvoudige taak om 'n ondubbelsinnige definisie daarvoor te gee nie. Nietemin, in hierdie verhandeling word Holmes (2018:27) se beskouing voorgestaan:

The relationship between sociolinguistics and pragmatics is likely to be viewed differently by different practitioners of each discipline. At the cognitive end of pragmatics, pragmaticians are concerned with the cognitive processes involved in inferring meaning from language, while at the macro-end of sociolinguistic research, sociolinguists are interested in describing linguistic reflexes of high level social and institutional constraints, ideological norms and values. Sociopragmatics is where the two areas make fruitful contact in my view. Researchers in the area of sociopragmatics examine face-to-face interaction in

a range of social contexts for evidence of high-level societal norms, which may be reinforced or contested by the participants.

Haugh, Kádár en Terkourafi (2021:5) verbeeld Holmes se interpretasie dat die sosiopragmatiek in wese 'n versmelting van pragmatiek en sosiolinguistiek is volgens Figuur 7-2:




Figuur 7-2. Sosiopragmatiek as die versmelting van sosiolinguistiek en pragmatiek (Haugh, Kádár & Terkourafi 2021:5)

Die ontleding in hierdie hoofstuk geskied teen die agtergrond van die konseptuele raamwerk wat in §3.2 en §3.3 uiteengesit en die ontluikende studieveld van sosiopragmatiek wat hier geskets is. “Pragmatiek” word egter deurgaans in die bespreking hier onder gebruik, aangesien die pragmatiek oor taal as 'n sosiale verskynsel handel (Van Niekerk & Olivier 2017:329) en dus 'n sosiale dimensie betrek. In die onderstaande bespreking word daar eers aandag aan die betreklik hoë voorkoms van niepropositionele boodskappe in die taaldata gegee, alvorens Thurlow (2003:7-12) se raamwerk vir die pragmatiese funksies van SMS-taal ingespan word om dié van die steekproef te ontleed. Die aandag verskuif dan na sosialebetekenisgeving in die vorm van die daarstelling en instandhouding van identiteit om by Coupland (2007) se betoog aan te sluit dat taalgebruikers hulle stylkeuses vir hierdie doel aanwend.

7.2 Niepropositionele boodskappe en pragmatiese funksies

Richards en Schmidt (2014:469) definieer 'n proposisie as die basiese betekenis wat deur 'n taaluiting uitgedruk word; 'n proposisie bestaan tipies uit iets waaroor daar gepraat word (die argument) en dit wat daarvoor gesê word (die gesegde of predikaat). Volgens Matthews (2014:324) bevat alle proposisies 'n waarheidsvalensie (“[i]t is a basic property of propositions that they have truth values”) en hulle kan dus waar of vals wees. Uit Tabel 4-3 in hoofstuk 4 blyk dit dat daar 'n betreklik groot getal niepropositionele boodskappe in die taaldata is gegewe die teenwoordigheid van byvoorbeeld 724 foto's ($724 / 4\ 048 = 17,9$

persent) en 285 video's (7,0 persent). Dit geld ook die 2 837 boodskappe wat as kerndata vir die ontleding van die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke in hoofstuk 5, en vir die sintaktiese en leksikale kenmerke in hoofstuk 6, gebruik is. Onder hierdie boodskappe was daar 'n redelik groot getal – 823 (823 / 2 837 = 29,0 persent) – wat slegs emoji bevat het soos wat in §5.3.2.1 uiteengelê is. Figuur 7-3 illustreer die sogenaamde “niepropositionele effek” (Xie & Yus 2021:468); in hierdie voorbeeld lei 'n enkele boodskap van M1 (“Ek sal al daai detail ens uitvind...” boaan skermgreep 1) tot nie minder as 25 niepropositionele boodskappe nie waarin die deelnemers grootliks van emoji gebruik maak om aan die gesprek deel te neem.



Figuur 7-3. Illustrasie van die sogenaamde “niepropositionele effek”

Yus (2017:71) verreken niepropositionele effekte in rekenaarondersteunde kommunikasie op grond van die sogenaamde “fatiese internet”,⁴¹ wat hy soos volg definieer (sy skuinsgedruk):

The addition of the term non-intended non-propositional effect ... is particularly interesting for explaining the trend that we are witnessing in virtual interactions: the *phatic Internet*.

This label refers to a current tendency in Internet communication in which the propositional

⁴¹“Fatiese internet” stam uit “fatiese kommunikasie” – 'n term wat in die 1920's deur die antropoloog Malinowski gebruik is om te verwys na “a type of speech in which ties of union are created by a mere exchange of words” (Matthews 2014:297). Fatiese kommunikasie verwys dus na kommunikasie waarin inligtingsoordrag nie die hoofdoel is nie, maar eerder 'n sosiale funksie verrig deur kontak tussen gespreksgenote te bewerkstellig of in stand te hou (Richards & Schmidt 2014:432).

content transferred to other users is increasingly irrelevant but the effects that this content generates on these users (in terms of feelings of connection, of sociability, of group membership, of friends' acknowledgment and awareness, etc.) are utterly relevant and make up for the irrelevance of that content. These effects are so relevant to users that they often constitute the main relevance of the act of communication (instead of the information coded, a typical feature of phatic communication).


Xie en Yus (2021:468) voer verder aan dat die doel van heelwat van die boodskappe aangetref in rekenaarondersteunde kommunikasie nie soseer is om betekenisvolle inhoud oor te dra nie, maar eerder om 'n pragmatiese funksie te verrig (hulle skuinsgedruk):

In a nutshell, nowadays we witness a huge number of internet-mediated exchanges whose interest does not lie in the content communicated, but in what the act of communication *as a whole* generates in users, producing an offset of non-propositional effects that compensate for the lack of interest that the content objectively possesses. Internet interactions are filled with (apparently) irrelevant utterances if we analyse them from a purely informative point of view, but they do provide relevance in foregrounding or generating non-propositional assumptions such as awareness of co-presence inside the group or network of friends who are synchronously inter-connected, as well as relevance in the mutual manifestness of being acknowledged in the conversation, even if not actively participating. In mobile instant messaging conversations, there is an interest in demonstrating that the user is part of the interaction, part of the collectivity, and very often, arising from the posting of photos, videos and recorded audios, there is an offset of feelings associated with being noticed and acknowledged by friends or collectivities.

Daar was nagenoeg ses reekse soos dié uitgebeeld in Figuur 7-3 in die taaldata, tesame met die res van die 823 boodskappe wat slegs emoji bevat en as nieproposisioneel gereken kan word. Volgens Xie en Yus (2021:468-469) kan nieproposisionele effekte positief of negatief wees. Onder die negatiewe effekte tel kuberbeledigings (“flaming”), kuberontwrigting (“trolling”) en kuberafknouery (“cyberbullying”) – geeneen van hierdie verskynsels is in die taaldata aangetref nie, waarskynlik vanweë die aard van die kletsgroep as 'n platform om 'n eens hegte matriekklas weer saam te snoer. Daarteenoor is die positiewe effekte vyfvoudig en bied 'n pragmatiese verklaring vir die oordadige boodskappe in die taaldata. Xie en Yus (2021:468-469) betoog dat nieproposisionele effekte aanleiding gee tot:

1. Gevoelens van verbondenheid, sosiale bewustheid en om deel te wees van menslike wisselwerking en vriendskap. Die uitbreiding hierop is veral van toepassing op die nieproposisionele ketting uitgebeeld in Figuur 7-3: “Many users engage in ‘chained’ acts of communication (typically trivial ones) because they eventually obtain an awareness of friends and peers and a feeling of connectedness. What used to be obvious in situations of co-presence is managed nowadays through persistent online interactions, many of which are casual and utterly uninformative from an objective point of view.”
2. Gevoelens van erkenning deur ’n vriendekring, terugvoering en sosiale onderskraging: “Sustained interactions not only generate connectedness, but also feelings of in-group membership and communal support, of being ‘attached’ to the other members of the group, that is, an awareness of the group members’ affective connection to and caring for a virtual community in which they become involved.”
3. Gevoelens van gemeensaamheid voortspruitend uit gedeelde belangstellings en volgehoue omgang: “They find support and the reward of connection from their peers through non-stop trivial interactions.”
4. Gevoelens van ingroeplidmaatskap en sosiale kapitaal: “Internet-mediated interactions, especially through the feature that allows for multi-party conversations inside a group of contacts, can create non-propositional feelings of group membership, of belonging to a community of users, of the generation of social capital.”
5. Gevoelens van ’n vernoude gaping tussen die fisiese en die virtuele: “Today’s social media are filled with messages concerning the users’ physical activities that they want to share with their peers. An example is the non-stop updating of one’s and other users’ daily activities, which provides a feeling of closeness and even of co-presence.”

Ten opsigte van laasgenoemde was daar talle voorbeelde in die taaldata, veral nadat die inperkingsmaatreëls om die koronaviruspandemie te bekamp in Maart en April 2020 in werking getree het. Drie gevalle verskyn in Figuur 7-4: Die voorbeeld links is dié van V2 wat haar huis aan die kant maak; in die middel wys V8 hoe sy wyn tuis verbou; regs deel M11 hoe hy ’n gimnasium en tuiskantoor vir hom en sy skoolgaande seuns ingerig het.



Figuur 7-4. Illustrasies van die vernoude gaping tussen fisiese en virtuele ruimtes

7.3 Thurlow se pragmatiese funksies

Daar word in hierdie afdeling toegespits op Thurlow (2003:7-12) se “communication orientations and themes” ten einde die pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-boodskappe te ontgin. Thurlow (2003:10) het begrotingsteorie gebruik om ’n negefunksieraamwerk uit die 544 boodskappe van sy steekproef te loog; volgens hierdie raamwerk het die meerderheid boodskappe ’n verhoudingsinslag gehad, terwyl die minderheid op inligtinguitruiling afgestem was. In die onderstaande ontleding word egter net sewe van die nege funksies bespreek, aangesien geeneen van die boodskappe van ’n romantiese aard was of seksuele sinspelings behels het nie. Daarbenewens berus die frekwensietellings op die ontleding van 4 001 nieadministratiewe boodskappe eerder as net die 2 837 wat tot dusver in hoofstuk 5 en hoofstuk 6 gebruik is. Die leser word hier terugverwys na §4.7.3, waar daar aangetoon is dat die 1 145 inligtingselemente opgesluit in die rou data ontvou het in 4 001 nieadministratiewe boodskappe waaraan pragmatiese funksies toegeken kan word. Inderdaad, Yus (2022) betoog dat vele van die inligtingselemente in Tabel 4-3 – veral foto’s, video’s, klanklêers, plakkers en GIFs – veel meer funksies as net die blote oordrag van inligting verrig. Tabel 7-1 is soortgelyk aan Tabel 4-3; dit word hier vir die leser herhaal met die verskille dat (i) die getal kletsboodskappe van 2 728 na 2 837 aangepas is (kyk weer §4.7.3), (ii) die frekwensietellings as persentasies van die totale getal nieadministratiewe boodskappe (4 001) aangedui word en (iii) die voorkoms van die onderskeie inligtingselemente onder die deelnemers gelys word.

Tabel 7-1. Die inhoud van die WhatsApp-kletsgroep

Inligtingselement	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Alle nieadministratiewe kletsboodskappe	4 001	100,0	60	100,0
Kletsboodskappe	2 837	70,9	59	98,3
Foto's	724	18,1	42	70,0
Video's	285	7,1	31	51,7
Aangestuurde boodskappe	79	1,9	22	36,7
Dokumente	42	1,0	5	8,3
Skakels	42	1,0	20	33,3
Klanklêers	34	0,8	9	15,0
Uitgeveëde boodskappe	26	0,6	11	18,3
Kettingbriewe	15	0,4	10	16,7
Plakkers	11	0,3	4	6,7
Bankbesonderhede	8	0,2	3	5,0
GIFs	5	0,1	3	5,0
Visitekaartjies	2	0,05	2	3,3

7.3.1 Inligtinguitruiling met 'n praktiese inslag

Thurlow (2003:7-8) beskryf die boodskappe in hierdie kategorie as dié wat op die uitruiling van doelmatige besonderhede of ondubbelsinnige inligtingsversoeke afgestem is. Die taaldata het nagenoeg 460 boodskappe ($460 / 4\,001 = 11,5$ persent) van hierdie aard bevat wat deur 43 steekproeflede (71,7 persent) saamgestel is. Die meerderheid van die boodskappe het uit teks bestaan (354; 76,1 persent), terwyl dokumente (42; 9,0 persent), skakels (30; 6,5 persent) en foto's (14; 3,0 persent) grootliks vir die res verantwoordelik was. Voorbeelde (1)-(4) dien ter illustrasie: Voorbeeld (1) beeld inligtinguitruiling deur middel van 'n teksboodskap uit, terwyl (2) kommentaar op 'n dokument oor oënskynlik vervalste

koronavirusinperkingsregulasies verteenwoordig. Figuur 7-5 in voorbeeld (3) verbeeld inligtinguitruiling met behulp van 'n skakel – in hierdie geval deur V16 in reaksie op 'n versoek deur V9 oor verblyf vir 'n troue. Hierdie voorbeeld dien ook om die uitdrukkingsmoontlikhede (“technological affordances”) van WhatsApp te illustreer, aangesien V16 se boodskap oor die Monte Christo Country Lodge uit 'n foto, teks en 'n skakel bestaan. Laastens beeld Figuur 7-6 in voorbeeld (4) inligtinguitruiling hoofsaaklik gebaseer op 'n foto uit – hier deur M1 van 'n vermiste vrou wat hy poog om op te spoor.

(1) M12: Hi *M1*, weet nie of julle nog laat inskrywings vat nie, maar as dit nog in orde is sal ek, *M21* en *M17* die reunie vanaf die Saterdag oggend bywoon. Net ons sonder vrouens en kinders (ongeluklik in die middel van matriek eindeksamen). Laat weet of dit reg is en watter gelde waar inbetaal moet word. Groete *M12*

M1: Hi *M12*... Dis doodreg so thanx.


M12: 👍👍

(2) M3: Ek vermoed hierdie is fake

V7: Dit sal jammer wees, want dit verduidelik dinge beter. Kan jy uitvind?


M3: Ek probeer om by minstens twee bronne te bevestig voordat ek iets share en ek sukkel om nog 'n bron te kry vir hierdie een

(3) Inligtinguitruiling met behulp van 'n skakel:



Figuur 7-5. Inligtinguitruiling met behulp van 'n skakel

(4) Inligtinguitruiling met behulp van 'n foto:



Figuur 7-6. Inligtinguitruiling met behulp van 'n foto

7.3.2 Inligtinguitruiling met 'n verhoudingsinslag

Thurlow (2003:8) plaas boodskappe gemik op samehorigheid en versoeke om persoonlike gunste in hierdie kategorie. Die kletsgroepdeelnemers (49; 81,7 persent) het 569 (14,2 persent) sulke boodskappe gestuur waarvan 377 (66,3 persent) foto's en 164 (28,8 persent) teksgebaseerd was. Enkele voorbeelde van laasgenoemde verskyn in (5)-(8).

- (5) V7: Ek gaan die groepie 'n paar dae moet verlaat, want ek gaan SA toe. Voeg my asb die 13de weer by.
- (6) V18: *MI*, sal jy asb *MI6* se nr ook op die groep sit, dat hy ook darem deel kan voel van die naweek? *TELEFOONNOMMER* (Hy wil graag op die groep wees.) Dankie vir al jou moeite!
- (7) M9: Hi *MI*. Kan jy dalk die naamlys van almal wat die naweek gaan bywoon hier post? Al is dit net 'n foto van die naamlys.
- (8) M8: Hi *MI*, bevestig net asb waar kan ons 'n bydrae maak? Nogsteeds die *ALMA MATER BANKREKENING*? Hierdie groep is so "besig" ek het nou terug gescroll maar sien nie wat ek soek nie. Groete almal!

7.3.3 Die bewerkstelling van praktiese reëlings

Hierdie kategorie omvat boodskappe wat gemik is op reëlings vir 'n ontmoeting of om huishoudelike take te verrig. Thurlow (2003:8) gee toe dat die boodskappe in hierdie kategorie implisiet van 'n sosiale aard is en dus met die maak van sosiale afsprake oorvleuel (kyk §7.3.4); nietemin, dit is wel moontlik om 'n onderskeid te tref deur die *doel* van die samesyn te oorweeg: As dit was om byvoorbeeld 'n vergadering te hou, dan is die boodskap as 'n praktiese reëling gekategoriseer; as dit egter was om gesellig te verkeer, dan is die boodskap as die maak van 'n sosiale afspraak beskou en onder §7.3.4 ingedeel. Daar was egter weinig van eersgenoemde boodskappe in die taaldata – net 13 (0,3 persent) saamgestel deur ses deelnemers (10,0 persent). Dit is waarskynlik die gevolg daarvan dat die kletsgroep oorspronklik op die been gebring is om reëlings vir 'n “grootse” sosiale afspraak – 'n hoërskoolreünie – te maak. Daarbenewens was die meerderheid van die kletsgroepdeelnemers geografies verstrooi, wat die tref van praktiese reëlings gemik op fisiese kontak tussen hulle minder toepaslik gemaak het. Enkele voorbeelde verskyn in (9)-(11).

- (9) V13: Hoe gaan ons by die skool inkom? Sluit hulle nie die hekke in die middag nie?
 M1: Die hek aan daai kant (*STRAATNAAM*) is laat oop vd kids wat sport doen
 V13: O OK
- (10) V5: Hi *MI* wat moet die waarde van die boks wees?
 M1: Nee dit maak nie saak nie. Opi lysie is maar net wat hul voorstel om in te sit. Hang van elke ou af.
 V5: Ek sal graag n boks maak
 V1: Ek ook
 M1: D dropof punt vir nou ia hier by *KERK* in *STRAAT*. Langs nuwe *BESIGHEID*.
 V1: Reg so
 V5: Dankie
- (11) M2: Hallo Almal. Ons 'Fees kommittee' voel dat ons as klas n ruiker will stuur in geval van die verlies van n klasmaat. Die voorstel is dat almal wat wil iets in die rekening inbetaal en dat ons met dit wat dan beskikbaar is n ruiker koop vir die begrafnis. Hoe voel julle?
 V9: Ek is in. Rekening nommer?
 V15: 👍 Ek dra ook graag by 😊.
 V4: Fantastiese idee!! Dankie vir julle moeite 🙏
 V6: 👍

7.3.4 Die maak van sosiale afsprake

In teenstelling met boodskappe vir die bewerkstelling van praktiese reëlings, is dié toegespits op die maak van sosiale afsprake uitdruklik op vermaak gerig (Thurlow 2003:8). Daar was 92 van hierdie boodskappe (2,3 persent) gestuur deur 18 deelnemers (30,0 persent) in die taaldata; soos te verwagte het die oorgrote meerderheid van die boodskappe uit teks bestaan, terwyl slegs een (1,1 persent) op die samespel van teks en 'n foto berus het. Voorbeelde (12) en (13) dien ter illustrasie – slegs ses boodskappe word in elke geval gegee, aangesien die voorbeelde in die geheel onderskeidelik 51 en 40 gespreksbeurte beslaan het!

- (12) M10: Hallo almal Wie organizes die golf op die Donderdag. Julle ouns moet nou book. Al speel ons a four ball. Ek will net saam iemand gaan golf speel.
- V6: Waar wil jul speel? *GHOLFBAAN 1* of *GHOLFBAAN 2*?
- M9: Eerder *GHOLFBAAN 2*. Laat weet wie almal wil speel. Ek sal boek.
- V6: Ek sal ook met *SEUN* reël. Wil jul kompetisie hê?
- M10: *GHOLFBAAN 2* Please book carts will nie loop nie. 10 o'clock tee of is great. Please book carts. Wie ook al book. Maar keep me updated.
- M10: Baie dankie 🙏🙏
- (13) V7: Wie is lus om koffie te gaan drink in Bloemfontein volgende week?
- V1: <attached: 00001902-AUDIO-2019-04-10-14-28-50.opus>
- V7: Ek kom groet my ouers volgende week.
- V1: <attached: 00001904-AUDIO-2019-04-10-14-30-47.opus>
- V7: Woohoo! Waar? Watter dag? Verkieslik deur die dag, want my ouers wil nie meer saans rondry nie en ek is op hulle aangewese.
- V7: Sondagmiddag-Donderdagoggend

Die multimodale aard van SMS kom in voorbeeld (13) na vore, aangesien V1 in hierdie gespreksdraad verkies om deur stem- eerder as teksboodskappe te kommunikeer op grond van die beskikbaarheid van 'n stemboodskapfunksie op WhatsApp.

7.3.5 Die formulering van aanhef- en groetvorme

Thurlow (2003:8) tipeer die boodskappe in hierdie kategorie as dié van ’n algemene, bondige en dikwels ligsinnige aard; die boodskappe is meestal eenvoudig en gewoonlik vriendelik van aard. Die navorsers se interpretasie van die kategorie is dat die aanhef of groet sêlf die proposisionele kern van die boodskap vorm – in teenstelling met die aanhef- en groetvorme wat in §6.2.3.2 (oor sosiale deiksis) bespreek is en bloot as ’n inleiding tot die proposisionele kern van die meegaande boodskap dien. Op grond van hierdie interpretasie was daar bloedweinig sulke boodskappe in die taaldata, waarskynlik omdat die lede van die steekproef deurlopend met mekaar in gesprek was en dit gevolglik nie nodig gevind het om doelgerig ’n geselsery met ’n aanhef of groet aan die gang te sit nie. Twee voorbeelde verskyn in (14) en (15): In (14) dien “Julle is still” as ’t ware as ’n appèl om ’n gesprek aan te knoop, terwyl nie minder as drie groetvorme in (15) verskyn nie.

- (14) M6: Julle is still.
 M1: Stilte voor d storm my mater 😊
 M6: Dankie tog 😊😊
- (15) V3: Good morning sunshine 😊
 M2: Hallo Sus
 M2: Nie sunshine vanoggrnd nie...
 M4: 🤔🤔🤔🤔🤔 Mòre pel.

7.3.6 Die instandhouding van vriendskappe

Die boodskappe in hierdie kategorie verrig wat Thurlow (2003:8) “vriendskapwerk” noem; hy onderskei onder meer tussen bedankings, ondersteuningsboodskappe en verskonings. Hierdie kategorie was verreweg die volopste in die taaldata, aangesien 56 deelnemers (93,3 persent) sowat 2 768 boodskappe (69,2 persent) van hierdie soort voortgebring het. In die onderhawige ontleding is Thurlow se onderverdelings slegs as ’n riglyn gebruik; uit die opsomming in Tabel 7-2 blyk dit dat die vernaamste onderafdelings in die huidige studie uit boodskappe gemik op humor, bedankings, geluk- en seënwense, onderskraging, komplimente, kommentaar op die reünieverrigtinge en vriendskapinstandhouding van ’n algemene aard bestaan. Oorhoofs is 2 129 van die boodskappe ($2\,129 / 2\,768 = 76,9$ persent) tekstueel oorgedra, 335 (12,1 persent) het foto’s behels en 274 (9,9 persent) het video’s bevat, terwyl die oorblywende 30 (1,1 persent) uit klanklêers, plakkers, GIFs, ’n skakel en ’n aangestuurde boodskap bestaan het.

7.3.6.1 Humor

Thurlow (2003:11) kalwe humor uit as een van die hoof- pragmatiese strominge in sy ontleding – hy voer aan dat dit in die geheel 'n beeld van speelsheid in sy taaldata skep. Dieselfde blyk die geval in die huidige studie te wees, aangesien daar 1 455 humoristiese boodskappe ($1\,455 / 2\,768 = 52,6$ persent) gestuur deur 45 deelnemers (75,0 persent) in die taaldata voorgekom het. Die opvallendheid van die humoristiese boodskappe werk die fatiese aard van die WhatsApp-kletsgroep in die hand (Yus 2017:71); Thurlow (2003:11) verreken dit soos volg (sy inteksverwysings is duidelikheidshalwe weggelaat):

[W]e believe that humour helps to fulfil the generally phatic function of text-messaging by which an almost steady flow of banter is used in order to maintain an atmosphere of intimacy and perpetual social contact. In this sense, text-messaging is small-talk par excellence – none of which is to say that it is either peripheral or unimportant.

Die steekproeflede het hoofsaaklik van teksboodskappe (969; 66,6 persent), foto's (288; 19,8 persent) en video's (192; 13,2 persent) gebruik gemaak om humor oor te dra, terwyl klanklêers (drie boodskappe; 0,2 persent) en 'n skakel, plakker en aangestuurde boodskap (een elk; 0,1 persent) minder belangrike middele in hierdie opsig was. Enkele voorbeelde van teksgebaseerde boodskappe met 'n humoristiese inslag verskyn in (16)-(19): Voorbeelde (16) en (17) behels pittighede rakende V12 se deelname aan 'n padwedloop tydens die reünie. Voorbeeld (18) illustreer die gesprekmatigheid van SMS: Hier is V1 en V4 in gesprek, maar M1 kry dit reg om 'n stuiwer in die armbeurs te gooi voordat V4 op V1 se boodskap kan reageer deur na die nagevolge van haar “pynlike” studentejare te verwys. Laastens steun die humor in voorbeeld (19) op die Engelse uitspraak van die Thaise stad, Phuket, as die skurwe [fʌkət] in plaas van die verwagte [pʰukət].

(16) M9: V12. Waarheen wil jy hardloop?

V12: Ag sommer weg van my sondes af 😂😂

(17) M13: Baie trots op julle. Julle het voor my huis verby gehardloop. Het gekyk, maar julle gemis. Julle was te vinnig. 👍😊

(18) V4: Kan nie wag vir vanaand nie!! Hoop al die musiek gaan speel en dat daar darem iemand is wat nog hou van los dans 🤩👏🍷

V1: Asb tog...ek doen ook die los dans 🕺🕺

M1: As ek nou n vid clip vd dans opsit ne.....😂

V4: Suster, dan gaan ons groot!! Het net nek skade van al die headbang inmy studente jare 🤪👩

(19) V4: *M1*, kan ek jou asb 4 Okt betaal 🙏😬 Ek sit in Phuket

M1: Solank jy persente saambring ja 😬 Ekt ook van Phuket gepraat toe ek d petrolprys hoor vdag....

7.3.6.2 Algemene vriendskapinstandhouding

Onder die 2 768 vriendskapinstandhoudingsboodskappe was daar 555 (20,0 persent) saamgestel deur 43 deelnemers (71,7 persent) van 'n algemene aard. Alhoewel hierdie boodskappe nie verder onderverdeel is nie, het hulle tot die fatiese aard van die kletsgroep bygedra deur deurlopende gesprekvoering te bewerkstellig. Modaliteitsgewys het die kletsgroepdeelnemers grootliks teks (420 boodskappe; 75,7 persent) vir hierdie subkategorie ingespan, gevolg deur video's (82; 14,8 persent) en foto's (32; 5,8 persent). Plakkers, klanklêers en GIFs (altesaam 21 boodskappe; 3,8 persent) was van mindere belang. Enkele voorbeelde word in (20)-(23) gegee.

(20) V2: Moet se d v ons wat se kidz nou matriek skryf sal saamstem.BAIE lekkerder om reunie te he as nou weer eind eksamen skryf!!!!!!

(21) V12: Schucks dit was bietjie vroeg... Sal V25 vlge keer koffie gee 🤔

(22) M9: Wow V18. Laat mens terug dink aan goeie tye! M9

(23) M7: ons het so Kombi gehad 😊... twee keer "gekook" oor Swartbergpas. Dan klim ons maar uit en eet frikkadelle en drink LemonTwist terwyl die kombi stoom afblaas.

7.3.6.3 Bedankings

Bedankings was betreklik volop – 43 deelnemers (66,7 persent) was vir 267 van die boodskappe (9,6 persent) verantwoordelik. Die kletsgroepdeelnemers het oorwegend van teksboodskappe (259; 97,0 persent) gebruik gemaak, terwyl enkele foto's (agt; 3,0 persent) ook vir die taak ingespan is. Voorbeelde (24)-(27) dien ter illustrasie van die geskrewe boodskappe.

- (24) M16: *M1* en komitee baie geluk met n puik reunie en dankie dat julle ons wat nie kon bywoon op hoogte gehou het met die great fotos en videos!
- (25) M4: Baie dankie vir al die mooi wense. Ek waardeer dit opreg. 😊😊
- (26) V15: Oor en uit van my kant af ook! Duisend dankie's dat ek oor die afstand ook daar kon wees 🍷🍷! Dankie vir al die kiekies 📺!!! Love u all 😊. V15.
- (27) V18: V3 Dit is so jammer dat jy nie hier kan wees nie. Dankie vir al jou insette deur die jaar – jy het 'n pragtige hart. 💕

7.3.6.4 Beamings

Die kletsgroepdeelnemers (42; 70,0 persent) het geredelik bevestigend op hulle gespreksgenote se boodskappe gereageer – daarvan getuig die 155 boodskappe (5,6 persent) wat hulle in dier voege gestuur het. Geskrewe boodskappe (insluitend dié wat net emoji bevat het) is uitsluitlik vir hierdie doel gebruik; voorbeelde (28)-(31) is tekenend.

- (28) M19: Voorstel. Enige ouditeur op hierdie groep? Maak 'n rekening oop ten gunste van *ALMA MATER*. Ek sal verkies om kontant te skenk sodat dit aangewend kan word soos daar behoefte is.
M22: Stem *M19*. Goeie idee.
- (29) M1: Ek sal al daai detail ens uitvind en almal vgl week update dat ons try reg wees teen einde Febr.... Klink dit ok v almal?
M6: Is reg
M25: Cool
M9: Brilliant!!!!
- (30) V19: George Knysna Tsitsikama wildernis is alles deel van Sarah Baartman.
V4: Hartenbos?
V19: Ook deel daarvan ongelukkig 🙄

V4: 🤔🤔

V19: Voel ook so 😞

(31) V7: ❤️❤️❤️ Dis altyd 'n keuse en 'n stryd tussen goed en kwaad. (En ons moet versigtig ondersoek aan watter kant ons val. Ek besef gereeld ek sukkel maar, nes Abraham en Dawid en Maria.)

M16: 🙌🙌

M6: Amen 🙌🙌

7.3.6.5 Geluk- en seënwense

Onder die 2 768 boodskappe gemik op die instandhouding van vriendskap was daar 142 (5,1 persent) saamgestel deur 34 deelnemers (56,7 persent) wat bepaald op geluk- en seënwense afgestem was. Die kletsgroepdeelnemers het grootliks geskrewe boodskappe (135; 95,1 persent) vir dié doel aangewend, terwyl enkele foto's (vier; 2,8 persent) en GIFs (drie; 2,1 persent) ook gebruik is. Die emoji-bevattende verjaarsdagboodskap in Figuur 5-5 is die omvangrykste voorbeeld in hierdie kategorie; verdere voorbeelde verskyn in (32)-(39).

Gelukwensings:

(32) V13: Happy Birthday *V6*!!!! Mag dit 'n fantabulous dag en lewensjaar vi jou wees!! 💕🌸

(33) V5: Happy Brithday *M10* hoop die jaar is net vol vreugde en voorspoed

(34) V4: Baie geluk *M16* 🎉🥳🍰 Hoop dit is n fantasmagoriese jaar wat volê!

(35) M2: Geluk ou Maat, hoop dis 'n great jaar vir jou en die familie! 🎉🥳🍫🍿🎁🎊

Seënwense:

(36) V8: Ek onthou 2018 asof dit gister was...😊😊 Mag 2019 'n jaar propvol blessings wees vir almal! ✨🌸🙏

- (37) V2: Geseende Christus fees vir almal met baie liefde ❤️ en n wonderlike 2021
- (38) M4: Geseende paasfees aan almal. Paasgroete. 😊
- (39) M17: Voorspoed vir 2020. Mag dit baie geseënd wees. Geniet dit! 🎉

7.3.6.6 Onderskraging

Die steekproeflede (29; 48,3 persent) het mekaar heelhartig ondersteun wanneer sommige se lewensverloop onverwags 'n hartseerdraai gemaak het – gewoonlik met die afsterwe van 'n geliefde, 'n ongeluk van die een of ander aard of 'n gesondheidsprobleem. Die boodskappe (146; 5,3 persent) was deurgaans kort, op die persoon af en dikwels aangevul met emoji om die proposisie daarvan te versterk. In laasgenoemde opsig was die saamgeslaande hande, 🙏, besonder produktief, aangesien dit in 109 (74,7 persent) van die boodskappe aangewend is – óf alleen óf in 'n rits óf in 'n samespel met ander emosiebelaaide emoji. Modaliteitsgewys het die steekproeflede feitlik uitsluitlik van geskrewe teks (145 boodskappe; 99,3 persent) gebruik gemaak om hulle ondersteuning uit te druk, terwyl 'n enkele foto (0,7 persent) wel onder hierdie indeling voorgekom het. In die onderstaande voorbeelde word die konteks verswyg ten einde vertroulikheid te handhaaf.

- (40) M5: Baie sterkte vir jou. Dink aan jou en jou gesin in hierdie tyd 🙏
- (41) M6: Ons innuge meegevoel vir julle. Sterkte 🙏
- (42) V15: Sterkte my liefste V3 🙏....ons bid verseker hard vir hom 🙏!!! Hou ons asb op hoogte!
- (43) V3: Ai ai liewe V9....het ni woorde..❤️❤️❤️❤️🙏🙏🙏🙏 ons dra hom op aan ons Vader .En ook julle as familie.xxx

7.3.6.7 Komplimente

Die steekproeflede (30; 50,0 persent) het nie geskroom om mekaar te komplimenteer nie – daarvan getuig die 98 boodskappe (3,5 persent) van hierdie aard. Die komplimente is hoofsaaklik by wyse van geskrewe boodskappe bedien (97; 99,0 persent) en hulle is hoofsaaklik op die reël en aanbied van 'n suksesvolle

reünie, die verlening van hulp aan armlastiges en die behoud van 'n jeugdige voorkoms toegespits. Verteenwoordigende voorbeelde verskyn in (44)-(49).

Reüniereëlings:

(44) M7: well done almal !! het soos baie fun gelyk. *MI* , jy's n yster !

(45) V2: Dq *MI* v als en al jou passie en omgee. Nawk was baie lkr

Liefdadigheid:

(46) M5: Well done *MI*. Julle doen awesome werk. 🙌

(47) V13: Jy het 'n hart van goud *MI*

Jeugdigheid:

(48) M9: *ALMA MATER* Nog altyd die mooiste girls opgelewer! . Julle lyk GREAT!

(49) V8: Pragtig!!! Julle lyk nie 'n dag ouer as 22 nie! Sjoel! 🥰❤️🎉🌹

7.3.6.8 Kommentaar op die reünieverrigtinge

Die laaste groep boodskappe wat onder die instandhouding van vriendskappe uitgelig word, is dié wat op die verrigtinge van die reünie betrekking het. Hier het 13 deelnemers (21,7 persent) hulle ervaring van die reünie in 64 boodskappe (2,3 persent) verwoord – beide as meedoeners aan die geleentheid in die persoon of as virtuele gadeslaners. Geskrewe boodskappe (62; 96,9 persent) was aan die orde van die dag, terwyl foto's net twee keer (3,1 persent) ingespan is. Voorbeelde (50)-(53) dien ter illustrasie; opvallend is die rojale gebruik van opgewekte emoji om die geestige stemming van die reünie te weerspieël en die propositionele effek van die boodskappe te versterk. Voorbeeld (50) is 'n ironiese verwysing na die keurige skoolterrein van die kletsgroepdeelnemers se alma mater op grond van die handarbeid wat dié matriekklas gewoonlik as straf vir die een of ander oortreding opgelê is. Daarteenoor het voorbeelde (51)-(53) betrekking op die Saterdagoggend ná 'n Vrydagaand waartydens die reüniegangers effens te diep in die bottel gekyk het!

- (50) V1: Ek dink ons was die enigste skool wat grasplant en bossies uittrek as n vak gehad het 😎😎
- (51) V3: 🤔🤔🤔🤔🤔🤔🤔🤔 net water en Oros vandag maatjies!!!!
- (52) M4: Nie eens sterk boere koffie gaan vanoggend help nie. 🤔🤔🤔🤔🤔
- (53) M7: M2...hair of the dog buddie.. koue enetjie vroeg dan is alles weer mooi
M2: Ek het klaar n koue een gevat. Plaas dit nie n glas water was nie.....

'n Opsomming van die verskillende onderafdelings waarin die vriendskapinstandhoudingsboodskappe uiteengeval het, verskyn in Tabel 7-2.

Tabel 7-2. Die instandhouding van vriendskappe


Instandhouding van vriendskappe	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Algeheel	2 768	69,2	56	93,3
Humor	1 455	52,6	45	75,0
Algemeen	555	20,0	43	71,7
Bedankings	267	9,6	40	66,7
Beamings	155	5,6	42	70,0
Onderskraging	146	5,3	29	48,3
Geluk- en seënwense	142	5,1	34	56,7
Komplimente	98	3,5	30	50,0
Kommentaar op reünieverrigtinge	64	2,3	13	21,7

7.3.7 Kettingboodskappe

Thurlow (2003:9) definieer kettingboodskappe as dié bestaande uit betreklik lang grappe, pittighede of woordspelings wat van een sender na 'n volgende gestuur word. In hierdie studie is daar gepoog om die pragmatiese funksies in Thurlow se raamwerk so eenduidig as moontlik aan die boodskappe in die taaldata


toe te ken: Eerstens is die meerderheid boodskappe met 'n grappige inslag onder humor in die kategorie oor die instandhouding van vriendskappe ingedeel (kyk weer §7.3.6), selfs al het hulle uit 'n kettingboodskap gestam. Tweedens is die oorblywende kettingboodskappe (92; 2,3 persent) van nagenoeg 26 deelnemers (43,3 persent) verder in aangestuurde boodskappe (77; 83,7 persent) en “ware” kettingbriewe (15; 16,3 persent) onderverdeel. Die onderskeid lê daarin dat laasgenoemde 'n uitdruklike versoek van die samesteller bevat vir 'n ontvanger om die boodskap met ander te deel, terwyl eersgenoemde nie sodanige versoek insluit nie, maar wel deur iemand anders saamgestel is en lukraak deur 'n bepaalde deelnemer met die res van die kletsgroep gedeel is.

Thurlow (2003:11) voer aan dat kettingboodskappe optree “not only to communicate some desired aspect of identity, but also as a means of social bonding ... [a]s such, although apparently transactional in content, chain messages are clearly more relational in function.” Uit die feit dat die kletsgroepdeelnemers meer as vyf maal soveel boodskappe aangestuur het as wat hulle dit met “ware” kettingbriewe gedoen het, blyk dit dat hulle behoedsaam oor laasgenoemde was – moontlik omdat die skandvlek wat dikwels aan hierdie soort boodskappe kleef hulle in 'n swak lig kan stel en pogings ten opsigte van sosiale identiteitskepping in die wiele kan ry. Drie voorbeelde verskyn in Figuur 7-7 en Figuur 7-8: Eersgenoemde verbeeld 'n kettingbrief oor sosialisme – die uitdruklike versoek om die brief aan te stuur verskyn heel aan die einde: “Can you think of a reason for not sharing this? Neither could I.”



Figuur 7-7. 'n Kettingbrief oor sosialisme

Daarteenoor verskyn twee aangestuurde boodskappe in Figuur 7-8: Die boodskap in Engels links verteenwoordig 'n woordspeling oor 'n gebrek aan oefening en die boodskap in Afrikaans regs handel oor die prys van rook- en drinkgoed uitgedruk in terme van wildsvleis as betaalmiddel.



Figuur 7-8. Twee aangestuurde boodskappe

7.3.8 Sintese: die pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans

In hierdie afdeling is die pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-Afrikaans ooreenkomstig Thurlow (2003) se raamwerk verken; die bevindings is in Tabel 7-3 opgesom. In sy studie het Thurlow (2003:10) 544 SMS-boodskappe van 135 eerstejaarstudente aan die Universiteit van Cardiff in Wallis ontleed en tot die slotsom gekom dat sowat 31 persent daarvan oor 'n lae intimiteits-, maar 'n hoë transaksionele waarde beskik. As dit egter in ag geneem word dat kategorieë soos die stuur van kettingboodskappe implisiet op verhoudings eerder as transaksies betrekking het, dan verminder die getal boodskappe wat uitdruklik 'n transaksionele waarde het tot 'n skamele 15 persent van die totaal van 544. Dit blyk uit die onderhawige studie en die inligting in Tabel 7-3 dat dit nie eens nodig is om hierdie “toegewing” vir die pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-Afrikaans te maak nie, want die skaalverhouding van transaksionele boodskappe (d.i. inligtinguitruiling met 'n praktiese inslag, die bewerkstelling van praktiese reëlins en kettingboodskappe) tot relasionele boodskappe (d.i. inligtinguitruiling met 'n verhoudingsinslag, die maak van sosiale afsprake, die formulering van aanhef- en groetvorme en die instandhouding van vriendskappe) was $565:3436 \approx 14,1:85,9$ – amper presies Thurlow (2003:10) se

bevinding. Dit bevestig dat die steekproeflede SMS by uitstek as 'n kommunikasietegnologie vir die aanknoop, bedryf en instandhouding van sosiale verbintenisse aanwend. Thurlow en Poff (2013:174) verklaar hierdie waarneming soos volg (inteksverwysings duidelikheidshalwe weggelaat; hulle skuinsgedruk): “[M]ost of what happens in/with texting can and should be explained in the context of texters’ self-evident drive to connect with one another and to maximize sociality. In these terms, texting presents itself in the broadest terms as a social technology *par excellence*.”

Tabel 7-3. Die vernaamste pragmatiese funksies in die taaldata

Pragmatiese funksie	Boodskappe		Deelnemers	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Die instandhouding van vriendskappe	2 768	69,2	56	93,3
Inligtinguitruiling met 'n verhoudingsinslag	569	14,2	49	81,7
Inligtinguitruiling met 'n praktiese inslag	460	11,5	43	71,7
Kettingboodskappe	92	2,3	26	43,3
Die maak van sosiale afsprake	92	2,3	18	30,0
Die bewerkstelling van praktiese reëlins	13	0,3	6	10,0
Die formulering van aanhef- en groetvorme	7	0,2	5	8,3

7.4 Sosialebetekenisskepping in SMS-Afrikaans

In hierdie afdeling word heelwat van die drade in die studie byeengebring. Wat hiermee bedoel word, is dat daar aangetoon word hoe die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-Afrikaans in diens van sosialebetekenisskepping staan. Sodoende sluit die bespreking by Coupland (2007:146) se betoog aan dat taalgebruikers hulle stylkeuses aanwend om identiteit op te voer (kyk weer die bespreking in §3.2.5). Tagg (2012:178) verduidelik dat identiteitsopvoering nie net dien om taalgebruikers se stylkeuses te verklaar nie, maar ook gebruik kan word om die oënskynlike gebrek aan eenvormigheid van SMS-taal te belig. Op hierdie manier verreken identiteitsopvoering die aktiewe rol wat SMS-gebruikers in die totstandkoming van SMS-taalverskynsels speel. Tagg (2012:180) borduur hierop

voort deur 'n verband tussen die mikrolinguistiese kenmerke, Thurlow (2003:14-15) se sosiolinguistiese grondstelling van bondigheid en spoed en SMS-gebruikers se opvoering van identiteit te lê:

[I]f we accept that text messages have a chiefly interpersonal orientation – towards, that is, maintaining or bolstering relations with the interlocutor – then it seems reasonable to argue that decisions regarding which forms to shorten, and how, are made with this in mind. So, it may be that respelt forms play a more significant role in the interpersonal construction of identity than in actually shortening a text message. Rather than describing texters as seeking to shorten text messages through the use of abbreviations, we can thus see them as putting on a performance; performing brevity, if you like, in the light of the interpersonal significance that certain forms take on as a result of past interactions (through texting and in online contexts) and the wider media discourses that circulate around Txt.

Die behoefte aan identiteitskepping bied 'n moontlike verklaring vir die gebrek aan eenvormigheid wat Olivier (2013) in sy studie oor die SMS-Afrikaans van studente aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit gevind het en wat Grundlingh (2015:150) / Thiart (2014:69-70) later aan die hand van die sogenaamde “uniqueness of utterance principle” begrond (kyk weer §2.4). In hierdie geval is twee moontlike verklarings vir die gebrek aan eenvormigheid in die studente se SMS-Afrikaans dat (i) hulle hul bedrewenheid met die konvensies van SMS-taal wil oordra om sodoende hulle lidmaatskap van 'n globale groep van “digital natives” te sinjaleer, en (ii) hulle hul uniekheid wil beklemtoon deur hul eie stempel op die “konvensies” van SMS-Afrikaans af te druk.

Die kernoorweging in hierdie afdeling is dus identiteit en hoe dit in SMS as 'n modaliteit van rekenaarondersteunde kommunikasie tot stand kom. Daar is alreeds boekdele oor die onderwerp geskryf – vergelyk byvoorbeeld Garcés-Conejos Blitvich & Georgakopoulou (2021); Reyes (2019); Petroni (2019); Georgalou (2017); Baym (2015); Tagg (2015); Danesi (2014); Seargeant & Tagg (2014); Walther, Liang, DeAndrea, Tong, Carr, Spottswood en Amichai-Hamburger (2011); Upadhyay (2010); en Tanis en Postmes (2007) vir enkele voorbeelde. Die sentrale bevinding in die magdom studies is dat sosiale identiteit 'n aspek van menswees is wat nie biologies vasgestel, onveranderlik en wesenlik onontbeerlik (“essential”) is nie, maar eerder uit sosiale wisselwerking tot stand kom (Vásquez 2014:66-67). Sosiale identiteit is gevolglik dinamies, performatief en konteksgebonde; Garcés-Conejos Blitvich en Georgakopoulou (2021:293-296) gebruik die term “identities-in-interaction” vir hierdie insig. Tagg (2015:146) omskryf identiteit-in-wisselwerking soos volg:

Applied linguistics research reveals identity construction to be a process of active co-construction, in which users draw on potentially new resources for communicative purposes which relate to varying extents to their offline social roles and relationships ... [C]onstructing identity online is an interactive process of co-construction, reliant not only on how users wish to come across but also on how they are perceived and responded to by others.

In die onderstaande bespreking word daar eers na emoji en ortografie teruggekeer, voordat enkele van die beginsels in Bucholtz en Hall (2005) se raamwerk vir die ontleding van identiteit op grond van talige wisselwerking toegepas word.

7.4.1 Emoji

Die uitgebreide voorkoms van boodskappe in die taaldata wat emoji bevat, is breedvoerig in §5.3.2 en §7.2 bespreek. Alhoewel die funksies van hierdie prentkarakters daar uiteengesit is, word dit hier weer in die konteks van sosialebetekenisskepping te berde gebring. Emoji is by uitstek die onderskeidende stylkenmerk wat die kletsgroepdeelnemers gemeen het, aangesien dit uitgebreid in die taaldata voorkom en deur die oorgrote meerderheid van die deelnemers ingespan is (kyk weer §5.3.2.1). In hierdie opsig is daar 'n ooreenkoms tussen die emoji in die huidige studie en die alfanumeriese homofoon *u* vir *you* in Tagg se korpus van SMS-Engels. Tagg (2012:181) voer aan *u* “stands out to mark the discourse as unregulated and non-standard” – net soos met emoji in die huidige studie. Wat dus hier ter sprake is, is hoe SMS-verskynsels soos *u* < *you* in 'n korpus van SMS-Engels en emoji in 'n korpus van SMS-Afrikaans op soortgelyke wyse tot sosialebetekenisskepping bydra. Tagg (2012:181) betoog dat dit 'n fout sou wees om *u* in (54) bloot as 'n verkortingstrategie te beskou.

(54) god, don't be silly, not worried in the SLIGHTEST! i was just having NAME325 on – something
u missed earlier. really no big deal. a+

Tagg (2012:181) verduidelik dat dit in (54) oor sosialebetekenisskepping eerder as oor bondigheid en spoed gaan, want *u* bewerkstellig 'n intieme register wat die gespreksgenote op gelyke voet plaas en sodoende die daarstelling van sosiale identiteit bevorder (haar skuinsgedruk):

The shared use of such unconventional forms simultaneously serves to demarcate group identity and heighten intimacy between interlocutors. The homophone <u> ... does not

come across as critical or derogatory, but as affectionate and intimate – *u* is perhaps to *you* what *thou* once was, if that’s not too fanciful a notion – signalling intimacy and equality. So, rather than seeing <u> as an abbreviation strategy, or even as part of an attempt to create a façade of brevity, we can see it as having taken on interpersonal significance, as a marker of non-standardness and of closeness.

’n Soortgelyke voorbeeld uit die huidige studie verskyn in (55). Op hulle eie dien elk van die emoji ’n bepaalde doel: Beide 🟡 en 🐵 verrig ’n modale funksie deur *tennis* en *monkey* in die boodskap te herhaal, terwyl 🚲 die referensiële betekenis “fiets” het (kyk weer §5.3.2.2). Gesamentlik tree die emoji egter op om (i) V17 se ingroeplidmaatskap te bevestig, (ii) die sosiale identiteit van die kletsgroep uit te bou, en (iii) ’n speelse en gemaklike register aan die kletsgroep te verleen.

(55) V17: Hy’s pragtig! Het alles so laat gedoen dat ek net 2 laatlamme het. Nog besig m laerskool, speel nog tennis 🟡 en ry 🚲 dat dit bars saam m my monkey 🐵 man.

Die insig uit hierdie ontleding is dat die redes wat dikwels aangehaal word om die vorm van SMS te verklaar – gewoonlik Thurlow se sosiolinguistiese grondstellings en die spreektaalgrondslag van SMS-taal – nie ’n volledige verrekening daarvan bied nie. As dit wel die geval was, sou dit moeilik wees om die oënskynlike teenstrydighede in (55) te verklaar: Die sintaktiese ellips van “Ek” en “Hulle is” aan sinsbegin, sowel as die referensiële gebruik van 🚲, doen weinig om ’n betreklik lang boodskap te verkort. Inderdaad, die gebruik van 🟡 en 🐵 is oortollig en werk pogings tot bondigheid en spoed teë; meer nog, hierdie prentkarakters het geen eweknieë in Omgangsafrikaans nie en hulle dra dus nie tot die spreektaalgrondslag van SMS-Afrikaans by nie. Wat gevolglik kortkom om die vorm van SMS-taal in die algemeen en SMS-Afrikaans in die besonder te verklaar, is ’n derde, bepalende oorweging, naamlik sosialebetekeniskepping. Emoji verrig heelwat sosialebetekeniskeppingswerk in die huidige studie, want dit bereël die aard van die verhouding tussen die kletsgroepdeelnemers as eweknieë wat in gemaklike sosiale omgang met mekaar verkeer.

7.4.2 Ortografie

Een van die interessantste gevalle van sosialebetekeniskepping in die taaldata behels die ortografie, bepaald die plasing van spasies tussen sinsdele en die leestekens wat veronderstel is om dit af te baken. Die spesifieke geval hier ter sprake is dié van M7 wat bestendig ’n spasie tussen ’n komma en die voorafgaande

woord, sowel as tussen die einde van 'n sin en 'n daaropvolgende uitroep- of vraagteken plaas, maar nie voor 'n punt, of voor en ná 'n beletselteken nie. Voorbeelde (56)-(61) dien ter illustrasie: Voorbeelde (56) en (57) illustreer die plasing van 'n oortollige spasie tussen 'n woord en 'n komma, sowel as tussen die einde van 'n sin en een of meer uitroeptekens. Daarteenoor beeld voorbeelde (58) en (59) die konvensionele gebruik van 'n punt aan sinseinde, maar die onkonvensionele weglating van spasies rondom die beletselteken uit. Voorbeelde (60) en (61) beliggaam twee gevalle waar daar 'n oortollige spasie tussen sinseinde en 'n vraagteken is. M7 se gebruik van die punt aan sinseinde is dus “uitsonderlik,” aangesien hy in al die ander gevalle die konvensionele gebruik van die beletselteken (reël 13.21; AWS 2017:113), sowel as die komma, uitroep- en vraagteken (AWS 2017:119, 136, 138), oënskynlik verontagsaam.

Komma en uitroepteken:

(56) M7: well done almal !! het soos baie fun gelyk. *MI* , jy's n yster !

(57) M7: Da vat hy nou !! Alles wat mooi is vir julle ! Hoop 2019 bring geluk , vrede en liefde vir almal !!

Beletselteken en punt:

(58) M7: Genade !! Het 30km gedoen vandag en amper gesterf...maar die SuidOoster het darem gepomp.

(59) M7: Baie mooi...dankie vir almal wat gereel het.

Vraagteken:

(60) M7: ek is in *MI*. Laat weet wat die dogtertjie nodig het. Hoe oud is sy ?

(61) M7: Is dit n wittetjie ?

Die gebruik van oortollige spasies tussen teks en leestekens kom ook elders voor (vergelyk byvoorbeeld Bryan 2019), maar in die konteks van hierdie studie is dit uniek aan M7 onder die 60 deelnemers aan die kletsgroep. Ooglopende verklaring is dat (i) M7 beïnvloed word deur die Franse leestekenkonvensie, wat inderdaad spasies voor veral “hoë” leestekens soos uitroep- en vraagtekens vereis; (ii) die

teksvoorspellingstechnologie op sy slimfoon onwillekeurig spasies tussen teks en leestekens invoeg; en (iii) hy die pragmatiese uitwerking van sy boodskappe wil demp (Bryan 2019). Geeneen van hierdie redes hou egter steek nie; bepaald, hoe verklaar 'n mens die verskil tussen sy konvensionele benadering tot punte aan die een kant en onkonvensionele benadering tot kommas, uitroep- en vraagtekens aan die ander kant? 'n Meer waarskynlike verklaring is dat M7 die gebruik van oortollige spasies tussen teks en uitgesoekte leestekens vir sosialebetekenisgeving aanwend. Deumert (2014:124) voer aan dat taaluitings altyd meerdoelig is: “Language not only allows us to talk about the world (referential function); it also expresses how we feel (emotive function) and allows us to address others (conative function) and to establish social connections (phatic function).” M7 pas die eiesoortige gebruik van leestekens ten opsigte van laasgenoemde toe, want sy “korrekte” gebruik van die punt aan sinseinde dui aan dat hy konvensioneel is en geredelik aan die norme van die kletsgroep voldoen, terwyl sy markante aanwending van kommas, uitroep- en vraagtekens, sowel as die beletselteken in 'n mindere mate, hom as uniek en oorspronklik markeer. Op hierdie manier kom M7 se identiteit in lewende lywe ook aanlyn tot uiting. Hy beliggaam die twee kante van 'n muntstuk: Aan die een kant is hy 'n beminde lid van die matriekklas en aan die ander kant 'n mens in eie reg. Deur die wisselwerking tussen konvensionele en vreemde leestekengebruik buit M7 die “make strange” uit waarna Deumert (2014:125, 144) in haar bespreking van SMS-taal as “digterlike taal” verwys (kyk weer §3.5.1) om sy vanlyn identiteit aanlyn te bewerkstellig en in stand te hou.

7.4.3 Bucholtz en Hall se raamwerk

Bucholtz en Hall (2005:586-587) definieer identiteit in die breë as die sosiale plasing van die self teenoor die ander; hulle raamwerk omvat vyf beginsels, naamlik (i) ontluiking, (ii) opstelling, (iii) aanwysing, (iv) verhouding en (v) gedeeltelikheid. Net twee van hierdie beginsels, naamlik ontluiking en aanwysing, kom in die onderstaande bespreking aan bod, aangesien die onderskeidende stylkenmerke van SMS-Afrikaans regstreeks daarin neerslag vind.⁴²

7.4.3.1 Die ontluikingsbeginsel

Die ontluikingsbeginsel (“emergence principle”; Bucholtz & Hall 2005:587-591) hou in dat identiteit nie in die mens opgesluit lê nie, maar eerder uit die wisselwerking tussen gespreksgenote tot stand kom. Die gevolg is dat identiteit nie 'n biologiese grondslag het nie, maar eerder 'n sosiale en kulturele verskynsel is.

⁴²Dit is natuurlik moontlik om te wys hoe die ander beginsels in die taaldata tot uiting kom, maar sodanige ontleding sou op 'n diskoersanalitiese benadering steun waarin die vorm van SMS-Afrikaans nie ooglopend voorop staan nie – dit val buite die bestek van hierdie studie.

Bucholtz en Hall (2005:588) verwoord die ontluikingsbeginsel soos volg: “Identity is best viewed as the emergent product rather than the pre-existing source of linguistic and other semiotic practices and therefore as fundamentally a social and cultural phenomenon.” Volgens Bucholtz en Hall word die ontluikingsbeginsel veral verwesenlik wanneer taalgebruikers se stylkeuses indruis teen dié van die sosiale kategorie(ë) waaraan hulle op die oog af behoort. ’n Klinkende voorbeeld hiervan word deur die stylkeuses van V2 verskaf – ’n besonder aktiewe deelnemer wat 234 boodskappe (5,8 persent) tot die totale korpus van 4 001 nieadministratiewe boodskappe bygedra het. V2 se SMS-boodskappe getuig van iemand wat deeglik met die konvensies van SMS-taal vertrou is, want sy kan haar vlot daarin uitdruk. Dit is ietwat onverwags, enersyds omdat V2 as ’n lid van Generasie X ’n sogenaamde “digitale immigrant” is wat doelbewus hierdie konvensies moes aanleer en andersyds omdat sy grootgeword het in ’n tydperk toe ’n sterk tradisie van taalsuiwerheid onder wit Afrikaanssprekendes vasgelê is volgens die bespreking in §1.3. ’n Keur van V2 se boodskappe verskyn in (62)-(71). Die boodskappe wissel van dié wat grootliks in Standaardafrikaans geskryf is, byvoorbeeld (62)-(64), na dié wat deurspek is van SMS-verskynsels, byvoorbeeld (65)-(67). Hieruit blyk dit dat V2 Standaardafrikaans in boodskappe van ’n ernstiger aard – Kerswense in (62) en verjaarsdagwense in (63) en (64) – gebruik, terwyl sy geredelik SMS-verskynsels in boodskappe op ’n ligter trant giet. V2 se registerkeuses herinner aan Deumert (2012) se bevindings oor die ideologiese wisselwerking tussen Engels en isiXhosa, sowel as haar gevolgtrekkings oor die interaksie tussen inheemse Afrika-tale en oudkoloniale tale (Deumert & Lexander 2013) wat in §2.3 van die literatuuroorsig te berde gebring is. Die ooreenstemming lê daarin dat taalgebruikers oënskynlik verskillende SMS-taalvariasies vir verskillende gespreksonderwerpe opsysit. Daarbenewens skemer V2 se begeerte aan ingroepidmaatskap in voorbeelde (68) en (69) deur, waar veral die verwysing na “koffie” vir ’n buitestander moeilik verstaanbaar sou wees omdat dit ingroepitaal is vir Ponchos – ’n ingieting van koffie en tequila.

Die variasie in V2 se stylkeuses dui op ’n plooibare mens, want sy is in sekere wisselwerkings ernstig en formeel deur haar gebruik van Standaardafrikaans en in ander speels en ongekunsteld deur haar aanwending van SMS-konvensies. Laasgenoemde is egter nie tot boodskappe op ’n ligter trant beperk nie, aangesien sy SMS-Afrikaans ook geredelik aanwend vir boodskappe wat as ondermynend gesien kan word. Voorbeelde (70) en (71) dien ter illustrasie deur boodskappe waarin sy krities teenoor die regering se hantering van die koronaviruspandemie staan. Uiteindelik slaan die keur van V2 se boodskappe op die voortdurend ontluikende aard van haar veelkantige identiteit – soortgelyk aan dit wat Tagg (2012:187) in haar gevallestudie oor ene Laura doen en oor wie sy tot die volgende gevolgtrekking kom: “The ... text messages are all part of Laura’s constructed identity, various elements of which she foregrounds in different performances, by drawing to different extents on the linguistic resources at her disposal.”

- (62) V2: Wonderlike Christusfees vir almal met n 2020 vol vreugde ,vrede en liefde
- (63) V2: Baie geluk *V13*, mag daar nog baie mooi jare vol geluk op jou wag❤️
- (64) V2: *M16* het jy nie gister verjaar nie? Baie geluk en als wat mooi is vir jou ook🎂
- (65) V2: Niemand ka se ons klas lag ni lkr elke dag ni😂
- (66) V2: Lkr lag ek nou.,maar nt soos toe steur almal hul ni aan al d reels ni😂 Nt dankbaar ons het d rooiwyn rak betyds goed vol gemk. Nou nt om dissipline te he om nt naweke d glasies vol te mk😂
- (67) V2: Dq *M1* v als en al jou passie en omgee.Nawk was baie lkr
- (68) V2: Moet se d v ons wat se kidz nou matriek skryf sal saamstem.BAIE lekkerder om reunie te he as nou weer eind eksamen skryf!!!!!!
- (69) V2: Sal ni mis op 'koffie' ni😂
- (70) V2: Hul somme mk ni lkr sin ni. Ons ni in 75%v gevalle ni en veral ni as ons genesings in aanmerking geneem word ni😂
- (71) V2: Dq *M1*. Mag ek nou iet se😂hul al 5 weke gehad om hiervoor te beplan dan hkan hul ni eens in hul voorlegging hul darums korrek intik ni. Kyk na term 2 oorskakel na 3 se datums👏

7.4.3.2 Die aanwysingsbeginsel

Die aanwysingsbeginsel (“indexicality principle”) verklaar volgens Bucholtz en Hall (2005:593-598) hoe sosiale identiteit deur talige wisselwerking tot stand kom. Die beginsel berus op die begrip van ’n indeks, wat ’n wyser na ’n bepaalde konsep is. Chandler (2017:52) gee die voorbeeld van handskrif, wat ’n weerspieëling van iemand se persoonlikheid is en dus ’n wyser na die betrokke persoon is. Volgens Bucholtz en Hall (2005:598) pas taalgebruikers uiteenlopende middele toe om sosiale identiteit te skep – hulle noem

onder meer etikettering, gespreksimplikatuur, kodewisseling en standpuntinname. Die aanwysingsbeginsel lui soos volg (Bucholtz & Hall 2005:594):

Identity relations emerge in interaction through several related indexical processes, including: (a) overt mention of identity categories and labels; (b) implicatures and presuppositions regarding one's own or others' identity position; (c) displayed evaluative and epistemic orientations to ongoing talk, as well as interactional footings and participant roles; and (d) the use of linguistic structures and systems that are ideologically associated with specific personas and groups.

Tagg (2015:224) som die beginsel op deur dit te stel dat “[i]ndexicality refers to the way in which particular linguistic choices are implicitly linked to features of the social world; they *index* (or ‘point to’) social rather than referential meanings” (haar skuinsgedruk). ’n Voorbeeld van die aanwysingsbeginsel spruit uit V12 se etikettering van haarself as die stereotipiese “dom blondine” in boodskappe (72)-(76). “Blondine” is ’n voorbeeld van ’n woord wat semantiese afkraking (“semantic derogation”; Mooney & Evans 2019:133-134) sedert die laat 1700’s begin ondergaan het om vandag na ’n aantreklike, dog dom vrou met ligte hare te verwys (Morosini 2020). Die feit dat V12 haarself as sodanig stereotipeer word deur boodskappe (75) en (76) bevestig, want sy ervaar oënskynlik eureka-oomblikke na aanleiding van haar gebruik van die Engelse tussenwerpsels “Ah” en “Ohhh” in reaksie op ander deelnemers se “verhelderende” boodskappe. V12 se karakterisering van haarself as ’n dom blondine word bewerkstellig deur oënskynlik slordige taalkeuses waarin sy Afrikaans en Engels geredelik meng. Dit is welbekend uit veral Howard Giles se navorsing oor taalhoudings dat die standaardvariëteit van ’n taal met kundigheid geassosieer word, terwyl die niestandaardvariëteit met sosiale aantreklikheid en betroubaarheid in verband gebring word. Giles en Marlow (2011:164-166) beskryf hierdie verskynsel soos volg (hulle inteksverwysings is duidelikheidshalwe weggelaat; MGT = “matched-guise technique”; hulle skuinsgedruk):

Research using the MGT (as well as other elicitation procedures) has found that *nonstandard* language varieties are evaluated less favorably than their standard counterparts on competence (e.g., intelligence, ambition, and confidence) as well as dynamism (e.g., lively, enthusiastic, and talkative) traits. Indeed, the stronger, or broader, the perceived nonstandard accent, the more negative the social evaluations that ensue, with the perceived quality of the message content and its comprehensibility being downgraded, as well ... Critically, those who speak nonstandard varieties are upgraded on traits of

socially [sic] attractiveness (or benevolence) and, hence, viewed as more friendly, generous, and likeable than their standard speaking counterparts.

V12 se vermenging van Afrikaans en Engels kan in hierdie voorbeeld gelees word as 'n poging om haar kundigheid onder die vergrootglas te plaas deur die stereotipe van 'n dom blondine wat nie tot "suiwer" taalgebruik in staat is nie. Dit word in (73) op die spits gedryf wanneer sy 'n appèl aan die "educated people" op die kletsgroep rig om haar sodoende as deel van die "onopgevoede dommes" op te stel. Hierdie selfgeringskatting het 'n ironiese inslag, aangesien V12 in haar hoëskooljare akademies uitblink het en in lewende lywe 'n sprankelende, wakker mens met 'n vlymskerp humorsin is. Gherini (2018) beweer dat mense wat geredelik op hierdie manier met hulself spot inderwaarheid oor 'n oorvloed selfvertroue beskik, toeganklik is en sterk leierseienskappe openbaar.

(72) V12: Ek is net bekommerd dat ek totaal blond gaan toeslaan en niemand se name onthou nie...
Early dementia. As julle sien ek lyk baffled.... Help my uit 🤔🙄😓

(73) V12: Help gou educated people. Ek het n 80's krisis... Wat is die naam van die A-ha song "playing with love"?? Kry dit nie op you tube 🤔🤔

(74) V12: Ja man Alphaville. Sien steeds blond na al die jare!!!! 🙄

(75) V12: Ah nou verstaan ek hoekom julle nie draf nie.... Ry in karretjies rond 🤔🤔🤔

(76) V12: Ohhh so dit kom nie net in Castle light nie? 🙄

'n Tweede voorbeeld van die "dom blondine"-identiteit verskyn in die gesprek in (77)-(80), waar V3 haarself as sodanig posisioneer en dit met behulp van taaluitruiling beklemtoon: In (77) begaan sy 'n tikfout deur "wein" in plaas van "sein" te gebruik. In (78) wys M1 haar speels op die tikfout, maar dit is duidelik in (79) dat sy nie snap wat hy bedoel nie en sy stel hom gevolglik reg. In (80) besef sy uiteindelik die strekking van M1 se boodskap en bied dan die stereotipe van 'n dom blondine as verskoning aan.

(77) V3: *M1* asb kan jy of *V13* net op fb page update gee asb. My wein was amper heel dag weg...kom en gaan..en ek kry ni connection met internet ni.asb.

- M13: Geluk *M10*. Junie kom ek saam met jou golf speel.
- V3: Happy bday *M10*!! 🍷🍔🍕🍿🍷🍷🍷🍷🍷🍷🍷🍷🍷🍷🍷🍷
- V5: Happy Brithday *M10* hoop die jaar is net vol vreugde en voorspoed
- M9: What a boytjie!! Geluk *M10*
- V4: Mag jou volgende *GETAL* jaar net so legendaries wees soos die eerste *GETAL*!! 🥳🍷🍷
- V8: Happy happy *M10*!! Seen en alles wat mooi is vir jou voorentoe! 🎉👍🌟
- V10: Baie geluk!!! 🍷🍷
- V7: 🎉🥳
- M10: Weet nie wat om the se nie. Julle ouns is so nice. Maak a plan as julle in STAD is
🍷🍷🍷🍷🍷🍷🍷🍷

7.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans ontgin deur eerstens te betoog dat hierdie kenmerke beide pragmalinguistiese en sosiopragmatiese grondtrekke het. Die soeklig is op laasgenoemde gewerp vanweë die betreklik hoë voorkoms van niepropositionele boodskappe in die taaldata; hierdie boodskappe dra tot die fatiese aard van die kletsgroep as 'n kenmerkende verskynsel van rekenaarondersteunde kommunikasie by. Vervolgens is Thurlow (2003) se negekategorieraamwerk op die taaldata toegepas en is daar aangetoon dat 'n oorwig van die boodskappe van 'n verhoudings- eerder as 'n transaksionele aard is, wat daarop dui dat die kletsgroepdeelnemers SMS by uitstek as 'n medium vir sosiale aanknoping beskou. Laastens is die manier waarop die pragmatiese funksies in diens van identiteitskepping staan by wyse van emoji, leestekens en twee van die beginsels in Bucholtz en Hall (2005) se vyfbeginselraamwerk verken. Daarmee vind die bespreking sterk aanknoping by Coupland (2007) se teorie dat taalgebruikers hulle stylkeuses ontplooi om sosiale betekenis in die vorm van identiteit te skep.

In hoofstuk 8 verskuif die aandag na die sosiolinguistiese veranderlikes van gender en ouderdom en die moontlike uitwerking wat hierdie veranderlikes op die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-Afrikaans uitoefen.

8 GENDER EN OUDERDOM

8.1 Ten aanvang

Hierdie hoofstuk handel oor die laaste twee navorsingsvrae, wat toegespits is op die sosiolinguistiese veranderlikes van gender en ouderdom en hulle moontlike invloed op die SMS-Afrikaans van Generasie X. Die aard van die taaldata werk die ontginning van 'n moontlike verband tussen gender en die kletsgroepdeelnemers se SMS-Afrikaans volgens die onderstaande bespreking in die hand, maar dit is nie die geval met ouderdom as sosiolinguistiese veranderlike nie – laasgenoemde word dus net kortliks bespreek.

Die bespreking van genderverskille berus op 'n statistiese ontleding en dus word daar ruim aandag aan die tersaaklike tegniese begrippe aan die begin van §8.2 gewy.

8.2 Gender as sosiolinguistiese veranderlike⁴³

Johnston, Cairns en Baumann (2017:462) definieer gender as 'n konsep wat 'n maatskaplike eerder as 'n biologiese oorsprong het:

[G]ender: the social and cultural characteristics – including feelings, behaviors, attitudes, consumer choices – associated with masculinity and femininity in a given culture. Gender involves the socially constructed traits linked to boyhood/manhood and girlhood/womanhood in a particular time and place, whereas sex refers to the biological traits that are classified as male and female.

Dit is in §3.4.1 bespreek dat Lakoff (1973) een van die eerstes was om (kwalitatiewe) genderverskille in taalgebruik uit te wys. Hierdie verskille sluit onder meer in dat vroue meer as mans geneig is om vloekwoorde te vermy; om einddeelvrae, leë adjektiewe, intensiveerders, ontwykende woorde, spesifieke kleurterme en stopwoorde in hulle taalgebruik te giet; om sintaksis te gebruik wat meer as dié van mans

⁴³Alhoewel genderverskille onafwendbaar tot 'n tradisionele onderskeid tussen mans en vroue lei vanweë die aard van historiese navorsing oor die onderwerp, word die terme “gender” en “genderverskille” deurgaans in hierdie verhandeling gebruik ter erkenning van die feit dat gender 'n uiters komplekse, multidimensionele en konteksgebonde element van identiteit is (McSweeney 2018:140).

met die standaardvorm ooreenstem; om 'n stygende klemtoon in bevelsinne aan te wend; en om 'n hoë graad van beleefdheid te openbaar (Lakoff 1975, aangehaal in Mooney & Evans 2019:134-135). Dit is ook alreeds in §3.4.1 gemeld dat daar in die beginjare van rekenaarondersteunde kommunikasie verwag is dat genderverskille in taalgebruik aanlyn sou verdof vanweë die naamloosheid van die medium, maar dat dit uit die bevindings van vele studies nie die geval blyk te wees nie. Die verwagting met die aanvang van die ontleding hier is dus dat die SMS-Afrikaans van die manlike en vroulike lede van die kletsgroep verskille sal openbaar. Tagg (2015:146) verskaf 'n tweede leidraad vir die bestaan van sodanige verskille. In aansluiting by die idees dat (i) taalgebruikers hulle stylkeuses aanwend om sosiale betekenis in die vorm van identiteit te skep (Coupland 2007) en (ii) sosiale identiteit uit die wisselwerking tussen gespreksgenote tot stand kom (Vásquez 2014:66-67), betoog sy dat gender op dieselfde lees geskoei is (haar skuinsgedruk):

[G]ender is not biologically fixed or predetermined but interactively performed – that is, gender differences are created and reinforced *through* interaction. Crucially, while it is often likely that established social identities will be re-enacted, this view of gender as performance allows for the subversion and reconceptualization of offline identities in new online spaces.

Voorbeelde waar gender in die huidige studie opgevoer word en uit die wisselwerking tussen gespreksgenote tot stand kom, is in §7.4.3 bespreek. Daar word derhalwe in hierdie hoofstuk afgewyk van die kwalitatiewe benadering wat tot dusver gevolg is. In plaas daarvan word 'n kwantitatiewe aanslag gebruik wat op die chi-kwadraattoets berus.⁴⁴

8.2.1 Statistiese grondtrekke

Die steunpilaar van die onderstaande verkenning is die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid (Conover 1999:204-209), wat uitgevoer is om vas te stel of daar 'n verband tussen die gender van die kletsgroepdeelnemers en 'n bepaalde onderskeidende stylkenmerk of pragmatiese funksie is. Die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid is egter nie in hierdie konteks geskik om *genderverskille* op te spoor nie; vir laasgenoemde is die *t*-toets vir onafhanklike steekproewe (Bowen 2022:253-295) of die Mann-Whitney-toets as sy nieparametriese eweknie ingespan (Conover 1999:272-286). Die keuse tussen hierdie twee toetse berus op die normaliteit van die onderliggende bevolkings al dan nie – die Shapiro-Wilk-toets is dienoreenkomstig as maatstaf vir normaliteit aangewend (Conover 1999:450-454). Die Shapiro-Wilk-

⁴⁴Die Afrikaanse vertaling van die statistiese terme in hierdie hoofstuk berus op De Loor (1961).

toets is geskik vir klein steekproewe ($N = 3-50$) – dit is ’n belangrike oorweging in hierdie studie, aangesien die onafhanklike steekproewe (’n maksimum van 25 deelnemers vir die mans en 35 vir die vroue) betreklik klein is en ’n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie gewoonlik onder ’n selfs kleiner ondergroep van elke onafhanklike steekproef aangetref is.⁴⁵ Hierdie waarneming skyn die kollig op ’n sleutelbeperking in die vermoë van beide die *t*- en Mann-Whitney-toets om genderverskille in die huidige studie op te spoor omdat steekproefgrootte die belangrikste bepaler van die onderskeidingsvermoë (“power”) van ’n statistiese toets is (Bowen 2022:180-185): Hoe kleiner die onafhanklike steekproewe (onderskeidelik die manlike en vroulike deelnemers in hierdie studie), hoe groter die kans dat ’n vals nulhipotese (H_0) van geen verskil tussen die manlike en vroulike deelnemers vir ’n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie nie, aanvaar sal word wanneer dit in wese verwerp behoort te word. Inderdaad, Newman, Groom, Handelman en Pennebaker (2008:214, 221) beweer dat groot steekproewe nodig word om veral minder opsigtelike verskille in mans en vroue se taalgebruik op te spoor – dit verklaar waarom hulle hul studie oor die verskynsel op ’n steekproef van 14 324 deelnemers bestaande uit 5 971 mans en 8 353 vroue geskoei het. Die betreklik klein ondergroepe van onderskeidelik die manlike en vroulike deelnemers wat in die onderhawige studie vir ’n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie se frekwensietellings verantwoordelik was, verklaar derhalwe ’n oënskynlike teenstrydigheid in die onderstaande statistiese ontleding, aangesien die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid op ’n enkele uitsondering ná ’n verband tussen gender en ’n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie uitwys, maar wesenlike genderverskille yl in die taaldata gesaai lê: Die chi-kwadraattoets berus telkens op ’n betreklik hoë getal frekwensietellings wat die onderskeidingsvermoë van die toets bevorder, terwyl die statistiese toetse vir genderverskille op klein ondergroepe van die manlike en vroulike deelnemers toegepas word en die kans van ’n sogenaamde Tipe II-fout verhoog, naamlik om die nulhipotese van geen genderverskille nie te aanvaar wanneer dit in wese vals is. Sullivan (s.a.) vermaan soos volg:

It is important to note that nonparametric tests are subject to the same errors as parametric tests. A Type I error occurs when a test incorrectly rejects the null hypothesis. A Type II error occurs when a test fails to reject H_0 when it is false. Power is the probability of a test to correctly reject H_0 . Nonparametric tests can be subject to low power mainly due to small sample size. Therefore, it is important to consider the possibility of a Type II error when a nonparametric test fails to reject H_0 . There may be a true effect or difference, yet the nonparametric test is underpowered to detect it.

⁴⁵Ahad, Yin, Othman en Yaacob (2011) voer aan dat die Shapiro-Wilk-toets ander gewilde toetse, byvoorbeeld die Anderson-Darling-, Cramér-von Mises- en Kolmogorof-Smirnof-toets, vir normaal verdeelde onderliggende bevolkings troef wanneer dit by klein steekproewe kom.

In die onderstaande bespreking word die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid volledig uiteengesit, maar daar word nie op die besonderhede van die Shapiro-Wilk- en Mann-Whitney-toets ingegaan nie ten einde te verhoed dat hierdie hoofstuk in 'n verhandeling in die klein ontaard.

8.2.2 Die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid

Die keuse van die chi-kwadraattoets vir die vasstelling van 'n verband tussen gender en die kletsgroepdeelnemers se SMS-Afrikaans spruit uit die aard van die taaldata: Daar is telkens net één onafhanklike veranderlike (gender) en één afhanklike veranderlike ('n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie), en albei is kategories (Miller 2022:66-68). Die chi-kwadraattoets is 'n voorbeeld van 'n nieparametriese statistiese toets, want dit maak geen aannames oor die aard van die onderliggende bevolkingsverdeling nie (Bowen 2022:414). Daar is twee weergawes van die toets, naamlik die chi-kwadraattoets vir aanpasbaarheid (“goodness of fit”) en die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid (“independence”). Laasgenoemde is in hierdie afdeling van belang, want dit bepaal die mate waarin die verdeling van waargenome frekwensietellings afwyk van die frekwensietellings wat verwag sou kon word indien die onafhanklike veranderlike (gender) géén invloed op die afhanklike veranderlike (byvoorbeeld die voorkoms van aksentstilering) uitoefen nie. Die oorhoofse nul- en eksperimentele hipotese, onderskeidelik H_0 en H_a , vir die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid sien in hierdie studie soos volg daaruit:

H_0 : Daar is nie 'n verband tussen gender en die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans nie.

H_a : Daar is 'n verband tussen gender en die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans.

Die chi-kwadraatstatistiek, χ^2 , word bereken deur eers vir elke eksperimentele waarneming die verskil tussen 'n waargenome frekwensietelling, O , en 'n verwagte frekwensietelling, E , te kwadreer, die resultaat deur die verwagte frekwensietelling te deel en eindelik al die kwosiënte wat só ontstaan bymekaar te tel om die waarde van die chi-kwadraatstatistiek te bepaal. Die formule vir χ^2 is soos volg (Conover 1999:204-205):

$$\chi^2 = \sum_{i=1}^r \sum_{j=1}^k \frac{(O_{ij} - E_{ij})^2}{E_{ij}}$$

Die steunpilaar van die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid is 'n gebeurlikheidstabel (“contingency table”) bestaande uit r rye en k kolomme; elke waargenome frekwensietelling word tegelyk deur beide 'n ry- en 'n kolomveranderlike geklassifiseer. Die tabel sien in die algemeen soos volg daaruit (Conover 1999:204):

Tabel 8-1. 'n Prototipiese gebeurlikheidstabel vir die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid

		Kolom					Totale
		1	2	3	...	k	
Ry	1	O_{11}	O_{12}	O_{13}	...	O_{1k}	R_1
	2	O_{21}	O_{22}	O_{23}	...	O_{2k}	R_2
	3	O_{31}	O_{32}	O_{33}	...	O_{3k}	R_3

	r	O_{r1}	O_{r2}	O_{r3}	...	O_{rk}	R_r
	Totale	K_1	K_2	K_3		K_k	n

Die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid en by uitbreiding ook die samestelling van die gebeurlikheidstabel berus op die volgende aannames:

- Die steekproef bestaan uit n ewekansige eksperimentele waarnemings.
- Elke eksperimentele waarneming kan in presies een van r verskillende kategorieë volgens een voorwaarde en een van k verskillende kategorieë volgens 'n tweede voorwaarde ingedeel word.

Al twee hierdie aannames word in die huidige studie bevredig: Daar was geen beperkings op die steekproeflede se taalgebruik nie en dus het elke stylkenmerk en pragmatiese funksie presies dieselfde kans as al die ander gehad om in 'n bepaalde boodskap op te duik. Daar is ook nie enige afhanklikheid tussen enige van die stylkenmerke of pragmatiese funksies nie – die voorkoms van 'n bepaalde stylkenmerk val byvoorbeeld nie met die verpligte voorkoms van enige ander stylkenmerk saam nie. Verder is die kategorisering van die stylkenmerke en pragmatiese funksies eenduidig gedoen; met ander woorde, 'n

bepaalde stylkenmerk in 'n bepaalde boodskap deur 'n bepaalde steekproefdeelnemer is aan net één rykategorie (byvoorbeeld die oormatige gebruik van hoofletters) en één kolomkategorie (byvoorbeeld manlike deelnemers) toegesê. Dit beteken dat dit ewe waarskynlik vir elke stylkenmerk en pragmatiese funksie is om onafhanklik van die ander in ry i en kolom j ingedeel te word.

Die formule vir die berekening van χ^2 vereis twee weergawes van die gebeurlikheidstabel – een gebaseer op die waargenome frekwensietellings, O_{ij} , en een gebaseer op die verwagte frekwensietellings, E_{ij} . Die grondslag vir die waargenome frekwensietellings in hierdie studie is die getal boodskappe waarin 'n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie aangetref is eerder as die absolute getal voorkomste daarvan. Dit weerspieël praktiese oorwegings wat in die ontleding van die taaldata opgeduik het en lei daartoe dat die waargenome frekwensietellings die ware voorkoms van 'n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie ietwat te laag tel. Nietemin, die veelvoudige voorkoms van 'n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie in dieselfde boodskap was die uitsondering op die reël en gevolglik is die getal boodskappe telkens as beraming vir 'n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie gebruik. Die verwagte frekwensietellings verteenwoordig die frekwensietellings wat statisties voorspel sou word indien die nulhipotese waar is; met ander woorde, die beraamde frekwensietellings wanneer die veranderlikes onafhanklik van mekaar is. Die formule vir die berekening van die verwagte frekwensietellings, E_{ij} , is soos volg:

$$E_{ij} = R_i \cdot \frac{K_j}{n}$$

waar n die totale getal frekwensietellings is en bereken kan word deur óf die ry- óf die kolomtotale in die gebeurlikheidstabel bymekaar te tel. Die waargenome en verwagte frekwensietellings kan gebruik word om te bepaal watter van die eksperimentele waarnemings die belangrikste bydraers tot die waarde van die chi-kwadratstatistiek en gevolglik die moontlike verwerping van die nulhipotese is. Dit word gedoen deur die waargenome en verwagte frekwensietellings in absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes volgens die volgende formule te omskep (Crewson 2016:76-77):


$$\text{residuele waarde}_{ij} = \left| \frac{O_{ij} - E_{ij}}{\sqrt{E_{ij}}} \right|$$

'n Residuele waarde groter of gelyk aan 2 dui in die algemeen daarop dat 'n betrokke eksperimentele waarneming, O_{ij} , sterk tot die numeriese waarde van die chi-kwadratstatistiek bydra en dus tot 'n moontlik statisties betekenisvolle resultaat aanleiding kan gee.

Die voorlaaste oorweging is die berekening van die getal vryheidsgrade, wat in die algemeen gedefinieer word as die maksimum getal frekwensietellings waarvan die waardes vrylik kan wissel en nie deur die statistiese prosedure beperk word nie (Bowen 2022:76). Vir die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid is die getal vryheidsgrade gelyk aan die produk van (die getal rye minus een) en (die getal kolomme minus een) in die gebeurlikheidstabel (Bowen 2022:424):

$$\text{getal vryheidsgrade} = (r - 1) \cdot (k - 1)$$

Laastens behels die interpretasie van die chi-kwadraatstatistiek die keuse van 'n betekenispeil, α ("significance level"), dat die nulhipotese waar is; met ander woorde, dat die veranderlikes in die gebeurlikheidstabel onafhanklik is en geen invloed op mekaar uitoefen nie. Die nulhipotese word verwerp as χ^2 groter of gelyk is aan die teoretiese waarde van die chi-kwadraatstatistiek, $\chi^2_{krities}$, in 'n verdeling onderhewig aan die berekende getal vryheidsgrade en die gekose betekenispeil, α . Dit word grafies in Figuur 8-1 voorgestel vir $\chi^2 = 9,07$; 'n kritiese waarde van 7,81; 'n verdeling gebaseer op drie vryheidsgrade; en $\alpha = 0,05$. Aangesien $9,07 \geq 7,81$, is die kans dat die nulhipotese waar is minder as vyf persent en dus kan dit verwerp en die eksperimentele hipotese aanvaar word (Sabine & Plumpton 1985:80):



Figuur 8-1. 'n Grafiese voorstelling van die interpretasie van die chi-kwadraattoets (Sabine & Plumpton 1985:80)

Die kritiese waardes van die chi-kwadraattoets vir 'n gegewe getal vryheidsgrade en gekose betekenispeil kan afgelees word uit 'n kritiesewaardetabel waarvan 'n gedeelte ter illustrasie in Tabel 8-2 opgeneem is (Bowen 2022:451-452).

Tabel 8-2. Enkele kritiese waardes vir die chi-kwadraattoets

Vryheidsgrade	Gekose α -waarde vir 'n χ^2 -verdeling met 'n regteruiteinde				
	0,100	0,050	0,025	0,010	0,005
1	2,706	3,841	5,024	6,635	7,879
2	4,605	5,991	7,378	9,210	10,597
3	6,251	7,815	9,348	11,345	12,838
4	7,779	9,488	11,143	13,277	14,860
5	9,236	11,070	12,833	15,086	16,750
6	10,645	12,592	14,449	16,812	18,548
7	12,017	14,067	16,013	18,475	20,278
8	13,362	15,507	17,535	20,090	21,955
9	14,684	16,919	19,023	21,666	23,589
10	15,987	18,307	20,483	23,209	25,188

Levon (2018:143) voer aan dat dit die konvensie in die sosiale en geesteswetenskappe is om $\alpha = 0,050$ te gebruik; hy verduidelik die meegaande interpretasie van die chi-kwadraattoets soos volg (sy skuinsgedruk):

As a convention in the humanities and social sciences, we take a prediction of 5 times out of 100 ($p = 0.05$) as a cut-off point. Greater than 5 out of 100 ($p > 0.05$), we cannot reject the null hypothesis; less than or equal to 5 out of 100 ($p \leq 0.05$), we can reject the null hypothesis. Since the null and experimental hypotheses are two sides of the same coin, when we *reject* the null hypothesis, we conversely are able to support the experimental hypothesis. In this situation, we claim that the quantitative analysis was statistically significant. What this significance means is that there is less than a 5 percent chance that we would observe the patterns that we find if the null hypothesis were true. As a result, we

are at least 95 percent sure that the patterns in our data are not accidental and that a relationship does in fact exist between our dependent and independent variable(s).⁴⁶

Daar word in hierdie studie by dié konvensie ingeval en dus sal die nulhipotese vir die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies telkens getoets word deur die berekende chi-kwadraatstatistiek met die kritiese waarde vir 'n bepaalde getal vryheidsgrade en 'n betekenispeil van $\alpha = 0,050$ te vergelyk. Prakties beteken dit dat die navorser bereid is om te aanvaar dat daar 'n kans van een in 20 bestaan dat die nulhipotese verwerp sal word ten spyte daarvan dat dit waar is ('n tipe I-fout).

Alhoewel die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid op 'n statisties betekenisvolle verband tussen twee veranderlikes kan dui, beteken dit nie noodwendig dat die verband wesenlik is nie. Ten einde die wesenlikheid van χ^2 te bepaal, word Cramér se koëffisiënt, V , dikwels vir gebeurlikheidstabelle van grootte $r \cdot k$ gebruik (Crewson 2016:79):

$$V = \sqrt{\frac{\chi^2}{n \cdot (L - 1)}}$$

In hierdie formule is χ^2 die chi-kwadraatstatistiek, n die totale getal eksperimentele waarnemings en L die kleinste van die getal rye of kolomme in Tabel 8-1. Die interpretasie van V is in die breë soos volg:

- $> 0,50$: 'n sterk verband
- $0,30 - 0,50$: 'n middelmatige verband
- $0,10 - 0,30$: 'n swak verband
- $0,01 - 0,10$: geen of 'n geringe verband

Uiteindelik behels die interpretasie van die chi-kwadraatstatistiek dus twee stappe wat op (i) die vasstelling van statistiese betekenisvolheid en (ii) die wesenlikheid daarvan afgestem is.

⁴⁶ In hierdie verduideliking gebruik Levon “p” om na beide die gekose betekenispeil, α , en 'n berekende waarskynlikheid, p , van die chi-kwadraatstatistiek te verwys. Statisties verwys α na die kans dat die nulhipotese verwerp sal word wanneer dit waar is ('n sogenaamde tipe I-fout), terwyl p die waarskynlikheid verteenwoordig om die waarde van χ^2 te vind indien die nulhipotese waar is. Indien p groter as α is, kan die nulhipotese nie verwerp word nie; indien p kleiner of gelyk aan α is, kan die nulhipotese verwerp en die eksperimentele hipotese aanvaar word (Bowen 2022:180-192).

Die stapsgewyse toepassing van die chi-kwadraattoets word in §8.2.3 aan die hand van die onderskeidende fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans geïllustreer. Daarna word die chi-kwadraattoets op die res van die stylkenmerke en pragmatiese funksies bespreek in hoofstukke 5-7 uitgevoer en telkens tabellaries opgesom. Die tersaaklike tabelle in hierdie hoofstukke word herhaal met die verskil dat (i) die frekwensietellings vir mans en vroue ingesluit word en (ii) die chi-kwadraatstatistiek, vryheidsgrade, kritiese waarde, waarskynlikheid om die waarde van χ^2 aan te tref indien die nulhipotese waar is en wesenlikheid van die verband op grond van Cramér se koëffisiënt ook telkens aangedui word. Die leser sal waardeur dat daar stylsgewys herhaling in die aanbieding van die bevindings is vanweë die feit dat die uitvoering van die statistiese toetse deurgaans dieselfde is.

8.2.3 Mikrolinguistiese kenmerke

Die mikrolinguistiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans is breedvoerig in hoofstuk 5 aan die hand van die fonologiese, morfologiese en ortografiese eienskappe daarvan bespreek. Net soos in hoofstuk 5 word die eersgenoemde twee hier saam bespreek, terwyl die ortografiese kenmerke afsonderlik ontleed word.

8.2.3.1 Fonologiese en morfologiese kenmerke

Die nul- en eksperimentele hipotese (onderskeidelik H_0 en H_a) waarop die chi-kwadraattoets vir hierdie kenmerke toegepas word, sien soos volg daaruit:

H_0 : Daar is geen verband tussen gender en die onderskeidende fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans nie.

H_a : Daar is 'n verband tussen gender en die onderskeidende fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans.

Die waargenome frekwensietellings vir die fonologiese en morfologiese kenmerke is in Tabel 5-1 opgesom; dit verskyn in hierdie hoofstuk in 'n aangepaste vorm in Tabel 8-3 om die verdeling van die frekwensietellings vir die verskillende kenmerke tussen die manlike en vroulike deelnemers aan te dui. Standaardtaalafkorting verskyn nie in Tabel 8-3 nie omdat dit op grond van die bespreking in hoofstuk 5 nie as 'n onderskeidende stylkenmerk van SMS-Afrikaans gereken word nie. Eindweglating en visuele herspelling is ook afwesig, aangesien hierdie verskynsels nie in die taaldata aangetref is nie en dus nie in die statistiese ontleding van belang is nie.

Tabel 8-3. Waargenome frekwensietellings vir die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Mikrolinguistiese kategorie	Kenmerk	Manlik	Vroulik	Getal boodskappe
Fonologie	Aksentstilering	157	106	263
Morfologie	Voorletterwoorde	106	92	198
Fonologie	Fonetiese herspelling	40	73	113
Morfologie	Letterweglating	23	75	98
Morfologie	Knipsels	38	29	67
Morfologie	Letterherhaling	22	37	59
—	Lawwighede/speelsheid	5	7	12
Fonologie	Alfanumeriese homofone	1	0	1
Fonologie	Homofone gebaseer op een letter of syfer	0	2	2
Totale		392	421	813

Die tweede stap behels die berekening van die verwagte frekwensietellings volgens die formule hier bo. Die rytotale stem ooreen met die totale getal boodskappe vir elke kenmerk (die rytotaal vir aksentstilering is byvoorbeeld 263), terwyl die kolomtotale dié vir elk van die manlike en vroulike deelnemers is (onderskeidelik 392 en 421 in Tabel 8-3). Die totale getal frekwensietellings, n , is dieselfde as die totale getal boodskappe waarin die onderskeidende fonologiese en morfologiese SMS-verskynsels voorkom, naamlik 813. Die verwagte frekwensietellings (afgerond tot een desimaal) verskyn in Tabel 8-4.⁴⁷

⁴⁷Die chi-kwadraattoets vereis dat die totale getal boodskappe vir elke ry en kolom in die gebeurlikheidstabelle vir die waargenome en verwagte frekwensietellings dieselfde is, wat verklaar waarom die totale getal boodskappe vir elke kenmerk en gender in Tabel 8-4 nie ook tot een desimaal afgerond word nie.

Tabel 8-4. Verwagte frekwensietellings vir die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Mikrolinguistiese kategorie	Kenmerk	Manlik	Vroulik	Getal boodskappe
Fonologie	Aksentstilering	126,8	136,2	263
Morfologie	Voorletterwoorde	95,5	102,5	198
Fonologie	Fonetiese herspelling	54,5	58,5	113
Morfologie	Letterweglating	47,3	50,7	98
Morfologie	Knipsels	32,3	34,7	67
Morfologie	Letterherhaling	28,4	30,6	59
—	Lawwighede/speelsheid	5,8	6,2	12
Fonologie	Alfanumeriese homofone	0,5	0,5	1
Fonologie	Homofone gebaseer op een letter of syfer	1,0	1,0	2
Totale		392	421	813

Hier ontstaan egter nou 'n komplikasie, aangesien vier (22,2 persent) van die 18 verwagte frekwensietellings kleiner as vyf is, naamlik dié vir beide die manlike en vroulike deelnemers vir alfanumeriese homofone en homofone gebaseer op een letter of syfer. Die geldigheid van die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid is bevraagtekenbaar wanneer 20 persent en meer van die verwagte frekwensietellings kleiner as vyf is soos wat hier die geval is. 'n Omweg lê daarin om verwante kategorieë met verwagte frekwensietellings kleiner as vyf in 'n nuwe een saam te voeg en die toets te herhaal om te verseker dat die 20 persent-kerf nie oorskry word nie.⁴⁸ 'n Aangepaste weergawe van Tabel 8-4 verskyn derhalwe as Tabel 8-5 hier onder – nou met net twee (12,5 persent) van die 16 verwagte frekwensietellings kleiner as vyf.⁴⁹

⁴⁸Die samevoeging van verwante kategorieë is 'n erkende praktyk om te verseker dat nie meer as 20 persent van die verwagte frekwensietellings in 'n gebeurlikheidstabel kleiner as vyf is nie en sodoende die geldigheid van die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid te verseker (Bowen 2022:428).

⁴⁹Die waargenomefrekwensietabel is dienooreenkomstig aangepas deur die kategorieë vir alfanumeriese homofone en homofone gebaseer op een letter of syfer in 'n enkele kategorie getiteld "Allerlei" saam te voeg. Dié aangepaste tabel verskyn bondigheidshalwe nie in die teks nie.

Tabel 8-5. Aangepaste verwagte frekwensietellings vir die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Mikrolinguietiese kategorie	Kenmerk	Manlik	Vroulik	Getal boodskappe
Fonologie	Aksentstilering	126,8	136,2	263
Morfologie	Voorletterwoorde	95,5	102,5	198
Fonologie	Fonetiese herspelling	54,5	58,5	113
Morfologie	Letterweglating	47,3	50,7	98
Morfologie	Knipsels	32,3	34,7	67
Morfologie	Letterherhaling	28,4	30,6	59
–	Lawwighede/speelsheid	5,8	6,2	12
–	Allerlei	1,4	1,6	3
Totale		392	421	813

Vervolgens word die chi-kwadraatstatistiek met behulp van die formule vir χ^2 hier bo bereken. Die besonderhede verskyn in Tabel 8-6. Die onderliggende “boustene” vir die algehele waarde van $\chi^2 = 52,831$ verskyn in die kolomme getiteld “Manlik” en “Vroulik” vir elk van die rye van die gebeurlikheidstabel; die waarde van 7,2 vir aksentstilering in die kolom “Manlik” kom byvoorbeeld tot stand uit die berekening $(157,0 - 126,8)^2 / 126,8 = 7,2$. Die toepaslike getal vryheidsgrade verskyn na onder in die tabel en is bereken deur die toepassing van die formule: $\text{vryheidsgrade} = (r - 1) \cdot (k - 1) = (8 - 1) \cdot (2 - 1) = 7 \cdot 1 = 7$, want daar is agt rye vir die fonologiese en morfologiese kenmerke en twee kolomme vir gender in Tabel 8-5 en Tabel 8-6.

Met hierdie inligting kan die nulhipotese vir die fonologiese en morfologiese kenmerke nou getoets word: Tabel 8-2 dui aan dat die kritiese waarde van die chi-kwadraatstatistiek vir sewe vryheidsgrade en $\alpha = 0,050$ gelyk aan 14,067 is. Aangesien die berekende waarde van die chi-kwadraatstatistiek, naamlik $\chi^2 = 52,831$, groter of gelyk aan 14,067 is, kan die nulhipotese verwerp en die eksperimentele hipotese aanvaar word. Dit beteken dat daar ’n statisties betekenisvolle verband tussen die gender van die steekproeflede en die

fonologiese en morfologiese kenmerke van hulle SMS-Afrikaans bestaan.⁵⁰ Alhoewel die statistiese verband betekenisvol is (met ander woorde, die eksperimentele waardes kan nie aan kans toegeskryf word nie), is die wesenlike een swak op grond van die feit dat die waarde van Cramér se koëffisiënt 0,25 is. Hierbenewens is die verskille hoofsaaklik in letterweglating en aksentstilering gesetel, aangesien hierdie kenmerke die vernaamste bydraers tot die waarde van die chi-kwadratstatistiek is deur onderskeidelik 45,5 persent en 26,3 persent daarvan te verreken. Dit word weerspieël deur die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes van 3,528 en 2,681 vir onderskeidelik letterweglating en fonetiese herspelling vir die manlike deelnemers, en ooreenstemmende waardes van 3,404 en 2,587 vir hierdie kategorieë vir die vroulike deelnemers.

Tabel 8-6. Samestelling van die chi-kwadratstatistiek vir die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Mikrolinguistiese kategorie	Kenmerk	Manlik	Vroulik	Bydrae	Persentasie
Fonologie	Aksentstilering	7,2	6,7	13,9	26,3
Morfologie	Voorletterwoorde	1,2	1,1	2,2	4,2
Fonologie	Fonetiese herspelling	3,9	3,6	7,4	14,1
Morfologie	Letterweglating	12,4	11,6	24,0	45,5
Morfologie	Knipsels	1,0	0,9	1,9	3,7
Morfologie	Letterherhaling	1,5	1,4	2,8	5,3
—	Lawwighe/speelsheid	0,1	0,1	0,2	0,4
—	Allerlei	0,1	0,1	0,3	0,5

⁵⁰ Microsoft Excel bied 'n handige, alternatiewe manier om die nulhipotese met 'n ingeboude funksie, CHISQ.DIST.RT(χ^2 , vryheidsgrade), te toets. Die argumente van hierdie funksie is die waarde van die chi-kwadratstatistiek en die betrokke getal vryheidsgrade (52,831 en sewe in hierdie geval). Die funksie bereken die waarskynlikheid om die waarde van χ^2 te vind indien die nulhipotese waar is: $p = \text{CHISQ.DIST.RT}(52.831, 7) = 4,004 \times 10^{-9}$. Hierdie waarde is heelwat kleiner as die gekose betekenispeil van $\alpha = 0,050$. Die waarskynlikheid dat die gender van die steekproeflede en die fonologiese en morfologiese kenmerke van hulle SMS-Afrikaans onafhanklik van mekaar is, is 'n skamele $4,004 \times 10^{-9}$ en dus kan die nulhipotese met 'n redelik hoë mate van sekerheid verwerp word.

Mikrolinguistiese kategorie	Kenmerk	Manlik	Vroulik	Bydrae	Persentasie
				$\chi^2 = 52,831$	100,0
Vryheidsgrade = 7 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 14,067$ vir $\alpha = 0,050$					
$p = 4,004 \times 10^{-9}$; $V = 0,25$					

Die mikrolinguistiese kenmerke in Tabel 8-6 is vervolgens vir genderverskille ondersoek. Lawwighede/speelsheid, alfanumeriese homofone en homofone gebaseer op een letter of syfer is nie by die ontleding ingesluit nie, aangesien hierdie kenmerke deur te min mans en vroue ingespan is om 'n statistiese ontleding sinvol te maak. Vir elk van die oorblywende kenmerke is soos volg te werk gegaan: Die boodskappe waarin 'n bepaalde kenmerk waargeneem is, is ooreenkomstig die gender van die betrokke kletsgroepdeelnemers ingedeel om die onafhanklike steekproewe vir die statistiese toetse te vorm. Daarna is die Shapiro-Wilk-toets op elk van die steekproewe uitgevoer om die normaliteit al dan nie van die onderliggende bevolkings te toets. Die nulhipotese van die Shapiro-Wilk-toets (die toetsstatistiek word gewoonlik met W aangedui) is dat die onderliggende bevolking normaal verdeel is, terwyl die alternatiewe hipotese inhou dat dit nie die geval is nie (Conover 1999:450-454). Indien enige van die onafhanklike steekproewe se onderliggende bevolkings nie normaal verdeel is nie, is die Mann-Whitney-toets (die toetsstatistiek word gewoonlik met U aangedui) uitgevoer, andersins is daar van die t -toets vir onafhanklike steekproewe gebruik gemaak. Die Mann-Whitney-toets berus op rangordes; Conover (1999:271-272) verduidelik dit soos volg (sy skuinsgedruk):

An intuitive approach to the two-sample problem is to combine both samples into a single ordered sample and then assign ranks to the sample values from the smallest value to the largest, without regard to which population each value came from. Then the test statistic might be the *sum* of the ranks assigned to those values from one of the populations. If the sum is too small (or too large), there is some indication that the values from that population tend to be smaller (or larger, as the case may be) than the values from the other population. Hence the null hypothesis of no differences between populations may be rejected if the ranks associated with one sample tend to be larger than those of the other sample.

Die nulhipotese van 'n tweekantige Mann-Whitney-toets vir onafhanklike steekproewe is dat daar nie 'n verskil in die verdelingsfunksies van die onderliggende bevolkings is nie, terwyl die alternatiewe hipotese inhou dat dit wel die geval is (Conover 1999:272-286). Daarteenoor is die nulhipotese van die tweekantige

t-toets vir normaal verdeelde, onafhanklike steekproewe dat daar nie 'n verskil tussen die gemiddeldes van die onderliggende bevolking is nie, terwyl die alternatiewe hipotese aanvoer dat dit wel die geval is (Bowen 2022:253-295). Die resultate van die statistiese soektog na genderverskille in die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans word in Tabel 8-7 opgesom; in alle gevalle is 'n betekenispeil van $\alpha = 0,050$ gebruik.

Tabel 8-7. Statistiese ontleding vir die identifisering van moontlike genderverskille in die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Mikrolinguistiese kenmerk	Steekproef, <i>N</i>		Shapiro-Wilk- <i>W</i>		Mann-Whitney- <i>U</i>
	Mans	Vroue	Mans	Vroue	
Aksentstilering	12	18	0,441	0,789	94,0
			$p < 0,0001$	$p < 0,010$	$p = 0,556$
Voorletterwoorde	10	30	0,417	0,617	52,0
			$p < 0,0001$	$p < 0,0001$	$p = 0,291$
Fonetiese herspelling	5	9	0,552	0,617	26,0
			$p < 0,001$	$p < 0,001$	$p = 0,755$
Letterweglating	4	9	0,893	0,649	13,5
			$p = 0,396$	$p < 0,001$	$p = 0,517$
Knipsels	8	7	0,634	0,734	22,5
			$p < 0,001$	$p < 0,010$	$p = 0,527$
Letterherhaling	6	10	0,537	0,792	40,0
			$p < 0,0001$	$p = 0,012$	$p = 0,302$

Die volgende gevolgtrekkings kan uit hierdie tabel gemaak word: Eerstens is die onafhanklike steekproewe betreklik klein – dit verlaag die onderskeidingsvermoë van die Mann-Whitney-toets en verhoog die kans van Tipe II-foute dat die nulhipotese van geen genderverskille nie aanvaar word wanneer dit eintlik verwerp behoort te word. Tweedens dui die resultate van die Shapiro-Wilk-toets aan dat die onafhanklike

steekproewe op 'n enkele uitsondering ná (die manlike steekproef vir letterweglating) op onderliggende bevolkings berus wat nie normaal verdeel is nie – dit verklaar waarom die Mann-Whitney- eerder as die t -toets uitsluitlik uitgevoer is om moontlike genderverskille op te spoor. Laasgenoemde toets was vir geeneen van die fonologiese en morfologiese kenmerke statisties betekenisvol nie en dus moet daar op grond van hierdie bevindings tot die slotsom gekom word dat daar nie statisties betekenisvolle verskille tussen die manlike en vroulike deelnemers aan die kletsgroep is wat die gereeldheid betref waarmee hulle die onderskeidende fonologiese en morfologiese hulpmiddels tot hulle beskikking op WhatsApp aanwend nie.

Om op te som: Die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid dui aan dat daar 'n statisties betekenisvolle verband tussen gender en die fonologiese en morfologiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans bestaan. Hierdie verband is egter wesenlik swak – oënskynlik in só 'n mate dat dit nie tot opspoorbare genderverskille binne die perke van betreklik klein onafhanklike steekproewe lei nie.

8.2.3.2 Ortografiese kenmerke

Die ortografiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans is in Tabel 5-4 opgesom. Die manier waarop die frekwensietellings vir die verskillende onderafdelings tussen die manlike en vroulike deelnemers uiteengeval het, sowel as die samestelling van die chi-kwadraatstatistiek, verskyn in Tabel 8-8. Oortollige spasies tussen die dele van 'n samestelling of samestellende samestelling is afwesig in hierdie tabel omdat dit volgens die bespreking in hoofstuk 5 nie as 'n onderskeidende stylkenmerk van die steekproeflede se SMS-Afrikaans gereken kan word nie. Die waarde van die chi-kwadraatstatistiek is 40,705; uit Tabel 8-2 is die betrokke kritiese waarde vir $\alpha = 0,050$ en vier vryheidsgrade 9,488. Aangesien $40,705 \geq 9,488$, kan die nulhipotese verwerp en die eksperimentele hipotese aanvaar word; met ander woorde, daar is 'n statisties betekenisvolle verband tussen gender en die manier waarop die manlike en vroulike deelnemers die ortografiese middele tot hulle beskikking in SMS-Afrikaans op WhatsApp aanwend. Uit die berekening van die chi-kwadraatstatistiek blyk dit dat die weglating van leestekens (42,6 persent) en die herhaling van leestekens (34,8 persent) die vernaamste boustene daarvan is; tesame verreken hierdie verskynsels 77,4 persent van die waarde van χ^2 . Dit word bevestig deur die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes: 3,150 en 2,848 vir onderskeidelik leestekenweglating en -herhaling vir die manlike deelnemers, en ooreenstemmende waardes van 2,720 en 2,459 vir die vroulike deelnemers. Alhoewel die chi-kwadraattoets statisties betekenisvol is, is die wesenlike verband gering geoordeel aan 'n Cramér-koëffisiënt van slegs 0,14.

Tabel 8-8. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die ortografiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIE TELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Weglating van leestekens	450	772	1 222	9,9	7,4	17,3	42,6
Weglating van skryftekens	226	244	470	3,2	2,4	5,5	13,6
Herhaling van leestekens	235	222	457	8,1	6,0	14,2	34,8
Buitensporige hooflettergebruik	26	20	46	2,1	1,5	3,6	8,8
Weglating van spasies	7	8	15	0,1	0,0	0,1	0,2
Totale	944	1 266	2 210		$\chi^2 =$	40,705	100,0
Vryheidsgrade = 4 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 9,488$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 3,094 \times 10^{-8}$; $V = 0,14$							

Alhoewel die berekening nie hier uiteengesit word nie, kan die inligting in Tabel 5-2 vir leestekenweglating gebruik word om aan te toon dat hierdie ortografiese kenmerk sigself 'n verband met gender vertoon, aangesien die chi-kwadraatstatistiek van 14,983 groter of gelyk aan die kritiese waarde van 11,070 vir $\alpha = 0,050$ en vyf vryheidsgrade is.⁵¹ In hierdie geval staan geeneen van die kategorieë as vername bydraers tot χ^2 uit nie, aangesien die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes deurgaans kleiner as 2 is. Verder is die wesenlike verband gering in die lig daarvan dat $V = 0,10$.

Die resultate vir die naspeuring van moontlike genderverskille in die ortografiese kenmerke word in Tabel 8-9 opgesom. Die interpretasie is soortgelyk aan dié vir die fonologiese en morfologiese kenmerke in Tabel 8-7. Die uitskieter is die weglating van spasies, waar die Shapiro-Wilk-toets aandui dat beide van die onderliggende bevolkings op normale verdelings berus. 'n Tweekantige t -toets is gevolglik uitgevoer, maar

⁵¹Die kategorieë vir dubbelpunt- en aanhalingstekeweglating is saamgevoeg om die geldigheid van die chi-kwadraattoets te verseker.

dié toets het aangedui dat die nulhipotese nie verwerp kan word nie ($p = 0,829 > \alpha = 0,050$) en dat daar dus nie statisties betekenisvolle verskille tussen die manlike en vroulike deelnemers bestaan in soverre dit die weglating van spasies aangaan nie.

Tabel 8-9. Statistiese ontleding vir die identifisering van moontlike genderverskille in die ortografiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Ortografiese kenmerk	Steekproef, <i>N</i>		Shapiro-Wilk- <i>W</i>		Mann-Whitney- <i>U</i>
	Mans	Vroue	Mans	Vroue	
Weglating van leestekens	22	29	0,484	0,678	298,0
			$p < 0,0001$	$p < 0,0001$	$p = 0,696$
Weglating van skryftekens	17	22	0,436	0,610	169,0
			$p < 0,0001$	$p < 0,0001$	$p = 0,614$
Herhaling van leestekens	12	21	0,619	0,602	158,5
			$p < 0,0001$	$p < 0,0001$	$p = 0,229$
Buitensporige hooflettergebruik	7	10	0,742	0,555	48,5
			$p = 0,010$	$p < 0,0001$	$p = 0,918$
Ortografiese kenmerk	Steekproef, <i>N</i>		Shapiro-Wilk, <i>W</i>		<i>t</i> -toets
	Mans	Vroue	Mans	Vroue	
Weglating van spasies	4	4	0,946	0,838	-0,225
			$p = 0,689$	$p = 0,189$	$p = 0,829$

Tot dusver: Die chi-kwadraattoets dui aan dat daar 'n statisties betekenisvolle verband tussen gender en die mikrolinguistiese kenmerke van die kletsgroepdeelnemers se SMS-Afrikaans bestaan. Op 'n wesenlike grondslag is die verband egter swak geoordeel aan Cramér se *V*-koëffisiënt vir die fonologiese en morfologiese kenmerke aan die een kant en die ortografiese kenmerke aan die ander kant. Verder is genderverskille nie voor die hand liggend nie, maar dit kan bloot die gevolg van betreklik klein

onafhanklike steekproewe wees wat die onderskeidingsvermoëns van die *t*- en Mann-Whitney-toets uitdaag.

In hierdie stadium is die werkwysie vir die statistiese ontleding duidelik: Eers die chi-kwadraattoets om 'n moontlike verband tussen gender en 'n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie te lê, dan die Cramér-koëffisiënt om die wesenskap van die verband te beoordeel, vervolgens die Shapiro-Wilk-toets om die normaliteit van die onderliggende bevolking te beoordeel en laastens die *t*- of Mann-Whitney-toets om vir 'n statisties betekenisvolle verskil in die gemiddeldes (*t*) of mediane (Mann-Whitney) van hierdie bevolking te toets. In die res van die ontleding word die resultate van die chi-kwadraattoets bestendig aangebied omdat dit rigtinggewend oor 'n moontlike verband tussen gender en 'n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie is, terwyl die uitslae van die Shapiro-Wilk-toets vir normaliteit en die dienooreenkomstige *t*- of Mann-Whitney-toets net bespreek word wanneer dit op genderverskille dui.

8.2.4 Tipografiese kenmerke

Die tipografiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans is in §5.3 bespreek; daar het dit geblyk dat hierdie kenmerke deur emoji oorheers word en gevolglik word die aandag in die bespreking hier uitsluitlik aan dié prentkarakters gewy.

8.2.4.1 Die gewildste emoji

Daar was 'n *kwalitatiewe* verskil tussen die manlike en vroulike deelnemers in soverre dit hulle keuses van emoji aangaan. Tabel 8-10 dui aan dat hierdie verskil egter betreklik gering is, aangesien die top-10 emoji vir elk van die genders oor ses heen oorvleuel, naamlik (i) rol op die grond van die lag, 🤔; (ii) gesig met tranes van blydschap, 😄; (iii) klappende hande, 🙌; (iv) doodreg, 👍; (v) juigende hande, 🙌; en (vi) saamgeslaande hande, 🤝. Uniek aan die mans onder die top-10 is die stralende gesig met laggende oë, 😄; die wynbottel met 'n ploffende kurkprop, 🍷; die simbool vir manlikheid, ♂;⁵² en die knipooggesig met 'n uitgesteekte tong, 😜. Onder die vroulike deelnemers is die rooi hart, ❤️; 'n laggende gesig met 'n sweetpêrel,

⁵² Die “gewildheid” van die simbool vir manlikheid is 'n gevolg van die manier waarop WhatsApp sekere genderaanduidende emoji voorstel eerder as die doelbewuste gebruik daarvan deur die manlike deelnemers. Hierdie waarneming lei byvoorbeeld daartoe dat die man wat sy gesig met sy handpalm bedek, 🙌, tegnies die kombinasie van 'n oënskynlik geslagsneutrale karakter en die manlikheidsimbool is: 🙌♂. As hierdie hebbelikheid in ag geneem en die manlikheidsimbool buite rekening gelaat word, verskyn die blind-vir-die-kwaad-apie, 🙌, met 26 trefslae in die tiende posisie op die mans se lys van gunsteling.

😭; 'n gesig wat luidkeels huil, 😊; en 'n partytjieknal, 🎉, die emoji wat nie onder die mans se gunsteling tel nie. Die 35 vroulike deelnemers het in die geheel 144 verskillende emoji gebruik en die 25 manlike deelnemers 111; op die oog af is daar weinig verskil tussen die geslagte wanneer dit by hulle emoji-“woordeskat” kom.

Tabel 8-10. Die gewildste emoji onder die manlike en vroulike deelnemers aan die steekproef

Manlike deelnemers			Vroulike deelnemers		
Emoji	Beskrywing	Getal	Emoji	Beskrywing	Getal
😓	rol op die grond van die lag	583	😓	rol op die grond van die lag	564
😂	gesig met trane van blydschap	205	😂	gesig met trane van blydschap	326
👏	klappende hande	140	🙏	saamgeslaande hande	302
😊	stralende gesig met laggende oë	95	👏	klappende hande	188
👍	doodreg	65	❤️	rooi hart	114
👏	juigende hande	53	😓	laggende gesig met sweetpêrel	87
🙏	saamgeslaande hande	44	👍	doodreg	82
🍷	wynbottel met ploffende kurkprop	41	👏	juigende hande	77
♂	simbool vir manlikheid	35	😭	gesig wat luidkeels huil	71
😬	knipooggesig met uitgesteekte tong	29	🎉	partytjieknal	67

8.2.4.2 Die gebruik van emoji al dan nie

Enkele statistieke oor die voorkoms van emoji en ander tipografiese kenmerke is in Tabel 5-6 aangebied. Wanneer dit by die aantref van emoji in 'n boodskap kom, skemer dit uit die verwerkte inligting in Tabel 8-11 deur dat daar 'n verband met gender is: Die chi-kwadraatstatistiek van 110,959 is veel groter as die kritiese waarde van 5,991 vir $\alpha = 0,050$ en twee vryheidsgrade. Uit die onderbou van χ^2 volg dit dat die vernaamste bydraers tot die waarde daarvan boodskappe sonder emoji (60,2 persent van χ^2) en boodskappe saamgestel uit beide teks en emoji is (34,0 persent van χ^2). Dit word bevestig deur die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes: Dié vir boodskappe sonder emoji en boodskappe met teks en emoji

is onderskeidelik 6,338 en 4,765 vir die manlike deelnemers, terwyl die ooreenstemmende waardes 5,164 en 3,883 vir die vroue is. Daarteenoor is die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes vir boodskappe met slegs emoji 1,953 en 1,591 vir onderskeidelik die manlike en vroulike deelnemers. Alhoewel die chi-kwadraatstatistiek statisties hoogs betekenisvol is, is die wesenlike verband swak op grond van 'n Cramér-koëffisiënt van slegs 0,20.

Tabel 8-11. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die gebruik van emoji in die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIETELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Boodskappe sonder emoji	545	497	1 042	40,2	26,7	66,8	60,2
Boodskappe met teks en emoji	294	678	972	22,7	15,1	37,8	34,0
Boodskappe met net emoji	293	530	823	3,8	2,5	6,3	5,7
Totale	1 132	1 705	2 837		$\chi^2 =$	110,959	100,0
Vryheidsgrade = 2 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 5,991$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 8,044 \times 10^{-25}$; $V = 0,20$							

8.2.4.3 Die gebruik van emoji met of sonder gesigte

Tabel 5-6 bevat ook frekwensietellings vir die aard van die emoji in die taaldata en bepaal of dit gesigbevattend of gesigloos is. Die hooftrekke van die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid word in Tabel 8-12 opgesom; daaruit blyk dit dat daar ook hier 'n verband met gender teenwoordig is, aangesien die chi-kwadraatstatistiek van 8,014 groter of gelyk aan die kritiese waarde van 5,991 vir $\alpha = 0,050$ en twee vryheidsgrade is. Geeneen van die kategorieë staan volgens die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes bo die ander uit as vername bydraers tot die chi-kwadraatstatistiek nie. Daarbenewens is die verband tussen gender en die aard van die emoji in die steekproeflede se SMS-Afrikaans swak geoordeel aan 'n Cramér-koëffisiënt van slegs 0,07.

Tabel 8-12. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die aard van die emoji in die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIE TELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Boodskappe met gesiglose emoji	185	422	607	0,9	0,4	1,4	17,0
Boodskappe met gesigbevattende emoji	336	610	946	2,3	1,1	3,4	42,5
Boodskappe met beide	66	176	242	2,2	1,1	3,2	40,4
Totale	587	1 208	1 795		$\chi^2 =$	8,014	100,0
Vryheidsgrade = 2 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 5,991$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 0,018$; $V = 0,07$							

8.2.4.4 Die kommunikatiewe funksies van emoji

Die frekwensietellings vir die kommunikatiewe funksies van die emoji in die taaldata is in Tabel 5-7 opgesom. Uit hierdie tabel is dit duidelik dat die modale en leestekenfunksies oorheers, terwyl die referensiële funksie betreklik skaars is. Al die onderafdelings van laasgenoemde is derhalwe vir die doel van die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid saamgevoeg. Die hooftrekke van die toets verskyn in Tabel 8-13: Die chi-kwadraatstatistiek van 21,559 oorskry die kritiese waarde van 9,488 vir $\alpha = 0,050$ en vier vryheidsgrade, wat beteken dat daar 'n verband is tussen gender en die funksies waarvoor die steekproeflede emoji inspan. Die tabel dui aan dat proposisie-uitbreiding/houdingverklaring (30,6 persent van χ^2) en die vervanging van leestekens (60,8 persent van χ^2) die vernaamste boustene van die chi-kwadraatstatistiek is; tesame verreken hierdie funksies 91,4 persent van χ^2 . Die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes bevestig dat leestekenvervanging die vernaamste bydraer is, aangesien hierdie waardes 3,018 en 2,001 vir onderskeidelik die manlike en vroulike deelnemers is. Houdingverklaring as 'n voorbeeld van proposisie-uitbreiding is die mindere van die aandrywers van die chi-kwadraatstatistiek, aangesien slegs die absolute, gestandaardiseerde, residuele waarde van 2,140 vir die manlike deelnemers die minimum kerf van 2 oorskry. Uiteindelik is die wesenlike verband swak: Cramér se koëffisiënt is slegs 0,10.

Tabel 8-13. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die funksies van die emoji in die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIE TELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Proposisie-uitbreiding: houdingverklaring	502	992	1 494	4,6	2,0	6,6	30,6
Vervanging van punte, kommas, uitroep- en vraagtekens deur een of meer emoji	134	435	569	9,1	4,0	13,1	60,8
Herhaling van die dele van 'n proposisie	69	167	236	0,1	0,1	0,2	0,9
Proposisie-uitbreiding: bykomende inligting en versiering	15	37	52	0,0	0,3	0,3	1,2
Referensiële funksies ⁵³	2	11	13	1,0	0,4	1,4	6,5
Totale	722	1 642	2 364		$\chi^2 =$	21,559	100,0
Vryheidsgrade = 4 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 9,488$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 2,453 \times 10^{-4}$; $V = 0,10$							

8.2.4.5 Die plasing van emoji

Tabel 5-8 verskaf 'n samevatting van die posisies waar emoji in die boodskappe van die steekproeflede teëgekom is. Vir die doel van die chi-kwadraattoets is die frekwensietellings vir emoji wat aan die begin en in die middel van 'n boodskap geplaas is (slegs twee boodskappe); wat aan die begin, in die middel en aan die einde van 'n boodskap ingespan is (slegs een boodskap); en wat in die middel van 'n woord voorgekom het (slegs drie boodskappe) in 'n nuwe kategorie – “Ander” – bymekaargetel. Die waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek verskyn in Tabel 8-14.

⁵³Die referensiële funksies omvat die (i) vervanging van 'n woordeel deur een emoji, (ii) vervanging van 'n voltoord deur meer as een emoji en (iii) vervanging van 'n letter deur een emoji (Siever 2020:137-139).

Tabel 8-14. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die plasing van die emoji in die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIETELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Net aan einde	226	502	728	0,0	0,0	0,0	0,1
Net aan begin	32	36	68	5,8	2,6	8,4	32,2
Net in middel	11	42	53	1,7	0,8	2,5	9,6
In middel en aan einde	4	45	49	8,2	3,6	11,8	45,1
Aan begin en aan einde	15	19	34	2,0	0,9	2,8	10,8
Ander	1	5	6	0,4	0,2	0,6	2,2
Totale	289	649	938		$\chi^2 =$	26,131	100,0
Vryheidsgrade = 5 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 11,070$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 8,417 \times 10^{-5}$; $V = 0,17$							

Die waarde van die chi-kwadraatstatistiek, $\chi^2 = 26,131$, oortref die kritiese waarde van 11,070 vir $\alpha = 0,050$ en vyf vryheidsgrade en dus kan die nulhipotese verwerp en die eksperimentele hipotese – naamlik dat daar 'n verband tussen gender en die plasing van emoji in 'n boodskap bestaan – aanvaar word. Hierdie verband is egter swak gemeet aan 'n Cramér-koëffisiënt van $V = 0,17$. Verder dui die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes aan dat die plasing van emoji aan die begin van 'n boodskap, of in die middel en aan die einde daarvan, die vernaamste bydraers tot die chi-kwadraatstatistiek is. Dit is egter beperk tot die manlike deelnemers met waardes van onderskeidelik 2,414 en 2,856. Geen genderverskille kon in die plasing van emoji opgespoor word nie.

Opsommend: Die chi-kwadraattoets dui sonder uitsondering aan dat daar 'n verband tussen gender en die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans bestaan. Alhoewel die verband statisties betekenisvol is, wys Cramér se V -koëffisiënt telkens dat die wesenlike verband ten

beste swak is. Die chi-kwadraattoets berus deurgaans op betreklik hoë getalle frekwensietellings, terwyl die statistiese toets vir genderverskille op klein onafhanklike steekproewe steun. Laasgenoemde lei daartoe dat die onderskeidingsvermoëns van die parametrisie *t*- en nieparametrisie Mann-Whitney-toets beperk is, wat die raak identifisering van genderverskille bemoeilik – in só 'n mate dat dit nie onder enige van die mikrolinguistiese of tipografiese kenmerke bespeur kon word nie.

8.2.5 Sintaktiese kenmerke

Die sintaktiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans het in §6.2 aan bod gekom waar dit aan die hand van randstukke, ellips en deiksis ontgin is. Moontlike genderverskille tussen die manlike en vroulike deelnemers word dienooreenkomstig in die onderstaande bespreking ondersoek.

8.2.5.1 Randstukke

Beide die plasing en aard van die randstukke aangetref in die taaldata is in Tabel 6-1 opgesom; die chi-kwadraattoets is gevolglik op albei hierdie aspekte uitgevoer. Die waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir randstukplasing is in Tabel 8-15 opgeneem waaruit dit blyk dat $\chi^2 = 4,843$. Wanneer hierdie waarde van die chi-kwadraatstatistiek met die kritiese waarde van 5,991 vir $\alpha = 0,050$ en twee vryheidsgrade vergelyk word, is dit duidelik dat $4,843 < 5,991$; $p = \text{CHISQ.DIST.RT}(4.843, 2) = 0,089 > \alpha = 0,050$. Dit beteken dat die nulhipotese nie in hierdie geval verwerp kan word nie; met ander woorde, daar is nie 'n statisties betekenisvolle verband tussen gender en die plasing van randstukke binne 'n gekose betekenispeil van $\alpha = 0,050$ nie.

Tabel 8-15. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die plasing van randstukke in die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIETELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Net voorste randstukke	151	201	352	0,4	0,4	0,8	16,3
Net buitenste randstukke	147	174	321	0,0	0,0	0,0	0,8
Voorste en buitenste randstukke	26	17	43	2,2	1,8	4,0	83,0

Kategorie	FREKWENSIESELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Totale	324	392	716		$\chi^2 =$	4,843	100,0
Vryheidsgrade = 2 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 5,991$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 0,089$							

Die waargenome frekwensietellings en onderbou van die chi-kwadraatstatistiek vir die aard van die randstukke in die taaldata verskyn in Tabel 8-16. Die waarde van die chi-kwadraatstatistiek van 29,778 oortref die kritiese waarde van 14,067 vir $\alpha = 0,050$ en sewe vryheidsgrade. Die nulhipotese kan gevolglik verwerp en die eksperimentele hipotese aanvaar word; met ander woorde, daar bestaan 'n verband tussen gender en die aard van die randstukke wat in die steekproef se SMS-Afrikaans opgeduik het. Hierdie verband is egter wesenlik swak gemeet aan 'n Cramér-koëffisiënt van 0,19. Verder is net die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes vir appèluidrukkings groter as 2 (2,1612 vir die mans en 2,0370 vir die vroue).

Tabel 8-16. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die aard van die randstukke in die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIESELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Aanroep	228	284	512	0,7	0,6	1,3	4,4
Uitroep	40	74	114	3,5	3,1	6,5	22,0
Appèluidrukkings	52	30	82	4,7	4,1	8,8	29,6
Bevestiging	33	17	50	3,8	3,4	7,2	24,2
Versoeke	13	21	34	0,6	0,5	1,1	3,6
Ontkenning	12	6	18	1,5	1,3	2,8	9,3
Randadjunkte	6	4	10	0,4	0,3	0,7	2,3

Kategorie	FREKWENSIE TELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Tematiese uitdrukings	6	3	9	0,7	0,7	1,4	4,7
Totale	390	439	829		$\chi^2 =$	29,778	100,0
Vryheidsgrade = 7 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 14,067$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 1,043 \times 10^{-4}$; $V = 0,19$							

Gendersverskille is in die deelnemers se gebruik van randadjunkte waargeneem. Die Shapiro-Wilk-toets het aangedui dat die onderliggende bevolkings vir beide die manlike deelnemers ($N = 5$; $W = 0,552$; $p < 0,001$) en die vroue ($N = 3$; $W = 0,750$; $p < 0,001$) nie normale verdelings het nie. 'n Eenkantige Mann-Whitney-toets is derhalwe uitgevoer en het aangedui dat die vroulike deelnemers meer as die mans geneig is om van randadjunkte gebruik te maak ($U = 6,5$; $p < 0,0001$).⁵⁴ Voorbeelde (1)-(4) dien om die leser aan die aard van die verskynsel te herinner.

- (1) V3: **Wel** daai tyd het ek ni gedink dis baie snacks ni.....
- (2) M15: **Wel**, daar is gelukkig 'n baie goeie oplossing om die listeriose-uitbraak die hoof te bied...
- (3) V9: **Uhhmm**, ek sal ook pass 🤔🤔
- (4) M21: **Mmm**...mens moet versigtig wees met hierdie technology..

8.2.5.2 Ellips

Die voorkoms van die vernaamste sintaktiese ellips in die taaldata is in Tabel 6-2 vervat; die verwerking van hierdie inligting vir die doel van die chi-kwadraattoets word in Tabel 8-17 uiteengesit.

⁵⁴Die steekproefgroottes is bedrieglik hier, aangesien dit mag voorkom asof die manlike deelnemers meer as die vroue van randadjunkte gebruik behoort te maak op grond van die frekwensietellings in Tabel 8-16. Dit is egter nie die geval op grond van die meganika van die Mann-Whitney-toets nie.

Tabel 8-17. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die vernaamste sintaktiese ellips in die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIETELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Persoonlike voornaamwoorde	76	151	227	0,1	0,1	0,2	0,5
Lidwoorde	73	95	168	6,6	3,2	9,8	28,9
Koppelwerkwoorde	30	123	153	7,5	3,6	11,1	32,7
Voornaamwoord <i>dit</i>	40	101	141	0,6	0,3	0,9	2,8
Voor denkproseswerkwoorde	38	55	93	2,2	1,0	3,2	9,5
Hulpwerkwoord van tyd <i>het</i>	8	31	39	1,6	0,8	2,4	7,2
Ontkenningspartikel <i>nie</i>	4	24	28	2,8	1,3	4,1	12,1
Setsels <i>in, met, na, op, van en vir</i>	10	12	22	1,2	0,6	1,8	5,2
Deeltjie <i>saam</i> in <i>saamstem</i>	4	7	11	0,1	0,0	0,1	0,3
Neweskikkende voegwoorde <i>en, maar en want</i>	4	6	10	0,2	0,1	0,3	0,8
Totale	287	605	892		$\chi^2 =$	33,875	100,0
Vryheidsgrade = 9 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 16,919$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 9,394 \times 10^{-5}$; $V = 0,19$							

Uit hierdie tabel kan afgelei word dat daar 'n statisties betekenisvolle verband tussen gender en sintaktiese ellips bestaan, aangesien die chi-kwadraatstatistiek van 33,875 groter of gelyk aan die kritiese waarde van 16,919 vir $\alpha = 0,050$ en nege vryheidsgrade is. Die wesenlike verband is egter swak gemeet aan 'n Cramér-koeffisiënt van 0,19. Die vernaamste bydraers tot die waarde van die chi-kwadraatstatistiek is die weglating van koppelwerkwoorde en lidwoorde: Vir eersgenoemde is die absolute, gestandaardiseerde, residuele

waardes vir die manlike en vroulike deelnemers onderskeidelik 2,740 en 1,847; vir laasgenoemde is dit onderskeidelik 2,577 en 1,775.

Statisties betekenisvolle genderverskille is by die weglating van koppelwerkwoorde gevind. Al twee van die onderliggende bevolkings berus volgens die Shapiro-Wilk-toets op nienormalverdelings – vir die manlike deelnemers ($N = 15$) was $W = 0,596$ ($p < 0,0001$) en vir die vroue ($N = 24$) was $W = 0,620$ ($p < 0,0001$). Die frekwensietellings vir koppelwerkwoordweglating in Tabel 8-17 dui aan dat die verskynsel oënskynlik meer geredelik onder die vroulike deelnemers voorkom. Dit blyk inderdaad die geval te wees, aangesien 'n eenkantige Mann-Whitney-toets wys dat die rangordes van die vroulike deelnemers se frekwensietellings op 'n statisties betekenisvolle manier stelselmatig hoër as dié van die manlike deelnemers is ($U = 260,5$; $p = 0,007$). Enkele voorbeelde van koppelwerkwoordweglating verskyn in (5)-(8), waar die weglatings in **rooi** aangedui is.

- (5) V11: *KLASMAAT*... Nou getroud, sy **is** nie aktief op FB en ook nie baie whatsapp... Sy verpleeg nog en **is** in *ALMA MATER-STAD*
- (6) M7: Wie beoog nog om van *STAD* af te vlieg vir die reünie naweek ? Net Mango vlieg en vlugte is vol...ons **is** nou op waglys 😞
- (7) V25: Ai! Ek **is** lekker jaloers. En hartseer. Kyk nou na van my pics. Julle moet die naweek so geniet. Wens ek kon daar wees.
- (8) M11: 2 kantore **is** opgestel Seuns se huis skool **is** in plek. Gim **is** up en running. Lock down let's do this

Alhoewel die weglating van die neweskikkende voegwoorde *en*, *maar* en *want* nie in §6.2.2 bespreek is nie vanweë die betreklik klein getal boodskappe waarin die verskynsel teëgekome is, verteenwoordig hierdie kategorie 'n tweede geval waar statisties betekenisvolle verskille tussen die manlike deelnemers ($N = 4$) en vroue ($N = 5$) gevind is. Die Shapiro-Wilk-toets vir die vroulike deelnemers het op 'n nienormalverdeelde onderliggende bevolking gedui ($W = 0,552$; $p < 0,001$), waarna 'n eenkantige Mann-Whitney-toets bevestig het dat die rangordes van die vroulike deelnemers se frekwensietellings op 'n statisties betekenisvolle manier stelselmatig hoër as dié van die manlike deelnemers is ($U = 12,0$; $p < 0,0001$). Die voorbeelde in (9)-(12) dien om die verskynsel te illustreer, waar die weglatings weereens in **rooi** aangedui is.

- (9) V2: Jy weet ek en EGGENOOT en ons kleinste DOGTER sal albei bywoon ne?oudste skryf matriek en sal nt inloer 😊
- (10) M14: Hi *MATRIEKKLAS M14* hier van *STAD LAND* geniet die tyd saam. Sien baie bles oomies met ronde maagies, maar al die girls lyk nog die selfde.
- (11) V3: Gaan julle en d onnies kuier voggend?
- (12) M1: Dit gaan verwarring skep, want daar staan "all learners" in d verklaring.....of is ek net dofkop?

8.2.5.3 Deiksis

Die voorkoms van deiksis in die taaldata is in §6.2.3 na aanleiding van persoonsdeiksis, sosiale deiksis, plekdeiksis, tyddeiksis en deiktiese werkwoorde bespreek en die frekwensietellings is in Tabel 6-4 opgesom. Die statistiese verwerking van hierdie inligting verskyn in Tabel 8-18 waaruit dit blyk dat die berekende chi-kwadraatstatistiek van 18,386 groter of gelyk aan die kritiese waarde van 9,488 vir $\alpha = 0,050$ en vier vryheidsgrade is. Die implikasie is dat die nulhipotese verwerp moet word: Daar bestaan 'n statisties betekenisvolle verwantskap tussen gender en die aangeduide deiktiese kategorieë.⁵⁵ 'n Cramér-koëffisiënt van $V = 0,11$ dui egter aan dat die verband wesenlik swak is, terwyl die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes van 2,569 en 2,300 vir onderskeidelik die mans en vroue wys dat sosiale deiksis die vernaamste bydraer tot die waarde van die chi-kwadraatstatistiek is.

Tabel 8-18. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die vernaamste deiksis in die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIETELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Persoonsdeiksis	416	592	1 008	2,4	1,9	4,2	23,1

⁵⁵Interessant genoeg is daar nie 'n statisties betekenisvolle verband tussen gender en die onderliggende kategorieë van persoonsdeiksis op grond van die inligting in Tabel 6-3 nie. Die waarde van die chi-kwadraatstatistiek is $\chi^2 = 18,309$, wat kleiner is as die kritiese waarde van 19,675 vir $\alpha = 0,050$ en 11 vryheidsgrade. Verder is $p = \text{CHISQ.DIST.RT}(18.309, 11) = 0,075 > \alpha = 0,050$.

Kategorie	FREKWENSIE TELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Deiktiese werkwoorde	89	99	188	0,3	0,3	0,6	3,4
Plekdeiksis	87	93	180	0,6	0,5	1,1	5,8
Tyddeiksis	75	83	158	0,3	0,3	0,6	3,1
Sosiale deiksis	52	30	82	6,6	5,3	11,9	64,7
Totale	719	897	1 616		$\chi^2 =$	18,386	100,0
Vryheidsgrade = 4 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 9,488$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 1,037 \times 10^{-3}; V = 0,11$							

8.2.6 Leksikale kenmerke

Die leksikale kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans is in §6.3 verken op grond van die aard van die waargenome taaluitruiling (Tabel 6-5) en die woordsoorte waar kodevermenging tussen Afrikaans en Engels die meeste in die steekproef se SMS-Afrikaans aangetref is (Tabel 6-6).

8.2.6.1 Taaluitruilingsaard

Die waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek verskyn in Tabel 8-19. Uit hierdie tabel is dit duidelik dat $\chi^2 = 12,937$, wat die kritiese waarde van 9,488 vir $\alpha = 0,050$ en vier vryheidsgrade oorskry. Die nulhipotese kan dus verwerp en die eksperimentele hipotese aanvaar word, naamlik dat daar 'n verband tussen gender en die aard van die waargenome taaluitruiling van die steekproeflede bestaan. Die verband is egter swak geoordeel aan 'n Cramér-koëffisiënt van 0,14. Geeneen van die onderskeie kategorieë het as besonder sterk bydraers tot die chi-kwadraatstatistiek uitgestaan nie, aangesien al die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes kleiner as 2 is.

Tabel 8-19. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die aard van die taaluitruiling in die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIETELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Kodevermenging tussen Afrikaans en Engels	207	209	416	0,9	1,0	2,0	15,2
Kodewisseling tussen Afrikaans en Engels	85	71	156	0,0	0,1	0,1	0,8
Verafrikaansings	18	5	23	2,7	3,1	5,8	44,9
Kodevermenging in dieselfde woord	16	6	22	1,6	1,8	3,4	26,1
Kodevermenging en kodewisseling tussen Afrikaans en ander tale	8	3	11	0,8	0,9	1,7	13,0
Totale	334	294	628		$\chi^2 =$	12,937	100,0
Vryheidsgrade = 4 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 9,488$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 0,012$; $V = 0,14$							

Genderverskille is waargeneem in die deelnemers se neiging tot taaluitruiling tussen Afrikaans, Duits (beperk tot *frau*), isiXhosa (beperk tot *eish*) en isiZulu (beperk tot *yebbo*). Die onderliggende manlike bevolking was volgens 'n Shapiro-Wilk-toets nie normaal verdeel nie ($N = 5$; $W = 0,550$; $p < 0,001$), wat die uitvoering van 'n Mann-Whitney-toets tot gevolg gehad het. 'n Eenkantige weergawe van laasgenoemde het bevestig dat die manlike deelnemers se rangordes op 'n statisties betekenisvolle manier stelselmatig hoër as dié van die vroulike deelnemers is ($U = 9,0$; $p < 0,0001$). Enkele voorbeelde verskyn in (13)-(15):

(13) M6: 😂😂😂😂😂😂😂 eish

(14) V3: Nou wie was da? Ek weet daai oulike onnie... en **Frau ONDERWYSER** 😏 en **ONDERWYSER** en daai Bib juffrou?

Kategorie	FREKWENSIE TELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Vryheidsgrade = 5 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 11,070$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 2,251 \times 10^{-3}$; $V = 0,19$							

8.2.7 Pragmatiese funksies

Die pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-Afrikaans is breedvoerig in hoofstuk 7 bespreek; hier word moontlike genderverskille in die inligtingselemente aangetref in die taaldata en in Thurlow (2003:7-12) se pragmatiese funksies ondersoek.

8.2.7.1 Inligtingselemente

Die inhoud van die WhatsApp-kletsgroep is in Tabel 7-1 belig. Daaruit is dit duidelik dat die 4 001 nieadministratiewe boodskappe voortgebring deur die 60 kletsgroepdeelnemers in 13 kategorieë uiteenval. Vir die doel van die chi-kwadraattoets is plakkers (11 boodskappe deur vier deelnemers), bankbesonderhede (agt boodskappe deur drie deelnemers), GIFs (vyf boodskappe deur drie deelnemers) en visitekaartjies (twee boodskappe deur twee deelnemers) in 'n nuwe kategorie genaamd "Allerlei" saamgevoeg. Die waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek word in Tabel 8-21 opgesom. Die chi-kwadraattoets het 'n indrukwekkende waarde van 285,339 vir χ^2 gelewer – dit is heelwat groter as die kritiese waarde van 16,919 vir $\alpha = 0,050$ en nege vryheidsgrade; inderdaad, $p = \text{CHISQ.DIST.RT}(16.919, 9) = 3,347 \times 10^{-56} \lll \alpha = 0,050$. Die nulhipotese kan dus met 'n betreklik hoë mate van sekerheid verwerp en die eksperimentele hipotese aanvaar word: Daar bestaan 'n statisties betekenisvolle verband tussen gender en die aard van die inligtingselemente wat die deelnemers tot die kletsgroep bygedra het. Alhoewel die verband betreklik swak is met 'n Cramér-koëffisiënt van 0,26, is dit sterker as enige van dié wat tot dusver teëgekome is. Verder dui die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes aan dat die vernaamste bydraers tot die chi-kwadraatstatistiek foto's (7,8818 vir die mans en 7,5475 vir die vroue), kletsboodskappe (6,1096 vir die mans en 5,8504 vir die vroue), dokumente (4,8881 vir die mans en 4,6808 vir die vroue) en video's (3,9116 vir die mans en 3,7457 vir die vroue) is. Geen statisties betekenisvolle genderverskille kon egter oor die verskillende inligtingselemente heen opgespoor word nie.

Tabel 8-21. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die inligtingselemente in die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIE TELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Kletsboodskappe	1 132	1 705	2 837	37,3	34,2	71,6	25,1
Foto's	493	231	724	62,1	57,0	119,1	41,7
Video's	182	103	285	15,3	14,0	29,3	10,3
Aangestuurde boodskappe	49	30	79	3,3	3,0	6,4	2,2
Dokumente	42	0	42	23,9	21,9	45,8	16,1
Skakels	28	14	42	3,1	2,9	6,0	2,1
Klanklêers	11	23	34	1,7	1,6	3,3	1,1
Uitgeveëde boodskappe	12	14	26	0,0	0,0	0,0	0,0
Kettingbriewe	9	6	15	0,5	0,4	0,9	0,3
Allerlei	8	18	26	1,6	1,5	3,0	1,1
Totale	1 966	2 144	4 110		$\chi^2 =$	285,339	100,0
Vryheidsgrade = 9 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 16,919$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 3,347 \times 10^{-56}$; $V = 0,26$							

8.2.7.2 Pragmatiese funksies

Die negekategorieraamwerk wat Thurlow (2003:7-12) vir die pragmatiese funksies van SMS-Engels ontwikkel het, is op die SMS-Afrikaans van die steekproef toegepas en in §7.3 bespreek. Die statistiese ontginning van die inligting opgesom in Tabel 7-3 verskyn in Tabel 8-22.

Tabel 8-22. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die pragmatiese funksies van die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIETELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Instandhouding van vriendskappe	1 221	1 547	2 768	7,7	7,1	14,8	23,2
Inligtinguitruiling met 'n verhoudingsinslag	324	245	569	10,0	9,2	19,2	30,1
Inligtinguitruiling met 'n praktiese inslag	260	200	460	7,4	6,8	14,1	22,2
Kettingboodskappe	58	34	92	4,5	4,1	8,6	13,5
Die maak van sosiale afsprake	38	54	92	0,8	0,7	1,5	2,4
Die bewerkstelling van praktiese reëlings	4	9	13	0,8	0,7	1,5	2,4
Die formulering van aanhef- en groetvorme	6	1	7	2,1	1,9	4,0	6,3
Totale	1 911	2 090	4 001		$\chi^2 =$	63,846	100,0
Vryheidsgrade = 6 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 12,592$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 7,418 \times 10^{-12}$; $V = 0,13$							

Uit Tabel 8-22 blyk dit dat daar 'n verband tussen gender en die pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-boodskappe bestaan. Dit volg uit die feit dat die waarde van 63,846 vir die chi-kwadraatstatistiek groter of gelyk aan die kritiese waarde van 12,592 vir $\alpha = 0,050$ en ses vryheidsgrade is; inderdaad, $p = \text{CHISQ.DIST.RT}(63.846, 6) = 7,418 \times 10^{-12} \lll \alpha = 0,050$. Die Cramér-koëffisiënt is egter slegs 0,13, wat beteken dat die wesenlike verband swak is. Uit die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes blyk dit dat inligtinguitruiling met 'n verhoudingsinslag (3,1681 vir die mans en 3,0294 vir die vroue), die instandhouding van vriendskappe (2,7800 vir die mans en 2,6583 vir die vroue), inligtinguitruiling met 'n praktiese inslag (2,7181 vir die mans en 2,5991 vir die vroue) en kettingboodskappe (2,1207 vir die mans en 2,0279 vir die vroue) die vernaamste bydraers tot χ^2 is.

Gendersverskille het in die kategorie gemik op die instandhouding van vriendskappe opgeduik. Die waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadratstatistiek word in Tabel 8-23 uiteengesit na aanleiding van die inligting vervat in Tabel 7-2.

Tabel 8-23. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadratstatistiek vir boodskappe gemik op die instandhouding van vriendskappe

Kategorie	FREKWENSIETELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Humor	756	699	1 455	22,8	17,7	40,5	35,3
Algemeen	199	356	555	7,8	6,0	13,8	12,0
Bedankings	87	180	267	7,5	5,8	13,4	11,7
Beamings	68	87	155	0,0	0,0	0,0	0,0
Onderskraging	26	120	146	22,4	17,4	39,7	34,6
Geluk- en seënwense	56	86	142	0,6	0,5	1,0	0,9
Komplimente	33	65	98	2,2	1,7	4,0	3,5
Kommentaar op reünieverrigtinge	34	30	64	1,3	1,0	2,3	2,0
Totale	1 259	1 623	2 882		$\chi^2 =$	114,783	100,0
Vryheidsgrade = 7 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 14,067$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 9,327 \times 10^{-22}$; $V = 0,20$							

Die waarde van die chi-kwadratstatistiek is 114,783, wat die kritiese waarde van 14,067 vir $\alpha = 0,050$ en sewe vryheidsgrade oortref; verder is $p = \text{CHISQ.DIST.RT}(114,783,7) = 9,327 \times 10^{-22} \lll \alpha = 0,050$. In Cramér-koëffisiënt van $V = 0,20$ dui aan dat die wesenlike verband tussen gender en boodskappe gerig op die instandhouding van vriendskappe swak is. Verder toon die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes dat humor (4,7750 vir die mans en 4,2056 vir die vroue), onderskraging (4,7306 vir die mans en

4,1665 vir die vroue), algemene vriendskapinstandhouding (2,7906 vir die mans en 2,4578 vir die vroue) en bedankings (2,7443 vir die mans en 2,4171 vir die vroue) die vernaamste bydraers tot χ^2 is. Die genderverskille is in beide die kategorieë van bedankings en onderskraging aangetref. Ten opsigte van bedankings was die Shapiro-Wilk-toets vir beide die manlike deelnemers ($N = 18$; $W = 0,532$; $p < 0,0001$) en die vroue ($N = 22$; $W = 0,730$; $p < 0,0001$) statisties betekenisvol en gevolglik is die Mann-Whitney-toets uitgevoer. Op grond van die frekwensietellings in Tabel 8-23 is daar biespiegel dat die vroue se rangordes stelselmatig hoër as dié van die mans is – dit blyk inderdaad die geval te wees by wyse van 'n eenkantige Mann-Whitney-toets ($U = 270,0$; $p = 0,024 < \alpha = 0,050$). Voorbeelde van bedankings verskyn in §7.3.6.3; twee bykomende gevalle word in (16) en (17) uitgebeeld.

(16) V8: Dit is pragtig. Baie dankie vir die deel V18 🤗

(17) M18: Hartlike dank aan almal, was goed om julle te sien - besondere dankie aan die wat so hard gewerk het!!

Betreffende onderskraging was die Shapiro-Wilk-toets statisties betekenisvol vir die manlike deelnemers ($N = 12$; $W = 0,576$; $p < 0,0001$), maar nie vir die vroulike deelnemers nie ($N = 17$; $W = 0,928$; $p = 0,202$). Die ongepaardheid van die onderliggende bevolkings het weereens die uitvoering van 'n Mann-Whitney-toets geroep: Die hoër frekwensietelling van die vroulike deelnemers teenoor die manlike deelnemers in Tabel 8-23 (120 teenoor 26) voorspel dat eersgenoemde se rangordes stelselmatig hoër as dié van die mans is – 'n eenkantige Mann-Whitney-toets het bevestig dat dit die geval is ($U = 157,0$; $p < 0,010$). Voorbeelde van onderskragingsboodskappe verskyn in §7.3.6.6; twee verderes word in (18) en (19) gegee.

(18) V1: Ai tog 🙏🙏 sterkte....ek glo operasie het goed afgeleef? 🙏🙏

(19) M7: Dink aan jou ook V9...sterkte gedurende hierdie moeilike tyd.

Die genderverskille tussen die manlike en vroulike deelnemers in soverre dit die pragmatiese funksies van SMS-Afrikaans betref, kan saamgevat word deur die kategorieë gelys in Tabel 8-22 as transaksioneel of relasioneel te klassifiseer na aanleiding van die bespreking in §7.3.8. Transaksionele boodskappe is afgestem op gebruikswaarde eerder as intimiteit; hierdie boodskappe behels inligtinguitruiling met 'n praktiese inslag, kettingboodskappe en die bewerkstelling van praktiese reëlings. Daarteenoor het relasionele boodskappe 'n hoër intimiteits- as gebruikswaarde; hierdie boodskappe omvat die instandhouding van vriendskappe, inligtinguitruiling met 'n verhoudingsinslag, die maak van sosiale

afsprake en die formulering van aanhef- en groetvorme. Tabel 8-24 verteenwoordig die waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-Afrikaans ooreenkomstig die indeling van die boodskappe as óf transaksioneel óf relasioneel.

Tabel 8-24. Waargenome frekwensietellings en samestelling van die chi-kwadraatstatistiek vir die oorhoofse aard van die pragmatiese funksies van die steekproef se SMS-Afrikaans

Kategorie	FREKWENSIETELLINGS			CHI-KWADRAATSTATISTIEK			
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Bydrae	%
Relasioneel	1 589	1 847	3 436	1,7	1,5	3,2	14,1
Transaksioneel	322	243	565	10,1	9,2	19,3	85,9
Totale	1 911	2 090	4 001		$\chi^2 =$	22,455	100,0
Vryheidsgrade = 1 $\Rightarrow \chi^2_{krities} = 3,841$ vir $\alpha = 0,050$							
$p = 2,151 \times 10^{-6}; \phi = 0,07$							

Die waarde van die chi-kwadraatstatistiek is 22,455, wat groter of gelyk aan die kritiese waarde van 3,841 vir $\alpha = 0,050$ en een vryheidsgraad is. Die nulhipotese kan dus verwerp en die eksperimentele hipotese aanvaar word: Daar bestaan 'n statisties betekenisvolle verband tussen gender en die pragmatiese funksies van SMS-Afrikaans. Die absolute, gestandaardiseerde, residuele waardes dui aan dat transaksionele boodskappe die vernaamste bydraers tot die chi-kwadraatstatistiek is (3,1739 vir die mans en 3,0349 vir die vroue), maar die wesenlike verband is volgens 'n phi-koëffisiënt van 0,07 gering.⁵⁶

8.2.8 Sintese: genderverskille in Generasie X se SMS-Afrikaans

⁵⁶Om historiese redes word phi (ϕ) eerder as V in 2x2-gebeurlikheidstabelle gebruik. Die formule vir die berekening van ϕ is egter dieselfde as dié vir V – die enigste verskil is dat die term $(L - 1)$ in die deler wegval, sodat die formule vir V hier bo vereenvoudig tot $\phi = \sqrt{\frac{\chi^2}{n}}$ (Brezina 2018:114; Corder & Foreman 2014:186).

'n Samevatting van die genderverskille in die steekproeflede se SMS-Afrikaans verskyn in Tabel 8-25. Die tabel toon aan dat genderverskille onder die sintaktiese en leksikale kenmerke, sowel as onder die pragmatiese funksies voorkom, maar dat dit nie onder die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke aanwesig is nie. Onder die sintaktiese kenmerke is die vroue meer as die mans geneig om randadjunkte te gebruik en om koppelwerkwoorde en neweskikkende voegwoorde weg te laat. Leksikaal is die mans egter meer geneig om nie-Engelse tale in hulle SMS-Afrikaans te giet. Wanneer dit by Thurlow (2003:7-12) se negekategorieraamwerk kom, word genderverskille by die instandhouding van vriendskappe aangetref waar die vroue op 'n statisties betekenisvolle manier meer as die mans van beide bedankings en onderskragende boodskappe gebruik maak.

In laasgenoemde opsig stem die resultate in die breë ooreen met twee van die sosiolinguistiese veralgemenings wat Holmes (1998) oor genderverskille maak (kyk weer die bespreking in §3.4.1): Die feit dat die vroulike deelnemers meer as die mans geneig is om van bedankings gebruik te maak, ondersteun Holmes se aanspraak dat vroue in die algemeen meer as mans op samehorigheid toegespits is. Daarteenoor bevestig die vroulike deelnemers se stuur van meer onderskragende boodskappe Holmes se standpunt dat vroue in die algemeen meer as mans op die gevoelsfunksies van 'n gesprek ingestel is. Geen uitspraak kan egter op grond van die resultate van hierdie ontleding oor Holmes se veralgemenings oor mag en aansien gemaak word nie.

Tabel 8-25. 'n Opsomming van die genderverskille in die steekproeflede se SMS-Afrikaans

Kategorie	Steekproef, <i>N</i>		Shapiro-Wilk- <i>W</i>		Mann-Whitney- <i>U</i>	Interpretasie
	Mans	Vroue	Mans	Vroue		
Sintaktiese kenmerke: randstukke (randadjunkte)	5	3	0,552	0,750	6,5	Vroue gebruik meer as mans
			$p < 0,001$	$p < 0,001$	$p < 0,0001$	
Sintaktiese kenmerke: ellips (koppelwerkwoorde)	15	24	0,596	0,620	260,5	Vroue laat meer as mans weg
			$p < 0,001$	$p < 0,001$	$p = 0,007$	
Sintaktiese kenmerke: ellips (newsykkende voegwoorde)	4	5	–	0,552	12,0	Vroue laat meer as mans weg
			–	$p < 0,001$	$p < 0,0001$	

Kategorie	Steekproef, <i>N</i>		Shapiro-Wilk- <i>W</i>		Mann-Whitney- <i>U</i>	Interpretasie
	Mans	Vroue	Mans	Vroue		
Leksikale kenmerke: taaluitruiling tussen Afrikaans en nie-Engelse tale	5	3	0,550	–	9,0	Mans gebruik meer as vroue
			$p < 0,001$	–	$p < 0,0001$	
Pragmatiese funksies: bedankings	18	22	0,532	0,730	270,0	Vroue gebruik meer as mans
			$p < 0,0001$	$p < 0,0001$	$p = 0,024$	
Pragmatiese funksies: onderskraging	12	17	0,576	0,928	157,0	Vroue gebruik meer as mans
			$p < 0,0001$	$p = 0,202$	$p < 0,010$	

8.3 Ouderdom as sosiolinguistiese veranderlike

Dit was nie die oogmerk van hierdie studie om 'n deurtastende verkenning van ouderdom as sosiolinguistiese veranderlike te doen nie. Die redes hiervoor is viervoudig: Eerstens is die verwantskap tussen taal en ouderdom ingewikkeld, wat daartoe lei dat die onderwerp nie na regte binne die grense van 'n veelkantige studie soos hierdie een verken kan word nie. Tweedens verleen die aard van die taaldata dit nie geredelik tot 'n vergelykende studie nie, aangesien gerieflikheidsteekproefneming die omvang van die studie beperk tot die SMS-Afrikaans van wit Afrikaanssprekendes wat gedurende 1965-1976 gebore is (kyk weer §4.6). Derdens bied die bestaande kennisbasis van SMS-Afrikaans weinig geleentheid om 'n vergelykende ondersoek te doen – dit blyk uit die oorsig in §2.4 oor Suid-Afrikaanse navorsing wat spesifiek oor SMS-Afrikaans handel: Heyns (2009) se ontleding is geskoei op die SMS-Afrikaans van tieners en jongmense in die breë; Olivier (2013) se ietwat kunsmatige studie behels 'n handjievol universiteitstudente; Thiart (2014) / Grundlingh (2015) verklap nie die bron(ne) van haar samevatting oor die kenmerke van SMS-Afrikaans nie; Saal (2015) begrond sy oorsig op 'n verskeidenheid bronne wat 'n wye, maar newelagtige ouderdomsgroep veronderstel. Vierdens bied die verskillende raamwerke wat in die ontleding van die taaldata gebruik is net beperkte geleentheid om ouderdomsgebaseerde vergelykings te tref. Die hooftrekke van hierdie raamwerke word in Tabel 8-26 opgesom; daaruit blyk dit dat beide die voertaal en die ouderdomsvariasiebreedte van die onderskeie teikengroepe van dié van die huidige studie verskil. Min betekenisvolle afleidings betreffende ouderdomsverskille kan gevolglik uit hierdie studies gemaak word, veral as Bieswanger (2013:466) se vermaning in §1.3 in gedagte gehou word.

Tabel 8-26. Die hooftrekke van die raamwerke toegepas om die SMS-Afrikaans van Generasie X te ontgin

Kategorie	Raamwerk	Voertaal	Teikengroepouderdom
Mikrolinguistiek	Verheijen (2018)	SMS-Nederlands	<ul style="list-style-type: none"> • Adolescente: 12-17 • Jong volwassenes: 18-23
Ortografie	Verheijen (2018)	SMS-Nederlands	<ul style="list-style-type: none"> • Adolescente: 12-17 • Jong volwassenes: 18-23
Tipografie	Siever (2020)	SMS-Duits	Nie aangedui nie
Sintaksis	Tagg (2012)	SMS-Engels	Studente en witboordjiewerkers tussen 19 en 68
Leksikon	Kodewisseling en -vermenging	NVT	NVT
Pragmatiek	Thurlow (2003)	SMS-Engels	Studente met 'n gemiddelde ouderdom van 19

'n Afleiding wat wel gemaak kan word, is dat daar kwalitatief oënskynlik meer ooreenkomste as verskille tussen die SMS-Afrikaans van Generasie X en die SMS-taal van ander ouderdomsgroepe oor verskillende tale heen bestaan. Dit volg uit die feit dat die taaldata van die huidige studie geredelik met die aangeduide raamwerke ontleed kon word: Daar was geen verskynsel wat aanpassings in die gekose raamwerke of die ontwikkeling van nuwes vereis het nie. Dit is waarskynlik 'n weerspieëling van die feit dat Afrikaans aan dieselfde taalfamilie – Suid-Germaans – as die voertale in Tabel 8-26 behoort en dus strukturele ooreenkomste daarmee vertoon (Raidt 1982:3-5).

'n Bondige, kwalitatiewe vergelyking van die SMS-Afrikaans van die steekproeflede met dié van die jongmense en tieners in Heyns (2009) se beknopte ontleding verskyn in Tabel 8-27. Die doel van die ontleding is nie om omvattend te wees nie, maar om die aanspraak te staaf dat daar meer kwalitatiewe ooreenkomste as verskille tussen Generasie X (by wyse van die steekproeflede) en ander Afrikaanse ouderdomsgroepe is. Heyns se raamwerk is gekies omdat dit meer raakpunte as dié van Olivier (2013) met die ontleding in die huidige studie het en 'n minder newelagtige teikengroep – tieners en jongmense – betrek as wat die geval met Thiant (2014) / Grundlingh (2015) en Saal (2015) is. Die ooreenkomste oor die verskillende kategorieë heen is ooglopend. Daarbenewens sluit Heyns (2009:152) haar beskrywing af deur na die uitgebreide voorkoms van kodewisseling in jongmense en tieners se geskrewe omgangstaal – insluitend SMS-Afrikaans – te verwys. Laasgenoemde dien as 'n verdere ooreenkoms tussen die SMS-

Afrikaans van Generasie X en dié van tieners en jongmense na aanleiding van die bespreking oor taaluitruiling in die steekproeflede se boodskappe in §6.3.

Tabel 8-27. 'n Bondige, kwalitatiewe vergelyking van die SMS-Afrikaans van die deelnemers aan die huidige studie met dié van tieners en jongmense in Heyns (2009)

Kategorie	Beskrywing	Voorbeelde uit Heyns (2009)	Voorbeelde uit die huidige studie
Puntuasie	Leestekens en hoofletters word maklik weggelaat, of in oormaat gebruik om te kompenseer vir die gebrek aan konteks en die nieverbale (soos lyftaal)	MOEG!!!	V3: HAHAHA jaja!!!Geniet dit julle!!!Was gisteraand soooo jaloers!!!!
		Aghh dankie!!!!	M6: Daai wyn daai wyn daai lekker wyn!!!
Grafiese kenmerke	Die klank- en/of die simboolwaarde van syfers word ingespan	All vnaand?	M8: V8, hoop om 1 dag 'n sample te kan proe... 🤔👉
	Emotikons/emoji ⁵⁷ word gebruik om emosie, humor of ironiese kommentaar te lewer	:-) more!	V6: 😊goeie een!
		Fliek @ menlyn	V12: Jy is 'n ✨
Afkortings	Standaardafkortings word algemeen gebruik	Jhb	V4: Jammer, ek is van Di tot Vry in Jhb 🤔😞 Laat weet asb as julle enige hulp nodig het!
	Kreatiewe, niestandaardafkortings word geskep	is vd 2e af trg in die khuis	V2: Doodseker.dq.lt wt wan vlg kuiers is asb
Sintaksis	Weglating kom algemeen voor:		
	voornaamwoorde	Skat so 20min	M18: Hoop julle is gereed 😊
	hulpwerkwoorde	Inge al geantwoord?	V8: Hierdie raakgelees 🙏😞

⁵⁷Heyns (2009) se ontleding verwys net na emotikons, aangesien dit op die SMS-Afrikaans van tieners en jongmense vóór die verrysing van emoji sedert 2010 gedoen is. Emoji is hier deur die navorser bygevoeg omdat dié prentkarakters emotikons teen die tyd van hierdie studie feitlik geheel en al in rekenaarondersteunde kommunikasie vervang het (kyk weer die bespreking in §2.2.2).

Kategorie	Beskrywing	Voorbeelde uit Heyns (2009)	Voorbeelde uit die huidige studie
	dubbele ontkenning	Ni kwaad vi j	V12: Ons darem ook op pad. Dankie vir al jul reelings. Kan nie wag.
	Die boodskappe is linguisties kompak	JJ kom nie meer Jo siek	V1: So sleg 🤔🤔🤔
Spelling	Weglatings, inkortings en knipsels word algemeen gebruik	Eks op e anigang	M1: Biki warm vdag.....
		Jmr ek stuur nou eers trg	V2: Jipee ek ga more mense sien as ek hard! 😂
	Fonetiese skryfwyse kom algemeen voor	Hukom	V12: 🤔🤔 Whatever. Lekker dux. Sien uit daarna om julle te sien.
		Wanner kom jy?	V3: Brood???Wanne laas het hy brood gekoop...brood is gek duur!!

8.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die invloed van gender en ouderdom as sosiolinguistiese veranderlikes op die SMS-Afrikaans van die steekproef ondersoek – eersgenoemde op 'n kwantitatiewe manier na aanleiding van die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid en laasgenoemde by wyse van 'n oorsigtelike, kwalitatiewe vergelyking. Die chi-kwadraattoets is deurgaans aangewend om vas te stel of daar 'n verband tussen gender en 'n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie bestaan. Dit was met die uitsondering van randstukplasing wel die geval, maar die statistiese betekenisvolheid van die toets is oorskadu deur die feit dat die wesenlike verband sonder uitsondering swak was. Daar is op die Shapiro-Wilk-toets gesteun om die verdelingsaard van die onderliggende manlike en vroulike bevolkings te peil en daar is bevind dat hierdie bevolkings grootliks nie normale verdelings het nie. Op grond hiervan is die Mann-Whitney-toets uitgevoer om genderverskille in enkele van die sintaktiese en leksikale kenmerke, sowel as onder sommige van die pragmatiese funksies, bloot te lê. Geen statisties betekenisvolle genderverskille kon egter onder die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke opgespoor word nie. Oor ouderdom is daar aangevoer dat die SMS-Afrikaans van Generasie X meer kwalitatiewe ooreenkomste as verskille met die SMS-Afrikaans van ander ouderdomsgroepe vertoon – dit is geïllustreer aan die hand van 'n vergelyking met die SMS-Afrikaans van tieners en jongmense volgens die raamwerk uiteengesit in Heyns (2009).

In die laaste hoofstuk word die hooftrekke van die studie in oënskou geneem, teëgekome probleme en beperkings word bespreek en die sluier word oor enkele nuwe navorsingsvrae gelig.

9 TERUGBLIK

9.1 Ten aanvang

In die slothoofstuk word die vernaamste bevindings van die studie byeengebring deur kortliks na elk van die navorsingsvrae in §1.4 terug te keer. Enkele verhelderende voorbeelde word weer ter illustrasie gegee. Die beperkings van die studie en die vernaamste probleme word vervolgens bespreek, voordat die lig kortliks op sommige van die nuwe vrae voortspruitend uit die ondersoek geskyn word.

9.2 Die onderskeidende stylkenmerke

Die onderskeidende stylkenmerke het in drie navorsingsvrae uiteengeval wat daarop gemik was om die eiesoortigheid (al dan nie) van Generasie X se SMS-Afrikaans te ontrafel. Uit die mikrolinguistiese kenmerke het dit aan die lig gekom dat die morfologie van die teikengroep se SMS-Afrikaans grootliks deur reduksieprosesse by wyse van voorletterwoorde, letterweglating en knipsels gekenmerk word, terwyl letterherhaling as 'n byvoegingsproses van mindere belang was. Daarteenoor steun die fonologie van die teikengroep se SMS-Afrikaans volgens die resultate in Tabel 5-1 sterk op aksentstilering en fonetiese herspelling. Verteenwoordigende voorbeelde van die vernaamste verskynsels verskyn in (1)-(5).

Voorletterwoorde:

- (1) M1: Dis **d** engelse bang.... Ou *ONDERWYSER* het **d** helfte vd klas met sy bang wakker gemaak

Letterweglating:

- (2) V11: **Prt** hy Amerikaners kaas als...

Knipsels:

- (3) V2: Jipee ek ga more mense sien as ek **hardl** 😂

Aksentstilering:

- (4) V3: *MI* dis seker ni nodig v update op d **anner** groep ni...hul is mos op Fb?En geen update hier nie...hier word mos bespreek?

Fonetiese herspelling:

- (5) V6: **Thanx** *V8*. Bring dan maar net so proetjie saam💕💕

Die ortografiese kenmerke het volgens die opsomming in Tabel 5-4 'n balans tussen reduktiewe en bykomende tikbewerkings behels. Eersgenoemde is bewerkstellig deur die weglating van leestekens, skryftekens en spasies, terwyl laasgenoemde hoofsaaklik deur die herhaling van leestekens en buitensporige hooflettergebruik verteenwoordig word. Talle voorbeelde verskyn in §5.2.2; hier word met die uitbeeldings in (6)-(10) volstaan.

Weglating van leestekens (aangedui in rooi):

- (6) M11: 2 kantore opgestel. Seuns se huis skool in plek. Gim up en running. Lock down let's do this.

Weglating van skryftekens:

- (7) V12: Dankie *MI*. My oudste doen NGOS en moet proef **reel**.

Weglating van spasies:

- (8) V4: Mag jou volgende **50jaar** net so legendaries wees soos die eerste 50!! 🥳🎉🍷🍷

Herhaling van leestekens:

- (9) V3: Aggenee *M2* regtig...wat laat jou so dink????Dis Zimbabwe die!!!

Buitensporige hooflettergebruik:

- (10) V11: of **JULLE** werk vir 'n slag **OF** steeds effe uitgeput NA Winnie👉...

Onder die tipografiese kenmerke het emoji verreweg oorheers. Uit Tabel 5-6 blyk dit dat daar naastenby 'n gelyke kans is om 'n boodskap sonder emoji (n kans van $1\ 042 / 2\ 837 = 36,7$ persent), net met emoji ($823 / 2\ 837 = 29,0$ persent) of met beide emoji en teks ($972 / 2\ 837 = 34,3$ persent) in die taaldata aan te tref. Hierbenewens het die steekproeflede 'n voorkeur vir gesigbevattende emoji, aangesien hierdie soort prentkarakters in die meerderheid van die emoji-bevattende boodskappe voorgekom het ($946 / 1\ 795 = 52,7$ persent). Boodskappe met gesiglose emoji is minder gereeld teëgekrom ($607 / 1\ 795 = 33,8$ persent), hoewel dit nie beteken dat hierdie klas van emoji nie ook rojal deur die kletsgroepdeelnemers ingespan is nie soos wat uit Tabel 5-5 vir 🙌, 🙏, ❤️, 🙏, 💕 en 👍 deurskemer. Uit Tabel 5-7 blyk dit dat die deelnemers emoji hoofsaaklik aanwend om hulle houdings te verklaar en leestekens te vervang. 'n Voorbeeld waarin dieselfde emoji hierdie twee funksies gelyktydig verrig, verskyn in (11). Hier dien die teleurgestelde gesig, 😞, om die proposisie “Ag nee” te herhaal of te beklemtoon en ook om 'n punt of uitroep teken aan sinseinde te vervang.

(11) M7: Ag nee 😞 Dankie vir laat weet V2

Laastens wys Tabel 5-8 dat die kletsgroepdeelnemers grootliks verkies om emoji uitsluitlik aan die einde van 'n boodskap eerder as op ander liggings daarin te plaas. Voorbeeld (12) dien as 'n illustrasie van hierdie verskynsel.

(12) V8: Ooeee my dag is gemaak! Dis lekker ini *PROVINSIE* in 😂

Op enkele uitsonderings ná (standaardtaalafkorting en die gebruik van oortollige spasies tussen die dele van 'n samestelling of samestellende samestelling) onderskei die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans dit van gewone skryftaal na aanleiding van die bespreking in §5.5. Dit is egter nie die geval met die sintaktiese en leksikale kenmerke nie, aangesien dit uit die ontleding in hoofstuk 6 duidelik geword het dat die ondersoekte kenmerke net so geredelik in SMS-Afrikaans as in gewone praattaal aangetref word. Dit verleen egter grondigheid aan die bespreking in §2.2.1 waar die gesprekmatigheid van SMS as 'n modaliteit van rekenaarondersteunde kommunikasie aan bod gekom het. Die sintaktiese kenmerke is op grond van randstukke, ellips en deiksis ondersoek. Voorste en buitenste randstukke was amper ewe volop in die taaldata, aangesien dit volgens die inligting in Tabel 6-1 in onderskeidelik 352 (49,2 persent) en 321 (44,8 persent) van die 716 randstukbevattende boodskappe aangetref is. Uit hierdie tabel kan ook afgelei word dat die deelnemers hierdie sinsboustuk hoofsaaklik gebruik om mekaar se aandag te trek, aangesien dit in 512 (71,5 persent) van die randstukbevattende

boodskappe voorgekom het. Die voorbeelde in (13) en (14) is verteenwoordigend van hierdie sintaktiese verskynsel.

(13) V18: 🤔 *MI*, lyk my jy slaan die spyker op die kop! Ek is sowaar famous! 😏

(14) V16: Baie dankie, *MI*!! Dit is verseker 🙌🏽 net soos d reunie!!!

Sintaktiese ellips dien onder meer om ekonomiese taalgebruik te bevorder en woordtoortoligheid te beperk (Ponelis 1985:625). In ooreenstemming met die spreektaalgrondslag van SMS-taal waarin bondigheid en spoed dikwels 'n sleutelooring is, het die kletsgroepdeelnemers volgens Tabel 6-2 hoofsaaklik persoonlike voornaamwoorde, lidwoorde, koppelwerkwoorde en die voornaamwoord *dit* uit hulle sinskonstruksies weggelaat. Deiksis is verbreed in die taaldata waargeneem; dié sintaktiese verskynsel is by die ontleding ingesluit beide om die gespreksaard van die deelnemers se SMS-Afrikaans te bevestig en die sluier oor mobiele chronotopie te lig as 'n verskynsel wat toenemend belangstelling in navorsing oor rekenaarondersteunde kommunikasie geniet. Lyons en Ounoughi (2020:89) maak byvoorbeeld die volgende aanspraak (hulle inteksverwysings is duidelikheidshalwe weggelaat):

Location has been found to play an important role in communication, both face-to-face and mobile-mediated, especially in Indo-European cultures, where cognitive relation to space is anthropocentric. With the everincreasing [sic] popularisation of mobile devices, attention has been directed to the role mobile technologies play in reconfiguring our relationships with our physical environments. Analyses of conversations point to the centrality of establishing the participants' whereabouts at the onset of a mobile phone call, particularly in situations in which location bears relevance to the content of the conversation.

'n Gedeelte van die gesprek wat in §1.1 ter illustrasie van die vorm van Generasie X se SMS-Afrikaans aangebied is, word in (15) uitgelig as 'n voorbeeld van die mobiele chronotopie aanwesig in die taaldata. In hierdie uittreksel voer V2 en V16 'n intydse gesprek om te besluit of V2 se laat deelname aan 'n kuier sin maak – die intydshheid blyk uit beide se gebruik van *nog* as 'n bywoord van tyd wat voortdurende handeling aandui (Luther, Pfeiffer & Gouws 2015:845). Daarbenewens steun albei op die deiktiese werkwoord *kom* om die deiktiese sentrum heen en weer te laat wip en sodoende 'n ruimtelike konfigurasie te skep waarin V2 en V16 hulle ooglopend op verskillende plekke bevind.

(15) V2: Jul **nog** besig?

- V16: Ons is **nog** hier... klaar betaal maar wag vir jou....
- V2: Ek het gou eers v *EGGENOOT kom* aflaai, een kar gery. halfuur v jul af so ek gaan dit ni v jul verwag ni. sal dan vlg keer saam kuier. dq dat jul darem bereid is 😊
- V16: Jy seker? Ons wag regtig as jy wil **kom** vir nightcap...

Die leksikale kenmerke van die steekproef se SMS-Afrikaans word deur kodevermenging tussen Afrikaans en Engels gekenmerk (Tabel 6-5), terwyl naamwoorde die woordsoort is wat meermale aan die verskynsel vorm gee (Tabel 6-6). Op grond van die ontleding is daar kwalitatief vasgestel dat Afrikaans die matrikstaal en Engels die ingebedde taal in die wisselwerking tussen hierdie twee tale in die deelnemers se SMS-Afrikaans is. Twee verteenwoordigende voorbeelde verskyn in (16) en (17).

- (16) V28: Julle moet elke oomblik vandag geniet, en al die **great memories** herleef. Wens ek kon daar wees. Sal maar by die huis 'n koffietjie op julle drink 🍷🍷🍷🍷
- (17) M8: V8, hoop om 1 dag 'n **sample** te kan proe... 😊👉

Die ontleding van die leksikale kenmerke in hoofstuk 6 is afgesluit deur daarop te wys dat die steekproeflede taaluitruiling gebruik om sosiale betekenis daar te stel, enersyds deur die totstandkoming van aanlyn identiteit en andersyds deur die bevordering van ingroepidmaatskap. Hierdeur word die sluier oor die vorm en funksies van die steekproeflede se SMS-Afrikaans op WhatsApp volledig gelig: Thurlow (2003:14-15) se drie sosiolinguistiese grondstellings van SMS-taal – bondigheid en spoed, paralinguistiese regstelling en fonologiese benadering – verklaar die manier waarop die steekproeflede die taalmiddele tot hulle beskikking binne die uitdrukkingsmoontlikhede beskikbaar op WhatsApp aanwend om sosiale betekenis tot stand te bring. Tagg (2012:189) kom tot 'n soortgelyke gevolgtrekking in haar ontleding van 'n korpus van Britse SMS-Engels (haar skuinsgedruk):

The language features of Txt result as an accumulation of these repeated performances of brevity, non-standardness and a speech-like informality. Thus, we move away from static descriptive terms that describe the language ('abbreviated', 'speech-like', 'non-standard') to look at how language patterns emerge from what texters are actually *doing* through texting. And what they are doing is co-constructing – with their interlocutors – understandings of their situations and the interactions in which they engage.

9.3 Die pragmatiese funksies

Hoofstuk 7 van hierdie verhandeling het gepoog om die funksies van die kletsgroepdeelnemers se SMS-boodskappe te verklaar. Die funksies is ondersoek na aanleiding van sosiopragmatiese oorwegings wat stam uit die insig dat taalgebruikers die linguistiese middele tot hulle beskikking aanwend om betekenis te skep (pragmatiek) en dat hulle dit in 'n bepaalde konteks doen wat beïnvloed word deur die norme en waardes van die samelewing en kultuurgroepe waaraan hulle behoort (sosiolinguistiek). Die drie invalshoeke wat ontplooi is, het die gebruik van niepropositionele boodskappe, Thurlow (2003:7-12) se negekategorieraamwerk en die kletsgroepdeelnemers se begeerte aan sosialebetekenisgeving behels. Eersgenoemde verteenwoordig die sogenaamde “fatiese internet” – 'n verskynsel in rekenaarondersteunde kommunikasie waarvolgens betekenis uit die blote stuur van boodskappe eerder as hulle propositionele inhoud tot stand kom. Die onderliggende redes vir die stuur van hierdie soort boodskappe is in §7.2 uiteengesit; dit kom daarop neer dat die gebruikers hulle sosiale verhoudings in stand hou deur bloot saam te kwetter eerder as om hulle te veel oor die inhoudswaarde van hulle insette te kwel. Daar was talle voorbeelde hiervan in die taaldata by wyse van gespreksdrade soos dié uitgebeeld in Figuur 9-1, waar 'n grap deur drie boodskappe met naakte emoji begroet word. Die boodskappe is niepropositioneel omdat hulle gewoon gedagtebewyse (“thought-tokens”; McGrath & Frank 2018) is waarvan die waar- of valsheid nie objektief vasgestel kan word nie. Hierdie boodskappe dien bloot om V1, V3 en V12 se reaksies op die grap te belig en sodoende hulle teenwoordigheid en “deelname” aan die gesprek te bevestig.



Figuur 9-1. Niepropositionele boodskappe in reaksie op 'n grap

Sewe van die nege pragmatiese funksies in Thurlow (2003:7-12) se raamwerk is in die taaldata aangetref. Onder hierdie funksies het die instandhouding van vriendskappe uitgestaan (2 768 uit 4 001 boodskappe; 69,2 persent), terwyl inligtinguitruiling met 'n verhoudingsinslag (569 boodskappe; 14,2 persent) en inligtinguitruiling met 'n praktiese inslag (460 boodskappe; 11,5 persent) volgens Tabel 7-3 ook goed verteenwoordig is. Humor (1 455 van die 2 768 vriendskapinstandhoudingsboodskappe; 52,6 persent) was die vernaamste manier waarop die kletsgroepdeelnemers hulle “vriendskapswerk” verrig het aldus die samevatting in Tabel 7-2. Die kwinkslag in (18) is 'n voorbeeld van die humor wat 'n oorwegend speelse inslag aan die kletsgroep gee en die relasionele aard daarvan bo die transaksionele verhef.

(18) M9: V12. Waarheen wil jy hardloop?

V12: Ag sommer weg van my sondes af 😂😂

Die pragmatiese funksies van die kletsgroepdeelnemers se boodskappe in SMS-Afrikaans is derdens aan die hand van sosialebetekenisskepping ondersoek. In hierdie opsig is die gebruik van emoji ter bevestiging van ingroeplidmaatskap (§7.4.1), die aanwending van ortografie vir identiteitskepping (§7.4.2) en twee van die beginsels in Bucholtz en Hall (2005) se raamwerk, naamlik aanwysing en ontluiking (§7.4.3), uitgelig. Die bevestiging van ingroeplidmaatskap is bespreek aan hand van die verbreide voorkoms van emoji in die taaldata – soms op hulle eie en soms in 'n samespel met ander boodskapelemente. Emoji op hulle eie dra tot die fatiese aard van die kletsgroep by, waar hulle grootliks nieproposisioneel aangewend word om 'n deelnemer se teenwoordigheid en deelname aan 'n gesprek ooreenkomstig die bespreking in §7.2 te bevestig. Die aanwending van ortografie vir identiteitskepping is geïllustreer by wyse van 'n manlike deelnemer, M7, wat bestendig sy gebruik van leestekens met of sonder meegaande spasies afwissel om hom tegelyk eiesoortig, dog onlosmaaklik deel van die kletsgroep te maak. Die aanwysingsbeginsel hou onder meer in dat taal 'n vingerafdruk van iemand se sosiale identiteit is. Die neerslag van die beginsel in die taaldata is geïllustreer op grond van twee vroulike deelnemers (V3 en V12) se oproep van die domblondinepersona, sowel as die teenstelling tussen V18 en M10 in soverre dit hulle keuse van suiwer of gemengde taal aangaan. Volgens die ontluikingsbeginsel kom sosiale identiteit deur die wisselwerking tussen gespreksgenote tot stand – dit is verbeeld na aanleiding van die veelkantige identiteit wat V2 in verskillende gespreksituasies oor die tydsbestek van die kletsgroep heen openbaar. Uiteindelik ondersteun die bevindings van hierdie studie Coupland (2007:146) se aanspraak dat taalgebruikers dikwels doelbewuste stylkeuses maak om hulle sosiale identiteit te vestig en oor te dra, asook om hulle sosiale verhoudings te skep en te bedryf.

9.4 Gender- en ouderdom as sosiolinguistiese veranderlikes

Die laaste twee navorsingsvrae het oor die moontlike invloed van gender en ouderdom as sosiolinguistiese veranderlikes op die vorm en funksies van die kletsgroepdeelnemers se SMS-Afrikaans gehandel (hoofstuk 8). Ouderdom is ontleed deur 'n bondige, kwalitatiewe vergelyking tussen die SMS-Afrikaans van die kletsgroepdeelnemers en dié van tieners en jongmense ooreenkomstig Heyns (2009:151-152) se raamwerk te doen. Dit wil op die oog af voorkom asof daar kwalitatief meer ooreenkomste as verskille tussen Generasie X aan die een kant en tieners en jongmense aan die ander kant bestaan in soverre dit die onderskeidende stylkenmerke van SMS-Afrikaans aangaan (§8.3; niks kan egter met sekerheid oor die pragmatiese funksies gesê word nie). Hierdie aanspraak moet egter versigtig bejeën word, aangesien dit op 'n beperkte vergelyking van die twee ouderdomsgroepe se SMS-Afrikaans in verskillende tydsgegrigte berus. 'n Nougessette studie sou die gebruik van SMS-Afrikaans deur die twee ouderdomsgroepe op dieselfde tegnologiese platform ('n slimfoon) in dieselfde modaliteit van rekenaarondersteunde kommunikasie (SMS) op dieselfde toepassing (WhatsApp) in dieselfde tydvak (hedendaags) en onder dieselfde omstandighede (byvoorbeeld natuurlike taalgebruik oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe heen) behels.

Die aard van die taaldata het die kwantitatiewe bestudering van 'n statisties betekenisvolle verband tussen gender en die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies op grond van frekwensietellings geredelik in die hand gewerk (§8.2). Die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid is vir hierdie doel aangewend, aangesien die taaldata struktuurgewys uit gender as kategoriale, onafhanklike veranderlike en 'n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie as kategoriale, afhanklike veranderlike bestaan. Met die uitsondering van randstukke het die chi-kwadraattoets aangedui dat daar 'n statisties betekenisvolle verband tussen gender en 'n bepaalde stylkenmerk of pragmatiese funksie bestaan. Cramér se *V*-koëffisiënt is ingespan om die wesenlikheid van die verband te beoordeel – dit was deurgaans swak. Moontlike genderverskille is ondersoek deur telkens die aard van die onderliggende manlike en vroulike bevolkings met behulp van die Shapiro-Wilk-toets te peil. In die oorgrote meerderheid van die gevalle het die toets daarop gedui dat die onderliggende bevolkings nie normaal verdeel is nie en dit het tot die uitvoering van die nieparametriese Mann-Whitney-toets vir onafhanklike steekproewe aanleiding gegee. Volgens hierdie toets was daar geen statisties betekenisvolle genderverskille onder die mikrolinguistiese en tipografiese kenmerke van die steekproeflede se SMS-Afrikaans nie. Onder die sintaktiese kenmerke is die vroue meer as die mans geneig om van randadjunkte gebruik te maak, sowel as om koppelwerkwoorde en neweskikkende voegwoorde uit hulle sinsbousels weg te laat. Leksikaal is die mans egter meer geneig om hulle SMS-Afrikaans met ander tale (veral isiXhosa en isiZulu) in te kleur. Sewe van die nege kategorieë

in Thurlow (2003:7-12) se pragmatiesefunksieraamwerk is in die taaldata teëgekrom. Onder hierdie kategorieë het genderverskille in boodskappe gemik op die instandhouding van vriendskappe opgeduik, waar die vroulike deelnemers op 'n statisties betekenisvolle manier meer as die mans van bedankings en onderskragende boodskappe gebruik maak.

9.5 Probleme en beperkings

Die vernaamste probleme en beperkings van die studie word vervolgens kortliks uiteengesit.

9.5.1 Probleme

Die hardnekkigste probleem wat tydens die ontleding van die taaldata teëgekrom is, het die bestendige indeling van veral die onderskeidende stylkenmerke volgens die kategorieë vervat in die onderskeie ontledingsraamwerke behels. Dit was enersyds die gevolg van noodwendige subjektiwiteit aan die kant van die navorser en andersyds die dubbelsinnigheid opgesluit in bepaalde SMS-verskynsels. Eersgenoemde het duidelik geword uit die feit dat die navorser die nagenoeg 4 000 nieadministratiewe boodskappe in die taaldata verskeie kere volledig moes deurwerk ten einde al die stylkenmerke en pragmatiese funksies deurtastend te ontled. Dit is oor die bestek van nege maande gedoen waartydens dit duidelik geword het dat elke rondte van die ontleding konsekwent op die vorige moes volg ten einde die betroubaarheid van die bevindings te verseker. Dörnyei (2007:61) stel voor dat bykomende kodeerders ingespan word om die betroubaarheid van kwalitatiewe navorsing te verhoog. Dit was ongelukkig nie tydens hierdie studie moontlik nie; nietemin, die navorser se studieleier was uiters behulpsaam deur al die voorbeelde vir afwykings en teenstrydighede fyn te kam en insiggewende voorstelle ter bestending van die ontleding te maak.

Daar was talle gevalle waar 'n bepaalde SMS-verskynsel op meer as een manier geïnterpreteer kan word. 'n Ooglopende voorbeeld is die gebruik van die Engelse spelling “golf” vir die opelugsport wat in Afrikaans behoorlik as “gholf” gespel word – dit is in nagenoeg 28 boodskappe saamgestel deur agt deelnemers (vyf mans en drie vroue) aangetref. Die gebruik van “golf” in plaas van “gholf” kan as 'n spelfout of as kodevermenging beskou word. Die feit dat die verskynsel onder 13,3 persent van die deelnemers teëgekrom is sonder enige aanduiding dat dié besondere skryfwyse 'n pragmatiese funksie verrig, het die navorser daartoe gelei om die verskynsel getrou as 'n onopsetlike spelfout ('n ortografiese verskynsel) eerder as 'n geval van kodevermenging ('n leksikale verskynsel) te kategoriseer (kyk weer die bespreking in §5.2.1.12). Twee voorbeelde verskyn in (19) en (20).

(19) V6: Wanneer is die **golf** nou weer?

(20) M8: Hey en die **golfers** is reg vir afslaan. Ek dink.... 😊

’n Meer uitdagende voorbeeld is “uitsort”, wat morfologies as ’n inkorting van “uitsorteer” (Combrink 1990:57) of leksikaal as kodevermenging in dieselfde woord (die Afrikaanse voorsetsel “uit” en die Engelse werkwoord “sort”) ontleed kan word. In hierdie geval is die betrokke kletsgroepdeelnemer se SMS-idiolek in ag geneem: M1 het “uitsort” in boodskappe soos dié in (21) gebruik; hy is geneig om gereeld tussen Afrikaans en Engels te wissel (vgl. voorbeelde (22)-(24)) en gevolglik is sy gebruik van “uitsort” as ’n leksikale eerder as ’n morfologiese verskynsel ontleed.

(21) M1: Ons kan dit ook doen, dan kan die ouens oorsee ook iets bydra en ons oorgandig dit aan d skool. Dit kan even n permanente ding word ne. . Ons moet dit net reg manage.....Ons kan dit ook **uitsort** met die bymekaarkom.

(22) M1: **Great**...ek sal solank d huiswerk doen en in vgl weel julle **update**. Ek dink ons in *ALMA MATER-STAD* kan steeds klere ens bymekaarmaak of hoe

(23) M1: Yebbo....ek dink almal weet **whats cooking**. D onnies kan maar v n slag v ons luister en inval. Voel **flippen nice** om dit te se 🐱

(24) M1: Hihi. **Thanx** mater. Dis net genade my maat. Dis erg om veral **kids** en oumense te sien **suffer**. Ek stuur v jou d info

’n Tweede, beduidende probleem het die tel van emoji behels. Daar is heelwat aandag in hierdie verhandeling aan emoji gewy (vergelyk byvoorbeeld §2.2.2, §3.5.4.3, §5.3.2 en §8.2.4). Dit was vanuit die staanspoor duidelik dat dit hoegenaamd nie ’n eenvoudige taak is om hierdie prentkarakters met behulp van rekenaarsagteware in die taaldata te isoleer en te tel nie. Die navorser het aanvanklik probeer om dit werktuiglik met toepassings soos AntConc, Microsoft Excel en Python te doen, maar die frekwensietellings was onbetroubaar, hoofsaaklik vanweë die manier waarop die kletsgroepdeelnemers emoji met ander tekselemente verstrengel het soos wat deur die gebrek aan ’n spasie tussen teks en die daaropvolgende emoji in (25) en (26) uitgebeeld word. Python het die meeste potensiaal ingehou om die frekwensietellings deur rekenaarbemiddeling te doen. Dit was egter spoedig duidelik dat masjienleer die klem van die studie sou

word en dus is daar besluit om die emoji in elkeen van die 4 001 nieadministratiewe boodskappe met die hand te tel. Met nabetraging was dit die regte besluit, aangesien elke boodskap per slot van rekening deur die navorser ontleed moes word om al die betrokke stylkenmerke en pragmatiese funksies daaruit te loog.

(25) V2: Ek en *EGGENOOT* ook in *MANSNAAM* en *MANSNAAM* en *EGGENOOT* moet hul nt gedra, nie meer M-net dae nie ne 🤔🤔🤔 1 girl beslis in ander een wag v matriek eksamen datums

(26) M10: Mooi boykies. 🙌🙌🙌🙌 Just do it

9.5.2 Beperkings

Die vernaamste beperking van die studie het alreeds in §4.6 tydens bespreking van die steekproefsamstelling ter sprake gekom. Die bevindings het betrekking op wit lede van die Afrikaanse spraakgemeenskap wat omstreeks 1970 gebore is en tans boodskappe op WhatsApp as SMS-diens in die konteks van 'n kletsgroep saamstel. Dit beteken dat die reikwydte van die resultate afgebaken word deur 'n bepaalde rassegroep (wit mense) wat uit 'n bepaalde tydvak stam (dié van Generasie X; Duh & Struwig 2015:94) en SMS-Afrikaans op 'n bepaalde toepassing (WhatsApp) bedryf. Die punt is alreeds verskeie kere gemaak dat dit nie raadsaam is om veralgemenings oor SMS-taal te maak nie (kyk weer Bieswanger 2013:466 en Herring & Dainas 2020:10:23-24) en dus moet die vorm en funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans binne hierdie afbakening beskou word.

9.6 Nuwe horisonne

Drie van die nuwe vrae wat tydens die verloop van die studie na vore getree het, word kortliks hier onder uiteengesit.

9.6.1 Wat is die aard van die wisselwerking tussen Afrikaans en ander tale in SMS?

Hierdie vraag ontspring in §6.3.1 en die ontleding van die verskillende vorme van taaluitruiling aangetref in die taaldata. Die bespreking is teruggevoer na navorsing deur onder meer Deumert en Masinyana (2008) en Deumert en Lexander (2013) waarin insigte oor die wisselwerking tussen Engels en Afrika-tale op SMS op die tapyt gebring is. In hierdie studies het gebruikers hulle taalvindingrykheid op Engels toegespits en die standaardvorm vir die Afrika-tale opgesit, terwyl die omgekeerde oënskynlik die geval in die huidige

studie is, waar die kletsgroepdeelnemers skeppend met Afrikaans omgaan, maar Engels grootliks ongeskonde laat. Is daar hier van wesenlike verskille tussen Afrikaanssprekendes en anderstaliges sprake, of is die verskynsel tot die steekproef beperk? Indien eersgenoemde die geval is, hoe word dit verklaar?

9.6.2 Is daar tasbare genderverskille in Generasie X se SMS-Afrikaans?

Die ontleding van gender as sosiolinguistiese veranderlike in §8.2 het aangetoon dat daar met die uitsondering van randstukke 'n statisties betekenisvolle verband tussen gender en die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies bestaan. In die bespreking in §8.2.1 is daar egter melding gemaak van die feit dat steekproefgrootte 'n beduidende invloed op die onderskeidingsvermoë van 'n statistiese toets uitoefen. Gegewe die betreklik klein onafhanklike steekproewe waarop die statistiese toetse uitgevoer is, is die bevindings oor genderverskille onbevredigend en sou hierdie navorser 'n opvolgstudie op 'n heelwat groter taaldatakorpus wou uitvoer – vergelyk die 25 mans en 35 vroue in hierdie studie met die 5 971 mans en 8 353 vroue in Newman, Groom, Handelman en Pennebaker (2008:221) se studie.

9.6.3 Is SMS-Afrikaans onderhewig aan 'n verskuiwing van teks na beeld?

Die oorsprong van hierdie vraag lê enersyds in die inligting opgesom in Tabel 4-3 / Tabel 7-1 en die betreklik groot getal foto's en video's ($724 + 285 = 1\ 009$; 25,2 persent van alle nieadministratiewe boodskappe) teenwoordig in die taaldata, en andersyds in die verbrede voorkoms van emoji (kyk weer die bespreking in §5.3.2.1). Volgens Stöckl, Caple en Pflaeging (2020:2-5) is daar sedert die 1850's 'n duidelike verskuiwing vanaf kommunikasievorme met taal as middelpunt na formate met beeld as spil. Hulle voer die volgende aan (Stöckl, Caple & Pflaeging 2020:4):

[T]his significant move has been facilitated by media-technological change as much as by concomitant communicative needs of users. It has been spurred especially by the advent of new/social media and has had significant effects on text-image relations and multimodal patterns of communication.

Volgens hierdie navorser beteken dit dat die ontginning van beelde (hetsy foto's of video's) en emoji in die onderhawige studie die spreekwoordelike oortjies van die seekoei is, aangesien die multimodale aard van die SMS-Afrikaans aangetref op die kletsgroep net kortliks aangeroei is (vergelyk byvoorbeeld weer die bespreking van voorbeeld (13) in §7.3.4). Ten opsigte van emoji voer Siever en Siever (2020) aan dat hulle as allograwe vir individuele letters kan optree, betekenis kan oordra, struktuur aan 'n teks kan gee,

samehang kan bevorder en as 'n deiktiese element kan optree. Gesien teen die veeldoeligheid van emoji is dit miskien nie verbasend dat hierdie prentkarakters só opvallend in die taaldata is nie en dit laat die vraag ontstaan of die oënskynlike deining vanaf teks na beeld 'n algemene verskynsel in Afrikaanse rekenaarondersteunde kommunikasie is en of dit net tot die huidige studie beperk is.

9.7 Slot

In hierdie studie is die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans aan hand van die taalgebruik aangetref op 'n WhatsApp-kletsgroep ontgin. Die kletsgroep is oorspronklik op die been gebring om die reëlings vir 'n hoërskoolreünie te tref, maar dit het gewild blyk te wees en uiteindelik 'n ryk bron van taaldata oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe heen geword. Die vorm van die onderskeidende stylkenmerke weerspieël die spreektaalgrondslag van SMS aan die een kant en die tegnologiese uitdrukkingsmoontlikhede van WhatsApp aan die ander kant, met 'n samespel tussen die sosiolinguistiese grondstellings van bondigheid en spoed, paralinguistiese regstelling en fonologiese benadering wat die gaping oorbrug. Die pragmatiese funksies van die kletsgroepdeelnemers se SMS-boodskappe is grootliks daarop afgestem om sosiale aanknoping te vind – dit skemer deur uit 'n betreklik hoë voorkoms van niepropositionele boodskappe en 'n oorwig van relasionele boodskappe teenoor dié van 'n transaksionele aard. Uiteindelik staan die onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies in diens van sosialebetekenisgeving, wat in die taaldata neerslag vind in die daarstelling van sosiale identiteit en die bedryf en instandhouding van sosiale verhoudings.

Ten slotte word daar na Tabel 2-1 teruggekeer as 'n flitsbeeld van die bestaande kennisbasis oor SMS-Afrikaans met die aanvang van die studie. Die inligting word hier in Tabel 9-1 herhaal, maar nou in 'n bygewerkte vorm om die bydrae van die onderhawige studie te belig. Die mikrolinguistiese kenmerke is deeglik by wyse van die morfologiese, fonologiese en ortografiese kenmerke van SMS-Afrikaans bestudeer, terwyl die analise van die tipografiese kenmerke op emoji toegespits is vanweë die verbreide voorkoms van hierdie prentkarakters in die taaldata. Die ontleding van die sintaktiese kenmerke het randstukke, ellips en deiksis behels, terwyl kodevermenging die primêre invalshoek vir die leksikale kenmerke was. Die pragmatiese funksies is na aanleiding van niepropositionele boodskappe, Thurlow se negekategorieraamwerk en sosialebetekenisgeving ontgin. Gendersverskille is kwantitatief met behulp van die chi-kwadraattoets vir onafhanklikheid verken, terwyl ouderdomsverskille vanweë die aard van die taaldata net oorsigtelik kwalitatief aangeroei is.

Tabel 9-1. 'n Aangepaste tematiese opsomming van die bestaande kennis oor SMS-Afrikaans

Tema (afgestem op navorsingsvrae)	Heyns (2009)	Olivier (2013)	Thiart (2014) / Grundlingh (2015)	Saal (2015)	Ferreira (2022)
Mikrolinguietiese kenmerke	✓	✓	✓	✓	✓
Tipografiese kenmerke	–	–	–	–	✓
Sintaktiese kenmerke	beperk	–	beperk	–	✓
Leksikale kenmerke	–	beperk	beperk	beperk	✓
Pragmatiese funksies	–	–	–	–	✓
Genderverskille	–	beperk	–	–	✓
Ouderdomsverskille	–	–	–	–	beperk

BIBLIOGRAFIE

- Ahad, NA, Yin, TS, Othman, AR & Yaacob, CR. 2011. Sensitivity of normality tests to non-normal data. *Sains Malaysiana*, 40(6):637–641.
- Akmajian, A, Farmer, AK, Bickmore, L, Demers, RA & Harnish, RM. 2017. *Linguistics: An Introduction to Language and Communication*. Seventh edition. Cambridge, MA: The MIT Press.
- Amaghlobeli, N. 2012. Linguistic features of typographic emoticons in SMS discourse. *Theory and Practice in Language Studies*, 2(2):348-354.
- Androutsopoulos, J. 2013. Code-switching in computer-mediated communication. In: Herring, SC, Stein, D & Virtanen, T (eds), *Pragmatics of Computer-Mediated Communication*. Boston, MA: De Gruyter Mouton, pp. 667-694.
- AskAfrika. 2020. TGI/AskAfrika Survey. In: Mtati, M (ed), *The Southern African Social Media Landscape: Social Media Myths, High Walls and Controlled Data*, pp. 54-59. <https://website.ornico.co.za/2020/06/10/south-african-social-media-landscape-2020/> (accessed on 30 April 2022).
- Auer, JCP. 1988. A conversation analytic approach to code-switching and transfer. In: Heller, M (ed), *Codeswitching: Anthropological and Sociolinguistic Perspectives*. Berlin, Germany: Mouton de Gruyter, pp. 187-214.
- Baker, P. 2018. Corpus methods in linguistics. In: Litosseliti, L (ed), *Research Methods in Linguistics*. Second edition. New York, NY: Bloomsbury Academic, pp. 165-191.
- Baron, NS. 2004. See you online: gender issues in college student use of instant messaging. *Journal of Language and Social Psychology*, 23(4):397-423.
- Baron, NS. 2008. *Always On: Language in an Online and Mobile World*. New York, NY: Oxford University Press.
- Bauman, R. 2000. Language, identity, performance. *Pragmatics*, 10(1):1-5.

- Bauman, R & Briggs, CL. 1990. Poetics and performance as critical perspectives on language and social life. *Annual Review of Anthropology*, 19:59-88.
- Baym, NK. 2015. *Personal Connections in the Digital Age*. Second edition. Malden, MA: Polity.
- Bell, A. 1984. Language style as audience design. *Language in Society*, 13(2):145-204.
- Bell, A. 2001. Back in style: reworking audience design. In: Eckert, P & Rickford, JR (eds), *Style and Sociolinguistic Variation*. New York, NY: Cambridge University Press, pp. 139-169.
- Bell, A. 2009. Language style as audience design. In: Coupland, N & Jaworski, A (eds), *The New Sociolinguistics Reader*. New York, NY: Palgrave Macmillan, pp. 265-275.
- Bell, A & Gibson, A. 2011. Staging language: an introduction to the sociolinguistics of performance. *Journal of Sociolinguistics*, 15(5):555-572.
- Bieswanger, M. 2013. Micro-linguistic structural features of computer-mediated communication. In: Herring, SC, Stein, D & Virtanen, T (eds), *Pragmatics of Computer-Mediated Communication*. Boston, MA: De Gruyter Mouton, pp. 463-485.
- Blom, J-P & Gumperz, JJ. 2000. Social meaning in linguistic structure: code-switching in Norway. In: Gumperz, JJ & Hymes, D (eds), *Directions in Sociolinguistics*. New York, NY: Holt, Rinehart and Winston, pp. 407-434.
- Bock, Z. 2013. Cyber socialising: emerging genres and registers of intimacy among young South African students. *Language Matters*, 44(2):68-91.
- Bourhis, RY. 1979. Language and ethnic interaction: a social psychological approach. In: Giles, H & Saint-Jacques, B (eds.), *Language and Ethnic Relations*. Oxford, England: Pergamon Press, pp. 117-141.
- Bowen, C-C. 2022. *Straightforward Statistics with Excel®*. Second edition. Washington, DC: SAGE.

- Branford, W & Claughton, JS. 2002. Mutual lexical borrowings among some languages of southern Africa: Xhosa, Afrikaans and English. In: Mesthrie, R (ed), *Language in South Africa*. Cambridge, UK: Cambridge University Press, pp. 199-215.
- Brezina, V. 2018. *Statistics in Corpus Linguistics*. New York, NY: Cambridge University Press.
- Brunette, C. 2005. 'n Ondersoek na die invloed van rekenaar-bemiddelde kommunikasie op Afrikaans met verwysing na internasionale gevallestudies. Meestersgraadverhandeling, Universiteit van Kaapstad. <http://hdl.handle.net/11427/7752> (geraadpleeg op 30 April 2022).
- Bryan, C. 2019. Why people leave a space before punctuation in texts. Are they fluent in French ? Are they pretentious ? Let's explore. Mashable.com, 12 March. <https://mashable.com/article/leaving-space-before-end-punctuation-texting> (accessed on 30 April 2022).
- Bryman, A. 2016. *Social Research Methods*. Fifth edition. New York, NY: Oxford University Press.
- Bucholtz, M & Hall, K. 2005. Identity and interaction: a sociocultural linguistic approach. *Discourse Studies*, 7(4/5):585-614.
- Burge, J. 2019. Correcting the record on the first emoji set. Emojipedia Blog, 8 March. <https://blog.emojipedia.org/correcting-the-record-on-the-first-emoji-set/> (accessed on 30 April 2022).
- Buxton, C, Lindberg, CA & Hilliard, S (eds). 2009. *Oxford American Dictionary & Thesaurus*. Second edition. New York, NY: Oxford University Press.
- Carstens, WAM. 2018. *Norme vir Afrikaans: Moderne Standaardafrikaans*. Sesde uitgawe. Hatfield: Van Schaik.
- Carter, R & McCarthy, M. 2006. *Cambridge Grammar of English. A Comprehensive Guide. Spoken and Written English Grammar and Usage*. New York, NY: Cambridge University Press.
- Chafe, W & Danielwicz, J. 1987. *Properties of Written and Spoken Language*. Technical Report No. 5 of the Center for the Study of Writing, Berkeley, CA.

- Chafe, W & Tannen, D. 1987. The relation between written and spoken language. *Annual Review of Anthropology*, 16:383-407.
- Chandler, D. 2017. *Semiotics. The Basics*. Third edition. New York, NY: Routledge.
- Chen, Z, Lu, X, Ai, W, Li, H, Mei, Q & Liu, X. 2018. Through a gender lens: learning usage patterns of emojis from large-scale Android users. In: *Proceedings of the 2018 World Wide Web Conference, 23-27 April 2018, Lyon, France*. New York, NY: ACM, pp. 763-772. <https://doi.org/10.1145/3178876.3186157> (accessed on 30 April 2022).
- Chomsky, N. 2015 [1957]. *Syntactic Structures*. Mansfield Centre, CT: Martino Publishing.
- Chomsky, N. 2015 [1995]. *The Minimalist Program*. Twentieth anniversary edition. Cambridge, MA: The MIT Press.
- Clark, HH & Carlson, TB. 1982. Hearers and speech acts. *Language*, 58(2):332-373.
- Cohn, N, Roijackers, T, Schaap, R & Engelen, J. 2018. Are emoji a poor substitute for words? Sentence processing with emoji substitutions. In: Rogers, TT, Rau, M, Zhu, X & Kalish, CW (eds), *Proceedings of the 40th Annual Conference of the Cognitive Science Society*. Austin, TX: Cognitive Science Society, pp. 1524-1529.
- Combrink, JGH. 1990. *Afrikaanse Morfologie: Capita Exemplaria*. Pretoria: Academica.
- Conover, WJ. 1999. *Practical Nonparametric Statistics*. Third edition. New York, NY: John Wiley & Sons.
- Conradie, CJ. 1986. *Taalgeskiedenis*. Pretoria: Academica.
- Corder, GW & Foreman, DI. 2014. *Nonparametric Statistics: A Step-by-Step Approach*. Second edition. Hoboken, NJ: John Wiley & Sons.
- Coupland, N. 2007. *Style: Language Variation and Identity*. New York, NY: Cambridge University Press.

- Coupland, N. 2009. Dialect style, social class and metacultural performance: the pantomime dame. In: Coupland, N & Jaworski, A (eds), *The New Sociolinguistics Reader*. New York, NY: Palgrave Macmillan, pp. 311-325.
- Coupland, N & Jaworski, A. 2009. Editors' introduction to Part III. In: Coupland, N & Jaworski, A (eds), *The New Sociolinguistics Reader*. New York, NY: Palgrave Macmillan, pp. 259-264.
- Cramer, H, De Juan, P & Tetreault, J. 2016. Sender-intended functions of emojis in US messaging. *Proceedings of the 18th International Conference on Human-Computer Interaction with Mobile Devices and Services*. Florence, Italy.
- Crewson, P. 2016. *Applied Statistics Desktop Reference Guide*. Available online: <https://www.acastat.com/statbook/statbook.html> (accessed on 30 April 2022).
- Crosswhite, JM, Rice, D & Asay, SM. 2014. Texting among United States young adults: an exploratory study on texting and its use within families. *The Social Science Journal*, 51(1):70-78.
- Crystal, D. 2004. *A Glossary of Netspeak and Textspeak*. Edinburgh, UK: Edinburgh University Press.
- Crystal, D. 2006. *Language and the Internet*. Second edition. Cambridge, UK: Cambridge University Press.
- Crystal, D. 2008. *Txtng. The Gr8 Db8*. New York, NY: Oxford University Press.
- Crystal, D. 2014. Foreword. In: Cougnon, L-A & Fairon, C (eds), *SMS Communication: A Linguistic Approach*. Philadelphia, PA: John Benjamins, pp. 1-2.
- Culpeper, J. 2021. Sociopragmatics: roots and definition. In: Haugh, M, Kádár, DZ & Terkourafi, M (eds), *The Cambridge Handbook of Sociopragmatics*. New York, NY: Cambridge University Press, pp. 15-29.
- Danesi, M. 2014. Forging a linguistic identity in the age of the internet. *Forum Italicum*, 48(2):227-237.
- Danesi, M. 2017. *The Semiotics of Emoji. The Rise of Visual Language in the Age of the Internet*. New York, NY: Bloomsbury.

- Deffree, S. 2019. 1st text message to a mobile phone is sent, December 3, 1992. EDN Network, 3 December. <https://www.edn.com/1st-text-message-to-a-mobile-phone-is-sent-december-3-1992/> (accessed on 30 April 2022).
- De Loor, B. 1961. *Statistiekwoordeboek / Statistical Dictionary. Eng–Afr : Afr–Eng*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Derks, D, Bos, AER & Von Grumbkow, J. 2008. Emoticons and online message interpretation. *Social Science Computer Review*, 26(3): 379-388.
- De Stadler, LG. 1989. *Afrikaanse Semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.
- Deumert, A. 2005. The unbearable lightness of being bilingual: English-Afrikaans language contact in South Africa. *Language Sciences*, 27:113-135.
- Deumert, A. 2012. TXTPL@Y. Creativity in South African digital writing. In: Allington, D & Mayor, B (eds), *Communicating in English: Talk, Text, Technology*. New York, NY: Routledge, pp. 216-223.
- Deumert, A. 2014. *Sociolinguistics and Mobile Communication*. Edinburgh, UK: Edinburgh University Press.
- Deumert, A & Lexander, KV. 2013. Texting Africa: writing as performance. *Journal of Sociolinguistics*, 17(4):522-546.
- Deumert, A & Masinyana, SO. 2008. Mobile language choices – the use of English and isiXhosa in text messages (SMS). Evidence from a bilingual South African sample. *English World-Wide*, 29(2):117-147.
- Dimock, M. 2019. Defining generations: where Millennials end and Generation Z begins. Pew Research Center, 17 January. <https://www.pewresearch.org/fact-tank/2019/01/17/where-millennials-end-and-generation-z-begins/> (accessed on 30 April 2022).

- Dimson, T. 2015. Emojineering part 1: machine learning for emoji trends. Instagram.com, 1 May. <https://instagram-engineering.com/emojineering-part-1-machine-learning-for-emoji-trendsmachine-learning-for-emoji-trends-7f5f9cb979ad> (accessed on 30 April 2022).
- Dobrilova, T. 2021. 35+ must-know SMS marketing statistics in 2020. TechJury.net, 6 February. <https://techjury.net/blog/sms-marketing-statistics/#gref> (accessed on 30 April 2022).
- Dorleijn, M & Nortier, J. 2012. Code-switching and the internet. In: Bullock, BE & Toribio, AJ (eds), *The Cambridge Handbook of Linguistic Code-switching*. New York, NY: Cambridge University Press, pp. 127-141.
- Dörnyei, Z. 2007. *Research Methods in Applied Linguistics*. New York, NY: Oxford University Press.
- Dresner, E & Herring, SC. 2010. Functions of the nonverbal in CMC: emoticons and illocutionary force. *Communication Theory*, 20:249-268.
- Drouin, M. 2011. College students' text messaging, use of textese and literacy skills. *Journal of Computer Assisted Learning*, 27(1):67-75.
- Duh, H & Struwig, M. 2015. Justification of generational cohort segmentation in South Africa. *International Journal of Emerging Markets*, 10(1):89-101.
- Du Plessis, M (red). 2010. *Pharos Afrikaans-Engels / English-Afrikaans Woordeboek • Dictionary*. Tweede druk. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Dyers, C & Davids, G. 2015. Post-modern “languagers”: the effects of texting by university students on three South African languages. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 33(1):21-30.
- Eckert, P. 2001. Style and social meaning. In: Eckert, P & Rickford, JR (eds), *Style and Sociolinguistic Variation*. New York, NY: Cambridge University Press, pp. 119-126.
- Eckert, P. 2012. Three waves of variation study: the emergence of meaning in the study of sociolinguistic variation. *Annual Review of Anthropology*, 41:87-100.

- Eckert, P & McConnell-Ginet, S. 1998. Communities of practice: where language, gender, and power all live. In: Coates, J (ed), *Language and Gender: A Reader*. Malden, MA: Blackwell, pp. 484-494.
- Emojipedia.org. 2021. Emoji Statistics. <https://emojipedia.org/stats/> (accessed on 12 August 2021).
- Engelbrecht, H. 1980. *Nuwe Afrikaanse Taalgids: 'n Alfabetiese Handleiding vir die Kommunikasiepraktyk*. Tweede, hersiene en sterk vermeerderde uitgawe. Pretoria: Uitgewery Oranje.
- Evans, V. 2017. *The Emoji Code: The Linguistics Behind Smiley Faces and Scaredy Cats*. New York, NY: Picador.
- Fourie, D, Luther, J & Pheiffer, F. 2018. *Die tale wat ons praat: taal Dinge uit die gewilde radioprogram*. Kaapstad: Penguin.
- Fromkin, V, Rodman, R & Hyams, N. 2014. *An Introduction to Language*. Tenth edition. Boston, MA: Cengage.
- Garcés-Conejos Blitvich, P & Georgakopoulou, A. 2021. Analysing identity. In: Haugh, M, Kádár, DZ & Terkourafi, M (eds), *The Cambridge Handbook of Sociopragmatics*. New York, NY: Cambridge University Press, pp. 293-314.
- García, O & Li Wei. 2014. *Translanguaging: Language, Bilingualism and Education*. New York, NY: Palgrave Macmillan.
- García, O & Otheguy, R. 2014. Spanish and Hispanic bilingualism. In: Lacorte, M (ed), *The Routledge Handbook of Hispanic Applied Linguistics*. New York, NY: Routledge, pp. 639-658.
- Gardner-Chloros, P. 2012. Sociolinguistic factors in code-switching. In: Bullock, BE & Toribio, AJ (eds), *The Cambridge Handbook of Linguistic Code-switching*. New York, NY: Cambridge University Press, pp. 97-113.
- Gawne, L & McCulloch, G. 2019. Emoji as digital gestures. *Language@Internet*, 17:Article 2. <https://www.languageatinternet.org/articles/2019/gawne> (accessed on 30 April 2022).

- Geertsema, S, Hyman, C & Van Deventer, C. 2011. Short message service (SMS) language and written language skills: educators' perspectives. *South African Journal of Education*, 31:475-487.
- Georgalou, M. 2017. *Discourse and Identity on Facebook*. New York, NY: Bloomsbury.
- Gherini, A. 2018. What a self-deprecating sense of humor says about your EQ. Inc.com, 29 November. <https://www.inc.com/anne-gherini/what-a-self-deprecating-sense-of-humor-says-about-your-eq.html> (accessed on 30 April 2022).
- Giannoulis, E & Wilde, LRA. 2020. Emoticons, kaomoji, and emoji: The transformation of communication in the digital age. In: Giannoulis, E & Wilde, LRA (eds), *Emoticons, Kaomoji, and Emoji: The Transformation of Communication in the Digital Age*. New York, NY: Routledge, pp. 1-22.
- Giles, H. 1973. Accent mobility: a model and some data. *Anthropological Linguistics*, 15(2):87-105.
- Giles, H & Marlow, ML. 2011. Theorizing language attitudes: existing frameworks, an integrative model, and new directions. *Annals of the International Communication Association*, 35(1):161-197
- Giles, H & Powesland, PF. 1975. *Speech Style and Social Evaluation*. London, UK: Academic Press.
- Giles, H, Taylor, DM & Bourhis, R. 1973. Towards a theory of interpersonal accommodation through language: some Canadian data. *Language in Society*, 2(2):177-192.
- Goffman, E. 1959. *The Presentation of Self in Everyday Life*. New York, NY: Anchor.
- Goldsmith, E. 2021. *Consumer Economics*. Fourth edition. New York, NY: Routledge.
- Grice, P. 1989. *Studies in the Way of Words*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Grundlingh, L. 2015. Outeuridentifikasie: 'n forensies-taalkundige ondersoek na Afrikaanse SMS-taal. *LitNet Akademies*, 12(3):143-175.

- Gumperz, JJ. 1964. Linguistic and social interaction in two communities. *American Anthropologist*, 66(6):137-153.
- Haugh, M, Kádár, DZ & Terkourafi, M. 2021. Introduction: directions in sociopragmatics. In: Haugh, M, Kádár, DZ & Terkourafi, M (eds), *The Cambridge Handbook of Sociopragmatics*. New York, NY: Cambridge University Press, pp. 1-12.
- Herring, SC. 2007. A faceted classification scheme for computer-mediated discourse (CMD). *Language@Internet*, 4. <http://www.languageatinternet.de> (accessed on 30 April 2022).
- Herring, SC & Dainas, AR. 2017. “Nice picture comment!” Graphicons in Facebook comment threads. *Proceedings of the Fiftieth Hawaii International Conference on System Sciences (HICSS-50)*. Los Alamitos, CA: IEEE, pp. 2185-2194.
- Herring, SC & Dainas, AR. 2020. Gender and age influences on interpretation of emoji functions. *ACM Transactions on Social Computing*, 3(2):Article 10.
- Heyns, D. 2009. SMS-Afrikaans. In: Hugo, D (red), *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis, bl. 148-153.
- Hofstee, E. 2006. *Constructing a Good Dissertation: A Practical Guide to Finishing a Master’s, MBA or PhD on Schedule*. Sandton, South Africa: EPE.
- Holmes, J. 1998. Women’s talk: the question of sociolinguistic universals. In: Coates, J (ed), *Language and Gender: A Reader*. Oxford, UK: Wiley-Blackwell, pp. 461-483.
- Holmes, J. 2018. Sociolinguistics vs pragmatics: Where does the boundary lie? In: Ilie, C & Norrick, NR (eds), *Pragmatics and its Interfaces*. Philadelphia, PA: John Benjamins, pp. 11-32.
- Horn, LR. 2006. Implicature. In: Horn, LR & Ward, G (eds), *The Handbook of Pragmatics*. Malden, MA: Blackwell, pp. 3-28.
- Howe, N & Strauss, W. 2007. The next 20 years: how customer and workforce attitudes will evolve. *Harvard Business Review*, July-August 2007, pp. 41-52.

- Hymes, D. 2009. Models of the interaction of language and social life. In: Coupland, N & Jaworski, A (eds), *The New Sociolinguistics Reader*. New York, NY: Palgrave Macmillan, pp. 583-597.
- Jansen van Vuuren, MJ. 2007. Die internet as platform vir 'n nuwe Afrikaanse spraakgemeenskap en 'n nuwe variëteit: 'n korpuslinguistiese ondersoek. Doktorsgraadtesis, Noordwes-Universiteit. <http://hdl.handle.net/10394/2476> (geraadpleeg op 30 April 2022).
- Jaspers, J & Madsen, LM. 2019. Fixity and fluidity in sociolinguistic theory and practice. In: Jaspers, J & Madsen, LM (eds), *Critical Perspectives on Linguistic Fixity and Fluidity: Languagised Lives*. New York, NY: Routledge, pp. 1-26.
- Johnston, J, Cairns, K & Baumann. 2017. *Introducing Sociology Using the Stuff of Everyday Life*. New York, NY: Routledge.
- Kimbrough, AM, Guadagno, RE, Muscanell, NL & Dill, J. 2013. Gender differences in mediated communication: women connect more than do men. *Computers in Human Behavior*, 29(3):896-900.
- Kirsten, J. 2019. *Written Afrikaans since Standardization. A Century of Change*. New York, NY: Lexington Books.
- Klopper, RM. 1983. Die sosiale stratifisering van Kaapse Afrikaans. In: Claassen, GN & Van Rensburg, MCJ (reds), *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die Spektrum van Taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica, bl. 80-100.
- Kuerbis, A, Van Stolk-Cooke, K & Muench, F. An exploratory study of mobile messaging preferences by age: middle-aged and older adults compared to younger adults. *Journal of Rehabilitation and Assistive Technologies Engineering*, 4:1-10.
- Labov, W. 1972. *Sociolinguistic Patterns*. Philadelphia, PA: University of Pennsylvania Press.
- Labov, W. 2001. The anatomy of style-shifting. In: Eckert, P & Rickford, JR (eds), *Style and Sociolinguistic Variation*. New York, NY: Cambridge University Press, pp. 85-108.

- Lakoff, R. 1973. Language and woman's place. *Language in Society*, 2(1):45-80.
- Leaper, C & Ayres, MM. 2007. A meta-analytic review of gender variations in adults' language use: talkativeness, affiliative speech, and assertive speech. *Personality & Social Psychology Review*, 11:328-363.
- Le Page, RB. 1980. Projection, focussing, diffusion. *York Papers in Linguistics*, 9:9-31.
- Le Roux, TH & Pienaar, P deV (reds). 1976. *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans*. Vyfde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Levon, E. 2018. Organizing and processing your data: the nuts and bolts of quantitative analyses. In: Litosseliti, L (ed), *Research Methods in Linguistics*. Second edition. New York, NY: Bloomsbury Academic, pp. 137-166.
- Lieber, R. 2016. *Introducing Morphology*. Second edition. Cambridge, UK: Cambridge University Press.
- Ling, R. 2005. The socio-linguistics of SMS: An analysis of SMS use by a random sample of Norwegians. In: Ling, R & Pedersen, P (eds), *Mobile Communications: Renegotiation of the Social Sphere*. London, UK: Springer, pp. 335-349.
- Ling, R, Baron, NS, Lenhart, A & Campbell, SW. 2014. "Girls text really weird": gender, texting and identity among teens. *Journal of Children and Media*, 8(4):423-439.
- Long, DW. 2018. Exploring generational differences in text messaging usage and habits. Doctoral thesis, Nova Southeastern University. https://nsuworks.nova.edu/gscis_etd/1060/ (accessed on 30 April 2022).
- Luther, J, Pheiffer, F & Gouws, RH (reds). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- Lyons, A & Ounoughi, S. 2020. Towards a transhistorical approach to analysing discourse about and in motion. In: Tagg, C & Evans, M (eds), *Message and Medium: English Language Practices Across Old and New Media*. Boston, MA: De Gruyter Mouton, pp. 89-111.

- Lyons, A & Tagg, C. 2019. The discursive construction of mobile chronotopes in mobile-phone messaging. *Language in Society*, 48:657-683.
- MacSwan, J. 1999. *A Minimalist Approach to Intrasentential Code Switching*. New York, NY: Routledge.
- MacSwan, J. 2019. A multilingual perspective on translanguaging. In: Macedo, D (ed), *Decolonizing Foreign Language Education: The Misteaching of English and Other Colonial Languages*. New York, NY: Routledge, pp. 186-219.
- Mahootian, S. 2020. *Bilingualism*. New York, NY: Routledge.
- Makoni, S & Pennycook, AD. 2007. Disinventing and reconstituting languages. In: Makoni, S & Pennycook, AD (eds), *Disinventing and Reconstituting Languages*. Clevedon, UK: Multilingual Matters, pp. 1-41.
- Masuda, R. 2020. Construction of iconicity in scenes of *kaomoji*. In: Giannoulis, E & Wilde, LRA (eds), *Emoticons, Kaomoji, and Emoji: The Transformation of Communication in the Digital Age*. New York, NY: Routledge, pp. 197-207.
- Matthews, PH. 2014. *The Concise Oxford Dictionary of Linguistics*. Third edition. New York, NY: Oxford University Press.
- McCulloch, G. 2019. *Because Internet: Understanding the New Rules of Language*. New York, NY: Riverhead.
- McGrath, M & Frank, D. 2018. Propositions. In: Zalta, EN (ed), *Stanford Encyclopedia of Philosophy* (Winter 2020 Edition), <https://plato.stanford.edu/archives/win2020/entries/propositions/> (accessed on 30 April 2022).
- McSweeney, MA. 2018. *The Pragmatics of Text Messaging. Making Meaning in Messages*. New York, NY: Routledge.
- Miller, JE. 2022. *Making Sense of Numbers: Quantitative Reasoning for Social Research*. Washington, DC: SAGE.

- Mooney, A & Evans, B. 2019. *Language, Society and Power: An Introduction*. Fifth edition. New York, NY: Routledge.
- Morosini, D. 2020. The Dumb Blonde: Where did the stereotype even come from? Refinery29.com, 28 May. <https://www.refinery29.com/en-gb/dumb-blonde-stereotype> (accessed on 30 April 2022).
- Müller, D & Pistor, S. 2011. *Skryf Afrikaans van A tot Z: Die Essensiële Gids vir Taalgebruikers*. Tweede uitgawe, eerste druk. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Myers-Scotton, C. 1997. *Duelling Languages: Grammatical Structure in Codeswitching*. New York, NY: Oxford University Press.
- Myers-Scotton, C. 2009. Code-switching. In: Coupland, N & Jaworski, A (eds), *The New Sociolinguistics Reader*. New York, NY: Palgrave Macmillan, pp. 473-489.
- Neal, S. 2018. Generation X-change: Don't underestimate the powerful influence of Gen X leaders. In: Development Dimensions International Inc, The Conference Board Inc & EYGM Limited (eds), *Global Leadership Forecast 2018: 25 Research Insights to Fuel Your People Strategy*, pp. 32-33. <https://www.ddiworld.com/ glf2018/generation-x-leaders> (accessed on 30 April 2022).
- Neuman, WL. 2012. *Basics of Social Research: Qualitative and Quantitative Approaches*. Third edition. New York, NY: Pearson.
- Newman, ML, Groom, CL, Handelman, LD & Pennebaker, JW. 2008. Gender differences in language use: an analysis of 14,000 text samples. *Discourse Processes*, 45(3):211-236.
- Nuttall, S. 2004. Stylizing the self: the Y generation in Rosebank, Johannesburg. *Public Culture*, 16(3):430-452.
- Okrent, A. 2017. 22 Emojis that look completely different on different phones. Mental Floss, 15 November. <https://www.mentalfloss.com/article/516048/22-emojis-look-completely-different-different-phones> (accessed on 30 April 2022).

- Olivier, J. 2013. Die mate van konsekwentheid in SMS-Afrikaans. *LitNet Akademies*, 10(2):479-505.
- Otheguy, R, García, O & Reid, W. 2015. Clarifying translanguaging and deconstructing named languages: a perspective from linguistics. *Applied Linguistics Review*, 6(3):281–307.
- Page, R, Barton, D, Unger, JW & Zappavigna, M. 2014. *Researching Language and Social Media*. New York, NY: Routledge.
- Paulse, D. 2020. Gebruik jy dié 5 emoji's verkeerd? Sarie.com, 4 April. <https://www.netwerk24.com/sarie/Ons-Lewe/Hieroor-Praat-Mense/gebruik-jy-die-vyf-emojis-verkeerd-20180710> (geraadpleeg op 30 April 2022).
- Pavalanathan, U & Eisenstein, J. 2016. More 😊, less :-). The competition for paralinguistic function in microblog writing. *First Monday*, 21(11). <https://firstmonday.org/ojs/index.php/fm/article/view/6879/5647> (accessed on 30 April 2022).
- Perrino, S. 2015. Chronotopes. Time and space in oral narrative. In: Georgakopoulou, A & De Fina, A (eds), *The Handbook of Narrative Analysis*. Malden, MA: John Wiley & Sons, pp. 140-159.
- Petroni, S. 2019. How social media shape identities and discourses in professional digital settings: Self-communication or self-branding? In: Bou-Franch, P & Garcés-Conejos Blitvich, P (eds), *Analyzing Digital Discourse: New Insights and Future Directions*. London, UK: Palgrave Macmillan, pp. 251-281.
- Piotrowska, CM. 2012. Processing three levels of SMS shortcuts: a study on eye-movements. Honours thesis, The North-West University. 10.13140/RG.2.2.20384.20485 (accessed on 30 April 2022).
- Ponelis, FA. 1985. *Afrikaanse Sintaksis*. Tweede druk. Pretoria: Van Schaik.
- Prensky, M. 2001. Digital natives, digital immigrants. *On the Horizon*, 9(5):1-6.
- Prinsloo, AF. 2012. *Spreekwoorde en Waar Hulle Vandaan Kom*. Tweede hersiene uitgawe, tweede druk. Kaapstad: NB-Uitgewers.

- Provine, RR, Spencer, RJ & Mandell, DL. 2007. Emotional expression online: Emoticons punctuate website text messages. *Journal of Language and Social Psychology*, 26(3):299-307.
- Raidt, EH. 1982. *Afrikaans en sy Europese Verlede: Van Tacitus to Van Wyk Louw*. Tweede uitgawe, derde druk. Goodwood: Nasou.
- Reyes, A. 2019. Virtual communities: Interaction, identity and authority in digital communication. *Text and Talk*, 39(1):99-120.
- Richards, JC & Schmidt, R. 2014. *Longman Dictionary of Language Teaching and Applied Linguistics*. Fourth edition. New York, NY: Routledge.
- Riley, MW. 1971. Social gerontology and the age stratification of society. *The Gerontologist*, 11:79-87.
- Saal, E. 2015. Teenagers' perceptions of SMS Afrikaans in print advertisements. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 33(1):1-19.
- Sabine, P & Plumptre, C. 1985. *Statistics*. London, UK: Macmillan Education.
- Sankoff, D & Poplack, S. 1981. A formal grammar for code-switching. *Papers in Linguistics: International Journal of Human Communication*, 14(1):3-45.
- Seargeant, P. 2019. *The Emoji Revolution: How Technology is Shaping the Future of Communication*. New York, NY: Cambridge University Press.
- Seargeant, P & Tagg, C (eds). 2014. *The Language of Social Media: Identity and Community on the Internet*. New York, NY: Palgrave Macmillan.
- Siever, CM. 2020. 'Iconographic communication' in digital media. Emoji in WhatsApp, Twitter, Instagram, Facebook – from a linguistic perspective. In: Giannoulis, E & Wilde, LRA (eds), *Emoticons, Kaomoji, and Emoji: The Transformation of Communication in the Digital Age*. New York, NY: Routledge, pp. 127-147.

- Siever, CM & Siever, T. 2020. Emoji-text relations on Instagram: empirical corpus studies on multimodal uses of the iconographic mode. In: Stöckl, H, Caple, H & Pflaeging, J (eds), *Shifts Towards Image-centricity in Contemporary Multimodal Practices*. New York, NY: Routledge, pp. 177-203.
- Simpson, A. 2019. *Language and Society: An Introduction*. New York, NY: Oxford University Press.
- Soliz, J & Giles, H. 2014. Relational and identity processes in communication: a contextual and meta-analytical review of communication accommodation theory. *Annals of the International Communication Association*, 38(1):107-144.
- Stark, L & Crawford, K. 2015. The conservatism of emoji: work, affect, and communication. *Social Media + Society*, 1(2):1-11.
- Stöckl, H, Caple, H & Pflaeging, J. 2020. Shifts towards image-centricity in contemporary multimodal practices: an introduction. In: Stöckl, H, Caple, H & Pflaeging, J (eds), *Shifts Towards Image-centricity in Contemporary Multimodal Practices*. New York, NY: Routledge, pp. 1-18.
- Sullivan, L. *Sine anno*. Nonparametric Tests. https://sphweb.bumc.bu.edu/otlt/mph-modules/bs/bs704_nonparametric/bs704_nonparametric_print.html#:~:text=When%20comparing%20two%20independent%20samples,the%20Mann%20Whitney%20U%20test (accessed on 30 April 2022).
- Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie van Wetenskap en Kuns. 2017. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS)*. Elfde, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Tagg, C. 2012. *Discourse of Text Messaging: Analysis of SMS Communication*. New York, NY: Continuum.
- Tagg, C. 2015. *Exploring Digital Communication: Language in Action*. New York, NY: Routledge.
- Tagg, C, Baron, A & Rayson, P. 2014. “i didn’t spel that wrong did i. Oops”: Analysis and normalization of SMS spelling variation. In: Cougnon, L-A & Fairon, C (eds), *SMS Communication*. Philadelphia, PA: John Benjamins, pp. 217-237.

- Tagg, C & Seargeant, P. 2014. Audience design and language choice in the construction and maintenance of translocal communities on social network sites. In: Seargeant, P & Tagg, C (eds), *The Language of Social Media: Identity and Community on the Internet*. New York, NY: Palgrave Macmillan, pp. 161-185.
- Tanis, M & Postmes, T. 2007. Two faces of anonymity: paradoxical effects of cues to identity in CMC. *Computers in Human Behavior*, 23(2):955-970.
- Tatman, R. 2018. What you can, can't and shouldn't do with social media data. Paper presented at *Joint Statistical Meetings*, Vancouver BC, July 28. <http://www.rctatman.com/talks/social-media-jsm> (accessed on 30 April 2022).
- Taylor, P & Gao, G. 2014. Generation X: America's neglected 'middle child'. Pew Research Center, 5 June. <https://www.pewresearch.org/fact-tank/2014/06/05/generation-x-americas-neglected-middle-child/> (accessed on 30 April 2022).
- The Unicode Consortium. 2021. Full Emoji List, v13.1. <https://unicode.org/emoji/charts/full-emoji-list.html> (accessed on 12 August 2021).
- Thiart, L. 2014. Outeuridentifikasie: 'n forensies-taalkundige ondersoek na Afrikaanse SMS-taal. Meestersgraadverhandeling, Universiteit van Pretoria. <http://hdl.handle.net/2263/50804> (geraadpleeg op 30 April 2022).
- Thurlow, C. 2003. Generation Txt? The sociolinguistics of young people's text messaging. *Discourse Analysis Online*, 1(1):1-27. <https://extra.shu.ac.uk/daol/articles/v1/n1/a3/thurlow2002003.html> (accessed on 30 April 2022).
- Thurlow, C. 2014. Disciplining youth: language ideologies and new technologies. In. Jaworski, A & Coupland, N (eds), *The Discourse Reader*. Third edition. New York, NY: Routledge, pp. 481-496.
- Thurlow, C, Lengel, L & Tomic, A. 2004. *Computer-Mediated Communication: Social Interaction and the Internet*. Thousand Oaks, CA: SAGE.

- Thurlow, C & Poff, M. 2013. Text messaging. In: Herring, SC, Stein, D & Virtanen, T (eds), *Pragmatics of Computer-Mediated Communication*. Boston, MA: De Gruyter Mouton, pp. 163-189.
- Tossel, CC, Kortum, P, Shepard, C, Barg-Walkow, LH, Rahmati, A & Zhong, L. 2012. A longitudinal study of emoticon use in text messaging from smartphones. *Computers in Human Behavior*, 28:659-663.
- Unisa. See University of South Africa.
- University of South Africa. 2016. *Policy on Research Ethics*. Pretoria: University of South Africa.
- Upadhyay, SR. 2010. Identity and impoliteness in computer-mediated reader responses. *Journal of Politeness Research*, 6(1):105-127.
- Van der Walt, C. 2012. Generasiegaping in die werkplek. *Solidariteit Tydskrif*, 12 September. <https://tydskrif.solidariteit.co.za/uitgawe-5-2012-generasiegaping-in-die-werkplek/> (geraadpleeg op 30 April 2022).
- Van Dulm, O. 2002. Constraints on South African English-Afrikaans intrasentential code switching: a Minimalist approach. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 31:63-90.
- Van Dulm, O. 2004. The role of syntactic theory in the analysis of intrasentential code switching. *Alternation*, 11(2):165-185.
- Van Dulm, O. 2006. Structural aspects of English-Afrikaans intrasentential code switching. *South African Journal of Linguistics and Applied Language Studies*, 24(1):57-69.
- Van Dulm, O. 2007. *The Grammar of English-Afrikaans Code Switching: A Feature Checking Account*. Utrecht: LOT (doktorsgraadtesis).
- Van Dulm, O. 2009. English–Afrikaans intrasentential code switching: testing a feature checking account. *Bilingualism: Language and Cognition*, 12(2):193–212.
- Van Gass, KM. 2006. “Wat sê jy?” The linguistic characteristics of Afrikaans on IRC. *Stellenbosch Papers in Linguistics PLUS*, 33:69-96.

- Van Gass, KM. 2008. Language contact in computer-mediated communication: Afrikaans-English code switching on internet relay chat (IRC). *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 26(4):429-444.
- Van Huyssteen, GB. 2017. Morfologie. In: Carstens, WAM & Bosman, N (reds), *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik, bl. 177-214.
- Van Jaarsveld, GJ (red). 1987. *Wat Bedoel Jy?* Pretoria: Serva.
- Van Niekerk, A & Olivier, J. 2017. Pragmatiek. In: Carstens, WAM & Bosman, N (reds), *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik, pp. 329-364.
- Vásquez, C. 2014. 'Usually not one to complain but...': constructing identities in user-generated online reviews. In: Sargeant, P & Tagg, C (eds), *The Language of Social Media: Identity and Community on the Internet*. New York, NY: Palgrave Macmillan, pp. 65-90.
- Verheijen, L. 2018. Orthographic principles in computer-mediated communication. The SUPER-functions of textisms and their interaction with age and medium. *Written Language & Literacy*, 21(1):111-145.
- Verheijen, L & Stoop, W. 2016. Collecting Facebook posts and WhatsApp chats. Corpus compilation of private social media messages. In: Sojka, P, Horák, A, Kopeček, I & Pala, K (eds), *Text, Speech, and Dialogue. TSD 2016. Lecture Notes in Computer Science*. Volume 9924. Cham, Switzerland: Springer, pp. 249-258.
- Verhoef, M. 2001. Die internet as dinamiese taalomgewing: taalveranderingsverskynsels in Internetafrikaans. *Literator*, 22(3):1-19.
- Viljoen, J-M, Du Preez, C & Cook, A. 2005. The case for using SMS technologies to support distance education students in South Africa. *Perspectives in Education*, 23(4):115-122.
- Walther, JB, Liang, Y, DeAndrea, DC, Tong, ST, Carr, CT, Spottswood, EL & Amichai-Hamburger, Y. 2011. The effect of feedback on identity shift in computer-mediated communication. *Media Psychology*, 14(1):1-26.

- Wardhaugh, R & Fuller, JM. 2015. *An Introduction to Sociolinguistics*. Seventh edition. Malden, MA: Wiley Blackwell.
- Wilde, LRA. 2020. The elephant in the room of emoji research. In: Giannoulis, E & Wilde, LRA (eds), *Emoticons, Kaomoji, and Emoji: The Transformation of Communication in the Digital Age*. New York, NY: Routledge, pp. 171-196.
- Winzker, K, Southwood, F & Huddleston, K. 2009. Investigating the impact of SMS speak on the written work of English first language and English second language high school learners. *Per Linguam*, 25(2):1-16.
- Xie, C & Yus, F. 2021. Digitally mediated communication. In: Haugh, M, Kádár, DZ & Terkourafí, M (eds), *The Cambridge Handbook of Sociopragmatics*. New York, NY: Cambridge University Press, pp. 454-474.
- Yule, G. 2020. *The Study of Language*. Seventh edition. New York, NY: Cambridge University Press.
- Yurieff, K. 2021. Sorry, millennials. The 😭 emoji isn't cool anymore. CNN Business.com, 15 February. <https://www.cnn.com/2021/02/14/tech/crying-laughing-emoji-gen-z/index.html> (accessed on 30 April 2022).
- Yus, F. 2017. Contextual constraints and non-propositional effects in WhatsApp communication. *Journal of Pragmatics*, 114:66-86.
- Yus, F. 2022. *Smartphone Communication: Interactions in the App Ecosystem*. New York, NY: Routledge.
- Zhao, P, Ross, K, Li, P & Dennis, B. 2022. *Making Sense of Social Research Methodology: A Student and Practitioner Centered Approach*. Thousand Oaks, CA: SAGE.

Bylaag 1: Etiekklaringsertifikaat



COLLEGE OF HUMAN SCIENCES RESEARCH ETHICS REVIEW COMMITTEE

23 March 2021

Dear Dr Johan Albert Ferreira

Decision:
Ethics Approval from 23 March
2021 to 23 March 2024

NHREC Registration # :
 Rec-240816-052
 CREC Reference # :
 56642318_CREC_CHS_2021

Principal Researcher: Dr Johan Albert Ferreira ([56642318 @mylife.unisa.ac.za](mailto:56642318@mylife.unisa.ac.za))
 Supervisor/s: Prof EO Saal (saaleo@unisa.ac.za)

Title: *The distinguishing style characteristics and pragmatic functions of Generation X's SMS-Afrikaans*

Degree Purpose: Master's degree

Thank you for the application for research ethics clearance by the Unisa College of Human Science Ethics Committee. Ethics approval is granted for three years.

The **Low risk application** was **reviewed on the 23 March 2021** by College of Human Sciences Research Ethics Committee, in compliance with the Unisa Policy on Research Ethics and the Standard Operating Procedure on Research Ethics Risk Assessment.

The proposed research may now commence with the provisions that:

1. The researcher(s) will ensure that the research project adheres to the values and principles expressed in the UNISA Policy on Research Ethics.
2. Any adverse circumstance arising in the undertaking of the research project that is relevant to the ethicality of the study should be communicated in writing to the College Ethics Review Committee.
3. The researcher(s) will conduct the study according to the methods and procedures set out in the approved application.
4. Any changes that can affect the study-related risks for the research participants, particularly in terms of assurances made with regards to the protection of participants' privacy and the confidentiality of the data, should be reported to the Committee in writing, accompanied by a progress report.



5. The researcher will ensure that the research project adheres to any applicable national legislation, professional codes of conduct, institutional guidelines and scientific standards relevant to the specific field of study. Adherence to the following South African legislation is important, if applicable: Protection of Personal Information Act, no 4 of 2013; Children's act no 38 of 2005 and the National Health Act, no 61 of 2003.
6. Only de-identified research data may be used for secondary research purposes in future on condition that the research objectives are similar to those of the original research. Secondary use of identifiable human research data require additional ethics clearance.
7. No fieldwork activities may continue after the expiry date (**23 March 2024**). Submission of a completed research ethics progress report will constitute an application for renewal of Ethics Research Committee approval.

Note:

*The reference number **56642318_CREC_CHS_2021** should be clearly indicated on all forms of communication with the intended research participants, as well as with the Committee.*

Yours sincerely,

Signature :



Prof. Ilse Ferns
CHS Ethics Chairperson
Email: fernsi@unisa.ac.za
Tel: (012) 429 8210

Signature : PP



Prof K. Masemola
Exécutive Dean : CHS
E-mail: masemk@unisa.ac.za
Tel: (012) 429 2298



Bylaag 2: SMS-taalverskynsels gebaseer op fonologie en morfologie

Tipe	Definisie	Voorbeelde uit SMS-Nederlands
Voorletterwoorde (insluitend akronieme)	Die eerste letter(s) of deel/dele van 'n kompleks, frase, (elliptiese) sin of uitroep	<i>sv</i> < <i>samenvatting</i> <i>hvj</i> < <i>hou van je</i> <i>omg</i> < <i>o mijn God</i>
Letterweglating	Die weglating van letters (gewoonlik vokale) uit die middel van woorde	<i>vnv</i> < <i>vanavond</i> <i>grtjs</i> < <i>groetjes</i>
Knipsels [†]	Die weglating van die eind- en soms beginletters van 'n woord	<i>eig</i> < <i>eigenlijk</i> <i>wan</i> < <i>wanneer</i> <i>knuf</i> < <i>knuffel</i>
Eindweglating [‡]	Die weglating van net die laaste letter van 'n woord (gewoonlik 'n onuitgesproke <i>-n</i> of <i>-t</i>)	<i>lache</i> < <i>lachen</i> <i>truste</i> < <i>trusten</i> <i>nie</i> < <i>niet</i>
Fonetiese herspelling: afkorting, vervanging en uitbreiding	Die vervanging van een of meer van 'n woord se letters op grond van bestaande grafeem-foneempatrone in die standaardtaal	<i>nix</i> < <i>niks</i> <i>jonguh</i> < <i>jongen</i> <i>owk</i> < <i>ook</i> <i>errug</i> < <i>erg</i>
Homofone gebaseer op een letter of syfer	Die vervanging van 'n volwoord met 'n letter of syfer wat fonologies daarmee ooreenstem	<i>k</i> < <i>ik</i> <i>n</i> < <i>een</i> <i>4</i> < <i>for</i>
Alfanumeriese homofone (die rebusbeginsel)	Die vervanging van 'n woorddeel met 'n letter of syfer wat fonologies daarmee ooreenstem	<i>suc6</i> < <i>success</i> <i>w88</i> < <i>wachten</i> <i>btje</i> < <i>beetje</i>
Letterherhaling ("reduplication" / "flooding")	Die (soms oormatige) herhaling van letters	<i>zo000</i> < <i>zo</i> <i>neeeee</i> < <i>nee</i> <i>superrr</i> < <i>super</i>
Visuele herspelling [¶]	Die vervanging van een of meer letters van 'n woord met 'n grafiese simbool wat opsigtelik met die letter(s) ooreenstem	<i>Juli@n</i> < <i>Julian</i> <i>m%i</i> < <i>mooi</i> <i>c00l</i> < <i>cool</i>

Tipe	Definisie	Voorbeelde uit SMS-Nederlands
Aksentstilering	Woorde wat volgens hulle uitspraak in die omgangstaal gespel word	<i>hoezut < hoe is het</i> <i>kweenie < ik weet het nie</i> <i>lama < laat maar</i>
Lawwighede (“inanity” in Verheijen se terminologie)	Allerlei spelafwykings, veral onsinnige woordvervorming	<i>plezierhr < plezier</i> <i>goewd < goed</i> <i>laterz < later</i>
Standaardtaalafkorting	Afkortings wat ooreenstem met dié in die standaardtaal	<i>aug < augustus</i> <i>bios < bioscoop</i> <i>info < informasie</i>

†Verheijen (2018:118) gebruik die terme “shortening” en “truncation” vir hierdie kategorie; dit is egter duidelik uit haar voorbeelde dat die kategorie knipsels uit ’n Afrikaanse taalkundige oogpunt verteenwoordig, aangesien die morfologiese struktuur van die woorde in haar voorbeelde nie in ag geneem word nie (Combrink 1990:56).

‡Verheijen (2018:118) gebruik die term “clipping” vir hierdie kategorie – dit stem ooglopend nie met die Afrikaanse definisie ooreen nie en dus is die term gewysig om verwarring uit te skakel.

¶Hierdie vorm van visuele herspelling gee aanleiding tot sogenaamde *leetwords* (keurskrif), wat pogings is om woorde volkome met grafiese simbole te vervang, byvoorbeeld 1337 verteenwoordig *leet* wat sigself uit *elite* afgelei is (Piotrowska 2012:8).

Bylaag 3: SMS-taalverskynsels gebaseer op ortografie

Tipe	Voorbeelde uit SMS-Nederlands
Weglating van diakritiese tekens	<i>carriere</i> < <i>carrière</i> (“loopbaan”) <i>ideeen</i> < <i>ideeën</i> (“idees”) <i>enquete</i> < <i>enquête</i> (“opname”)
Weglating van lees- en skryftekens: afkappingstekens, punte in afkortings en koppeltekens	<i>mn</i> < <i>m'n</i> (“my”) <i>maw</i> < <i>m.a.w.</i> (“met ander woorde”) <i>ovkaart</i> < <i>ov-kaart</i> (“openbarevervoerkaart”)
Weglating van spasies tussen woorde	<i>weetje</i> < <i>weet je</i> (“weet jy”) <i>hahaokeedan</i> < <i>haha oké dan</i> (“haha nou goed dan”)
Weglating van hoofletters in einame en afkortings	<i>tim</i> < <i>Tim</i> <i>mb</i> < <i>MB</i> (“megagreep”)
Oortollige koppeltekens	<i>stilte-coupé</i> < <i>stiltecoupé</i> (“stilpassasierswa”) <i>pannekoeken-huis</i> < <i>pannekoekenhuis</i> (“pannekoekrestaurant”)
Oortollige spasies tussen die dele van 'n samestelling	<i>fel groen</i> < <i>felgroen</i> (“heldergroen”) <i>museum plein</i> < <i>museumplein</i> (“museumplein”)
Buitensporige hooflettergebruik	<i>WOW</i> < <i>wow</i> <i>SUPERTOOF</i> < <i>supertof</i> (“fantasties”)
Herhaling van leestekens: uitroeptekens, vraagtekens en punte	<i>!!!!</i> < <i>!</i> <i>??</i> < <i>?</i> <i>.....</i> < <i>...</i>

Bylaag 4: Raamwerk vir die ontleding van emoji

